TEEN DIE HELE WÊRELD VRY

J.D. VORSTER AS 'N NEO-CALVINIS IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1935-1980

deur

Daniël Johannes Langner

Proefskrif ingedien om te voldoen aan die vereistes vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE
(Departement Ekklesiologie)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

PROMOTOR: PROF. P.J. STRAUSS

MEI 2004



J. Worster

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN AFKORTINGS

VERANTWOORDING

HOOFSTUK 1

IN DIE HUIS VAN WILLEM EN BETTIE 1909-1927 1

1.1 Willem Carel Vorster 1

1.2 Elizabeth Sophia (Bettie) Wagenaar 3

1.3 Godsdiens 4

1.4 Afrikanerskap 5

1.5 Leierskap 9

1.6 Roeping 10

1.7 Samevatting 11

HOOFSTUK 2

IN DIE EIKESTAD 1928-1934 12

2.1 Die opkoms van die neo-calvinisme in die dertigerjare 12

2.2 Vorster se belewenis van die Du Plessis-saak 15

2.3 Vorster se vroeë tipering van die calvinisme 19

2.4 Die Afrikaanse Nasionale Studentebond 23

2.5 Proponent J.D. Vorster 25

2.6 Samevatting 25

HOOFSTUK 3

VERBI DIVINI MINISTER 1935-1980 27

3.1 Steynsburg 27

3.2 Prins-Albert 27

3.3 Eudinosuchus Vorsteri 28

3.4 De Nieuwe Kerk, Kaapstad 29

3.5 ‘n Doodsberig 31

3.6 Van kombuistaal tot nagmaalstaal 32

3.7 Verlowing en huweliksbevestiging 33

3.8 Tafelberg, Kaapstad 33

3.9 ‘n Eie gemeente identiteit 33
3.10 Verkondiger van die Woord 34
3.11 ‘n Liefde vir die jeug 38
3.12 Geestelike versorging 39
3.13 Gemeenskaps- en volksbetrokkenheid 39
3.14 Die Sable-ondersoek 41
3.15 ‘n “Stewige liefdesband” 42
3.16 Die Ring van Kaapstad 43
3.17 Samevatting 43

HOOFSTUK 4
KOERS IN DIE KRISIS 1935-1953 45
4.1 ‘n Tweede trek 45
4.2 Die Federasie vir Calvinistiese Studente Verenigings in Suid-Afrika 50
4.3 ‘n Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing as dié koers 51
4.4 Die Groot Trek as ‘n ideaal vir kerk, volk en onderwys 53
4.5 Vorster se siening van die rassevraagstuk teen 1948 54
4.6 Gevare vir die Afrikaner in die stad 57
4.6.1 Die verbrokkeling van die huwelik 57
4.6.2 Die volk se jeug 59
4.6.3 Die ontheiliging van die dag van die Here 60
4.6.4 Skoonheidskompetisies 60
4.6.5 Humanisme 61
4.6.6 Interkerkisme 61
4.6.7 ‘n Eiesoortige calvinisme teenoor volksvreemde kerke 63
4.6.8 Sektes 66
4.7 Samevatting 66

HOOFSTUK 5
GENERAAL KOOT VORSTER 1941-1943 67
5.1 Konsolidasie en polarisasie 67
5.2 ‘n Boere-nasionalis 68
5.3 “Dominee J.D. Vorster krimineel aangekla!” 70
5.4 “Agter tralies en doringdraad” 73
5.5 Magister Divinitas 77

5.6 Ontslag 78
5.7 Samevatting 79

HOOFSTUK 6
STUDENT IN DIE GEREFORMEERDE KERKREG EN AKTUARIUS IN DIE NG KERK 1953-1975 80
6.1 Student in die gereformeerde kerkreg 80
6.1.2 Kerkregtelike tradisies binne die NG Kerk 81
6.1.2.1 Die kollegialisme 81
6.1.2.2 Die Skotse presbiterianisme 83
6.1.2.3 Gereformeerde kerkreg soos vertolk deur B.B. Keet 85
6.1.2.4 Gereformeerde kerkreg soos vertolk deur J.D. Vorster 86
6.2 Die herstel van die NG Kerk se sinodale verband in 1962 89
6.2.1 Vorster se hersiening van die *Wette en Bepalings* 89
6.2.2 Ordonansie 7 van 1843 sneuwel 91
6.2.3 ‘n Gemeenskaplike kerkorde vir die NG Kerk, 1962 93
6.3 Enkele kerkregtelike interpretasies van J.D. Vorster 95
6.3.1 Moet die sinode verklein word? 95
6.3.2 “Soos een wat dien” 96
6.3.3 Die beroepstelsel 100
6.3.4 Die vrou in die amp 101
6.3.5 Kerklike tug 104
6.4 Samevatting 106

HOOFSTUK 7
VORSTER SE BETROKKENHEID BY DIE NG KERK SE VERDEDIGING VAN APARTHEID 1960-1978 107
7.1 Die NG Kerk binne die Afrikanerlaer 107
7.2 Apartheid as ‘n Skriftuurlike beginsel vir Vorster teen 1960 111
7.3 Die Cottesloe-kerkeberaad, Desember 1960 114
7.4 Cottesloe, apartheid en ekumene 121
7.5 Die GES 1963 te Grand Rapids, VSA 126
7.6 Vorster teen die Christelike Instituut en Beyers Naudé 128
7.7 ‘n Amptelike antwoord op Cottesloe by die Algemene Sinode van 1966 130
7.8 Die GES 1968 te Lunteren, Nederland 132

7.9 Die Suid-Afrikaweek, 1970 139
7.10 Moderator van die Algemene Sinode, 1970 145
7.11 Die GES 1972 te Sydney, Australië 147
7.12 Die Spesiale Fonds van die PBR 149
7.13 ‘n Ultimatum aan die GKN in 1974 151
7.14 *Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif,* 1974 153
7.15 Die GES 1976 te Kaapstad, Suid-Afrika 158
7.16 Een oorkoepelende Sinode afgewys, 1978 159
7.17 Verbreekte bande en die isolasie van die NG Kerk teen 1978 167
7.18 Samevatting 168

HOOFSTUK 8
DIE STRYD OM DIE SIEL VAN DIE VOLK 1966-1980 169
8.1 “Ons sal lewe, ons sal sterwe” 169
8.2 Aanslae in die krisis 172
8.2.1 Kommunisme, die vuurrooi draak 172
8.2.2 Die Nasionale Raad teen Kommunisme en Antikom 174
8.2.3 Sending agter die ystergordyn 177
8.2.4 Vrymesselary ontmasker 178
8.2.5 Die vyand binne die skanse 178
8.2.6 “Laat die erwe van ons vaders vir ons kinders erwe bly” 180
8.3 ‘n “Hartlike broederverhouding” tussen kerk en staat, 1966-1980 182
8.3.1 Die verhouding tussen die twee Vorsterbroers 183
8.3.2 Verdedigingsbonusobligasies 185
8.3.3 Die Inligtingskandaal 187
8.4 Koot Vorster se toenemende ontnugtering 1975-1981 189
8.4.1 ‘n Veranderende Suid-Afrika teen 1976 189
8.4.2 Verlig of verkramp? 191
8.4.3 ‘n “Afbuiging van beleid” 191
8.4.4 Die Konserwatiewe Party 192
8.4.5 Die NG Kerk teenoor die Afrikaner 194
8.4.6 SACLA 196
8.4.7 Vorster steun ‘n nuwe teologiese fakulteit 196
8.5 Samevatting 198

HOOFSTUK 9
EEN LEWE TE MIN 199

BYLAAG

LITERATUURLYS 202

OPSOMMING/ SUMMARY 228

LYS VAN AFKORTINGS

Afrikaanse Studente Bond	ASB
Afrikaanse Nasionale Studentebond	ANS
Afrikaner Broederbond	AB
African National Congress	ANC
Antikommunistiese Aksiekomitee van die Afrikaanse Kerke	Antikom
British Broadcasting Corporation	BBC
Bond vir oud-geïnterneerdes en gevangenes	BOPG
Christelike Instituut	CI
Christelike Studente Vereniging	CSV
Die Federasie vir Calvinistiese Studente Verenigings	FCSV
Die Kerkbode	kb
Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk	NGKO
Die Konserwatiewe Party	KP
Dordtse Kerkorde	DKO
Gereformeerde Ekumeniese Sinode	GES
Gereformeerde Kerke van Nederland	GKN
Gereformeerde Vaandel	GV
Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika	GKSA
Herstigte Nasionale Party	HNP
Instituut vir Eietydse Geskiedenis	INEG
Kommissie vir Skakeling met die Owerheid	KSO
Nasionale Party	NP
National Union of South African Students	NUSAS
Nederduitse Gereformeerde Kerk	NG Kerk
Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika	NGKSA

Nederduitse Gereformeerde Kerk van Afrika	NGKA
Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk	NGSK
Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif	NGTT
Nederlandse geloofsbelydenis	NGB
Nasionale Raad teen Kommunisme	NRK
Ossewa Brandwag	OB
Pan African Congress	PAC
Program vir die bestryding van Rassisme	PBR
Ras, volk en nasie	RVN
Reformed Church of Africa	RCA
South African Christian Leadership Assembly	SACLA
Suid-Afrikaanse Calvinistiese Uitgewersmaatskappy	SACUM
Suid-Afrikaanse Raad van Kerke	SARK
Suid-Afrikaanse Uitsaai Korporasie	SAUK
South West Africa Peoples Organisation	SWAPO
Universiteit van Suid-Afrika	UNISA
United Presbiterian Church of the USA	UPCUSA
Uitvoerende Raad (van die Afrikaner Broederbond)	UR
Universiteit van die Vrystaat	UV
Verenigde State van Amerika	VSA
Wêreldbond van Gereformeerde Kerke	WBGK
Wêreld Raad van Kerke	WRK

BEDANKINGS

Van alle emosies is dankbaarheid die moeilikste om te vertolk. Geen enkele woord kan die gevoelens daarby weergee nie. So lank as wat ons in 'n wêreld leef waar woorde ontoereikend is om gedagtes uit te druk, moet ons maar regkom met die woord DANKIE.

A.P. Gouthey

'n *DANKIE* aan die volgende persone:

- Die kerkraad en lidmate van die NG gemeente Klerksdorp-Oos vir hulle ondersteuning.
- Die kerkraad van NG gemeente Tafelberg en spesifiek dominee Thys du Toit vir die hulp, staaltjies en beskikbaarstel van die notules.
- Annita Visagé en Liesel Theron vir ure se moeite met die deurlees, spelfoute en wyse raad.
- Esta Jones van INEG vir die besondere moeite en hulp.
- Hannie Steyn, die oudste dogter van Koot Vorster, vir die interessante gesprekke, hulp en die onvoorwaardelike leen van waardevolle dokumente. Sonder haar insette sou die studie onvolledig gewees het.
- Professor Piet Strauss, by wie ek 'n liefde vir die gereformeerde kerkreg en kerkgeskiedenis geleer het. Dit is 'n voorreg om een van sy studente te mag wees. 'n Besondere woord van dank vir die tyd, raad en moeite.
- My ouers vir hulle liefde en ondersteuning.
- Melanie – woorde skiet ver te kort om dankie te sê.

Leer ons die dinge doen
waarvan ons altyd praat
geregtigheid, liefde, vryheid, genade...
En selfs al sou elke deur vir ons gesluit lyk,
dat ons sal weier om op te hou;
en al sou die donker ons oorval,
ons sal bly glo in die môre

I.L. de Villiers uit Wanneer mense klippe gooi
September 1976

Lewe uit ‘n tradisie... dit is ‘n leef in ‘n bestendige debat met die verlede

N.P. van Wyk Louw uit Liberale nasionalisme

Hierdie studie word opgedra aan my drie kinders Anneke, Niël en Carike.

VERANTWOORDING

- ‘n Nuutontdekte pre-historiese fossiel word na hom vernoem, maar terselftertyd ontken hy evolusie.
- ‘n Predikant wat ook ‘n generaal was.
- ‘n Predikant wat skuldig bevind was aan hoogverraad.
- ‘n Predikant wat sy meestersgraad in teologie in die gevangenis geskryf het.
- Twee keer het hulle afskeid geneem van hom by sy sterfbed.
- Vier keer word hy in dieselfde gemeente bevestig.
- Vir byna 40 jaar moes hy weens swak gesondheid met stywe verbande om sy middellyf werk.
- Moderator van die Algemene Sinode in 1970 en die sewende Eerste Minister van Suid-Afrika uit dieselfde huisgesin.
- ‘n Predikant wat die voorblaaie in die VSA gehaal het met sy stelling: “Verwoerd en Kennedy is vermoor deur kommuniste”.
- Die predikant wat gekeer het dat Bobby Kennedy Suid-Afrika besoek.
- Kampvegter vir apartheid in Suid-Afrika, Nederland, die VSA en Australië.
- Die Nederlandse pers het hom beskryf as die persoon met “vuil hande” en tog het die Nederlandse sinode vir hom handegeklap.
- “Pous van die Kaap”, het sy broer hom genoem.
- “Onverskrokke, meedoënloos, stroomop, stuit vir geen duiwel nie en tog mensliewend, saggeaard, vol humor met ‘n innerlike integriteit.”
- ‘n Geliefde herder en pastor, pa en eggenoot, minsame vriend en vir baie net oom Koot.

(vergelyk Potgieter 1979:275; Cronjé 1978:14; NG Kerk 1983:286; Jonker 1998:115)

Dit alles en nog veel meer kan oor Koot Vorster gesê word. Die vraag bly:
Hoekom is ‘n ekklesiologiese studie juis oor hom nodig?

Navorsingsprobleem

Drie probleemvrae het gelei tot die keuse van die tema:

TEEN DIE HELE WÊRELD VRY[1]
J.D. VORSTER AS ‘N NEO-CALVINIS IN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1935-1980.

[1] Die woorde is ontleen aan die vierde strofe van C.J. Langenhoven se: *Die Stem van Suid-Afrika*, wat ook tot 1994 die nasionale volkslied was. *Die Stem* van Langenhoven staan in die teken van die ontwakende Afrikanernasionalisme sedert die dertigerjre.

i. In watter mate bied die bediening van J.D. Vorster 'n perspektief op die vernaamste teologiese uitgangspunte binne die NG Kerk in die twintigste eeu? Die NG Kerk was in die twintigste eeu ‘n sleutelrolspeler in Suid-Afrika. Nie net op die kerklike toneel nie, maar ook in die Suid-Afrikaanse samelewing het die NG Kerk sy invloed laat geld. Gedurende hierdie tyd was J.D. Vorster, as ‘n uitgesproke neo-calvinis en Boere-nasionalis, een van die prominente leiersfigure binne die NG Kerk. Dit word gesien in die feit dat Vorster ononderbroke vir 26 jaar lid was van die Kaapse Kerk se Moderatuur. Daarvan was hy 22 jaar (1953-1975) Aktuarius en vier jaar (1975-1979) as Moderator. Verder dien Vorster vir sestien jaar ononderbroke op die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode. By die eerste Algemene Sinode in 1962 (NGK 1962:237) word Vorster as Aktuarius verkies, 1966 weer (NGK 1966:503), 1970 word hy as Moderator verkies (NGK 1970:762) en in 1974 tot Assessor (NGK 1974:556).

ii. In watter mate het die navorsing oor J.D. Vorster waarde vir die opskryf en bestudering van die gereformeerde kerkreg soos dit in die NG Kerk toegepas en verstaan word? J.D. Vorster het 'n sleutelrol gespeel in die totstandkoming van ‘n gemeenskaplike kerkorde met die oog op die hereniging van die NG Kerk in 1962. Dieselfde kerkorde word in 'n groot mate nog net so gebruik.

iii. In watter mate kan die navorsing ‘n bydrae lewer tot die selfverstaan van die NG Kerk in Suid-Afrika na 1994? Uit vandag se perspektief is gister in baie opsigte ‘n vreemde land. Ten einde die paradigmaskuif binne die NG Kerk en Suid-Afrikaanse samelewing te verstaan, moet die ou paradigma immers deeglik begryp en nagevors word. Deur die bediening van J.D. Vorster binne die NG Kerk as invalshoek te gebruik kan ‘n nuwe perspektief op reeds bekende geskiedenis gebied word.

Hipotese

Die hipotese wat in die navorsing ondersoek word is dat J.D. Vorster 'n wesenlike deel bygedra het om ‘n eiesoortige neo-calvinisme as 'n omvattende denkraamwerk in die NG Kerk en Afrikanersamelewing te vestig en uit te bou.

Navorsingsmetodologie

Metodologies word die resultate gebaseer op 'n vergelykende literatuurstudie van verskeie bronne. Die studie word chronologies-tematies aangepak. Dit behels die teologies-kritiese bestudering van verskeie primêre- en sekondêre bronne. Voorrang is verleen aan J.D. Vorster se privaatversameling by INEG. Die notules van Tafelberggemeente is met toestemming van die kerkraad bestudeer. Sinodale handelinge en notules, kerkbodes en teologiese tydskrifte is verkry by die kerkargiewe te Potchefstroom en Kaapstad.

Datumafbakening

Die periode 1935 - 1980 is 'n logiese beginpunt en eindpunt vir die studie. Vorster het in 1935 sy bediening begin by De Nieuwe Kerk in Kaapstad en later, ná afstigting, by die NG gemeente Tafelberg voortgesit tot hy by dieselfde gemeente in Januarie 1980 emeriteer het. Dit is egter noodsaaklik om by sy ouerhuis, sy skooldae en studiejare op Stellenbosch die grondliggende faktore te gaan soek wat 'n invloed gehad het op hom as Afrikaner, teoloog, kerkleier, maar bowenal as mens. Dit is belangrik dat daar rekening gehou moet word met die kleurrykheid, charisma en staaltjies van Koot Vorster, die mens. Sonder dit, sal so ‘n studie onvoltooid wees.

Begripsverklaring

Apartheid

Apartheid word aangedui as die rasse- en volkerebeleid soos toegepas deur die NP-regering tot ten minste aan die einde van die tagtigerjare van die twintigste eeu. Verskillende regerings het in verskillende tydsomstandighede verskillende terme as sinonieme vir apartheid gebruik, byvoorbeeld segregasie, naturellevraagstuk, Bantoebeleid, eiesoortige ontwikkeling, veelvolkige ontwikkeling, afsonderlike ontwikkeling, plurale betrekkinge. In die navorsing word volstaan met die mees bekende term, apartheid, alhoewel daar soms van die sinonieme binne ‘n bepaalde historiese konteks gebruik gemaak word.

Calvinisme, neo-calvinisme en Boere-calvinisme

Calvinisme kan kortliks omskryf word as die eeue-oue positiewe lewensbeginsel wat konsekwent die eer van God op alle lewensterreine eerste stel deur middel van die Woord, die geloof en genade alleen (vergelyk Botha 1982:4). Botha (1982:5-7) beskryf minstens drie verskillende interpretasies van wat sy “outentieke calvinisme”, noem.

i. Calvinisme kan beskou word as ‘n “kerklik dogmatiese konsep” wat primêr gaan om die suiwerheid van leerstellinge op grond van die Bybel alleen.
ii. Calvinisme soos vergestalt deur ‘n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing waar die aksent op kulturele- en politieke aspekte val met die oog op die eer van God op alle lewensterreine.
iii. Calvinisme soos dit geïnterpreteer is deur Abraham Kuyper.

Tradisioneel word Abraham Kuyper (1837-1920) as die vader van *neo-calvinisme* beskou (Velema 1989:56). Kuyper vind in sy kerkbegrip noue aansluiting by die Nederlandse gereformeerde lyn soos verwoord deur die Dordtse tradisie (vergelyk Du Toit 2002:222-223; Smit 1989:47). As uitgangspunt neem Kuyper (1880:35) sy reeds bekende aanhaling: “geen duimbreed is er op heel’t erf van ons menslijke leven, waarvan de Christus, die alle Souverein, niet roept: Mijn!” Met die totaalvisie op die samelewing as uitgangspunt, sien die

kuyperiaanse neo-calvinisme die lewe as ‘n eenheid waar die onderlinge samehang van samelewingskringe erken word.

In sy lewens- en wêreldbeskouing vind Kuyper (saii:245) op ‘n filosofiese wyse aansluiting by Calvyn se onderskeiding tussen die besondere- en algemene genade waaraan hy lewensomvattende skeppingsordinansies verbind. Deur die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring word die unieke aard van elke samelewingskring gekoppel aan die “gemeene gratie” as “existensia”. Kuyper formuleer die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring ter wille van die maksimale realisering van die unieke aard en om nie-inmenging te verseker (Smit 1989:47). Kuyper (saii:268) se siening dat algemene- en besondere genade in ‘n “dialectische relatie” staan, ‘n inherente spanning tot gevolg. Terwyl die “gemeene gratie”, as “existensia”, selfstandig en selfs buite om die “particuliere” genade kan bestaan, kan die “particuliere” genade as “essentia” egter nie buite die “gemeene gratie” bestaan nie. Die “particuliere” genade vind in die “gemeene gratie een hol voor haar voet” (Velema 1989:64).

Die “dialectische relatie” tussen die besondere- en algemene genade het gelei tot Kuyper se onderskeid tussen die kerk as organisme en instituut. Velema (1989:65) tipeer dié onderskeiding as ‘n “brandpunt” in Kuyper se teologie. Die kuyperiaanse onderskeiding tussen die kerk as organisme en instituut en het minstens drie gevolge vir die kerk in die samelewing:

i. Vir Kuyper (saii:271) was die kerk as liggaam van Christus ‘n organisme, “de door Christus verloste mensheid”. Die organisme behoort tot die onsigbare kerk en terseftertyd ook tot die wese van die kerk. Die kerklike instituut as samelewingskring is die uitwendige vorm van die onsigbare kerk. Die organisme, “met als de kern de wedergeboorte”, staan volgens Kuyper “verre boven het instituut”. Die kerk as instituut is slegs daar vir die welwese van die organisme en funksioneer instrumenteel.

ii. Met betrekking tot die verhouding tussen kerk en ander samelewingskringe lê Kuyper klem op die roeping van die gelowiges as organisme en die kerk as instituut om die samelewing te verchristelik deur Bybelse norme deur gewetensgetroue optrede uit te leef (Smit 1989:47). Die ideaal van ‘n verchristelikte samelewing dui op ‘n antitese in Kuyper se teologie tussen Christelik en nie-Christelik, goed en kwaad. Gelowiges én die kerk as instituut, wat aan die kant van die “particuliere” genade staan, het die roeping om op die terrein van die “gemeene gratie zonde te stuiten en de algemene ontwikkeling verder te brengen” deur die lig van die “particuliere genade” te laat skyn. Om Kuyper (saii:271.) aan te haal: “Al brandt de lamp der Christelijke religie alleen binnen de wanden van dat instituut, haar light straal door de vensters zeer verre daarbuiten uit en werpt zich op al die geldingen en verbindingen van ons menschlijke

leven: recht, wet, gezin en familie, bedrijf, beroep, publieke opinie en letterkunde, kunst en wetenschap en zooveel meer wordt alles door haar light bestraald. En het is door de den zijdelingschen invloed dat de kerk als instituut heel het volk en heel het leven des volk zegent".

iii. Die filosofiese benadering van Kuyper beperk die kerk as instituut tot die volksverband as 'n natuurlike uitdrukking van die verskeidenheid binne die "gemeene gratie." Kuyper (saii:91) beskou volksverbande as godgegewe skeppingsordinansies. Met die skepping is bepaal dat daar gesinne en geslagte sal wees. Uit die gesin kom die gees van die volk wat gevorm word na die gestalte en karakter soos God dit in die skeppingsordeninge vasgelê het (Strauss 1984:91). Die mens is dus van nature deel van 'n bepaalde volk. Die eenheid in God se koninkryk skakel, aldus Kuyper (saii:272-275) nie verskeidenheid tussen die verskillende samelewingskringe en volke uit nie, maar omlyn dit skerper. Die eenheidstrewe van die mens is daarom regstreeks in stryd met God se wil en 'n sondige weerstand teen sy ordinansies (Kuyper saii:305). Dit gee aan Kuyper se teologie 'n bepaalde wetmatigheid wat dui op 'n natuurlike teologie. Die grense van die kerk as instituut word nie vasgestel deur geloof nie, maar deur die grense van die organiese volksverband. Tog is daar 'n teenstrydigheid in sy teologie as Kuyper (saii:272) teen die gedagte van 'n volkskerk is, omdat alles wat "gist in het vaderland" noodwendig moet "nagisten in de kerk." Die kerk as instelling van God wat die besondere genade moet bemiddel, word rondom 'n belydenis georganiseer. Dit was nie Kuyper (saii:272-275) se bedoeling dat die kerk as instituut, die totale "volksleven" moet omarm nie, maar deur die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring sy unieke aard behou.

Smit (1989:46) is korrek in sy siening dat die neo-calvinisme van Kuyper nie sonder meer tot die sondebok vir apartheid en die meegaande "volksideologie" gemaak kan word nie. Kuyperiaanse neo-calvinisme het na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), maar veral sedert die dertigerjare 'n beduidende invloed begin uitoefen op die teologiese denke binne die NG Kerk (Du Rand 1985:40).

Die wisselwerking tussen "outentieke" calvinisme, kuyperiaanse neo-calvinisme en Afrikanernasionalisme[2], tesame met die bedreiging wat Britse imperialisme en swartnasionalisme vir die Afrikaner se identiteit, taal, ekonomiese welsyn, veiligheid en vryheid ingehou het, het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n unieke Afrikaanse neo-calvinisme in

[2] Die breë doelstellings van Afrikanernasionalisme in die twintigste eeu is volgens Steyn (1987:16) die vestiging en erkenning van Afrikaans, die ekonomiese en maatskaplike heropbou van die Afrikaner, die bevordering van ekonomiese en kulturele selfstandigheid van SA, verkryging van 'n republiek, die daarstelling van eie Suid-Afrikaanse simbole byvoorbeeld 'n vlag en volkslied.

die NG Kerk, wat tipeer kan word as ‘n *Boere-calvinisme* (Deist 1994:43; Strauss 1998:55). Vorster (GV 1941:185-186; 1953:vii-ix) het in dié idioom gepraat van ‘n “Boere-nasionalisme”; ‘n “eiesoortige calvinisme”; ‘n “Suid-Afrikaanse calvinisme” waarvan die grootste kenmerke is dat “ons Christelik wil wees” en dat “God die Boerenasie met ‘n eie identiteit hier geplant het”. Alhoewel die term ‘n *eiesoortige neo-calvinisme* en *Boere-calvinisme* albei in die Suid-Afrikaanse konteks as sinonieme gebruik kan word, word vir die doel van die studie die term *Boere-calvinisme* gebruik om twee redes:

i. Om begripsverwarring te voorkom. *Neo-calvinisme* word as tiperende term gebruik vir Kuyper se teologie, terwyl *Boere-calvinisme* dui op die eiesoortige ontwikkeling van die neo-calvinisme in Suid-Afrika sedert die dertigerjare.
ii. Die term *Boere-calvinisme* dui op die dinamiese wisselwerking tussen “outentieke” calvinisme, neo-calvinisme en Afrikanernasionalisme.

Alhoewel calvinisme, neo-calvinisme en die Boere-calvinisme op die oog af in ‘n groot mate ooreenstem, lê die grootste verskil in die rol wat Afrikanernasionalisme gespeel het in die verdere ontwikkeling van Kuyper se antitese tussen goed en kwaad, Christelik en nie-Christelik in die samelewing. As eksponente van die kuyperiaanse neo-calvinisme het Afrikaanse gereformeerdes Kuyper se lewensomvattende antitese tussen Christelik en nie-Christelik en goed en kwaad so vertolk dat die Afrikaner mettertyd in sy geheel aan die Christelike kant van die antitese te lande gekom het (Botha 1982:4). In praktyk het dit die volgende beteken:

i. Op kerklike terrein wou die NG Kerk getrou bly aan die beginsels van calvinisme, soos beliggaam deur die Dordtse tradisie. Terselftertyd wou die NG Kerk ook ‘n kerk vir die volk wees en aan die totale volkslewe ‘n Christelike karakter verleen, soos dit in die teokratiese ideaal van Artikel 36 van die NGB verwoord word. Vanweë sy volksverbondenheid het die NG Kerk as ‘n kerk binne die grense van die volk onkrities by die Afrikaner in sy politieke, ekonomiese en maatskaplike nood kom staan (Du Rand 1985:41). Deel van die NG Kerk se roeping was om nie net met kos, klere en woonplek te help nie, maar ook om die Afrikaner bewus te maak van sy unieke identiteit deur ‘n “gesonde volks- en rassetrots” by die Afrikaner aan te wakker (Albertyn 1949:85).
ii. Binne ‘n veelrassige Suid-Afrikaanse samelewing het die eksponente van die neo-calvinisme die Afrikaner beskou as ‘n Corpus Christianum waarbinne ‘n Christelike politieke party, Christelike onderwys, Christelike kultuur en Christelike wetenskap elkeen volgens die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring funksioneer. Die Boere-calvinisme het in sy hoogbloei (1962-1974) ‘n omvattende denkraamwerk gebied waarbinne alle (goeie) Afrikaners, Afrikanerorganisasies en die Afrikaanse gereformeerde kerke aan dieselfde kant van die antitese geplaas was, teenoor ander volke, rasse en die wêreld.

Om aan die regte kant van die antitese te staan, moes (goeie) Afrikaners gereformeerde Christene wees, die regte politieke party steun (die NP) en aan die regte Afrikanerkultuurorganisasies (soos die AB en FAK) behoort (vergelyk Du Toit 2002:223). Iets hiervan word gesien in F.J.M. Potgieter (1978:35) se vertolking van die (neo-) calvinisme as "die eenheid van die lewe" waarbinne die drie groot lewensterreine van gemeenskap, kerk en staat so volkome verweef is dat enige verandering op al drie sektore in gelyke mate moet geskied. Enige poging om op die kerklike terrein verder te gaan as op die sosiale of omgekeerd, is kragtens die vervlegting tot mislukking gedoem. As eksponent van die neo-calvinsme sluit Treurnicht (1975:23) by die denkskema aan as hy verwys na die "Afrikaner en sy kerk, die taal van die volk, selfbeskikking-in-eie-kring" met die ideaal van 'n aparte Christelike volk vir elke etniese groep in Suid-Afrika.

NG Kerk en NGKSA

Die amptelike naam sedert die hereniging van die verskillende sinodes van die NG Kerk in een Algemene Sinode in 1962, is *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* en sluit al die sinodale streke in. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika* is die amptelike naam van die Sinode van die Wes- en Suidkaap sedert 1843. Om verwarring te voorkom word die informele naam vir die NGKSA gebruik, naamlik die Kaapse Kerk of Kaapse Sinode.

Ras, volk, nasie

Die term ras word as biologiese-, nasie as staatkundig-, en volk as kultuuretniese begrippe gebruik (vergelyk Strauss 1983:4). Die term Afrikaner was aanvanklik inklusief gebruik om blanke Engelsprekendes en kleurlinge in te sluit, maar is eers in die twintigste eeu eksklusief gereserveer vir blanke Afrikaansprekendes (Giliomee 2003:xix). Vir die doel van die studie word volstaan met die eksklussiewe definisie van die Afrikaner. Dit sluit aan by J.D. Vorster se beskouing van wie die Afrikaner is.

Vir die doeleindes van die studie en verstaan van die twintigste-eeu se rassevraagstuk in Suid-Afrika is dit nodig om te onderskei tussen Suid-Afrika se blanke- en gekleurde bevolking. Gekleurdes word as die mees "positiewe" versamelnaam gebruik vir die swart-, bruin- en Indiërbevolking van Suid-Afrika (Strauss 1983:4). Dit is egter nodig dat daar soms ter wille van die historiese konteks na 'n spesifieke bevolkingsgroep verwys word bv. swartes, kleurlinge of Indiërs. Daar is gepoog om sensitief te wees in die onderskeid tussen die verskillende bevolkingsroepe op grond van raseienskappe.

HOOFSTUK1
IN DIE HUIS VAN WILLEM EN BETTIE 1909 - 1927

Jacobus Daniël is op 26 November 1909 gebore as die negende kind van Willem en Bettie Vorster. Sy ouers se beskeie huis was op die plaas Predikantskop, naby die klein, maar bedrywige dorpie Jamestown in die Stormberge (Oos-Kaapland), geleë.[1] Dit is ‘n harde en ruwe wêreld waar, volgens oorlewering, “kinders eers getel is as hulle die ouderdom van vier bereik.” Hierdie harde wêreld het die Vorsterkinders geleer om te volhard en moed te hou in ‘n krisisoomblik. Die ruimte, vryheid, nederigheid, die ruwe eenvoud van die Stormberge, asook diepe afhanklikheid van die Skepper van die natuur het ook ‘n invloed op die Vorsterkinders se karakterontwikkeling gehad. Iets hiervan word ook gehoor in die gesegde: “Mense in die Stormsberge word meer as lewensgroot” (Louw 1994:69).

1.1 Willem Carel Vorster

Willem Carel Vorster tree gedurende April 1898 in die huwelik met Bettie Wagenaar.[2] Willem was as gevolg van die Vorsters se “kenmerkende klein voetjies” korter as Bettie en daarby ook ‘n stil persoon. Ten spyte van Willem se stil geaardheid het hy sy pa, Oloff se sterk persoonlikheid gehad. Dit was vir Bettie ‘n groot frustrasie dat Willem hom nie aan “aardse dinge” soos klere en modes gesteur het nie. Sy kinders onthou dat hulle hom nooit hard hoor lag het nie of selfs kwaad gesien het nie. Koot (sa:4) beskryf sy ouerhuis as “‘n huis en lewe met ‘n vaste patroon, volksgebonde en Christelik gefundeerd.”

Willem was besiel met een ideaal: al sy kinders moes so ver as moontlik leer en so goed as moontlik voorbereid moet wees vir die stryd van die Afrikaner. Die laaste pak slae wat ‘n seun gekry het, was omdat hy nie wou leer nie (Wagenaar 1974:86).

Hy het sterk standpunte oor ‘n wye verskeidenheid van sake gehad. Op sy stil manier het Willem niemand in die twyfel gelaat oor sy standpunte oor sake van die dag nie. Op ‘n keer het die mense van Sterkstroom hom gevra of hy nie homself as Dorpsraadslid verkiesbaar wou stel nie. Hy het ingewillig, maar volstrek geweier om enige stemme te werf of toesprake te hou, omdat hy van mening was die mense weet wie hy is en waarvoor hy staan. Natuurlik was enigeen welkom om met hom te kom gesels, maar hyself sou geen vinger verroer om

---

[1] Die Stormberggebied lê tussen die dorpe Dordrecht, Molteno, Jamestown, Sterkstroom, met Aliwal Noord en Burgersdorp net daarbuite (Louw 1994:11).

[2] Vergelyk die skematiese voorstelling van die geslagsregister van J.D. Vorster (PV 1/11/1/1).

verkies te word nie. Ten spyte hiervan, het hy die verkiesing gewen en was hy jare lank onder-burgermeester van Sterkstroom (D'Oliveira 1977:7). So het Willem hom op sy stil manier onderskei as gemeenskapsleier wat koersvas rigting kon gee.

Willem en Bettie was bekend vir hulle verskillende geaardhede en botsende standpunte, tog was hulle baie lief vir mekaar. Een saak waaroor daar geen verskil was nie, was hulle liefde vir kinders. Dit was die rede dat hulle oor 'n tydperk van twintig jaar veertien kinders grootgemaak het. Die kinders kon nie onthou dat hulle ouers ooit voor hulle gestry of met mekaar verskil het nie (D'Oliveira 1977:10). Tog was hulle huwelik alles behalwe vervelig! In teenstelling met Willem, het almal dadelik geweet wat Bettie dink en hoe sy oor enige saak voel. Willem was egter ongetwyfeld "baas in die huis", wat stil-stil sy vrou kon vasvat wanneer hy gedink het dit was nodig. Daar word vertel dat toe Willem en Bettie getroud is, Willem ingewillig het om Bettie haar sin te gee deur haar die eerste bruid in Jamestown te maak wat met die "nuwerwetse gedoente van 'n trouring" te mag trou. (Wagenaar 1974:86). Daar was egter die dag toe Willem viervoet vasgesteek het teen al die sogenaamde "nuwerwetse en uitlandse idee's" tot groot vermaak van die kerk en die gemeenskap en groot spanning tuis: dit was met die geboorte van hulle jongste dogter. Bettie het, onder die invloed van 'n hoërskoolonderwyseres wat van mening was dat familiename "uit" is, besluit haar dogter se naam sou Leonie wees na aanleiding van 'n heldin in een van haar storieboeke. Heimlik was Bettie verheug dat daar geen "stoere Anna of Johanna of Susanna is" wat op vernoeming kon aanspraak maak nie. (Wagenaar 1974:86). Op die vraag van een van die Wagenaars wat die kind gedoop sou word, was Bettie se besliste antwoord: "Leonie." "Wat sê Willem daarvan?", het hy glo kortaf "*mmmm*" gebrom. Op die doopdag sit die Vorsters op hulle gewone plek in die kerk. By die doopvont gee Willem die doopbrief vir die predikant en dié lees toe die dogtertjie se naam uit as: Margaretha Johanna Vorster! Dit was duidelik Willem se rondte, maar tuis, so tussen die bitter trane deur, was dit 'n ander storie (D'Oliveira 1977:8).

Willem het byna ongemerk uit die familiekring verdwyn. Namate siekte sy liggaam afgetakel het, het hy stiller geword en is in 1936, kort nadat Koot in die bediening bevestig is, oorlede. Op sy graf is 'n besondere steen aangebring. Dit is in die vorm van 'n boomstam waaruit vyftien takke spruit. Op elke tak is die naam van een van sy kinders geskryf. Net een is sonder naam, want die seuntjie is kort na sy geboorte dood (Wagenaar 1974:88). Tog het Willem op sy stil en nederige manier vir sy kinders 'n groter lewensvisie gegee, wat tot op Koot Vorster se einde by hom sou bly, naamlik: "Jy leef nie vir jouself nie" (Vorster sa:5).

1.2 Elizabeth Sophia (Bettie) Wagenaar

Baie staaltjies kan oor Bettie vertel word. By sommige was sy bekend vir haar "adelrige, hoogvaardige en astrante gedrag" (Louw 1994:41). Sy was "konserwatief en tradisievas", maar terselfdertyd was Bettie bekend vir haar kenmerkende gasvryheid en mededeelsaamheid (D'Oliveira 1977:9). Bettie was 'n wonderlike kok, met die noodwendige gevolg dat haar huis dikwels vol was van jongmense wat kom kuier het (Louw 1994:50). Vorster (sa:5) onthou goed hoe "haar ronde arms met 'n groot bakskottel deeg kon werk". Ten spyte van die feit dat sy "veertien kinders moes versorg, boervrou was, heeldag lap en stop, tweemaal per week veertien brode bak in die buite-oond" het sy nooit die indruk geskep van 'n "'n afgesloofde moeder van 'n groot gesin nie" (Wagenaar 1974:85). Inteendeel, Bettie was netjies modieus en lief daarvoor om deftig aan te trek. Sy het gereeld gerou oor familie se afsterwe en op 'n keer tydens die rou het Willem opgemerk dat sy eintlik goed lyk in swart. Hoogs tevrede met Willem se opmerking het sy nooit weer iets anders gedra as swart klere nie (darem soms met bypassende grys en wit!). Bettie was op haar dag die bes geklede vrou in die omgewing (D'Oliveira 1977:9). Die mense onthou haar soos sy Sondae kerk toe gestap het deftig in swart geklee met 'n wit kantkraag of beffie, die hoed modieus hoog op die kop, maar effens skuins met 'n sluiertjie oor die oë en natuurlik stringe krale of lang hangoorkrabbertjies (sy was nooit sonder krale en bypassende oorkrabbetjies nie). Een van haar seuns het opgemerk: "Ma sal kerkklokke aan haar ore hang as sy net die goed te koop kan kry" (Wagenaar 1974:85).

'n Bril het Bettie tot haar sterfdag nooit gedra nie, na aanleiding van iemand se opmerking dat sy lelik lyk met 'n bril. Dit, ten spyte van die feit dat sy so swaksiende was dat sy soms haar gesangeboek onderstebo gehou het (Wagenaar 1974:34). Bettie se deftigheid was egter meer as ydele vertoonsug. Haar deftigheid het in die teken gestaan van die hoë premie wat sy geplaas het op trots en selfrespek. Trots was sy beslis en haar bekendste slagspreuk vir haar kinders was: "Koppe hoog hou, hoor, koppe hooghou, al steek net 'n mens se neus se punt bo die water uit" (Wagenaar 1974:85).

Die trots en selfrespek was ook die rede waarom Bettie die waarnemende goewerneur-generaal die deur gewys het. Die diepste vernedering en ontnugtering vir haar was dat haar predikantseun, Koot, tronk toe moes gaan en haar seun, John, "vir wie haar trane altyd anders geblink het", na 'n interneringskamp. Sy was vas oortuig dat haar "ou neef", regter N.J. de Wet, nooit vir Koot tronk toe sou stuur nie, maar die "ou neef" het, en daarby was hy baie onsimpatiek teenoor Koot. Toe Bettie dit hoor het sy haar lippe ferm opmekaar gedruk en gesê: "Ek sal hom nooit weer groet nie." Jare later het 'n familielid haar gebel en gesê die "ou neef" wil kom kuier en of hy haar Woensdagmiddag kon besoek? Die Woensdag het sy

deftig aangetrek en in die voorhuis gesit waar almal haar kon sien en toe hulle klop moes die bediende oopmaak en vir hulle sê sy is nie tuis nie (Wagenaar 1974:88).

Na Willem se dood in 1936 was die meeste kinders uit die huis en kon sy haar gaan vestig op die dorp. Gou het Bettie bekend geword vir haar ruim hart en mededeelsaamheid. Stuur ‘n dogter suurlemoene, kry elke buurvrou ‘n paar; stuur een van haar seuns vleis, deel sy so ruim uit dat sy haarself afskeep. Haar huishulp was die getroue Emma, wie se groot kruis tant Bettie se koffie en tee drinkery was. Werk iemand by haar in die tuin moes koffie gegee word, klop iemand aan (dit het heel dikwels gebeur), moes koffie of tee bedien word. Bettie kon, soos in haar jong dae vinnig opvlieënd raak en dan moes Emma deurloop. Omdat die kinders bang was Emma soek ander werk het hulle haar stilletjies ekstra salaris betaal tot Bettie se dood (Wagenaar 1974:87).

Bettie se einde, op Sondag 16 April 1950, was in ooreenstemming met haar lewe. Toe sy ernstig siek lê en dit duidelik was dat die einde kom, is al die kinders laat weet. Die Vrydag was Koot een van die eerstes wat opgedaag het. Voordat hy die siekekamer ingegaan het, is hy versoek om haar nie te ontstel deur te sê al die kinders is laat weet nie. Koot het sy moeder beter geken en geweet ‘n leuen onnodig sou wees. Toe hy instap het sy hom met helder oë aangekyk en gesê: “O, hulle het jou laat kom, maar dit is eintlik nog te gou. Dit sal nie nou al wees nie. ” Deur die naweek het die ander kinders opgedaag totdat nog net Oloff, die oudste, nie daar was nie. Die Sondag het hulle vir haar gesê hy sal eenuur daar wees, waarop sy getrou aan haar geaardheid geantwoord het: “Sorg tog dat daar vir Oloff ‘n lekker stuk ribbetjie in die oond is. Julle weet hoe lief die kind vir vleis is.” Toe hy opdaag het sy hom in haar arms vasgedruk. Toe het sy omgedraai en nie weer gepraat nie. Teen die aand is sy oorlede. Langs die boomstamgrafsteen van Willem is Bettie se beskeie graf. Op haar grafsteen staan die woorde van Spreuke 31:10 geskryf ”Wie sal ‘n goeie deugsame vrou vind? Haar waarde is ver meer as korale” (Wagenaar 1974:88).

1.3 Godsdiens

Godsdiens was vir Bettie deel van haar lewe soos asemhaal en Sondae het sy gesorg dat haar kinders behoorlik “Sondagskool” kry! (Louw 1994:51). Willem was ‘n godsdienstige persoon wat sy kinders, volgens hulle eie getuienis, “volksgebonde en Christelik gefundeerd” opgevoed het (Waggenaar 1971:86). Niemand sou dit waag om te eet voor ‘n lang gebed net voor die maaltyd en waag om op te staan voor ‘n lang danksegging gebed daarna nie. Huisgodsdiens is ná aandete gehou en die gebruik was dat die bediendes hulle by die gesin kom aansluit. Elke môre was daar ‘n spesiale stiltetyd met ruim geleentheid vir gebed. Saam met hulle kos het die Vorsterkinders van jongs af godsdiens ingekry. Die Vorsterkinders het

in ‘n geborge en gelukkige huisgesin grootgeword waar almal ‘n groot liefde en respek vir hulle ouers gehad het (D’Oliveira 1977:10).

Die NG Kerk het ook ‘n groot rol gespeel tydens Koot Vorster se vormingsjare. Koot vertel “ons geslag se herinneringe begin in die kerk. Ons familiebank was heel voor. Links van ons het oom Servaas Wagenaar gesit, en hy kon sing! Reg voor ons aan die oorkant was die pastoriebank en ons het ons altyd verkyk aan die manier waarop die span Eatontjies ingekom het en in die bank neergeval het – so op die tippie” (Wagenaar 1974:83). Tog was daar ook diegene wat goed kom onthou hoe die “Vorsterclan” gereeld elke Sondag die kerk ingekom het tot by hulle bank voor in die kerk met die hele gemeente se oë op hulle. Veral in later jare wanneer Koot die vakansie by die huis was en die prediking waargeneem het. Op sulke dae was die hele dorp in rep en roer en was elkeen wat kon beweeg in die kerk (Louw 1994:98). Die feit dat hy uit ‘n kerklikbetrokke huisgesin gekom het wat meelewend in die gemeentelewe was, getrou hulle dankoffers gegee het en by uitsondering ‘n erediens nie bygewoon het nie, het beslis ‘n enorme invloed op jong Koot gehad. Dit is in sy ouerhuis waar hy ‘n liefde vir die NG Kerk geleer het wat sy hele lewe by hom sou bly.

Die leraar wat sedert 29 Oktober 1899 die gemeente in Jamestown bedien het, was dominee William Loftie-Eaton. Koot Vorster onthou hom as ‘n leraar wie se “suiwer diepsinnige preke vol Skrifwaarhede en lewenswyshede, ‘n bietjie eentonig gelewer, ‘n groot stempel op die gemeente afgedruk het” (Nel 1991:18). Sy erns met die gemeente se geestelike versorging, sy getroue huisbesoeke en katkisasieklasse het hom ‘n beminde leraar in die gemeenskap gemaak.

Nog ‘n groot geleentheid van pret en plesier was die jaarlikse Sondagskoolpiekniek wat plaasgevind het in ‘n “leë kampong buite die dorpsgrense.” Hier het die kinders hulle moeg gespeel met allerlei speletjies (Louw 1994:103). Die gemeentelike lewe was vir Koot en sy gesin ‘n positiewe ervaring wat gemeng was met erns en humor. Hierdie afwisseling tussen erns en humor sou ook in Koot se latere kerklike lewe kenmerkend wees.

1.4 Afrikanerskap

Waar Bettie se mense, die Wagenaars, vurige ondersteuners van Botha en Smuts was, was Willem ‘n vurige ondersteuner van die Afrikanernasionalisme soos verwoord deur generaal J.B.M. Hertzog. Om dié rede het Willem kort na die stigting van die NP in 1914 ‘n lid daarvan geword. Koot beskryf sy pa as “n stoere Afrikaner wat een van die eerste mense in Jamestown was wat by die NP aangesluit het en *Die Burger* ontvang het” (D’Oliveira 1977:7). Willem se politieke belangstelling was lewendig en hy het dae deurgebring om

verkiesingsuitslae te ontleed. Voor ‘n algemene verkiesing sou hy berekinge doen en aan almal wat belangstel vertel hoe hy dink “ons mense” sou vaar. Willem het nooit “bioskoop” toe gegaan nie, behalwe as hy geweet het die verkiesingsuitslae sou op die skerm flits (D’Oliveira 1977:7). Koot (sa:4) onthou dat sy vader se nalatenskap aan sy kinders “vurige volksliefde” was. Dit was nooit ten koste van ander mense nie. Dit word gesien in die respek vir gekleurde persone wat Willem by sy kinders ingeskerp het. Op die plaas het Koot, soos enige gewone boerseun, met dolosse en klei gespeel. Sy maat was Basia. Koot en Basia het saam brame in die berge gaan soek, klippe van die berg afgerol, en selfs sprinkane gebraai. Hy en Basia moes ook saam koring sny en aartappels uithaal. As Koot by sy pa gekla het dat daar genoeg “volk” was om die werk te doen, het Willem beslis geantwoord: “As julle nie leer om dit self te doen nie, kan julle nie eendag bevele gee en regeer nie.” As kinders moes hulle enige ouer persoon met eerbied en respek behandel, ook gekleurdes. “Outa Mandjie” kon selfs onder sekere omstandighede vir hulle ‘n goeie loesing gee.

Willem was ’n patriot in murg en been. Bettie het hierdie patriotisme en volksliefde by hulle kinders verder versterk deur verhale en staaltjies uit die Tweede Vryheidsoorlog (Cronje 1978:14). Koot Vorster het sy skoolloopbaan begin op ‘n klein plaasskool in die omgewing van die plaas, Spitskop. Alhoewel die ander kinders met donkiekarre moes ry, het die Vorsterkinders maar te voet daar uitgekom. Die onderrigtaal was Engels en vir die sterk Afrikanernasionaliste soos Koot het dit gegrief. Koot onthou dat enige een wat Afrikaans gepraat het, ‘n bord gekry het wat om hulle nekke moes hang en waarop staan:“I must not speak Dutch.” Daar was verwag dat die kinders mekaar moes “verklik”, want die een wat die bord teen die lui van die laaste skoolklok het, moes ‘n duisend keer uitskryf:”I must speak English at school” (Cronjé 1978:14; D’Oliveira 1977:12). Behalwe die feit dat die praat van Afrikaans verbode was, moes die kinders ook *Rule Brittania* en *God save our gracious king* in die sangklas sing. Vorster onthou hoe “ons rebelle uit volle bors” gesing het:

God save our gracious king,
Wash him in parrafin
And put fire on him.

Toe Koot op ‘n dag by sy pa gaan kla, vas oortuig dat Willem nie sulke laster teen Afrikaans sou toelaat nie, was hy ontnugter toe Willem se kortaf antwoord was: “As jy saam met die Engelse wil lewe en teen hulle wil veg, dan moet jy hulle taal leer.” Daarmee was die saak afgehandel en Koot moes maar onder protes saam met die kinders *God save the King* en *Rule Brittania* sing. Hy het egter 'n slim plan gemaak om sy straf te verlig deur vier potlode aan mekaar te bind en *I must not speak Dutch* op een slag vier keer uit te skryf. Die poging

om die Afrikanerkinders te verengels het net die teenoorgestelde uitwerking op die Vorsterkinders gehad. In plaas van verengels het hulle saam met baie ander jong Afrikaners eerder ‘n volksliefde en volksidealisme ontwikkel (Vorster sa:3).[3]

Hierdie sterk, byna verbitterde gevoel teen alles wat Brittanje verteenwoordig, is uit die ouerhuis gevoed. Bettie het haar kinders van jongs af geleer: “‘n Mens moet trots wees op die volk waaraan jy behoort” (Wagenaar 1971:86). Hierdie volksliefde wat hulle geleer het aan moedersknie sou die res van hulle lewe by die Vorsterkinders bly. Koot (sa.5) onthou hoe Bettie op ‘n inspirerende wyse hulle kinders laat deel in die “romantiek van die heldestryd.” Sy het hulle vertel hoe sy vir die Boere koffie gemaak het en hoe generaal Smuts by sy oupa Wagenaar ‘n broek gebedel het.

Koot onthou dat een van hulle gunsteling boeke was *Hoe zij stierven* wat handel oor die Boere wat in die Tweede Vryheidsoorlog deur die Engelse tereggestel is. Na huisgodsdiens en melk het die Vorsterkinders elke aand ‘n gedeelte van dié boek gelees. “Nadat ons gebad en gebid het, het ons op ‘n groot dubbelbed gaan sit en dan het die oudste begin lees totdat sy stem van emosie breek. Dan het die volgende een oorgeneem totdat hy ook nie meer verder kon lees nie. En dan die derde..., totdat ons op die ou end almal op die bed sit en huil het... ons harte seer-moeg van die Boere se worstelstryd. Ons het almal baie verbitterd gevoel oor die onregverdigheid van die oorlog en oor wat die oorlog aan ons Afrikaners gedoen het. Die Engelse was die vyand en die Boere ons helde” (D’Oliveira 1977:12). Die Boere-oorlog is ook in menige geveg langs die Skulpspruit by Jamestown oor en oor geveg. As dit nie met kleilat was nie, was dit met vuiste. Vorster onthou goed dat hy op ‘n keer sy vuisgeveg gewen het, maar die Engelse kant was ontevrede en daar moes weer geveg word. Gelukkig vir Koot het sy “engelse teëstander” reeds ‘n “blou-oog en geswelde oorlel” gehad. Dit het gehelp dat hy ‘n oorwinning vir die Boere kon verseker (Vorster sa:3).

Vorster onthou van ‘n Vrystater, ‘n oom De Wet wat vir ‘n tydjie grond by hulle gehuur het. Die Vorsterkinders het elke aand ver geloop om na dié oom se stories oor die oorlog te

[3] Dit word bevestig uit ‘n insident later jare. Die BBC wou deur middel van die destydse SAUK ‘n onderhoud met Koot Vorster voer. Vorster (sa:4) onthou dat die twee vrae venynig en beskuldigend was: “Do you and your brother regard blacks as equals or inferior?” en “Why are you and your brother Afrikaner nasionalist?” Vorster het op die eerste geantwoord: “Equal but diffrent” en op die tweede het hy drie redes gegee: “My vader het ons geleer dat ons Afrikaners is en daarop trots moes wees, van oudstryders het ek geleer hoe ons volk teen goudrowers tot die dood toe, soms marteldood, moes stry en dit het ons nasionaal gemaak, en derdens het julle pogings om ons te verengels van my ‘n rebel gemaak.”

luister. Soms het die kinders “doodernstig” saam met hom geveg en ander kere lekker gelag. By die oom De Wet het Vorster ook vir die eerste keer gehoor van die verskrikkinge van die Tweede Vryheidsoorlog. Saam met Willem en Bettie het oom De Wet volgens Vorster “vaderlandsliefde en patriotisme in ons harte geplant en op ons gemoedslewe afgedruk” (Vorster sa:2).

Vir Bettie was dit baie belangrik dat haar kinders moet weet waar hulle wortels in die verlede lê. Gereeld het sy vir hulle vertel van die “dapper, trotse mense wie se bloed in hulle are vloei” (Wagenaar 1974:86). Daar was oupa Piet Wagenaar wat 1840 by Witkop ingetrek het en man alleen ‘n klomp trekboere met die sambok verjaag het. Daar was ook Louw Wepener, die held van Thaba Bosiu en hulle is gedurig ingeprent dat hulle direkte afstammelinge is van die goewerneur Zacharias Wagenaar. Eers na haar dood het een van haar kinders per abuis ontdek hulle stamvader was van nederige afkoms en glad nie familie van die goewerneur nie, en dat Louw Wepener maar baie verlangs familie was (Wagenaar 1974:86).

Koot Vorster vertel die eerste keer toe hy voor “die ding wat mense politiek noem” te staan gekom het, was toe hy saam met sy vader dorp toe was. “Dit was sy gewoonte om eers reguit na die poskantoor te gaan, meneer Tom le Roux was ‘n ou vriend van hom. Hy het altyd die jongste nuus van meneer Le Roux gehoor. Almal het maar bra bedruk gelyk. Op straat het groepies diep en ernstig gefluister. Toe kom vader by die poskantoor uit en lyk so hoog in sy skik dat selfs ek dit dadelik kon raaksien. Onthou nou, hy het nooit met sy gevoelens te koop geloop nie, dus moes hy baie ingenome met iets gewees het. Nadat ek die hekkie net buite die dorp toegemaak het, vra ek: ‘Pa , hoekom lyk Pa so bly en die ander mense so treurig?’ Hy antwoord: ‘My seun, Botha is dood. Nou sal ons volk weer reg kom.’ Dit was hoe sterk sy gevoelens oor die dinge was” (D’Oliveira 1977:8). Hierdie gebeurtenis het vir Vorster (sa:6). nie net onder die indruk gebring van die diep politieke verskille onder Afrikaners nie, maar die “vryheidsideaal van die Afrikaner is in my hart ingeplant”.

Kerk en volk was veral in die klein gemeenskap van Jamestown nou verweef. Die noue verweefdheid en solidariteit tussen die NG Kerk en Afrikanervolk is nêrens beter ervaar en beleef as tydens die jaarlikse Geloftefees op 16 Desember nie. Van vroeg af het die feesgangers met hulle ossewaens na die feesterrein op Witkom gegaan waar hulle op die rand van die kloof ‘n groot laer getrek het. Toesprake is gou vergeet, want die hoogtepunt was die aanval op die laer. Kinders en jongmense het vanuit die kloof met ‘n wilde geskreeu op die laer afgestorm terwyl daar met ‘n paar loskruitpatrone uit die laer geskiet is. Daarna is

‘n dankdiens gehou en met die terugtog begin, “diep tevrede met die wete dat ons aan ‘n volk behoort wat in donker dae deur God uitgered is” (Wagenaar 1974:87).

1.5 Leierskap

Teen die tyd dat Koot Vorster die laerskool verlaat het, was sy lewens- en wêreldbeskouing in ‘n groot mate vasgelê en gevorm. Willem se grootste ideaal was dat al sy kinders “so ver as moontlik moet leer en so goed as moontlik voorbereid moes wees vir die stryd van die volk.” Daarom het hy hulle dikwels vertel “sy erfporsie aan hulle is ‘n goeie opvoeding” en gereeld het ‘n Vorsterseun ‘n goeie pak slae gekry “omdat hy nie wou leer nie”(Louw 1994:101). Omdat goeie opvoeding vir Willem en Bettie belangrik was, het hulle per ossewa na Sterkstroom verhuis waar daar ‘n goeie hoërskool was (Vorster sa:3).

Koot begin sy hoërskoolloopbaan in 1924 in die hoërskool op Sterkstroom. Daar was geen keusevakke nie en die kinders moes alles neem. Een van die onderwysers wat ‘n bepalende invloed op Koot gehad het, was sy geskiedenisonderwyser, meneer René Immelman. Hy het die gawe gehad om geskiedenis te laat leef en as aanmoediging vir elke matrikulant wat ‘n A-simbool behaal het, het hy vyf pond geskenk. Koot se liefde vir geskiedenis (en dalk die feit dat hy later in kerkgeskiedenis gespesialiseer het) kan teruggevoer word na die invloed van hierdie onderwyser (Louw 1994:104). Sy dogter, Hannie, onthou dat haar pa tot sy dood saans as hy nie kon slaap nie van die vroegste geskiedenis vir homself opgesê het. Op dié manier het hy sy geheue en verstand skerp gehou.

’n Ander onderwyser, Gert Botha, Vorster se matriekonderwyser, het hom beskryf as ‘n “ideale student”. Koot was hardwerkend en veral baie goed in Wiskunde. Om dié rede het hy gereël dat Koot natuurwetenskappe gaan studeer aan Grahamstad. Op kulturele gebied het Koot uitgeblink in die debatskompetisies (Cronje 1978:15). Op dié terrein het Vorster se “lieflingsonderwyser”, G.J.J. van der Westhuizen, meer vir hom gedoen het as skoolhou. Hy het Vorster voorberei vir die lewe. Vorster (sa:7) het hom onthou as ‘n “skoolmeester” in die ware sin van die woord. As ‘n knap spreker het Van der Westhuizen hom daarop toegelê om Koot te leer debatteer en notules skryf. (Van der Westhuizen was voorsitter van die Debatsvereniging en CSV en Koot by albei sekretaris).

Skoolmaats onthou Koot as ‘n “ernstige en besadigde seun”. Anders as sy broers Izak en John was Koot nooit “ligsinnig nie en beslis nie sosiaal nie”. Sy klasmaats kan nie onthou of hy ooit eers in ‘n meisie belang gestel het nie (Louw 1994:105). Alhoewel daar destyds nie klaskapteins was nie, het Koot uitgestyg as ‘n leier wat respek afdwing. Sy skoolmaats onthou hom vir “die goeie voorbeeld wat hy gestel het as ‘n besadigde Christenleier”. Hy was

netjies op sy persoon, met ‘n mooi en netjiese handskrif (Louw 1994:106). Tog het Koot nie ‘n gebrek gehad aan kattekwaad nie. Hy onthou goed hoedat meneer Muller ‘n “rekordsprong” gegee het nadat Koot ‘n klapper in die chemieklas afgeskiet het. Dalk was die rede vir Koot se goeie geheue oor die saak, die “bontstaan” in die “kleinkamertjie” agterna (PV 1/2/41/1/5).

Alhoewel Koot nooit ‘n uitblinker op die sportterrein was nie, het hy met entoesiasme daaraan deelgeneem en was selfs op ‘n staduim rugbykaptein. Koot getuig hoe hy swaar gelewe het in die skrum tussen die “knewels wat al baarddraers was” (PV 1/2/41/1/5).

1.6 Roeping

Alhoewel Koot baie belanggestel het in die politiek en vurig die NP verdedig het, was sy eerste liefde godsdiens en geestelike sake. Vir sy skoolmaats was dit ‘n uitgemaakte saak dat Koot as predikant sou gaan studeer en Koot self het iewers in hierdie jare ook tot die oortuiging gekom dat hy niks anders as ‘n bedienaar van die Goddelike Woord wou wees nie (Louw 1994:107).

In 1927 het Vorster sy skool verteenwoordig op ‘n CSV konferensie te Queenstown. Vorster (sa.7) het later getuig dat die Here hom daar in die NG Kerk van Queenstown tot die bediening geroep het. Dit was vir hom so ‘n duidelike en werklike ervaring dat dit sy lewe “radikaal” verander het.

Die feit dat Koot se ouers hom in hierdie groot besluit onvoorwaardelik gesteun het, kan toegeskryf word aan ‘n gebeurtenis wat hulle oortuig het dat die Here hom vir groot dinge bestem het. Bettie het hom eers jare later die besonderhede hiervan vertel. Sy vertel dat Koot as ‘n jong seuntjie “gesterf het”. Terwyl sy vader dorp toe reis om die nodige reëlings te tref vir sy begrafnis het Bettie ernstig gebid en gepleit dat die Here sy lewe moes spaar. Indien die Here haar gebed verhoor, het sy beloof, dat hy eendag as predikant sou gaan studeer. Toe Willem terug op die plaas kom, was die verrassing en blydskap groot toe die seun wat die dokter as dood verklaar het, leef. Willem is toe terug dorp toe om die dokter te roep, maar dié wou dit nie glo nie en hulle moes toe ‘n ander dokter inroep (Cronjé 1978:14).

Met die voltooiing van sy skoolloopbaan in 1927 op Sterkstroom het die jong Koot Vorster na Stellenbosch vertrek om in 1928 in te skryf vir die graad BA Admissie met die oog om ‘n bedienaar van die Woord te word in die NG Kerk. Reeds aan die begin van sy studies lê Koot belydenis van geloof af by die bekende dominee A.F. Louw (Cronje 1978:14).

1.7 Samevatting

Afrikanerskap en Christenskap was vir die Vorstergesin soos twee kante van dieselfde muntstuk en diensbaarheid aan jou medemens en volk meer as ‘n modewoord. Die gelukkige gesinsomstandighede en hegte gesinsbande het ‘n groot invloed gehad op Koot Vorster se positiewe lewenshouding en sy Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Die lyding van die Afrikaner in die Tweede Vryheidsoorlog, tesame met die Britse imperialisme soos vergestalt deur die verengelsing wat Koot Vorster op skool ondervind het, het ‘n onuitwisbare indruk op hom gelaat. Die roeping wat hy in matriek van die Here ontvang het om bedienaar van die Goddelike Woord te word, het regdeur sy hele lewe by hom gebly. Koot Vorster (sa:9) getuig toe hy jare later “deur diepte en donker heen moes gaan”, het hierdie roeping nooit vervaag nie. Dit, tesame met sy vaste godsdienstige oortuigings sou sy denke en optrede in die toekoms bepaal. Dit alles blyk belangrike faktore te wees wat gehelp het om Koot Vorster se menswees te vorm.

HOOFSTUK 2
IN DIE EIKESTAD 1928 – 1934

Toe die jong Koot na Stellenbosch vertrek, was dit vir hom in meer as een opsig ‘n “verbysterende ervaring.” Hy het nie net die eerste keer die Groot Karoo gesien nie, maar was verstom deur die asemrowende berge van die Boland. Daarby was hy as kind van die Stormberge beïndruk deur die “honderde slim studente wat oor dinge gepraat het waarvan hy nog nooit gehoor het nie” (Vorster 1982:331). Gedurende sy studiejare in die Eikestad het die jong Koot Vorster ondervind dat die “calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing wat gevorm is in sy ouerhuis, by hom dieper ingeskerp word. Vorster het ook as ‘n buitengewoon begaafde student geleer om verantwoording te doen oor die hoop wat in hom lewe (Potgieter 1979:272). In die krisistyd wat die Du Plessis-saak in Stellenbosch veroorsaak het, het die jong Koot Vorster ‘n keuse gemaak vir ‘n teologiese uitgangspunt wat sy hele bediening sou bepaal.

2.1 Die opkoms van die neo-calvinisme in die dertigerjare

Die krisis rondom die uitsprake van professor Johannes du Plessis het nie oornag ontstaan as ‘n kortstondige meningsverskil onder teoloë nie, maar het ‘n lang aanloop gehad “wat die kerk in sy fondamente geskud het” (Hofmeyer 1986:6). Die sogenaamde Du Plessis-saak was die noodwendige gevolg van ‘n paradigmaskuif in die NG Kerk sedert 1905 wat saamgeval het met die hersteljare van die Afrikaner na die Tweede Vryheidsoorlog. Hierdie kerklike stryd moet ook gesien word in die lig van die wêreldwye stryd tussen fundamentalisme aan die een kant en modernisme aan die ander kant.[4] Johannes du Plessis was ten spyte van sy omstredenheid ‘n “geliefde mens” wie se gewildheid saamgehang het met “Christelike hoflikheid, vriendelikheid en bedagsaamheid.”[5] Du Plessis het hom tuis

---

[4] In Nederland het die teologiese stryd tussen fundamentalisme en modernisme (veral rondom skrifbeskouing) gelei tot die Sinode van Assen (1926) waar Geelkerken geskors is vanweë sy beskouing rondom die historisiteit van Genesis 1-3 en selfs in die VSA het die skote geklap tussen die moderniste en fundamentaliste (Hofmeyer 1986:6).

[5] Johannes du Plessis was ‘n briljante teoloog wat deur beide die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Skotland met die *honoris causa* toekenning vereer is. “As Godsman het hy geseënde werk in die gemeentes Zastron en Kaapstad verrig en met sy ernstige prediking en gedissiplineerde werkkrag sy bedieningsarbeid versier.” Hy was ook Sendingsekretaris van die Kaapse Kerk wat verskeie sendingstasies binnelands, sowel as in die buiteland besoek het. Daarby het Du Plessis die vasteland van Afrika drie maal deurreis (van die weskus by die begin van die Nigerrivier na

gevoel in die evangeliese vroomheidstradisie van die laat negentiende eeu binne die NG Kerk met die klem op sonde, bekering, heiligmaking, die Heilige Gees, gebed en sending (Hofmeyer 1986:6). Du Plessis het hom teologies geskaar by die Utrechtse skool wat volgens hom die opvolgers van die reveil was wat in die laaste helfte van die vorige eeu so ‘n groot rol met betrekking tot die evangeliese rigting in die NG Kerk gespeel het (vergelyk Scholtz 1979:85 en Hofmeyer 1986:7).

Oorspronklik het Afrikaners wat verder studeer het, aan die Universiteit in Utrecht studeer waar die invloed van Van Oosterzee en Doedes van die Hervormde kerk sterk was. Gaandeweg het die studente van die NG Kerk verkies om eerder by die Vrije Universiteit van Amsterdam te studeer waar hulle sterk deur Kuyper en Bavinck se teologie beïnvloed is veral rondom Kuyper se “pluformiteitsgedagte en soewereiniteit in eie kring” (Hofmeyer 1986:8). Tot en met 1909 het daar slegs 3 predikante aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer, maar tussen 1910-1919 het daar 17 predikante aan die Vrije Universiteit gaan studeer, teenoor slegs 6 by Utrecht. Tussen 1910-1952 is 15 van die studente aan die Vrije Universiteit as professore by die NG Kerk se fakulteite aangestel. Dit dui op ‘n merkbare teologiese skuif binne die NG Kerk (Deist 1986:41)

As redakteur van *Die Kerkbode* en later van *Het Zoeklicht* het Du Plessis ‘n ruimer verstaan van die teologie bepleit binne die breë konteks van die negentiende eeu se reveil. Teenoor Du Plessis het persone soos E.E. van Rooyen en D.R. Snyman gestaan wat vasgehou het aan die regsinnige of konfessionele rigting soos voorgestaan deur die Vrije Universiteit van Amsterdam (Snyman kb 20/11/1929).[6] E.E. van Rooyen[7] en D.R. Snyman het Du Plessis se

---

Mombassa, terug na die mond van die Kongorivier en daarna weer ooswaarts tot aan die Zambesi rivier). Hy was wyd belese, ‘n uitstekende joernalis en ten spyte van sy latere doofheid het hy ‘n gemaklike skryfstyl met ‘n vlymskerp pen gehad (Van der Watt 1987:163-165).

[6] Vergelyk ook Deist 1986:45-60 en Nicol 2000:102-105 vir ‘n bespreking van Du Plessis se Skrif- en belydenisbeskouing.

[7] Esias Engelbertus van Rooyen was saam met D.F. Malan mede-leraar in Montagu en later in De Nieuwe Kerk, Kaapstad , voordat hy na Nederland is om onder leiding van H. Bavinck by die Vrije Universiteit te promoveer met die proefskrif *Het Scepticisme van David Hume*. In 1919 volg hy professor J.I. Marais op as dosent by die kweekskool in Stellenbosch. Hy doseer Ou Testamentiese vakke en apologetiek. Benewens die feit dat hy op verskeie kerklike kommissies dien, was dit sy taak om die twaalf klein profete in Afrikaans te vertaal vir die 1933-Bybelvertaling. Van Rooyen was medestigter van *Die Ou Paaie* en later *Die Gereformeerde Vaandel* (Vorster GV 1948:2). Alhoewel Van Rooyen Vorster se dosent was, het hulle in mekaar geesgenote gevind en was hulle lewenslange vriende. Op versoek van Van Rooyen het Vorster hom ook begrawe (PV 1/2/1/1).

“liberale Skrifbeskouing” en “historiese kritiek” as ‘n nuwe gevaar vir die waarheid van die evangelie gesien. Om Du Plessis se *Het Zoeklicht* te bestry, stig Van Rooyen en Snyman (as eerste redakteur) *Die Ou Paaie*[8]. Reeds in die eerste uitgawe het *Die Ou Paaie* swaarde gekruis met *Het Zoeklicht* deur te verklaar dat die blad primêr ten doel gehad het om ‘n positiewe prinsipiële standpunt in te neem teen “die stroom van vrysinnigheid en afwykende rigtinge en die gety van liberalisme” in die NG Kerk (Snyman 1926:1). Die stigters van *Die Ou Paaie* het hulle geroepe gevoel om op “teologiese gebied spykers met koppe in te slaan” en sonder twyfel aan te toon dat die “reeds bewandelde ou paaie tog die beste is” (Van Rooyen 1926:25; PV 1/1/6/2/3).

Hierdie stryd was spoedig onsmaaklik en persoonlik en het die saad gesaai vir ‘n hewige broedertwis binne die NG Kerk. Van der Watt (1987:169-170;183) wys daarop dat die NG Kerk in die Vrystaat konsekwent die Kaapse sinode in sy optrede gesteun het en selfs sover gegaan het om predikante wat na die Vrystaat beroep is, ‘n spesiale formulier te laat onderteken waarin bely word dat die Bybel die Woord van God is en in alle dele onfeilbaar is. Daarby moes die leraar deur sy handtekening “dwalinge” verwerp soos dat die Ou Testamentiese geskiedenis onderwerp moet word aan die “rekonstruksieteorie van die Hoëre Kritiek.” Die NG Kerk in Transvaal was op die oog af meer simpatiek teenoor Du Plessis as die Vrystaat. Na afloop van die Du Plessis-saak het die Transvaalse Sinode gedurende 1934 ernstig begin werk aan ‘n eie teologiese fakulteit. Naas die ander besware teen Stellenbosch se kweekskool was een van die “ernstigste besware” dat dit gestig word as gevolg van die hantering van die Du Plessis-saak.

---

[8] *Die Ou Paaie* het van 1926 tot 1932 verskyn, waarna dit voortgegaan het onder die naam *Die Gereformeerde Vaandel* met D.G. Malan as eerste redakteur. Dit is moontlik gemaak deur die Pieter De Waal Neethlingfonds. Pieter De Waal Neethling het te midde van die Du Plessis-saak in 1932 10 000 pond geskenk vir die instandhouding en oprigting van ‘n teologiese tydskrif wat die calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing soos vervat in die Drie Formuliere van Eenheid kan “verklaar, verstaan en verdedig” (PV 1/1/7/4/1) Koot Vorster was nie net ‘n trustee van die fonds nie, maar jare op die redaksie. Die doel van *Die Gereformeerde Vaandel* was drieledig: Eerstens om die “konfessionele standpunt van ons kerk te handhaaf”, tweedens om “hierdie fondament te bestendig en daarop voort te bou” en laastens om “alle dwalinge in die kerk te bestry” (Van Rooyen GV 1933:2). Op 22 Mei 1959 het die trustees en redaksie van *Die Gereformeerde Vaandel* (J.J. Müller, E.P. Groenewald, H.D.A. du Toit, J.D. Vorster en T.N. Hanekom) in Bloemfontein besluit om ‘n nuwe teologiese tydskrif te stig vir die NG Kerk, naamlik die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* (NGTT) waarby *Die Gereformeerde Vaandel* ingelyf word (PV 1/1/7/4/1).

Die stryd tussen Johannes Du Plessis en die Kuratorium het daartoe gelei dat die kuyperiaanse neo-calvinisme binne die NG Kerk ‘n stewige vastrapplek gekry het. Die teologiese keuse van die NG Kerk sou die pad oopmaak vir die verbroedering tussen die NG Kerk en die NP met die oog op die welsyn van die Afrikaner (Deist 1986:61).

2.2 Vorster se belewenis van die Du Plessis-saak

As student het Koot Vorster hom gou onderskei as “iemand wat onverskrokke ‘n standpunt kan stel. Hy was ‘n leier toe hy nog ‘n student was. Iemand met ‘n vaste uitgangspunt” (Brown 1979:271). Dit was veral P. De Vos Grobbelaar en H.J.C. Snyders wat die jong student gehelp het om “aan die Woord van God vas te hou en die geloof in Jesus Christus te behou” en nie soos sommige van sy klasmaats “alles oorboord te gooi nie” (Vorster 1982:331). Vorster het ‘n punt daarvan gemaak om hom gou op hoogte van die stryd aan die kweekskool te bring, want daar is “baie geredeneer, gepraat en gestry” en “wie wou saampraat, moes hom op die hoogte stel en vir homself rekenskap gee” (Vorster 1982:333).

Sommige studente het die kerkstryd as negatief ervaar en het selfs “weens die onverkwiklike en soms pynlike nasleep van die saak akademies daaronder gely, deurdat dit die ywer vir teologiese studie gedemp het” (Hofmeyer 1986:8). Dit was egter vir die jong Koot ondenkbaar om op die kantlyn te bly sit. Ten spyte van al die bitterheid en die verdeling onder die studente was die positiewe kant van die kerkstryd vir hom dat die studente “moes studeer om grond onder hulle voete te kry en die geloof te behou of om te stry en nie die tweede beste daarvan af te kom nie” (Vorster 1982:334). Dat hierdie tyd vir Koot geweldig vormend was en dat hy dit ook as ‘n geloofstryd beleef het, getuig hyself: “Manne is in daardie jare gevorm en gebrei. Dit het soms meer as moed gekos om jou man te staan. Geloofsoortuiging en die genade van die Here het krag gegee. Die stryd was heftig en die verleiding van die Bose so groot dat van my eie klasmaats ongelowig geword het. Jy moes glo, getuig en stry of ondergaan” (Vorster 1982:335). Vorster sou intens meeleef met die verloop van gebeure en fel kant kies teen diegene wie Du Plessis ondersteun het.

Vorster se eerste kennismaking met die stryd in die Eikestad was in 1928. Pas na sy aankoms op Stellenbosch moes Koot belydenis van geloof aflê onder leiding van die bekende dominee A.F. Louw. Een aand het Louw vir die klas vertel “dat Jesus net die kennis van sy tyd gehad het en dat hy met historiese feite kon dwaal”. Koot het hom in die klas “heftig teëgestaan” toe Louw hom wou oortuig. Van die ouderlinge het te hore gekom van die “opskudding” in die belydenisklas en gevra dat Vorster ‘n klag teen Louw voor die kerkraad moet lê. Koot het wyslik besluit dat hy as “matrikulant, wat pas van ‘n klein plekkie kom” die

saak daar moet laat, alhoewel hy en Louw “later weer oor dié saak by mekaar sou uitkom” (Vorster 1982:332).

Aan die kweekskool van Stellenbosch het die “piëteit wat hy vir sy ouers gehad het, ook sy optrede teenoor sy leermeesters gekenmerk” (Potgieter 1979:272). Hiervan getuig sy byna kollegiale en intieme vriendskap met E.E. van Rooyen. Hulle het nie net dieselfde oortuigings gedeel nie, maar het in mekaar vriende gevind. Ben Marais het later laat blyk tydens die Du Plessis-saak was hierdie “Van Rooyen-Vorster kombinasie” se “broederlike verhouding” nie net opvallend nie, maar ook ‘n “groot bron van irritasie” vir Du Plessis se ondersteuners (Louw 1994:110). Dat hulle in mekaar sielsgenote gevind het, is nie te betwyfel nie en daarom is dit dan ook te begrype dat Vorster nie net E.E. van Rooyen se begrafnisdiens gelei het nie, maar ook sy proefskrif aan sy nagedagtenis opgedra het.

So aangenaam Vorster se verhouding met Van Rooyen was, so vyandig was sy verhouding teenoor Johannes du Plessis (Louw 1994:113). Koot Vorster se lewens- en wêreldbeskouing het radikaal verskil met dié van Du Plessis. Dit was vir Vorster (1982:332) “skokkend” om van Du Plessis te hoor “dat daar foute in die Bybel is, dat die Bybel nie Gods Woord is nie, maar dat Gods Woord in die Bybel is”. Verder was Koot ontsteld oor Du Plessis se siening dat die inspirasie van die Heilige Gees net oor die saligmakende inhoud van die Bybel gaan en dat Jesus foutiewe uitsprake gemaak het omdat Hy net die kennis van sy tyd gehad het en ook in sy aardse lewe kon fouteer. Du Plessis was ook oortuig dat die geskiedenis van Jona ‘n allegorie is. Daarby het Du Plessis die “Hoëre Kritiek” as metode van eksegese aanvaar en dié Skrifkritiek toegepas ten einde te bepaal wat in die Bybel die geïnspireerde Woord van God was.” Tot Koot se “grootste verbasing” was Du Plessis deur die Ring op hierdie aanklagte vrygespreek.

Ben Marais wat ‘n jaar na Vorster op die kweekskool was, vertel dat almal wat min of meer ‘n probleem met Du Plessis gehad het na Koot Vorster opgesien het vir leiding. Tog was daar groot ongelukkigheid onder sekere van die studente oor Koot se gesindheid teenoor Du Plessis. Vir Ben Marais, wat ook nie met alles van Du Plessis saamgestem het nie, was die optrede van studente soos Koot Vorster, “wat hy as ‘n intelligente student” beskou het, onaanvaarbaar en dit het groot onsmaaklikheid in die klas teweeg gebring (Louw 1994:114).

Na die hofbeslissing ten gunste van Du Plessis is die Kaapse Sinode in 1932 byeengeroep om te beslis oor die toekoms. Koot het “’n voorgevoel gehad dat iets heel besonders sou gebeur”. Op Woensdag 9 November het hy “die ontoelaatbare en ongeoorloofde daad gepleeg waaroor hy nog nooit jammer gevoel het nie”, dit was om sy klasse vir die dag te

“bunk” en met die trein Kaap toe te reis vir die “onvergeetlikste ervaring van sy soms veelbewoë kerklike loopbaan” (Vorster 1982:333).

Dat hierdie sinodesitting ‘n diep indruk gelaat het op die gemoed van die jong Koot is duidelik te sien in die dramatiese detail waarmee Vorster (1982:333-334) dié gebeure beskryf. Veral die persoon van dominee G.J. Hugo “die beste moderator wat ons kerk nog gehad het”, het ‘n blywende indruk op hom gemaak. “Hy was lank en maer, blas van kleur , swart hare en swart baard en swart oë met ‘n lang swart toga aan. Al wat wit was aan hom, was sy bef en ‘n klein wit papiertjie in sy hand.” Toe hy die voorsitterstoel oorgee om te praat “kon jy ‘n speld hoor val. Mense het skaars asem gehaal.” Hugo het die voorstel gemaak wat kerkskeuring voorkom het en tot voordeel van Du Plessis was. Die professor se dienste sou aan die kweekskool beeïndig word en as blyke van die hoë waardering vir die belangrike dienste wat Du Plessis in meer as een opsig aan die kerk bewys het, ontvang hy sy volle vergoeding met voordele. Die reaksie van die sinode op die voorstel het gewissel van “smart en droefheid, teleurstelling en opstandigheid, verslaentheid en emosionele opgewondenheid.” Na 66 sprekers aan die bespreking van die voorstel deelgeneem het, is die voorstel met 217 teen 111 aanvaar. Koot se belewenis van daardie dag was dat “die Here het wonderlik gelei. Die suiwerheid van die leer is gehandhaaf en die staat is nie gerepudieer nie!” Ondersteuners van Du Plessis het die sinodale besluit as onchristelik, oneties en vernederend beskou. Hulle het gepleit dat Du Plessis hom nie daarby moet berus nie. Tot sy krediet het Du Plessis wel die aanbod van die sinode aanvaar en daarmee saam het rus en vrede gekom (Vorster 1982:336).

Na hierdie sinode was Koot betower deur die dinamiek van sinodale vergaderinge, veral omdat dit “nie maklik was om te hanteer en beheer nie.” Koot vertel (1982:335) hoe die vergadering “soveel uit dominee G.J. Hugo geneem het, dat hy dikwels die vergadering verlaat het en ‘n bietjie op die sofa in die moderatuurskamer gaan rus het. Toe ek in 1953 op die moderatuur gekom het, was die sofa nog daar.” In ‘n ander staaltjie vertel Vorster dat Hugo ‘n ene dominee W.N. van der Merwe wat op die sinode dwars en moeilik was, op ‘n dag geweldig skerp tereggewys het. Toe iemand dominee Hugo die aand vra of hy nie “ou broer Willie te hard aangepak het nie?” het dominee Hugo met ‘n “salige uitdrukking in sy moeë gesig geantwoord: Ja broer, en ek is menslik genoeg om vir jou te sê ek het dit geniet ook!”

As ‘n uitvloeisel van Du Plessis-saak het ‘n groep studente in Koot se derdejaar ‘n konfessionele studiekring gestig met primêre doel om belydenisskrifte te bestudeer. Tweespalt onder die studente aan die kweekskool het daartoe gelei dat sommige studente in

1934 ‘n klag by die professore gaan lê het oor dié groep. Hulle het aangevoer dat dié groep, waarvan Koot toe voorsitter was, diskrimineer teen studente wat nie lid van die studiekring was nie en dat die kerk teen hulle “prejudiseer” en sodoende tweedrag op kweekskool veroorsaak.” Koot en sy vriend F.J.M. Potgieter het die studiekring se saak gaan stel en hulle is deur die professore gelyk gegee (Vorster 1982:336).

Dat die stof nie dadelik na die sinode gaan lê het nie, getuig van ‘n insident gedurende 1934 toe Van Rooyen vra dat hy Koot “dadelik na tee in sy studeerkamer wil spreek.” Alhoewel hulle klas gehad het in dogmatiek by professor B.B. Keet het Vorster op Van Rooyen se aandrang die klas “gebunk”. Koot vertel nadat Van Rooyen die studeerkamer binnegekom het, het hy in trane uitgebars. “Ek was verslae en het aanhou sê: Wat is verkeerd Professor? Sê tog wat is verkeerd! Na ‘n lang tyd kon hy praat en het hy snikkend gesê: ‘Koot, ek voel vandag soos ek nog net een maal in my lewe gevoel het en dit is toe ek my seuntjie, my enigste seuntjie, voor my in die kis sien lê het’.” Daarop het hy vertel dat sy vriend en mede-stryder D.R. Snyman, Du Plessis verskoning aangebied het en belydenis gedoen het dat hy nie altyd die stryd met “suiwer motiewe gestry het nie”. Van Rooyen was ontsteld omdat hy voor “die Here oortuig was dat hy die saak met suiwer motiewe gestry het”. Alhoewel D.R. Snyman nie sy teologiese standpunte prysgegee het nie, wou hy die lug tussen hom en Du Plessis suiwer. Hierdie versoenende gebaar het daartoe gelei dat Du Plessis beoog het om ‘n bekentenis aan die kerk te doen dat sy standpunte nie noodwendig reg was nie. Sy ondersteuners het hom egter tot “stilswye gemaan” en voordat daar verder iets aan die saak gedoen kon word is Du Plessis skielik in 1935 oorlede (Vorster 1982:337-338).

Professor du Plessis se ondersteuners het ná sy dood ‘n standbeeld van hom opgerig. Dit was ‘n klein beeld van pienk marmer (volgens Vorster het dit amper soos ‘n “boeteling” gelyk) met ‘n groot graniet suil met die onderskrif daarop: *God verdedig die reg*. Die standbeeld het eers op die hoekerf van Charlie Neethling gestaan en is later na die Fillomore-gebou geskuif. Selfs die standbeeld van Du Plessis was omstrede. Kritiek is deur Van Rooyen uitgespreek omdat ‘n “Rooms-Katoliek” die beeld gekap het, “want as Du Plessis iets was, dan was hy anti-Rooms.” Jare later het A.F. Louw voor sy aftrede hom daarvoor beywer om die standbeeld terug te skuif na die kweekskool. Hy het met Koot Vorster as voorsitter van die Kuratorium daaroor gepraat, maar Vorster se onmiddellike reaksie op die versoek was: “Dominee, oor my dooie liggaam. Die dag as die kerk dit toelaat, sal dit beteken dat hy ‘n streep deur sy besluit van veroordeling van die dwaalleer van Professor du Plessis trek. En ek is nie daartoe bereid nie.” G.B.A. Gerdener en later ook die munisipaliteit, het die skuif van die standbeeld bepleit, maar tot sy aftrede het Vorster die verskuiwing van die standbeeld teëgestaan (Vorster 1982:339).

2.3 Vorster se vroeë tipering van die calvinisme

In watter mate het die Du Plessis-saak ‘n invloed op Koot Vorster se teologiese ontwikkeling gehad? Om die vraag te beantwoord, word daar gekyk na twee artikels wat hy as teologiese student geskryf het. Te midde van die stryd, gedurende Mei 1933, verskyn daar in *Die Gereformeerde Vaandel* ‘n artikel van Vorster met die tema*: Is die beginsels van die Oxfordgroep verenigbaar met die calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing*. Augustus 1934, enkele maande voor sy eksamen het Vorster nog ‘n artikel in *Die Gereformeerde Vaandel* gepubliseer met die opskrif *Calvinisme as vertolker van die leer van Christus.* Beide die artikels is tiperend van Vorster se vroeë verstaan van die Calvinisme.

Die eerste artikel, *Is die beginsels van die Oxfordgroep verenigbaar met die calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing,* is in geheel gesien Vorster se poging om ‘n duidelike standpunt tot die kerkstryd te lewer. Dat hy die saak sensitief wou hanteer, word gesien as hy in die inleiding verklaar dat “iemand se godsdiens ‘n tere saak is” en dat hy “hoegenaamd nie wil ingaan op die persoonlike geestelike lewe van persone nie”, maar dat hy graag wil bly by die saak waarom dit gaan (GV 1933:185). Vorster het die calvinisme beskou as die “helder lig” in die “duistere nag van politieke en ekonomiese en moeilikhede” (GV 1933:185). Die Oxfordgroep, met sy noue aansluiting in die subjektiewe, mistiese ervaringsteologie, het Vorster (GV 1933:186-187) beskou as ‘n “indringer”. Volgens Vorster (ibid.) is die doel van die Oxfordgroep vierledig, naamlik:

i. Om die belewenis van die geloofsgemeenskap te bevorder.
ii. Die individu nie deur “big meeting” of “amptelike prediking” nie, maar deur persoonlike omgee te bereik.
iii. Die Oxfordgroep poog om die “dorre dooie dogmas” in die kerk “af te breek” deur klem te lê op geestelike ervarings. Volgens Vorster word hulle “vaagheid en oppervlakkigheid” gesien in hulle “veragting van die leer” en hulle “sweef” op die “wieke van gevoel”.
iv. Laastens poog die Oxfordgroep om “waaragtige toewyding aan God” te bereik deur “guidance” en “sharing.” Die Oxfordgroep beweer hulle bring nie ‘n nuwe evangelie nie en werk nie teen bestaande “formele kerke “ nie, maar wil die “radiant Christianity” van die eerste eeu herstel.

Vorster (GV 1933:258) tipeer die Oxfordgroep se werkswyse as “Anglo-Amerikaanse pragmatisme” waar die klem val op evangeliese prediking tydens “informele huispartye” en die “maak van bekeerlinge”. Gedurende die “informele huispartye” val die klem nie op Woordverkondiging nie, maar op “sharing van ondervinge en belydenis van sonde”. By hulle is daar ‘n “oordrewe sielsoeking” teenwoordig waar die swaartepunt op sendingwerk val. Die

Oxfordgroep propageer volgens Vorster ‘n “sterk etiese, teologiese sisteem”. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Oxfordgroep “sektaries is in murg en been” en dat die kerk “die plig het om hulle tot orde te roep”.

Teenoor die subjektiewe ervaringsgodsdiens bied die calvinisme vir Vorster (GV 1933:261) ‘n positiewe lewensbeginsel met “vaste en voedsame spyse”. Vorster (ibid.) kom tot die gevolgtrekking dat die beginsels van die “volkome soewereiniteit van God en die absolute gesag van sy Woord daartoe lei dat “‘n calvinis tot eer van God”, nooit deel mag hê aan die groep nie.

Dat Vorster so fel kritiek lewer teen die Oxfordgroep is te verstane as dit gesien word in die lig van die Du Plessis-saak. In die Oxfordgroep het Vorster die evangeliese rigting en vroomheid bespeur waarby Du Plessis aangesluit het. Die plig van die kerk om “hulle” tot orde te roep, is verseker ook ‘n verwysing na Du Plessis en sy ondersteuners. Tog lê die waarde van die artikel daarin dat Vorster reeds tydens sy teologiese studies homself konsekwent by calvinisme as lewens- en wêreldbeskouing tuisgevoel het. Reeds tydens sy studiejare het hy hom onderskei deur as verdediger en vertolker van die calvinisme op te tree – iets wat hy konsekwent sy hele lewe sou doen.

Die waarde van die tweede artikel, *Calvinisme as vertolker van die leer van Christus,* lê ook daarin dat dit tiperend is van Vorster se verstaan van calvinisme en dat dit dien as ‘n samevatting van dit wat hy op kweekskool geleer het. Die artikel is apologeties geskryf omdat dit Vorster (GV 1934:214) se oortuiging na die Du Plessis-saak was dat ‘n gereformeerde kerk op aarde voortdurend ‘n strydende kerk is teen dwalinge. Calvinisme is “in stryd gebore” en moet daarom voortdurend “verdedig” word deur “dwalinge te bestry”. Vorster (GV 1934:215-216) se apologetiese benadering word ook gesien in sy vergelyking tussen calvinisme en, met wat hy noem, interdenominasionalisme. Vanuit ‘n konfessionele raamwerk tipeer Vorster Interdenominasionalisme as “die beweging wat klem lê op individualisme, eensydige en eksklusiewe klem op ‘n paar fundamentele leerstukke soos die noodsaaklikheid van wedergeboorte en beklemtoning van die werk van die Heilige Gees in hulle persoonlike lewe en eredienste, maar ironies genoeg verontagsaam dié beweging die Heilige Gees se werk in “die geskiedenis van die kerk deur die eeue”. Verder het die evangeliese beweging ‘n diepe afkeur aan leerstellige verklarings en konfessionele standaarde en ‘n gebrek aan waardering vir die kerk as instituut.

Die calvinistiese sy in Vorster (GV 1934:216; 277) se denke kom duidelik na vore as die calvinisme vir hom meer is as ‘n “intellektuele vasklou aan dogmas.” Dit is ‘n “oortuiging wat

die hele lewe kontroleer; dit is die enigste bolwerk teen die golwe van ongeloof, dit is die diepste, ruimste, mees konsekwente en mees harmonieuse uiting van die Christendom en dit is die suiwerste vertolking van Christus se leer." Die eer van God op alle lewensterreine is vir hom die "primêre lewensbeginsel van die calvinisme." Die calvinisme se uitgangspunt is teosentries van aard, daarom leef 'n calvinis "coram Deo" en "handhaaf hy op alle terreine van die lewe die eer van God". Die calvinis erken sonder voorbehoud dat God, God is en hou met hierdie feit rekening in alles wat hy doen. Dit is hierdie "God-consciousness" wat die calvinisme onderskei van ander teologiese sisteme: "daarin lê sy aktiwiteit, sy krag, sy individualiteit en sy christelikheid" (ibid:238). Omrede die soewereiniteit van God die "dominerende en bepalende beginsel" van die calvinisme is, is God se Woord vir die calvinis "principuim cognocendi", nie net vir die teolgie nie, maar vir die lewe.

Vorster (GV 1934:238-239) wys op die gevaar wanneer Skrifkritiek "konsekwent" deurgevoer word, want dit lei tot "vernietiging van die Skrif en 'n verloëning van die besondere openbaring", terwyl die "meganiese beskouing die Skrif tot 'n magiese boek verlaag." Die gevaar van die interdenominasionalisme wat "antropologies en soteriologies dink", lê daarin dat hulle die vryheid van die mens meer beklemtoom as die soewereiniteit van God. Die vryheid en die selfbepaling van die mens staan ondergeskik aan die soewereiniteit van God. Teenoor die oordrewe klem op die vryheid van die mens waar die mens en God as "twee gelykwaardige groothede naas mekaar gestel word", staan die totale verdorwenheid van die mens, die vrymatige en onvoorwaardelike uitverkiesing van God en Sy soewereine genade (ibid:274). Die calvinisme "maak die saligheid nie afhanklik van die veranderlike wil van die mens nie, maar laat dit rus op die Ewige onveranderlike wil van God" (ibid:275).

As 'n calvinis was 'n positiewe en pro-aktiewe betrokkenheid by die samelewing vir Vorster (1934:275) so noodsaaklik soos asemhaal. 'n Christen mag nooit net "na die hemel staar en versuim om sy roeping en plig" tot eer van God te doen nie. Vir Vorster (1934:276) is dit duidelik dat 'n calvinis hom nooit mag onttrek aan sy leefwêreld nie, want die kerk het in die calvinisme 'n "uitgewerkte positiewe wêreldbeskouing" gevind wat voortvloei uit die die soewereiniteit van God. Vorster sluit aan by Kuyper se grondbeginsel dat alles onder die heerskappy van God staan. Die invloed van kuyperiaanse neo-calvinisme op Vorster se denke word ook duidelik in terme wat Vorster gebruik soos dat calvinisme "die eenheid van lewenskonsepsie" gee (GV 1934:214) of as hy skryf "nou is daardie Christelike lig in die kerk, maar die kerk het tog vensters waaruit die lig moet straal om die verskillende terreine

rondom te belig" (Vorster GV 1934:275).[9] Vorster (GV 1934:276) gebruik volledig Kuyper se terminologie as hy die verhouding tussen kerk-en-staat en kerk-en-volk, kerk-en-wetenskap beskryf. Geen "sfeer van die lewe" mag vir hom nie in diens van God staan nie. Wie nie "positief-christelik in elke arbeid op elke terrein van sy lewe optree nie, is nie 'n getroue volgeling van Christus nie." Ook die staat staan onder die gesag van die Woord, want "God is nie daar om die volk te dien nie, maar die volk is daar om Hom te verheerlik". Die gesag van die staat is dus "afgeleide gesag en die staat is alleen soewerein-in-eie-kring in relatiewe of afgeleide sin".

In lyn met Kuyper se spanning tussen die algemene en besondere genade sien Vorster dus die kerk as "hoër" teenoor die res van die samelewing as "laer" (ibid.). Hierdie siening van Vorster dui op 'n filosofiese onderskeid tussen natuur en genade wat binne die gereformeerde leer onhoudbaar is. Tog verwerp Vorster (1934:277) die natuur en genade onderskeid as hy in dieselfde asem skerp en krities op die gevare van die interdenominasionalisme wys. Die stroming het geglo die wêreld is "boos" en dat 'n christen nie "besoedel" mag word deur die politiek nie. Die gevaar van so 'n apatiese lewens- en wêreldbeskouing is volgens Vorster tweërlei:

i. 'n Christen totaal onbetrokke by die wêreld wees en hom bevind in 'n geestelike kokon.
ii. 'n Christen kan deelneem aan die "maatskappy" sonder om te besef dat die "maatskappy" hervorm moet word deur Bybelse beginsels.

Vorster se apologeties-konfessionele tipering van die calvinisme as lewens- en wêreldbeskouing laat geen ruimte vir ander beskouinge binne die NG Kerk nie. In Vorster se toepassing van die calvinisme as lewensbeginsel in die verhouding kerk-en-staat, kerk-en-

[9] Dit is insiggewend om daarop te let dat daar op die oog af weinig verskil is tussen die kuyperiaanse en barthiaanse teologie oor die verhouding tussen kerk en staat. Barth (1967:719-723) beskou die verhouding tussen kerk en staat analogies van aard. Die lig van die evangelie wat direk op die kerk val, moet deur die vensters van die kerk skyn na die staat. Die staat het die taak om die Evangeliese lig te weerkaats. Die kerk het die politieke verantwoordelikheid om vir die staat en samelewing 'n eksemplariese gemeenskap te wees waarin die staat sy "Urbild" en "Vorbild" vind. Alhoewel Kuyper en Barth oënskynlik dieselfde wegspringplek gebruik, verskil die toepassing daarvan radikaal. Waar die konsekwente toepassing van kuyperiaanse neo-calvinisme lei tot 'n "stil" kerk en 'n verchristelike samelewing, lei die konsekwente toepassing van die barthiaanse teologie tot 'n "sprekende" kerk en stil lidmate. Binne die Suid-Afrikaanse konteks en in die NG Kerk het dit geweldige implikasies vir die verhouding tussen kerk en staat en kerk en samelewing (vergelyk in die verband Strauss 1993 *Op die tweesprong?* en Du Rand 1985 *Afrikaner piety and dissident*).

samelewing en kerk-en-wetenskap word die invloed van kuyperiaanse neo-calvinisme op sy denke duidelik. Nicol (2000:55) wys daarop dat hierdie “skerp kritiese ingesteldheid” van die calvinisme ingebed lê in die teëstelling van “die grootheid van God en die kleinheid en sondigheid van die mens.” Die Boere-calvinisme handhaaf die teëstelling tussen die grootheid van God en die kleinheid van die sondige mens, maar die skerp kritiese kant van calvinisme verdwyn in ‘n groot mate wanneer die Boere-calvinisme staat, kultuur en volk omarm. Dit was veral die kuyperiaanse-ideaal van ‘n verchristelike samelewing wat daartoe bygedra het dat die Boere-calvinisme binne die Afrikanerdom ‘n vrugbare teelaarde gevind het. Dit het tot gevolg gehad dat die NG Kerk sy profetiese vryheid ten opsigte van staat en volk in ‘n groot mate verloor het. Binne die omvattende denkraamwerk van die Boere-calvinisme kyk die kerk eerder skerp en krities na die vyande van die staat en volk. Hierdie skerp en kritiese houding teen alle volksvreemde elemente word reeds in Vorster se vroeëre teologiese ontwikkeling nagespeur.

2.4 Die Afrikaanse Nasionale Studentebond

Die dertigerjare van die vorige eeu is gekenmerk deur ‘n opdraande stryd om die behoud en uitbou van Afrikaanse universiteite. Op Stellenbosch, die bakermat van Afrikaanse universiteite, sou hierdie stryd fel gevoer word. Hierdie stryd was besonder hard en moeilik omrede die geweldige groot agterstand van die Afrikaners op die terrein van die universiteitswese (Scholtz (1979:76-77). Die stryd om Afrikaanse universiteite was veral deur die Engelse pers verdag gemaak en verpolitiseer. Tog is dit nie net dosente of die regering van die dag wat die karakter van ‘n universiteit bepaal nie, maar veral die studente. NUSAS het die voortou geneem om aan universiteite ‘n Engelse karakter te gee.[10]

Reaksie van die Afrikaanse studente sou nie uitbly nie. Aan universiteite waar die meeste studente Afrikaans was, het hulle aktief gewerk om ‘n “Afrikaanse gees” te laat posvat. Die studente het die affiliasie met NUSAS gebreek en die Afrikaans-Nasionale Studentebond (ANS) in 1933 gestig. Die ANS het hulle daarop toegelê om die gevare van “verkeerde liberalisme en internasionalisme wat ons nasie en studentelewe bedreig” uit te wys en as alternatief Christelike Afrikanernasionalisme te bevorder (Scholtz 1979:80).

---

[10] Gedurende 1924 is NUSAS gestig om studente landswyd saam te snoer. Vanweë die Egelse studente se meerderheid het hulle die voortou geneem. NUSAS was gekenmerk deur hulle onvoorwaardelike aanvaarding en uitlewing van “Brits-liberale beginsels” en hulle “minagting vir die Afrikaanse taal en kultuur” (Scholtz 1979:80).

Alhoewel Koot nie ‘n leidende rol in die ANS-strukture gespeel het nie, het hy hom met die ANS se ideale en doelwitte vereenselwig. Vorster se verslag van die ANS-kongres gehou van 5 tot 12 Oktober 1934 getuig hiervan. Sy gewaarwordinge van die kongres soos vervat in *Die Gereformeerde Vaandel* (1934:341-342) getuig van positiwiteit teenoor die ANS omdat dit “lewenskragtig” was en ‘n noodsaaklike behoefte vervul, naamlik die bevordering van die “Afrikaanse Dietse kultuur”. Die ANS berus op ‘n “protestants Christelike en kultureel-nasionale grondslag” wat ten doel het om studente met hierdie lewens- en wêreldbeskouing te verening en geleenthede te skep vir die Afrikaanse studente om hulle uit te leef as “lid van die nasie”. Die verbrokkeling onder die Afrikaners in 1933, as gevolg van die breuk tussen J.B.M. Hertzog en D.F. Malan, was vir die ANS ‘n bron van kommer. Dit word gesien in die strewe om die “eenheid van ons nasie te bewerkstellig”. Hierdie eenheid onder Afrikaners mag volgens Vorster egter nooit ‘n “uitwendige meganiese getalle-eenheid” wees nie, maar wel “prinsipieel en kwalitatief”. Om dié rede het die ANS heftig ten velde getrek teen alle na-aping van die “vreemde”. Die ANS wou die Afrikaanse student leer om “sy volkseie” lief te kry, te waardeer en te ontwikkel. Dit het die Afrikaanse student “dwars in die krop” gesteek dat keuses namens die Afrikaner gemaak word en daarom word klem gelê op die ANS-slagkreet: Nasionalisme kom voor internasionalisme!

Die volksidealisme in Vorster (1934:342) se denke word sigbaar in sy standpunt dat die “maksimum kontribusie tot die welsyn van die volk” word alleen gemaak wanneer die volkseie tot sy “hoogste en beste ontwikkel” word. Tog was Vorster (ibid.) bekommerd oor die tendens wat hy op die kongres waargeneem het dat “nasiediens en nasieliefde” vir baie Afrikanerstudente feitlik ‘n nuwe godsdiens geword het.

Vorster (GV 1934:342) sien ‘n sterk “calvinistiese gees” as teenvoeter vir die bogenoemde stroming, omdat calvinisme vir hom nie teenoor volksliefde staan nie. Dit het daartoe gelei dat die ANS die “protestant-Christelik geloof” as “fondament en kenmerk van ons nasie” aanvaar het. Hier stel Vorster die eerste keer die beginsel dat gereformeerde Christenskap die vereiste van ‘n ware Afrikaner is. Deur calvinisme as eienskap vir Afrikanerskap, voeg Vorster hom by die denkskool van die opkomende Boere-calvinisme sedert die dertigerjare.

Alhoewel Koot Vorster hom ten volle vereenselwig met Afrikanernasionalisme van die ANS, was hy reg om reeds in 1934 te waarsku teen ‘n volksromantiek waar alles, ook die Bybel, ondergeskik aan die belange van die Afrikaner gestel word. Hy verwerp onomwonde die konsep van ‘n Afrikanergodsdiens, maar bepleit tog vir ‘n konfessionele prinsipiële raamwerk waarbinne Afrikanernasionalisme kan funksioneer. Daarom is dit nie verrassend dat Vorster (GV 1934:342) “bekommerd en ontnugter” was oor die “skreiende onkunde” onder Afrikaner

studente aangaande die “wese en inhoud van die erfenis van ons vadere” nie. Daar is nou wel met “trots” gepraat oor die godsdiens van die “Geus en Hugenoot”, maar dit was vir hom duidelik dat die “Engels-Amerikaanse metodisme” besig is om die “suiwer” calvinisme te verdring en die “kloeke konsekwente uitlewing” daarvan te verhinder. Vorster (ibid.) beskou dit die taak van die “calvinistiese kerke” om die regte koers aan te dui deur die volk, saam met organisasies soos die ANS, op ‘n “kultureel-nasionale en calvinistiese grondslag” op te bou. Vir hom was die calvinisme ‘n “omvattende prinsipiële benadering waarbinne volk en kultuur tuis hoort.” Die taak van die NG Kerk was om vir die volk die pas aan te gee deur ‘n prinsipiële teologiese fundering van die Arikaner se roeping in Suid-Arika.[11] Hierdie “omvattende prinsipiële benadering” het mettertyd daartoe gelei dat Boere-calvinisme in sy hoogbloei die Afrikanersamelewing in totaliteit omarm het. Dít waarteen Vorster gewaarsku het, naamlik die gevaar van volksromantiek, het ‘n greep op die kerk se teologiese denke gekry.

2.5 Proponent Vorster

Aan die einde van 1934 slaag Vorster sy eksamen met lof (Cronjé 1978:14). Op 8 Desember 1934 is Jacobus Daniël Vorster in die Groote Kerk, Kaapstad gelegitimeer. Hy het alfabeties laaste aan die beurt gekom en aan hom is Matteus 19:30 as teksvers gegee: “Baie laastes sal eerste wees.” Aan die einde van sy bediening het Vorster gewys op die ironie hiervan; ten spyte van sy swak gesondheid en baie operasies, was hy die laaste van sy klas wat geemeriteer het (Vorster 1982:339).

2.6 Samevatting

Die Du Plessis-saak het ‘n wesenlike invloed op Koot Vorster se teologiese- en persoonlike ontwikkeling gehad. Vorster het hom vroeg reeds onderskei as ‘n verdediger en vertolker van die Calvinisme. Vorster se vroeë tipering van calvinisme dui daarop dat hy vashou aan die

---

[11] Dat die NG Kerk en die Arikanervolk deur sommiges reeds in die dertigerjare as twee kante van dieselfde muntstuk beskou is, word duidelik gesien in Malan, F.S. (1933:280) se pleitroep “dat ons die NG Kerk sal behou vir ons volk en die volk sal behou vir die NG Kerk.” En verder skryf Malan (1933:287) “By alle verskille van gevoelens en verdeeldheid op staatkundige en maatskaplike gebied was ons kerk (die NG Kerk) in die verlede ‘n magtige samebindende krag om ons volkseenheid te bewaar. Onder die seënende hand van die Heer het ons kerk ‘n heilsame invloed op die beskawing van donker Suid-Afrika uitgeoefen.” Die kontekstuele toepassing van Kuyper se antitese word reeds in die titel van sy boek gesien as hy skryf “*Ons* kerk *en* Professor Du Plessis” (kursivering DJL). Die *ons* is nie net tiperend van die Afrikaner se eiendomlike beskouing van die NG Kerk nie, maar word alreeds teenoor ‘n ander siening/ persoon opgestel, al was Johannes du Plessis tot sy dood lidmaat en leraar in die “*ons kerk”.*

basiese beginsels van die “suiwer” calvinisme. Die kuyperiaanse neo-calvinisme het veral met betrekking tot die verhouding tussen kerk en samelewing ‘n invloed op Vorster se teologiese denke uitgeoefen. Aan die einde van sy teologiese studies in 1934, was die eerste spore van die Boere-calvinisme as ‘n allesomsluitende lewensbeginsel by Koot Vorster te bespeur.

HOOFSTUK 3
VERBI DIVINI MINISTER 1935 – 1980

3.1 Steynsburg

As gevolg van die groot depressie en ekonomiese nood was daar in 1935 te min vakatures vir proponente, want baie gemeentes kon nie ‘n predikant bekostig nie. Die adresse van nie minder as 52 proponente verskyn in *Die Kerkbode* met heel laaste die naam van J.D. Vorster, Spitskop, Jamestown (kb 1/2/1935).

Koot Vorster het ‘n paar opsies gehad: ‘n boer wou hom in diens neem om sy plaasarbeiders te bearbei, maar hy kon ook na Vergenoeg, in Kenia, gaan op versoek van dominee M.P. Laubser. Vorster se pa, wat op daardie stadium ernstig siek was en kort na sy legitimasie oorlede is, het Vorster egter ernstig versoek om nie een van dié opsies te oorweeg nie (Vorster sa:8). Kort na legitimasie ontvang Vorster ‘n uitnodiging om in die afwesigheid van die leraar van Steynsburg tydelik hulp te verleen met onder andere die Week van Gebed. Hiermee begin sy lang verbindtenis met Steynsburg.[12] Dat die gemeente sy hulp positief ervaar het en dat hy ‘n goeie indruk gelaat het, getuig ‘n berig in *Die Kerkbode* (1/21935): “Eerwaarde Proponent Vorster het in afwesigheid van dominee Rex die bidure gelei gedurende die Week van Gebed. Die opkoms was bemoedigend en die gebede ernstig. Die jonge broer het hom by die gebed bepaal en ‘n baie goeie indruk gemaak. Ons wil hom die versekering gee dat die gemeente hom besonder dankbaar is vir sy oorkoms. Ons wil hom met alle vrymoedigheid aanbeveel aan enige vakante gemeente”.

3.2 Prins Albert

Kort na die week van gebed in Steynsburg besluit die Kerkraad van Prins Albert op 9 Februarie 1935 om proponent Vorster van Jamestown te vra om hulle leraar (dominee H.S. Theron) as hulpprediker by te staan weens die gemeente se toenemende pligte. Vorster vestig hom op Fraserburgstasie van waar hy die gemeente bedien (Vorster 1982:340). Gedurende sy verblyf het hy hom deur sy “geesdrif en innemende geaardheid by die gemeentelede verdienstelik gemaak” (Louw 1994:169).

---

[12] Vorster het sy eerste preek as proponent in dié gemeente gelewer en 47 jaar later sy laaste preek voor sy dood in 1982 óók in dié gemeente lewer. Sy vriend en geesgenoot, F.J.M. Potgieter, was van 1943-1946 leraar van die gemeente in Steynsburg.

3.3 Eudinosuchus Vorsteri

As stokperdjie het Koot vir doktor Robert Broom, kurator vir paleontologie en fisiese antropologie van die Transvaalse museum in Pretoria, gehelp om in Prins Albert se omgewing fossiele uit te grawe. Dit was juis op versoek van die diaken, Piet le Roux, dat Vorster ‘n week lank saam met Broom die omgewing op ‘n donkiekarretjie deurkruis het. Vorster getuig self dat hy “kosbare herinneringe” oor dié tyd het en dat hulle besondere fossiele gevind het (Vorster 1982:340). ‘n Interessante en aangename vriendskap het tussen die bekende navorser en jong proponent ontstaan. Die gesprekke met Broom was vir Vorster aangenaam en dit was vir hom ‘n groot genot om te sien hoe die “ou doktor” die reuse fossiele soos ‘n legkaart inmekaar pas (PV 1/2/41/1/5).

Een van die vondse, tydens hulle “fossieljag” wat Koot ontdek het, was ‘n “seldsame skedel van ‘n oerdier. Die fossiel was bykans “twintig voet lank en met ‘n pareissourus gespeel het soos ‘n foxterrier met ‘n rot”. Broom beskryf die unieke vonds noukeurig deur te sê: “the skull which forms the type of this new genus and species is not only the finest known dinocephalian skull, but probably the largest known type. It was found at Stinkfontein , the farm of C. Botes, about 10 miles north of Fraserburg Road Station. The Reverend J.D. Vorster, the Dutch Reformed Minister of Fraserburg Road , heard of the find and secured for me the snout. Immediatly I proceeded to the farm, and collected all the portions of the skull still there. I have much pleasure in naming this remarkable dinocephalian after the Reverend J.D. Vorster in his honour. It was his interest who has led to its discovery.” Broom bedank vir Vorster vir sy hulp en beskryf dit as ‘n “a very profitable time at Fraserburg Road, Luttig, Letjesbosch and Beaufort West”. As blyk van sy waardering stuur hy vir Vorster ‘n kopie van sy nuutste boek *The coming of man* (PV 1/4/1/1).

Hierdié “little gift” van Broom was uit opregte waardering gegee, maar waarskynlik ook met die tong in die kies. Ten spyte van hulle gemeenskaplike belangstelling in die paleontologie het Vorster en Broom uiteenlopende standpunte gehuldig oor die evolusie en Johannes du Plessis. Broom, as ‘n uitgesproke evolusionis, was vies vir die “paar bittereinders” in die kerk wat volgens hom geglo dat slegs “lae diere” deur evolusie kon ontstaan en dat die mens ‘n spesiale skepsel van God is. Broom het vas geglo “daar bestaan nie die minste twyfel dat die mens ‘n afstammeling is van een of ander aap-voorvader nie (PV 1/4/1/1). As bewonderaar van Du Plessis skryf Broom ook in *Die Brandwag* (1946:12) dat Du Plessis waarskynlik “die grootste man in die Afrikaanse kerk” was en dat ‘n “betreurenswaardige ketterjag teen hom op tou gesit is”. Broom het met verbasing gehoor van Vorster se standpunte oor Du Plessis,

omdat hy (Broom) Du Plessis beskou het as “die enigste predikant in die NG Kerk met kennis en insig”. Sy enigste probleem met Du Plessis was: “he did not go far enough” (Vorster 1982:341).

3.4 De Nieuwe Kerk, Kaapstad[13]

Dit was nie lank voordat Koot Vorster ‘n beroep ontvang het na die Nieuwe Kerk in Kaapstad nie. In die beroepsbrief word aangedui dat sy spesifieke bedieningsterrein die wyke in Buitenkantstraat sou wees (PV 1/2/8/1).

Hierdie wyke, wat onder leiding van Vorster, sou groei tot ‘n selfstandige gemeente, het ‘n intressante ontstaansgeskiedenis. Susanna Maria Johanna Hertzog[14] het in 1892 in Buitenkantstraat (in die middestad van Kaapstad, naby die kasteel) woonhuise, ‘n skool, ‘n tehuis vir bejaardes en twee woonstelle laat oprig met die oog op sending en liefdadigheid en tot eer van haar ouers. Die middelpunt van die eiendomsontwikkeling was ‘n sierlike kerkgebou, wat later sou bekend staan as die Hertzogsaal. Haar Bybel en gesangeboek, was van suiwer goud: “dit is tipies van haar houding teenoor die Here en die kerk. In die diens van die Here is net die beste goed genoeg” (Vorster 1969:5). In die feesbrosjure skryf Vorster (1969:3) “alle gemeentes het weldoeners en stigters, leidende figure wat as pilare in die gemeente van die Here geëer word, maar net die gemeente van Tafelberg het ‘n moeder, net een moeder – Susanna Maria Johanna Hertzog. Onder die genadehand van die hemelse Vader het sy, wat nooit getrou en die vreugde van moederskap geken het nie, die geestelike moeder van ‘n ganse gemeente geword.”

De Nieuwe Kerk was nie vooraf ingelig deur mejuffrou Hertzog oor die skenking van die eiendom of het selfs nie deel gehad in die beplanning daarvan nie. Tog sy het dit alles aan De Nieuwe Kerk in ‘n trust geskenk met twee voorwaardes:

i. Wanneer daar ‘n selfstandige gemeente in die buurt gestig word, moet dit alles aan dié gemeente oorgedra word.
ii. Uit respek vir haar vader wat ‘n vrymesselaar was, die hoeksteen met vrymesselaar eerbewyse gelê word.

---

[13] Tans bekend as NG gemeente Tamboerskloof

[14] Sy was die dogter van die assistent landmeter-generaal in die Kaapprovinsie, W.F. Hertzog, die broer van generaal Hertzog se grootvader. Haar moeder, Susanna Cornelia, was die dogter van regter Hiddingh, die erfgenaam van die eerste Suid-Afrikaanse miljoenêr, Jonas van der Poel.

Die hoeksteen van die Hertzogsaal was dan ook op 19 Februarie 1892 deur die Groot Meester van die losie De Goede Hoop, J.H. Hofmeyer, met koring, olie en wyn gesalf. Geen Christelike blaaie het daaroor verslag gedoen nie, ”dit was asof ‘n verslaentheid oor die kerk gekom het, ‘n hoeksteen van ‘n kerk van Christus is gelê sonder dat die naam van Christus in gebed, lied of woord erken of uitgespreek is” (Vorster 1969:15).

Met die inwyding van die Hertzogsaal op 27 Januarie 1893 was die NG Kerk wel betrokke. “Mej. Hertzog het die deur oopgesluit en daarna het die koster wat die Bybel gedra het, die prosessie die kerk binnegelei. Die Moderator, A. Murray, het ‘n gebed gedoen waarna Professor Marais die wydingsrede waargeneem het en dominee C.J.F. Muller met gebed afgesluit het (Vorster 1969:18).

Met die oog op die bediening van die wyke in Buitenkantstraat is proponent P.G.J. Meiring na De Nieuwe Kerk, Kaapstad beroep. Aanvanklik het die skenking in ‘n groot behoefte voorsien, studente van die ou Normaalskool het daar aanbid, dienste is in Engels gehou. Tot met haar dood het mejuffrou Hertzog die helfte van die leraar se salaris betaal en self verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhouding van die fasiliteite wat 27 erwe beslaan het (Vorster 1969:7). Die buurt het egter so agteruitgegaan dat die kerkraad in 1908 oorweeg het om die trust aan die erfgename van Hertzog terug te gee. Tog sou drie positiewe sake ‘n wending bring wat die bediening beïnvloed het:

i. Nuwe woonbuurtes het teen “Duiwekop”[15] ontstaan.
ii. Engelse eredienste was in 1931 afgeskaf.
iii. Die lidmate het onvermoeid gewerk (Vorster 1952:223).

Op 9 April 1935 verneem die kerkraad van De Nieuwe Kerk, Kaapstad dat die bediening by die Hertzogsaal uitgebrei het en die inkomste in so mate toegeneem het dat daar ‘n versoek is om ‘n tweede leraar te beroep en by voorkeur proponent De Lange. Aangesien De Lange in dié tyd ‘n beroep ontvang het na Belville wat hy dan ook aanvaar het, besluit die kerkraad om proponent Vorster te beroep. Alhoewel Vorster reeds onder beroep gestaan het na die NG gemeente Randpoort, word hy deur die Here gelei om die beroep na dié stadsgemeente aan te neem (Louw 1994:19193).

Op 10 Augustus 1935 word J.D. Vorster deur dominee P.B. Ackermann geordend en bevestig nadat dominee T.J. Kotze, studenteleraar van Stellenbosch die rede gevoer het. In *Die*

[15] Dit was algemeen bekend as Duiwelspiek, maar op die briefhoofde in sy privaatversameling is dit duidelik dat Vorster verkies het om eerder te praat van Duiwekop

Kerkbode (14/8/1935) word berig dat J.D. Vorster Saterdagmiddag tot mede-leraar van De Nieuwe Kerk bevestig is. Op 21 Augustus berig *Die Kerkbode* (1935:345) dat J.D. Vorster nou amptelik lid van die Ring van Kaapstad is.

Buitenkantstraat se wyke was as afsonderlike bedieningskring georganiseer met ‘n eie kerkraad. Die salaris van die mede-leraar was 200 pond per jaar en hy moes hom toespits op sendingwerk, huisbesoek, katkisasie en eredienste (Tafelberg notule 1944: agtergrond).

3.5 ‘n Doodsberig

In Koot Vorster het die gemeente iemand gevind wat nie net standpunt inneem nie, maar terselfdertyd onvermoeid werk tot eer van God. Dit was ‘n groot skok vir die gemeente om te hoor dat die jong dominee skaars ses maande na sy bevestiging, vir ‘n ernstige operasie moes gaan. Dit sou die eerste wees van 11 groot en 20 kleiner operasies (o.a. gal, lewer, mangels; die ernstigste was egter ‘n slakverswerings in sy lewer) (Louw 1994:240). Vorster se lewer was so stukkend dat die bekende chirurg, professor Fransie Van Zyl, ‘n paar dae sy lewer in ‘n handdoek binne-in die liggaam bymekaar gehou het, voordat hy die wond kon toewerk. Vir ses weke moes Vorster elke oggend “10 onse” van sy eie gal drink. Volgens mediese geskiedenis was Vorster die eerste persoon ter wêreld wat sy eie gal moes drink om sy lewe te probeer red. Tydens een van die groot operasies het Vorster tekens getoon dat hy besig was om te sterf. Sy organe is haastig teruggesit en hy is “soos ‘n sak mielies toegeryg” (PV 1/2/1/152). Vorster het egter oorleef, maar sy vriend, Fransie van Zyl, wie Vorster beskou het “as die beste chirurg wat ons volk nog opgelewer het”, het verklaar dat Vorster ‘n invalide sou bly vir die res van sy lewe en nooit weer sou kon werk nie (Cronjé 1978:13).

Weens sy afwesigheid in die gemeente was Koot aangebied om afstand te doen van sy salaris. Die kerkraad het egter eenparig besluit om nie sy aanbod aan te neem nie. Teen Dinsdag 14 Julie 1936 het Vorster binne ‘n kort tyd sy vierde operasie ondergaan en daar word berig dat vir sy lewe “gewanhoop” word (kb 3/7/1936). Vorster se toestand het so verswak dat *Die Burger* op 19 Julie 1936 ‘n doodsberig vir die nagredaksie opgestel het indien hy die nag sou sterwe. Hierdie persklaar doodsberig is nooit geplaas nie en is aan Vorster oorhandig by sy laaste en finale afskeid van Tafelberggemeente. Vorster vertel dat hy tydens die operasie gevoel het dat hy sterwe. “Ek het ‘n soort gesig gehad van onder andere my ouerhuis, myself op die operasietafel en selfs my doodsberig in *Die Burger.*” Nadat sy lewe ‘n paar dae aan ‘n draadjie gehang het, was die ergste gevaar verby (Cronjé 1978:14). Vorster was so swak dat hy sy eerste sinodesitting in 1936 in ‘n rolstoel bygewoon het (PV 1/2/1/152).

Vorster onthou goed hoe sy broer John in dié tyd met ‘n trapfiets van Stellenbosch gery het om hom te besoek. Hy vertel dat Sir de Villiers Graaff se oupa, dominee Van Heerden, baie lief was vir hom en “ek kan hom nog duidelik voor my geestesoog sien soos hy in die deur vir my staan en bid het, met sy een hand in seënbede opgehef”. “Ja, man” vertel hy “ek was so siek dat daar een dag vyftien predikante vir my kom bid het. Hulle is intussen almal dood – en net ek leef nog!” (Cronje 1978:14).

Sy gesondheidsprobleme het Vorster se planne vir verdere studie in Nederland in die wiele gery, tog het hy dit alles deur geloof aanvaar en getuig hy “tog was die Here so goed vir my dat ek die res van my lewe net verbande moet dra” (Cronjé 1978:14). Tot sy dood sou hy elke dag net die huis kon verlaat as sy hele bolyf styf toegedraai was met verbande. “So het hy op die kansel gegaan, agter kateders gestaan, talle vergaderings bygewoon en huisbesoek gedoen. As gevolg van sy operasies het sy maag later soos ‘n padkaart gelyk – snymerke wat kruis en dwars oor sy maag gelê het met ‘n naeltjie effens “off centre” (Louw 1994:262). Vorster het jare later oor dié tydperk van sy lewe getuig: “Ek het bly vashou aan die versekering dat die arm van die Here nie te kort is om te red nie, en ek het die waarheid van die belofte ondervind” (Cronje 1978:14).

3.6 Van kombuistaal tot nagmaalstaal

Te midde van ‘n depressie, wurgende droogte en groot politieke woelinge in Suid-Afrika, het daar ‘n gebeurtenis plaasgevind wat tot die harte van duisende Afrikaners sou spreek. Op Sondag 27 Augustus 1933 is die eerste maal van die Afrikaanse Bybelvertaling in eredienste gebruik gemaak. Dit was nie net die vervulling van die ideaal van die Genootskap van Regte Afrikaners nie, wat reeds op 14 Augustus 1975 die beginsel van ‘n Afrikaanse Bybel aanvaar het nie, maar ook die afloop van ‘n proses wat in 1916 begin het toe die Vrystaatse Sinode die voorstel van N.J. van der Merwe aanvaar het dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word. Die Bybel in Afrikaans het “‘n haas onmeetbare invloed uitgeoefen op die gedagtegang van duisende Afrikaners. Sonder hierdie invloed en sonder die verkondiging van die Woord deur die evangeliedienaars sou dit vir Afrikaners nouliks moontlik gewees het om hul identiteit as volk te handhaaf”. Deur die Afrikaanse Bybel het die Afrikaners ‘n “geestelike anker gevind waaraan hulle deur alle storms heen verbind kon bly” (Scholtz 1979:84).

In die lig hiervan het Koot Vorster op Sondag 24 Januarie 1937 geskiedenis gemaak toe hy vir die eerste keer die nagmaalsformulier in Afrikaans gelees het. Die gemeente en kerkraad het groot waardering daarvoor gehad dat hulle in hulle eie taal aan die tafel van die Here mag aansit (Louw 1994:263).

3.7 Verlowing en huweliksbevestiging

Op dertigjarige leeftyd is Koot getroud met die verpleegster Louiza Diederika Monnik – "iemand wat hom nie net wat die liggaam betref versorg nie, maar as nasaat van een van die vooraanstaande gereformeerde families uit Nederland vir hom 'n groot steunpilaar was" (Potgieter 1979:273). Die huwelik het plaasgevind op Vrydag 20 Januarie 1940. Uit die huwelik is vier kinders gebore, naamlik: Johanna van Schelven (Hannie Steyn) 19/12/1940, Willem Carel Stephanus 15/8/1944 (Willem Vorster), Elizabeth Sophia (25/8/1946) (Liza Frick), Louiza van Teylingen (Loelie Stone) (6/12/1950).

3.8 Tafelberg, Kaapstad

Op 25 Oktober 1944 het die NG gemeente Tafelberg afgestig van die Nieuwe Kerk. Vorster moes eers vir 'n tyd in De Nieuwe Kerk agterbly. Op 13 November 1944 het die kerkraad van die nuwe gemeente Vorster eenparig as leraar beroep. Hy het die beroep aangeneem en is op 9 Desember 1944 bevestig en op Sondag 10 Desember 1944 'n nuwe fase van sy lewe begin met 'n boodskap uit Openbaring 3. In hierdie werkskring is daar vier keer van Vorster afskeid geneem en is hy vier keer terug ontvang[16] (Vorster 1969:32-35).

3.9 'n Eie gemeente identiteit

Die jong gemeente, waarna daar in sy beginjare deur sommige kerke verwys is as die "agterbuurtgemeente", het aanvanklik 'n hewige stryd gehad om 'n eie identiteit te vestig (Vorster 1969:32).

Die jong gemeente was reeds in sy beginjare gewikkel in 'n lang en ingewikkelde hofsaak oor die bepalings van die Hertzog Trust wat eers in 1950 in die gemeente se guns afgehandel is. Dit het die gemeente in staat gestel om onder Vorster se leiding die gronde om die kerk behoorlik te ontwikkel. Die Hertzoggebou is opgerig en aan die staat verhuur. Die kerkraad het ook die enigste eiendom in Cornelialaan wat nie aan die Hertzog Trust behoort het nie, gekoop en sodoende waardevolle eiendom in die hart van Kaapstad bekom.

---

[16] Die eerste was in 1936 toe sy wyke van hom afskeid geneem het omdat daar gemeen is dat Vorster as hy die operasies oorleef, nooit weer sou kon werk nie. Einde 1936 is hy terug ontvang. Die tweede keer was in 1943 toe hy afskeid geneem het van die gemeente in die oorlogsjare, maar in Augustus 1943 het die gemeente hom weer ontvang. Met die stigting van die NG gemeente Tafelberg het sy wyke van hom afskeid geneem, want hy moes in De Nieuwe Kerk agterbly, maar kort daarna is hy as eerste leraar feestelik ontvang. Die vierde keer het die gemeente van hom afskeid geneem toe hy met die kerkraad en Ring van Kaapstad vir drie jaar langverlof in die gevangenis was. Met sy terugkeer is hy weer feestelik ontvang (Vorster 1969:32).

Die kerkraad het ook die nodige herstelwerk aan die kerkgebou gedoen, elektrisiteit aangelê, grond vir ‘n pastorie aangekoop en begin met die bou daarvan (Tafelberg notule: 11/3/1947; 25/5/1947; 10/6/1947; 12/8/1947; 11/11/1947; 2/12/1947; 8/7/ 1947; 28/4/1948; Vorster 1969:38).

Die kleurlinge van “ongewenste tipe” op die gemeente se eiendom is met verlof van die Nasionale Behuisingskommissie en die stadsraad verskuif en die huise is gesloop (Tafelberg notule: 24/4/1947). Tog het die kerkraad nie onverskillig gestaan teenoor die nood van die kleurlinge nie. Op versoek van die kerkraad het die Ring van Kaapstad by die Sendingraad aanbeveel om aan die kerkraad die bedrag van 25 pond te skenk, sodat hulle kon voortgaan om sendingwerk onder die kleurlinge in die Skiereiland te doen (Tafelberg notule: 19/10/1948).

Die tweede stryd waarin die jong gemeente gewikkel was, was ‘n kerklike stryd binne die Ring van Kaapstad oor grenslyne. Eers in 1948 kon Vorster, as skriba van die Ring van Kaapstad, die kerkraad meedeel dat die geskil opgelos is (Tafelberg notule: 11/3/1947; 24/4/1947;10/6/1947; 9/3/1948; 8/6/1948; 1/2/1949). Ses jaar na die afstigting van De Nieuwe Kerk het ‘n versoeningskommissie, wat deur die Kaapse sinode aangewys is, daarin geslaag om versoening tussen die twee gemeentes te bewerk (Tafelberg notule: 3/6/1950).

3.10 Verkondiger van die Woord

Prediking was vir Vorster (NGTT 1979:318-320) “’n gewigtige en verantwoordelike werk, ‘n saak van diepe erns, ootmoedige geloof en deeglike voorbereiding.” Hy maak ‘n appél op predikante om hulle preke met “sorg, liefde en gebonde aan die Woord alleen” voor te berei. Vorster waarsku teen ‘n “eie woord” oor aktuele sake of ‘n “uitstalling van geestelike ervaringe”. Dat Vorster konsekwent getrou gebly het aan sy eie maatstaf word gesien in die deurlees van vier dekades se preke. Dit was nie net deeglik voorberei en volledig uitgeskryf nie, maar netjies getik sonder spelfoute. Dit getuig van die erns waarmee Vorster hierdie aspek van sy bediening benader het. Vorster was ‘n kragtige, fors en gewilde prediker. Die vraag is egter: in watter mate het Boere-calvinisme neerslag gevind het in Vorster se prediking? Vorster het dit ten sterkste ontken dat hy ‘n “volksprediker” was wat “politiek preek.” Tog lê hyself die verband as hy sê dat hy in sy prediking poog altyd “die verband met die Bybel hou”, maar in die toepassing “die band met die volk en politiek behou” (PV 1/2/1/153). In die bestudering van 44 jaar se preke word slegs die vernaamste lyne in Vorster se prediking aangetoon.

Die gereformeerde lyn in Vorster se preke kom veral na vore in die explicatio-kant van sy prediking. Soos ‘n goue draad loop die gereformeerde lyn in Vorster se preke as hy konsekwent die verbondsgenade van die Here en die verbondsverantwoordelikheid van die ouers beklemtoon. Vorster se preke binne dié verbondsraamwerk was nie ‘n koue dogmatiese beredenering nie, maar afgestem op die hoorder se hart en lewe binne ‘n eietydse konteks. Getrou aan die gereformeerde tradisie het dit terselftertyd die hoorder se geestelike insig en begrip gevoed. Vorster het ouers ook deur sy jeuggerigte prediking aangemoedig om konsekwent Bybelse waardes aan hulle kinders te leer en dit deur hulle eie Bybelse lewenswyse te bevestig. Die gereformeerde lyn in Vorster se prediking word beklemtoon as hy skryf dat hy vir veertig jaar elke eerste Sondag van die maand oor die doop en verbond gepreek het (PV 1/2/1/87; 1/2/1/66). In die gereformeerde lyn het Vorster hom teen ‘n volkskerk uitgespreek, deur in talle preke duidelik te verklaar “’n mens behoort nie aan die kerk omdat jy Afrikaans is, ‘n Afrikaner is, of omdat jou ouers daaraan behoort nie. ’n Mens is net deel van die kerk deur geloof in Jesus Christus” (PV 1/2/1/96).

Vorster se gereformeerde kerkbegrip in sy prediking word duidelik as hy beswaar maak teen ‘n strukturele hiërargiese verstaan van die kerk. Hy neem die plaaslike gemeente as uitgangspunt wat “die lig van die Kandelaar moet laat skyn. Christus leef en daarom moet die gemeente leef... die gemeente moet die lig van Christus op alle vlakke van die samelewing laat skyn, sodat die hemel kan jubel en die duiwels kan sidder” (PV 1/2/1/69). Vir Vorster lê die verlossing van die mens in die “uitverkiesende genade van God” wat sigbaar word deur die “lydingsarbeid” van Christus (PV 1/2/1/90). Op die voetspoor van Calvyn hou hy vas aan die “soewereiniteit van God as allesomvattende lewensbeginsel” (PV 1/2/1/73). Sondebelydenis lê vir hom hoofsaaklik op persoonlike vlak waar ‘n gelowige sy “afvalligheid, ontrouheid, geestelike doodsheid, verspeelde geleenthede om die evangelie te verkondig” moet bely. Die gereformeerde kerke se roeping lê daarin om met “suiwer geloof en warm liefde die enige boodskap van Jesus Christus alleen, deur die geloof alleen, volgens die Bybel alleen” te verkondig (PV 1/2/1/64; 1/2/1/85).

Vorster se kontekstuele interpretasie van Kuyper se antitese tussen goed en kwaad kom die duidelikste na vore in die applicatio-kant van sy prediking. Die NG Kerk is as “kerk van die Reformasie” geroep om te stry teen die “al eenheidskultus” en “sosialistic gospel” van die WRK. Die identiteit van “gereformeerde Afrikaners” vind Vorster terug in die wil van God wat aan elke volk die “godgewe reg” gegee het om Hom in “eie taal, vorm, kleur en klank” te dien. Die “godgegewe reg” word geopenbaar in die Afrikaner se “eie aard, samestelling, karakter en andersheid” PV 1/2/1/85).

Van Vorster se preke vertoon ‘n Afrikanernasionalisme en volksidealisme, veral wanneer hy die voortbestaan van die kerk en volk van mekaar afhanklik maak. Dit word onder andere sigbaar in Vorster se preek by die Langenhovengedenkdiens in 1973. Alhoewel Vorster dit duidelik stel dat daar nie in die kerk oor ‘n mens gepreek word nie, “nie eers oor ‘n geliefde volksfiguur soos Langenhoven nie”, verwys hy tog in sy prediking na die “groot seun van die Afrikanerdom” wat “ons singend *Die Stem* laat bid” (PV 1/2/1/86). By die begrafnis van Staatspresident Jim Fouché in 1978 waarsku Vorster die Afrikaner: “so lank ons getrou bly aan die Boere-kerk as die gewete en die bewaker van die sedes van ons volk en so lank hierdie kerk binne ons volk geplant is om met die vlam van godsdiens die idealisme helder te laat brand, so lank sal ons volk nie ondergaan nie” (PV 1/2/1/86). Vir Vorster het die krisisse in die Afrikaner se geskiedenis “staal in hulle bloed” gebring en deur hulle verbondenheid aan God kon “geen mag in die wêreld” die Afrikaner “uitstamp, versmelt of vervorm” nie (PV 1/2/1/86).

Die volksromantiek in Vorster se prediking word ook duidelik in sy beskouing dat “in die stryd teen roofdier en barbaar, geknel deur droogte en rampe” het God uit ‘n “uitgelese element ‘n nuwe volk tot nasieskap gebring” (PV 1/2/1/85). Die “volk se jeug” moet die draers wees van hierdie volksidealisme. “Ons jeug mag nooit as wulpse skepsels in die strate slenter nie, maar moet sierade wees wat die eer, karakter en die toekoms van ons kerk en volk dra” (PV 1/2/1/73). Die eksklusiwiteit in Vorster se kerk- en volksbegrip kom na vore as Vorster ‘n volk nie net beskou as “een in taal en kleur nie”, maar wat veral gebind is deur ‘n “bepaalde bloedband.” Om dié rede is dit vir Vorster onbybels as iemand hulleself wil losmaak van die volk, want dit sou ‘n miskenning van die “godgewilde openbaring wees”. God het dit so gewil dat elke mens aan ‘n volk “met ‘n eie samestelling, karakter, identiteit, lewensbeskouing en geloof” behoort. Binne die raamwerk van kerklike eksklusiwiteit en volksidealisme was die ontugwet vir Vorster ‘n uitdrukking van die Afrikaner se “suiwer volkskarakter en ons besondere stoffasie, die suiwer gehalte van ons karakter, geloof en die begeerte om ons identiteit te behou”. Vir Vorster “pleit” die Bybel én die gelofte van 1838 vir die noodsaaklikheid van “een volksverband, volkstrou en kerkverband”. Die Voortrekkers se gelofte by Bloedrivier “bind Afrikaner aan Afrikaner en die Afrikaner aan sy kerk en God.” Vir Vorster hang die voortbestaan van die Afrikaner af van sy bereidwilligheid om binne die raamwerk “aan mekaar gebind te bly, aan ons afkoms gebind te bly en ons identiteit te bewaar” (PV 1/2/1/75). Die barmhartigheidsdiens van die kerk en gelowiges is in Vorster se preke hoofsaaklik beperk tot volkswelsyn, terwyl hy sending beskou het as die “hoë roeping” van die Afrikaner om die evangelie in “donker Afrika” te verkondig. Alle skakeling met gekleurdes word as sending gesien, selfs al is dit met ander gelowiges. Iets hiervan word in

Vorster se prediking: “U het die hinterland vir die Trekker-boer oopgemaak, onder U genadehand het donker Afrika ‘n nuwe klank gehoor, die klank van U Woord en die lied van ‘n volk” (PV 1/2/1/87; 1/2/1/105). Op die hermeneutiese lyn in Vorster se prediking word kerk en volk uitruilbare terme. ‘n “Ekklesiologiese degradering” vind plaas deur dat die kerk nie meer skepping van God se Woord is nie, maar ‘n produk van die volk (Cilliers 2002:114).

In sy preke het Vorster die Afrikaner as geheel teenoor die “vyand” gestel. Die wêreld om die Afrikaner lyk vir Vorster “angswekkend en donker” weens die kommunisme, ongekende opbloei in heidense godsdienste, en die “magte van die duisternis aan ons land se grense” en daar word met “ons aksies om bestaansveiligheid gespot.” Die “vuurrooi draak” (kommunisme) is besig om “valse kerke” te versamel teen die “ware kerk” wat bespot word as “aartsverkramp” (PV 1/2/1/86; 1/2/1/99). Die “onskuld” van die volk aan die regte kant van die antitese word gehandhaaf deur “skuld” na die anderkant van die antitese te projekteer. Die volk is die “passiewe, uitgelewerde mens” wat tot “regverdige” aksie en reaksie in die prediking gemotiveer moet word om die identiteit en voortbestaan van die kerk en volk te verseker. Die vyande van die volk, as noodsaaklike element in die hermenheutiese sleutel, is deurgaans “aktief” in die negatiewe sin. Binne die hermeneutiese raamwerk van skuldprojeksie word sonde verstaan as die “verval van die volk, die versuim om mee te werk aan die volksbestaan en identiteit. Sonde is om nie meer die God van die vadere te dien nie. Sonde is om tradisie te verbreek.” Verootmoediging word verstaan in die sin van selfregverdiging en loutering. God toets die getrouheid van die Afrikaner. Deur die volk se getrouheid word God gunstig gestem en sal Hy dan die voortbestaan van die volk verseker. Wie nie volhard binne die volk en as deel van die volk nie, kom staan aan die verkeerde kant van die antitese en sal gestraf word. Die volk word dus onskuldig en derhalwe oordeelsvry gehou. Die oordeel lê daardeur nie meer in die hande van God nie, maar in volksverbondenheid (Cilliers 2002:115-117). Vorster se gebruik van die hermeneutiese sleutel word gesien as hy die Afrikaner telkens oproep tot verootmoediging. Dit gaan nie soseer oor skuldbelydenis nie, maar ‘n “inkeer” te midde van die “felste stryd en aftakelingsproses gemik teen ons kerk en volk.” Die volk word opgeroep om in die stryd “met die geloof van ons vadere” vas te hou aan “God van ons vaders” (PV 1/2/1/105; 1/2/1/73). Die ontrou aan die verbond “verswak die volk” en maak van “’n heldegeslag ‘n skandelike bende hensoppers” (PV 1/2/1/70).

Vorster het die Afrikaner en die Afrikaanse gereformeerde kerke se posisie aan die regte kant van die antitese versterk deur ook Israel se heilshistoriese geskiedenis toe te pas op die Afrikaner. Vorster roep die gelowiges op om hulle krag te vind in God en sy dade in die geskiedenis. Hy trek ‘n analogie tussen Dawid en Goliat en Elisa teenoor die koning van

Aram as bewys dat die “God van Bloedrivier” en die “God van die moeders in die konsentrasiekampe”, “ons” nie sal verlaat nie. (PV 1/2/1/86). Die antitese tussen goed en kwaad word ook versterk deur die ongenuanseerde toepassing van die analogie tussen Israel se heilshistoriese geskiedenis en die Afrikaner se geskiedenis. Dit word byvoorbeeld gesien as Vorster Esra se optrede by die Ahawa-rivier toepas op die Afrikaner se situasie: “net soos by die Ahawa-rivier staan ons klein volkie voor ‘n wêreldbedreiging. Misleide kerke span saam met kommuniste om terroriste te finansier, terwyl liberale kerke die rol speel van ‘n vals profeet wat goddelose leuens oor ons versprei.” Die liberale kerke “vergesel die laksman wat ons kerk en volk wil dwing om te kies tussen uitwissing of selfmoord. Maar God is by ons, soos Gideon se bende, is ‘n klein minderheid, die God van Bloedrivier se meerderheid.” Net soos Esra en sy volk een was voor God, “net so moet ons kerk en volk een wees voor God. Die eenheid voor God van Danskraal het tot Bloedrivier gelei. Ons kan nie een afstaan nie, nie een Afrikaner moet oorloop na die vyand nie” (PV 1/2/1/70).

Die pastorale motief agter die benutting van die analogieskema is ‘n soeke na geborgenheid en stabiliteit in ‘n krisistyd. Deur die soort hermeneutiek word Bybelse historiese situasie oorvereenvoudig en gereduseer deur dit met bepaalde oogmerke net so op die huidige situasie van die volk oor te dra. So word God aan ‘n bepaalde volk se geskiedenis “vasgebind” met die bedoeling dat Hy ‘n volk se geskiedenis moet “legitimeer.” Deur die analogieskema word Bybelse heilshistoriese geskiedenis kort voor lank ‘n “volkeiendomlike heilsgeskiedenis.” Dit vorm ‘n verwysingsraamwerk vir die volksidentiteit in die hede (Cilliers 2002:111-113).

Aan die einde van sy bediening van 44 jaar het Vorster oor sy eie prediking met ‘n staaltjie getuig. Toe die studente vir ‘n proffessor op ‘n dag een enkele deurslaggewende bewys vra dat die Bybel sonder twyfel die Woord van God is het hy sonder aarseling geantwoord: “Dit is die Woord van God omdat dit al 2000 jaar se slegte prediking oorleef.” Sy nederigheid as Verbi Divini Minister word gesien as Vorster verder getuig: “Die genade van die Here is so groot, so onbegryplik groot, dat hy selfs vir my kon gebruik.” Iets van Vorster daadkrag en fors preekstyl skemer ook deur as hy skryf: “as jy baie, baie swak voel en gedaan voel, tel jy die eselkakebeen maar weer op, en Filistyne val” (Vorster NGTT 1979:358).

3.11 ‘n Liefde vir die jeug

Hannie onthou dat haar pa “hartstogtelik lief” was vir kinders. Kinders het graag na hom toe gegaan en hy kon baie jaloers word as ‘n kind eerder na sy vrou gegaan het as na hom. Onder leiding van Vorster was jeugwerk vir Tafelberggemeente ‘n prioriteit. Die genadeverbond waarin die Woord sentraal staan was vir Vorster die vertrekpunt van sy

jeugbediening. Binne die verbondsraamwerk was oud en jonk vir Vorster volledig deel in die diens van en aan die gemeente. Sy liefde vir die jeug en sensitiwiteit vir hulle behoeftes word gesien in die kinderkranskonserte, jeugbyeenkomste en kersboomfunksies wat Vorster gereël het (vergelyk Tafelberg notule: 14/6/1945; 11/11/1947).

Omdat lering in die gereformeerde tradisie ‘n belangrike plek het, het Vorster tydens katkisasie baie klem geplaas op Bybelkennis. Katkisante moes die Bybel vanaf Genesis tot Paulus se reise ken asook die *Kort Begrip*. Gedurende die Septembervakansie het Vorster sy finalejaar katkisante vir “intensiewe studie” geneem. Vorster se persoonlike betrokkenheid en opregte belangstelling by sy katkisante word gesien in sy gevoel oor diplomas en seëls vir die katkisante. Een van die min kere wat Vorster verklaar het dat hy nie omgee wat die sinode sê nie, was juis oor diplomas en seëls. Hy het verkies om elke jaar eerder boeke te oorhandig en in elke boek iets persoonlik vir die katkisant te skryf en dit te onderteken (Louw 1994:273).

3.12 Geestelike versorging

As gevolg van die verstedeliking van die Afrikaner in die dertig- en veertigerjare was geld skaars en werkloses volop (Vorster 1969:32). In Tafelberggemeente, in die middestad van Kaapstad, het Vorster en sy kerkraad die volle implikasie van die verstedeliking van die Afrikaner beleef. Vorster het in sy gemeentelike werk baie aandag gee aan alimentasie om armoede te verlig. Terselfdertyd ook het hy ook nie gehuiwer om die kerklike tug toe te pas waar dit nodig was nie (Tafelberg notule: 17/1/1946/ 8/6/1948; 1/2/1949). In die tug is daar hoofsaaklik klem gelê op die oortreding van die sewende gebod. Dit word gesien in die kommer van die kerkraad oor die “ontsettende sonde” in die huwelikslewe van “sekere lidmate” (Tafelberg notule: 0/4/1953; 9/2/1960; 11/10/1972). Iets van Koot Vorster se reguit pastorale benadering word sigbaar as hy skryf dat hy soms moet sê: “Piet jy is so sleg ek kom nie om saam met jou te bid nie. Ek is hier om vir jou te bid. Aan die einde van die gesprek bid ons tog weer saam” (PV 1/2/1/33).

3.13 Gemeenskap- en volksbetrokkenheid

Onder Vorster se leiding was die kerkraad aktief betrokke by verskeie gemeenskap- en volksake. Hierdie wye betrokkenheid getuig ook van Vorster se invloed op die kerkraad. As gereformeerde calvinis was dit Vorster se vaste oortuiging dat ‘n gemeente nie “passief” mag wees nie, maar ‘n “aktiewe rol” moet vervul in die koninkryk van God (Tafelberg notule: 5/5/1964).

As ‘n jong dominee het Vorster sedert 1938 gepleit vir die totstandkoming van aparte woonbuurte vir blank en nie-blank in Kaapstad. Hierin is hy sterk ondersteun deur sy kerkraad. In sy ywer vir die saak het Vorster self die saak voor die munisipale kongres gaan stel, maar hulle het geweier om aparte woonbuurtes toe te staan. Hy het veral die stadsraad die stryd aangesê oor die omstrede saak. Vorster het geglo dat veral die stadsraad meer “direkte mag en invloed het as die hoër magte van die regering”. Die stadsraad “domineer die alledaagse lewe” en die “christelike ideale en beginsels” kan in die stadsraad praktiese toepassing vind. Vorster wys op die sukses wat die Afrikaner ten opsigte van die onderwys in stadsrade behaal het: “die boonste instansies was ons nie gunstig nie, maar ons het op die rade gekonsentreer en ‘n houvas op die onderwys gekry en behou” (GV 1948:16).[17] Ten spyte van die stadsraad se negatiewe gesindheid oor aparte woonbuurtes het Vorster regoor die Skiereiland vergaderings toegespreek (PV 1/2/7/1). Die feit dat die destydse Distrik 6 in die grense van Tafelberggemeente geval het, het ook daartoe bygedra dat Vorster so sterk gevoel het oor die saak. Hy het hom nie net beywer het vir aparte woonbuurte in die breë samelewing nie, maar spesifiek vir die ontruiming van Distrik 6.

Eers tydens die NP se bewindsaanvaarding in 1948 het aparte woonbuurte wetlike gestalte gekry. Tafelberggemeente was ook met die NP-regering in gesprek oor die Wet vir Aparte Groepsgebiede en was bereid om alles wat nodig was te doen om “ons gemeentegebied tot blanke woonbuurt te verklaar” (Tafelberg notule: 13/6/1951). Vorster het self met die betrokke regeringskomitee gaan praat en ‘n getekende kaart waarop die beplande blanke woonbuurtes aangedui was (Distrik 6 ingesluit) aan die komitee oorhandig. Vorster kon aan sy kerkraad verslag doen dat die regeringskomitee hom “simpatiek” aangehoor het (Tafelberg notule: 9/10/1951). Koot Vorster (PV 1/2/7/1) se motivering vir die ontruiming van Distrik 6 was:

i. Dit was vir hom ‘n “krotbuurt waar drie tot vier families saam in een kamer gewoon het.”
ii. Die eienaars het van die behoeftige kleurlinge se woningnood en armoede ‘n winsgewende besigheid gemaak het.
iii. Die onderverhuring van “krot eiendomme” is ooglopend toegelaat.

[17] In *Kerk en Stad* bepleit Albertyn (1948:356) nouer betrokkenheid van die NG Kerk by stadsrade, want in ‘n stadsraad word die toon aangegee vir die hele samelewing “vir sy besigheid, sy vermaak, sy godsdiens.” Die Boere-calvinisme se langsame omarming van die Afrikaner word gesien in Albertyn se waarskuwing dat stadsrade “een van die laaste en swaarste vestings is”, maar dit is “noodsaaklik vir ons volksideale.”

iv. Die stadsraad van Kaapstad het nie net die wanpraktyke ooglopend toegelaat nie, maar het ook niks gedoen om die kleurlinge se lewenstoestande te verbeter nie.
v. Die Engelse kerke het “geen vinger verroer” om betrokke te raak by die kleurling se nood in Distrik 6 nie, maar was slegs om politieke redes begaan is oor hulle “dignity”.

Met die opruiming van Distrik 6 in 1966 het Vorster (PV 1/2/7/1) sy dank en waardering aan P.W. Botha, destyds Minister van Gemeenskapsbou, Openbare Werke en Kleurlingsake, betuig vir sy “moedige besluit” en “flinke optrede” om “ons Moederstad” se waardigheid te herstel. In 1979, toe Distrik 6 “skoongemaak” is, en minister Marais Steyn vir Vorster die “finale versekering” gegee het dat dit ‘n blanke woonbuurt sou word, het die gemeente eers “veiliger gevoel” (Tafelberg notule:13/3/1979; 10/4/1979).

‘n Verdere voorbeelde van die kerkraad se gemeenskapsbetrokkenheid onder leiding van Vorster was:

i. ‘n Eredienskollekte afgestaan aan die Reddingsdaadbond (Tafelberg notule: 14/5/1946).
ii. ‘n Spesiale “huldigingskollekte” was vir president M.T. Steyn se standbeeld ingesamel (Tafelberg notule: 21/9/1948).
iii. Op hulle koste het die kerkraad afgevaardigdes gestuur na die anti-kommunistiese kongres en ook die Volkskongres in Johannesburg (Tafelberg notule: 10/9/1946; 27/5/1947; 14/4/1964).
iv. In ‘n brief aan die Eerste Minister, D.F. Malan, het die kerkraad protes aangeteken dat Charles te Water, SA se ambassadeur in Londen die Pous in Rome en die Kardinaal Patriarg in Lissabon, Portugal besoek het (Tafelberg notule: 9/8/1949).
v. Die kerkraad het vir Vorster bedank vir sy “kragtige en duidelike optrede” met betrekking tot sy heftige beswaar teen die museum van Kaapstad se uitstalling oor die evolusieleer (Notule: 18/9/1951). Koot Vorster en Piet Cillié, redakteur van *Die Burger* sou jare later koppe stamp oor dieselfde onderwerp. Dit het tot wedersydse kwaai briefwisseling gelei, waar nie een die ander kon oortuig nie (Steyn 2002:238-241).

3.14 Die Sable-ondersoek

Vorster het ook donker dae in die gemeente beleef. Die donkerste tyd wat Vorster (PV 1/9/1/1) self as ‘n “helse tyd” beskryf het, was toe Vorster 1970-1973 aangekla is vir borgaktes vir die bedrag van R148 750 wat hy as mede-direkteur vir ‘n bankrot skeermeslem maatskappy, Sable Razor Blade Manufacturing Co. (Pty.) Ltd., geteken het. Een van sy lidmate Erling A. Sorenson het by Vorster aangedring om ‘n mede-direkteur te word al het

Vorster dit duidelik gestel dat hy geen geld het om te belê nie en ook nie tyd het om aan die maatskappy te spandeer nie. Vorster het, tot sy eie nadeel, hom nooit met die finansies bemoei nie. Sorenson het aangedring dat Vorster mede-direkteur word, vanweë sy klaarblyklike kontakte in die regering. Vorster het op ‘n stadium toe hy vir sinodale werk in Pretoria was, met amptenare oor ‘n invoerpermit vir masjinerie gesels. Toe die maatskappy bankrot verklaar is, het Sorenson landuit gevlug en Vorster is gedagvaar vir die skuld. Vorster, wat in die saak na homself as ‘n “arm man” verwys het, het sy spyt uitgespreek oor sy betrokkenheid in wat hy beskryf het as sy “eerste, grootste en laaste ondervinding in die sakewêreld”. Hy wou die eerbare weg volg en het deur sy regsverteenwoordiger die krediteure laat weet dat hulle alles kan kom vat wat hy het. Alhoewel hulle geweier het, het die koste van die saak ‘n leeftyd se spaargeld opgevreet. Eers in 1978, kort voor sy aftrede, is die laaste kostes deur Vorster betaal.

3.15 ‘n “Stewige liefdesband”

Koot Vorster was ‘n geliefde en gewilde persoon in die gemeente. Tydens die gemeente se “gesellige samekomste” was Vorster nie net altyd teenwoordig nie, maar het hy met ryk en arm, oud en jonk geselsies aangeknoop, lekker gelag en grappies gemaak. Die enkele kere wat Vorster nie ‘n swart pak en wit das gedra het nie, was op hierdie uitstappies. Hy het dit geniet om jukskei te speel en gereeld gemeentelede genooi om by sy huis te kom vleisbraai. By een van hierdie geleenthede was dit die enigste keer wat die kerkraad hom in ‘n kortbroek gesien het (Louw 1994:272). Die braaivleisfunksie by die pastorie was ‘n jaarlikse instelling vir die gemeente tot aan die einde van Vorster se bediening (Tafelberg notule: 11/3/1969).

As pastor het Koot Vorster ook die gemeente genooi om Sondagaande ná kerk by hom te kom kuier. Die sitkamer was gewoonlik stampvol. By dié geleenthede het die gemeente saam met Vorster oor aktuele kerk- en landsake gepraat. Hannie onthou dat haar pa die gemeente dan aangemoedig het om die werke van Bavinck, Kuyper en Calvyn te lees.

Tussen die Vorstergesin en die gemeente was daar ‘n “stewige liefdesband” (PV 1/2/8/1). Die kerkraad het met sy verkiesing as Aktuarius in 1953 hom nie net geluk gewens met die “groot status” en “groot roem” wat hy ontvang het nie, maar is aan “God baie dank verskuldig” vir Vorster se “duidelike leiding” (Tafelberg notule: 10/11/1953). Die kerkraad het ook lank voor sy aftrede besluit dat Vorster “lewenslank en kosteloos” in die pastorie mag bly woon – iets wat Vorster met dankbaarheid van die hand gewys het (Tafelberg notule: 12/3/1975). Iets van Vorster se liefde vir dié gemeente en sy nederige leefstyl word daarin gesien dat hy “vir jare teen die minimum salaris gearbei” het, selfs al was

daar ander beroepe na “ryker” gemeentes.[18] Die kerkraad het dit raakgesien en waardeer en binne die gemeente se vermoë probeer om Vorster se traktement aan te pas. (Tafelberg notule: 8/6/1965). Die Ring van Kaapstad het telkens by die kerkraad aanbeveel dat Vorster sy salaris volgens “sinodale skaal” moet ontvang en asook ‘n motortoelae. Koot Vorster het hierop telkens aan die kerkraad en ring gesê dat hy tevrede is met sy salaris en nie enige verhoging verlang nie (Tafelberg notule: 21/9/1977).

Toe Vorster sy aftrede bekend maak, was daar ‘n “verslae stilte” onder die kerkraadslede. Sommige kerkraadslede het gemeen hulle moet die pastorie “mooi laat skoonmaak”, dalk bly hy langer, maar Vorster het volstaan by sy besluit. Hy het aan die kerkraad gesê dat hy “swaar afskeid” geneem het van die Algemene Sinode van 1978, maar dat dit vir hom “bitter swaar sal wees as hy die dag hier moet weggaan” (Tafelberg notule: 7/11/1978). Vier keer is van hom afskeid geneem en is hy weer ontvang. Die vyfde keer was daar geen moontlikheid van terugkeer nie.

3.16 Die Ring van Kaapstad

‘n Maand na sy bevestiging, op 9 September 1935, het Vorster vir die eerste keer ‘n vergadering van die Ring van Kaapstad bygewoon. Die ring was gevorm uit die gemeentes Kaapstad, Durbanville, Wynberg, Simonstad, St. Stephens, Drieankerbaai, De Nieuwe Kerk, Rondebosch, Kalkbaai, Maitland, Observatory, Parow, Woodstock, Goodwood, Chubut (Argentinië) en Belville (Louw 1994:296). Alhoewel Vorster sy hele bediening betrokke was by die Ring van Kaapstad en selfs van 1944-1948 ringskriba was, het hy in ringsverband nie ‘n vreeslike groot rol gespeel nie. Dit kom voor asof die ringsvergaderings vir Vorster die ruimte wou gee om op die breër sinodale terrein ‘n verskil te maak.

3.17 Samevatting

Tussen Vorster en die NG gemeente Tafelberg was daar net die beste verhouding. Vorster was 44 jaar betrokke by die wel en weë van die gemeente. Hy het met toewyding en nederigheid gedien deur die belange van die gemeente eerste te stel, selfs al was dit tot sy finansiële nadeel. Die gemeente het Vorster en sy gesin oorlaai met liefde, dankbaarheid en ondersteuning in sy breë kerklike werk. As dit nie vir die gemeente se ondersteuning was nie, sou Vorster nie op die breë kerklike terrein homself kon uitleef nie. Vorster se invloed op die gemeente was duidelik merkbaar in die breë gemeenskaps- en volksbetrokkenheid, die erns waarmee tug benader was, die vestiging van ‘n barmhartigheidsbediening en die liefde

[18] Vorster was ook beroep na Paterson (1947); Calvinia (Desember 1950) Parow (Desember 1951); Oudtshoorn (Maart 1953) en Namakwaland (November 1972) (PV 1/2/8/1).

vir jeugwerk. As kind van sy tyd het Boere-calvinisme neerslag gevind in Vorster se prediking. Tog is daar geen twyfel oor sy erns en die nederige afhanklikheid waarmee hy die prediking benader het nie. ‘n Woord van waardering kan ook gespreek word oor sy se konsekwente toepassing van die beginsel dat die Woord die middelpunt moet bly van die Woordverkondiging. Selfs as Afrikanernasionalis het Vorster in die prediking nooit die fokus op God verloor nie, maar gepoog om aan Hom vas te hou.

HOOFSTUK 4
KOERS IN DIE KRISIS 1935 - 1953

Gedurende die tydperk van 1935 tot 1953 het Koot Vorster hom toegespits op die nood van die Afrikaner. Hy het ‘n bydrae op verskeie terreine gelewer. Op kulturele terrein was hy as voorsitter aktief betrokke by die reëlings van die eeufeesviering van die Groot Trek (1938) wat in Kaapstad begin het asook ‘n mede-redakteur van die publikasie *Koers in die Krisis* wat in drie dele verskyn het. Op politieke terrein het Vorster hom deur middel van die OB beywer vir die Afrikaner se politieke selfstandigheid (sy betrokkenheid by die OB word in hoofstuk 5 verder beskryf). Op kerklike terrein was hy nie net lid van die redaksie van *Die Gereformeerde Vaandel* nie, maar het hy tot in 1953 ‘n verskeie artikels gepubliseer om vir Afrikaners koers aan te dui in hulle krisis gedurende die dertig- en veertigerjare.

4.1. ‘n Tweede trek

Suid-Afrika se ekonomie was vir 50 jaar primêr op twee pilare gebou, naamlik mynbou en landbou. Gedurende die laat twintiger- en, vroeë dertigerjare het die mynbou en landbou in ‘n groter wordende kontras teenoor mekaar te staan gekom. Die landbou het gekwyn en só ‘n ernstige ekonomiese en maatskaplike krisis veroorsaak. Dit het uiteindelik gelei tot die verstedeliking en verarming van die Afrikaner. Die mynbou daarenteen het ‘n tydperk van ongekende bloei beleef (Scholtz 1979:19).

Gedurende 1933 was die land in ‘n greep van ‘n wurgende droogte; deur sommige beskou as die “grootste en omvangrykste droogte in Suid-Afrika se geskiedenis” (Scholtz 1979:23). Die verskroeiende droogte van 1932-1933 en die gepaardgaande ekonomiese depressie het duisende Afrikaners wat geslagte lank gebrekkige skoolopleiding gehad het, na die stede gedryf. Vanweë baie Afrikaners se gebrekkige skoolopleiding was baie verplig om ongeskoolde arbeid op die myne te verrig. Op dié terrein moes die Afrikaner “as blanke beskaafde met sy beskaafde lewenspeil” meeding met goedkoper swart mynwerkers (Malan 1950:11). ‘n Amptenaar van die Witwatersrand se Jeugraad skryf in hierdie tyd: “Ek beskou die instroming van ongeletterde jong plattelandse seuns na die stede as een van die grootste bedreigings vir Suid-Afrika. ‘n Gebrek aan opleiding maak dat hierdie seuns net geskik is vir pik- en graafwerk en geleidelik groei die skaar van armblankes aan” (Scholtz 1979:34).

Die tweede trek was meer as net ‘n fisiese trek na die stede, maar ook ‘n geestelike en kulturele trek, na ‘n onsimpatieke omgewing waar die Afrikaner ‘n vreemdeling was. Hierdie

geestelike en kulturele trek het vir die Afrikaner ‘n geweldige identiteitskrisis meegebring. In die stede het die eertydse grondbesitters, “verarmde, sekuriteitlose mense” geword. Hulle het in die stede aanraking gekom met verskynsels wat hulle maklik kon losruk van “volk, taal en tradisies” (Scholtz 1979:26). H.F. Verwoerd, destyds professor in sosiologie het gewaarsku dat die Afrikaner “nie ryp was vir die omwenteling nie”. Die gevolg was dat dit vir die Afrikaner onmoontlik geword het om “hoog uit te styg in die Engelse atmosfeer van die besigheidswêreld” (Scholtz 1979:27). Dit was veral die lidmate van die Afrikaanse gereformeerde Kerke, wat net soos na die Tweede Vryheidsoorlog, in die hart geraak is deur die identiteitskrisis van die Afrikaner. Die kerkvader, J.D. Kestell, het gewaarsku “dat die karakter van die Afrikanervolk sal verdwyn” as gevolg van die feit dat die Afrikaner nie geestelik opgewasse is om “sy man in die stad te kan staan nie”. (Scholtz 1979:27) Een van die vernaamste redes vir die armblankevraagstuk was die geestelike “isolasie” van die Afrikaner. Onder Afrikaners het ‘n “onkunde bestaan het betreffende moderne lewensvereistes, omtrent die metodes waarvolgens ‘n lewensbestaan in die stad gemaak kon word en boonop nog ‘n onkunde wat betref die verskillende maniere waarop hulle hulself uit daardie ongunstige toestand kon handhaaf. Hierdie ongunstige toestand by die armblankes was beskryf as “’n neiging tot passiwiteit, wat soms aan fatalisme grens” (Scholtz 1979:29-30).

Die bekende Nederlandse teoloog, J.H. Bavinck het op ‘n staduim gesê: “die Afrikaner se geskiedenis is vir hom reëel.” “In krisistye”, het Bavinck opgemerk, “leef die Afrikaner in sy geskiedenis en put daaruit krag vir die huidige bestaansstryd” (Strauss 1983:22). Dat die stelling van Bavinck korrek is, word duidelik bewys uit die verloop en afloop van die simboliese Ossewatrek in 1938.

Die vraag: “Wat moet die Afrikaners doen om in hulle eie land ekonomies onafhanklik te wees?”, is by herhaling deur Afrikanerleiers gevra (Scholtz 1979:49). Kerkleiers, kultuurleiers en politieke leiers was dit eens dat die oplossing vir die ekonomiese, maatskaplike en geestelike krisis van die Afrikaner lê in die ontwaking van die “volksgewete”. Hierdie “volksgewete” beteken dat die Afrikaner sy identiteit as volk in die stad eerste moet kan verantwoord. Ekonomiese onafhanklikheid sou dan hieruit voortvloei.

Teen die agtergrond van die armblankekrisis het die eeufeesviering van die Groot Trek in 1938 plaasgevind. Die Groot Trek-eeufeesvieringe was vir die Afrikaner ‘n emosionele hoogtepunt, veral omdat die Groot Trek geromantiseer is as die geboorte van die Afrikanervolk. Die Afrikaner het in die ideale en lyding van die Groot Trek ‘n weerspieëling gevind van hulle eie situasie. Vir die oplossing van hulle eietydse probleme het hulle ‘n

kontinuïteit met die verlede gesoek. Dit word veral gesien D.F. Malan se tipering van die verstedeliking van die Afrikaners in die dertigerjare as ‘n tweede trek. Dit was tydens die Groot Trek-eeufeesviering op 9 Desember 1938 by Bloedrivier (Scholtz 1979:19).

Die reeds bejaarde “volks- en kerkvader”, J.D. Kestell, het die versugting uitspreek dat die eeufeesjaar ook “n magtige reddingsdaad” vir die Afrikaner moet bring (Scholtz 1979:51). Kestell (1935:v-vii) was aan die hart gegryp oor die nood van die Afrikaner as hy in die voorwoord van die *Koers in die Krisis* skryf : “Hy (die Afrikaner) word ontroerd as hy sien wat in die wêreld gebeur, as hy dink aan opstand en rewolusies, aan die opkoms en ondergang van nasies. Hy word bekommerd oor sy eie volk. Sy hart krimp ineen as sy oog val op die verwoesting van die veld deur droogte en landsplae. Dit stem hom ook treurig as hy sien hoe die aarde deur droogte kraak en oopbars, as daar stofwolke is in plaas van reënwolke. Hy buig sy hoof diep as hy sien dat sy eie vlees en bloed op ekonomiese gebied uitsak en hy houthakkers en waterdraers word, maar hy sien omhoog. God werp nie alleen in die diepte neer, maar Hy haal ook uit die afgrond op.”

Die eeufeesvieringe het vir die Afrikaner ‘n geweldige volksbewuswording teweeg gebring. Soos die ossewaens oor die ou trekroetes getrek het, het daar ‘n ongekende geesdrif en volksliefde by die Afrikaners wakker geword. Dit was ‘n herontdekking van die Afrikaner se kultuur, godsdiens, religieuse verlede, taal, politieke ideale en die politieke toekoms van die Afrikanervolk. D.F. Malan (1950:13-14) sou later jare die “ontwaking van die Afrikanervolk” in die idioom van volksidealisme verwoord as hy sê: “Toe die wiele van die Ossewatrek oor die uitgestrekte vlaktes van Suid-Afrika hul boodskap tot die Afrikanervolk gebring het, en toe onder die magtige inspirasie van ‘n heldhaftige verlede die innerlike maar tog sluimerende kragte ontwaak het, het dit die Afrikaner saamgebind tot ‘n eenheid en dit omskep tot ‘n magtige daad.”

Vir Vorster (GV 1941:196) was die “onvergeetlike en ongeëwenaarde Groot Trek-eeufees” meer as ‘n huldeblyk aan ons “stoere voorvaders. Dit was vir hom “‘n vreugdefees van ‘n volk wat weer koers gekry het. Dit was die dankfees van die Afrikaner. Die volk het opgestaan om God te loof.” Daarom wou Koot Vorster nie op die kantlyn bly staan in hierdie volksbeweging nie. In 1938, op die ouderdom van 29, was Koot verkies as voorsitter van die Geloftefeeskomitee se eeufeesherdenking van die Groot Trek. Op versoek van die Geloftefeeskomitee het die kerkraad Vorster gedeeltelik vrygestel van sy gemeentelike verpligtinge. Hy kon plaasvervangers vir preekbeurte kry op die koste van die gemeente (Louw 1994:273). Koot Vorster se volksliefde kan veral gesien word in die ywer waarmee hy as voorsitter die eeufeesvieringe gereël het. Koot het in hierdie tyd, saam met sy broer John,

‘n tent opgeslaan op die skougronde om die finale werk af te handel, en “met sy hele hart” die organisasie te doen (D’Oliveira 1977:35).

Die hoogtepunt van die eeufees in Kaapland was die vertrek van die Piet Retief- en Andries Pretorius ossewaens uit Kaapstad (Cronje 1978:14). Aan die einde van sy bediening sou Vorster die eeufees onthou as die “aangenaamste ondervinding in my lewe”. Vorster het hom nie net “heerlik oorgegee” in die voorbereiding nie, “maar”, vra hy, ”wat is aangenamer as om 35 000 mense toe te spreek en te voel dat elkeen luister?” Die feesviering was gekenmerk deur byeenkomste, vurige toesprake, ‘n erediens in die Groote Kerk en die sing van volksliedere (Louw 1994:336).

Konsekwent het J.D. Kestell, “daardie besielende en onvergeetlike godsman en volksman” tydens sy toesprake gepleit dat ‘n “reddende hand” uitgesteek moet word na 300 000 Afrikaner-armblankes in die stede (Malan 1950:7). Kestell se pleitroep saam met dié van baie Afrikanerleiers het op vrugbare bodem geval en in 1939 is daar ‘n volkskongres in Bloemfontein gereël wat Kestell geopen het.[19] Die kongres was die begin van ‘n nuwe ekonomiese volksbeweging vir die Afrikaner. Die kongres moes veral sorg dat “die geweldige bruisende volksemosie nie soos môredou verdamp nie en die magtige stroom van herbore volksliefde en eenheidsgevoel nie onbenut in dorre woestynsand verdamp nie. Die Trek moet voortgaan!” (Malan 1950:7) Die leuse waaronder die Afrikaner die “nuwe” ekonomiese tydperk ingegaan het, was: “’n Volk red homself!” (Scholtz 1984:50). Tydens dié kongres is die Reddingsdaadbond, Reddingsdaadfonds en Volkskasbank gebore.

Dit was ondenkbaar vir die NG Kerk om op die kantlyn te bly staan. Die NG Kerk het verplig gevoel om sy eie soewereine sfeer te oorskry om op die politieke en maatskaplike terrein te oortree ter wille van die oorlewing van die Afrikaner in die stad. Dit kom voor asof die “kultuurpolitiek” en “volkspolitiek” histories deur die NG Kerk as geoorloofde terreine beskou is wat deur die kerk betree mag word in krisistye (vergelyk Botha 1982:22-24).

Dat die NG Kerk intens met die “redding en heropbou” van die Afrikaner gemoeid was, kan gesien word in die woorde van Koot Vorster: “*die weg van oorwinning vir die Afrikaner loop*

---

[19] Tydens sy openingsrede het Kestell daarop gewys dat die redding nie net ekonomies is nie, maar veral ook op geestelike en sedelike terrein moet plaasvind. Laasgenoemde het vir hom swaarder geweeg as blote ekonomiese redding. Voorts het hy gepleit dat die Afrikaner self verantwoordelikheid moet neem en nie moet staatmaak op hulp van ander nie, “ons volk moet homself red. Hierop dring ek aan met al die krag wat ek besit” (Scholtz 1984:50).

deur die kerk" (kursivering DJL) (Vorster GV 1939:288). Ook dominee W.J. Nicol het tydens 'n toespraak in Johannesburg 1942, by die gedagterigting aangesluit as hy sê: "Die volgende oorwinning wat die kerk van Christus moet behaal, lê aan die ekonomiese front." Verder het Nicol gesê: "Daar is gevalle van mense wat in die Engelse gemeenskap geassimileer word en mense wat onverskillig staan teenoor hulle nasionaliteit." Dan vra hy: "Watter toekoms is daar vir 300 000 arm Afrikaners as ons ons identiteit verloor?" Sy oplossing was: "*Ons moet hulle red*! As daar in hierdie land 'n nuwe volk gebore word, *wil ons om die helfte daartoe bydra*" (kursivering DJL) (Scholtz 1979:27). Met uitsprake soos hierdie, en dié van D.F. Malan (1950:12) dat dit die "*Afrikanerkerk* (kursivering DJL) en die Afrikanervrou is wat hulle reddende hande deur arbeidskolonies en rehabilitasieskemas na die volk uitgesteek het", is dit duidelik dat die NG Kerk deur homself en andere beskou is as 'n instrument om die Afrikaner van ondergang te red. Die Afrikaner is immers beskou as 'n volk met 'n "hoë roeping". Die hoë roeping van die Afrikaner was vir Malan (ibid.) "om die sonde te beteuel en die magte van die duisternis in Suid-Afrika te stuit". Daarby was dit die Afrikaner se godgegewe plig om die calvinisme as lewens- en wêreldbeskouing in Suid-Afrika te vestig (Oosthuizen 1995:43).

Met die eeufeesvieringe in 1938 het Afrikanernasionalisme tesame met volksidealisme 'n nuwe stukrag gekry. Afrikaanse gereformeerdes het met 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing 'n raamwerk gebied wat aan die volksentimente ook 'n geestelike onderbou gegee het. Die volksentimente wat wakker geword het met die eeufees het byna tien jaar later weer weerklink op die Volkskongres in 1947. Omdat die nood van die Afrikaner in die stad vir Vorster as stadspredikant na aan die hart gelê het, was hy ook deel van die NG Kerk se afgevaardiging na die Volkskongres, 1-4 Julie 1947 by die Universiteit van Witwatersrand om die saak te bespreek.[20]

In *Die Gereformeerde Vaandel* (1947:4-5) het Vorster verslag gedoen oor die kernsake wat op die volkskongres bespreek was. Die volkskongres was, volgens Vorster, byeengeroep om die implikasies te bespreek van die "geweldige verskuiwing van *ons Boerenasie"* (kursivering DJL). Vorster, het in die taal van D.F. Malan, die verskuiwing van "ons Boerenasie" na die stede as "'n ewe diep-grypende betekenis as die Groot Trek" beskou, nie net omrede die waardes, kultuur, sedes en tradisies van die stad "volksvreemd" is nie, maar ook "onder die beheer is van *vyandige* owerheidsinstansies" (kursivering DJL). Met die leuse: "Daar is 'n nasie te lei, daar is 'n stryd te stry, daar is werk!" het die kongres die oplossing vir die

[20] Saam met die NG Kerk was daar afgevaardigdes van ongeveer 60 ander Afrikanerorganisasies regoor die Unie, Suidwes-Afrika en Rhodesië (Vorster GV 1947:4-5).

armblanke- en die rassevraagstuk as noodsaaklik vir die voortbestaan van die Afrikaner uitgesonder. Wat betref die armblankevraagstuk betref het die kongres spesifiek aandag gegee aan volwasse onderwys, ambagsopleiding, vakonderwys, Afrikaner-arbeidsorganisasies. Ten opsigte van die rassevraagstuk het die kongres die "*beginsels van apartheid, geregtigheid teenoor almal en die verspreiding van die evangelie* saamgebring onder een banier, naamlik *die stryd om behoud van die Afrikaner!*" (kursivering DJL). Die oorlewing van die Afrikanervolk het die bepalende dryfveer geword en sodoende het die Boere-calvinisme reeds in 1947 'n houvas gekry op die denke van die Afrikaner. Die gevolg was dat die antitese tussen geloof en ongeloof, reg en verkeerd binne die volksverband plek gemaak het vir 'n universalisering van die antitese. Dit het die Afrikaner as volk geskei het van volksvreemde elemente, soos die "vyandige" Smuts-regering, sy "volksvreemde-omgewing" en ander rasse. Die romantisering van die Groot Trek, as die tydperk in die geskiedenis waar daar 'n Boerestaat, Boerekerk, Boerekultuur en Boere-onderwys was, het tot gevolg gehad dat 'n eietydse, volkseie owerheid, volkseie kultuur, volkseie onderwys en selfs 'n volkseie kerk die ideaal van baie Afrikaners teen 1947 was.

4.2 Die Federasie van Calvinistiese Studente Verenigings in Suid-Afrika

Die opkoms van die neo-calvinisme in die dertigerjare word die duidelikste gesien in die verskyning van die drie bundels *Koers in die krisis,* wat uitgegee was deur die FCSV. In die redaksionele voorwoord van die eerste bundel (1935:ix) skryf die redakteurs dat daar orals tekens van 'n "herlewende calvinisme" is. Die neo-calvinistiese gedagtelyn word duidelik as daar verder verklaar word dat die "herlewende calvinisme" staan in die teken van 'n tweeledige "stryd", eerstens teen die "vyande van die Christelike geloof" en tweedens om "Suid-Afrika en al sy kringe op te eis tot eer van God".

Die FCSV, waarvan Vorster ook 'n lid was, was formeel op 27 Augustus 1933 gestig – (die dag toe die Bybel in Afrikaans, amptelik en feesvierend ingebruik geneem is). Die FCSV was gestig deur die Calvinistiese Studenteverenigings van Potchefstroom en Stellenbosch. Dit het spoedig tot vyf takke gegroei, twee in die Wes-Kaap (Stellenbosch en Wellington, met wie se stigting Vorster behulpsaam was), een in die Vrystaat (Bloemfontein), een in die Oos-Kaap (Steynsburg) en een in Transvaal (Potchefstroom).

Die grondslag van die FCSV was die "Hollandse" belydenisskrifte en die Westminister Confession. Alle calvinistiese studentevereningings aan universiteite, kolleges, teologiese- en normaalskole kon tot die federasie toetree. Die doel van die FCSV was kortliks om "die calvinistiese beginsels soos vervat in Gods Woord, op al die terreine van die wetenskap te eerbiedig, aan te kweek, voort te plant en te verdedig." Verder het die FCSV ten doel gehad

om die calvinisme “dwarsdeur ons volkslewe te verbrei en te versterk.” Een van die groot projekte van die FCSV was om ‘n publikasie die lig te laat sien wat allerlei aktuele probleme en vraagstukke vanuit ‘n calvinistiese hoek benader. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van *Koers in die Krisis* waarvan Professor Stoker (“die vader van die gedagte van so ‘n calvinistiese studentefederasie”) en F.J.M. Potgieter met die eerste bundel die hoofredakteurs was. J.D. Vorster was met die saamstel van bundel twee en drie mede-redakteur in die plek van F.J.M. Potgieter. Die publikasie van die FCSV was opgevolg deur twee ander reekse, naamlik die Ossewareeks vir die volk in die “breedste lae” en die Verkennerreeks vir die “meer studerende volksdeel” (*Koers in die Krisis* 1935:381-386).

Vorster was ook saam met H.G. Stoker die mederedakteur van die FCSV se publikasie *Uit vroue harte*. Die doel van die werk was om bydraes te versamel wat die moeilikhede en probleme van vroue aanspreek en “dogter, vrou en moeder moedgewend aan te spoor op die Christelik-nasionale pad van Suid-Afrika”. Daar is in die publikasie besonder klem gelê op die vrou se rol in die huwelik en gesin. Die boek, uitgegee in 1947, was die laaste publikasie van FCSV (Vorster 1947:5-8).

Die waarde van die FCSV-publikasies lê in die feit dat daar vir die eerste keer in Afrikaans uit ‘n neo-calvinistiese oogpunt besin is oor die nood van die Afrikaner. Afrikanerleiers oor die breë spektrum van die Afrikaanse samelewing het saam besin oor die verskeie fasette van die Afrikaner se krisis. Die boeke het ‘n belangrike bydrae gelewer om ‘n neo-calvinistiese beginsels toe te pas op die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk, ekonomie, kultuur, onderwys en Afrikanergesin. In die kontekstuele vertolking van die calvinisme deur Afrikanerleiers word duidelik gesien hoe Boere-calvinisme stadig maar seker neerslag vind in die Afrikaner se denke en lewe.

4.3 ‘n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as dié koers

Hoe het Koot Vorster calvinisme op die Afrikaner se krisis toegepas? Om die antwoord op dié vraag te kry, word daar gekyk na ‘n paar van die artikels wat gedurende dié tydperk uit Vorster se pen verskyn het. Die toenemende invloed van die Boere-calvinisme op Vorster se denke word duidelik in sy redes vir die krisis. Vorster was oortuig dat die krisis in die stede grotendeels veroorsaak is weens die “volksvreemde invloede” op die Afrikaner. Die Afrikaner word ongekwalifiseerd aan die regte kant van die kuyperiaanse antitese geplaas, teenoor volksvreemde invloede. In dié krisis het Vorster dit as sy taak gesien om die calvinisme as ‘n positiewe lewens- en wêreldbeskouing aan die Afrikaner in die stad voor te hou en om die volksvreemde invloede te ontmasker wat die Afrikaner bedreig.

By die eerste vergadering van die Calvinistiese Bond waar Vorster ‘n spreker was, praat hy oor die tema: “Wat bely die calvinisme? Wat wil ons?” Die toespraak is verwerk en in *Die Gereformeerde Vaandel* (1937:140-143) gepubliseer onder die titel: *Calvinisme, dié boodskap vir vandag*. Vorster benader die calvinisme (soos vroeër) apologeties deur te verklaar: “Calvinisme het baie, baie vyande wat die stryd voer deur agterdog te saai, valse voorstellings, met filosofiese en sentimentele redenerings en verdagmaking.”

Kuyper se historiese organiese lyn en die universialisering van die antitese het neerslag in Vorster se teologie gevind. Dit word gesien as Vorster (GV 1937:141) die vestiging van calvinisme op Suid-Afrikaanse bodem en die ontstaan van die Afrikaner as een en dieselfde gebeurtenis, met mekaar verbind. Hy argumenteer dat ‘n “ware calvinis krag kan put in die wete God, die Here, het nie gewil dat Roomse Spanjaarde en Portugese hulle hier kom vestig nie, maar Hy het ‘n nuwe nasie verwek uit Geus en Hugenoot wat op die spore van die calvinisme sy lewensweg moet voortsit”.

Vorster (GV 1937:142) pas die soeke na die eer van God op alle lewensterreine kontekstueel toe deur te wys na “die inherente magteloosheid, koersloosheid en verwarring van die Afrikaner”. Daar is ‘n “honger na die hartsbelydenis” in ‘n tyd waar godsdiens onder leiding van die “metodisme, pragmatisme en die humanisme ‘n blote geluksoekery geword het waar die eer van God ‘n bysaak is en die mens se heil die hoofsaak is.” Om dié rede is daar “’n gebrek aan dissipline in ons godsdiens”, omdat die Afrikaner se lewe nie meer vir Vorster “onder die tug van die Woord” staan nie. Vorster trek nie net ten velde teen die godsdienstige fatalisme van die Afrikaner nie, maar pleit tereg dat die oplossing lê in die feit dat “God weer op die troon aanbid moet word omdat Hy God is” en waar “God weer Here in ‘n mens se lewe is, word die koningskap van Christus geproklameer.” Die proklamasie van die koningskap van Christus op alle lewensterreine beteken vir Vorster die vestiging van die calvinisme as omvattende lewens- en wêreldbeskouing op alle lewensterreine van die Afrikaner.

Op die lyn van die neo-calvinisme beskou Vorster (ibid.) die lewe as ‘n “eenheid en harmonie” wat nie net beperk is tot die individu nie, maar ook “kollektiewe implikasies” het. Vorster beskou die “eenheid en harmonie” as noodsaaklik om van ‘n mens ‘n “kragmens” te maak. (Die Afrikaner sou deur die allesomvattende raamwerk van Boere-calvinisme ‘n “eenheid en harmonie” binne die volk beleef wat in die sestiger- en sewentigerjare sou lei tot ‘n kragvolk.)

Die volksidealisme in Vorster (1937:143) se denke word sigbaar as Vorster (ibid.) “Afrikaner seuns soos plante en dogters soos hoekpilare” as die “produkte” van calvinisme beskryf. Vorster (ibid) beskou die “calvinistiese geloof” soos gedra deur die gereformeerde kerke as die waarborg vir die oorlewing van “ons volksbestaan.” Vir hom was die beginsel: “*niemand wat die calvinisme verwerp is ‘n ware volksman nie. Wie die calvinisme verloën, verloën sy eie volksverlede (*kursivering DJL).” Vorster se stelling impliseer dat calvinisme soos vertolk deur ‘n gereformeerde kerk ‘n voorwaarde vir Afrikanerskap is. Vorster gaan hier verder as Kuyper omdat hy kerk én volk as ‘n eenheid binne God se besondere genade sien. Calvinisme was die raamwerk waar die eenheid gestalte moet kry. Sodoende word ‘n gereformeerde kerk ook ‘n volkskerk. Iemand wat nie ‘n calvinis is nie, is ook nie ‘n Afrikaner nie en staan derhalwe aan die verkeerde kant van die antitese.

4.4 Die Groot Trek as ‘n ideaal vir kerk, volk en onderwys

Die bewuswording onder Afrikaners van hulle historiese erfenis, wat gestimuleer is deur die simboliese ossewatrek in 1938, het daartoe gelei dat sleutelmotiewe van die Voortrekkers se samelewing, bv. die onderwys, herinterpreteer en kontekstueel toegepas is. Met sy historiese aanvoeling het Vorster doelbewus kontinuïteit met die Afrikaner se verlede gesoek. Daarom was die Groot Trek vir Vorster (GV 1938:344-345) die “koersgewende gebeurtenis in ons volkgeskiedenis”. Uit die Groot Trek het Vorster beginsels deurgetrek vir die Afrikaner se onderwys. Die skool was vir Vorster die “verlengstuk van die kerk” en huis, kerk en skool was ‘n “drie-eenheid” wat die Afrikaner kind moes vorm het tot ‘n “kragmens”. Voortvloeiend uit hierdie “drie-eenheid” het Christelike-nasionale onderwys gegroei. Dit is duidelik in Vorster (ibid.) se argumentasie die kerklike invloed oor die denke van die Afrikanerjeug wou behou deur konfessionele onderrig onder kerklike toesig. Deur die Christelike-nasionale onderrig, onder kerklike toesig, wou Vorster die jeug beskerm teen “volksvreemde denke”.

Die volksromantiese sy in Vorster se denke word sigbaar as die volk die bepalende verband word en die kerk se taak dié van ‘n mede-vennoot in die oorlewingstryd van die Afrikaner op onderwysterrein.

Bo en behalwe die Christelike karakter van die Afrikaner se onderwys, het Vorster (ibid.) twee volkselemente onder nasionaal bygevoeg, naamlik:

i. Die bewaring van kultuur en taal.
ii. Die handhawing van die historiese karakter en aspirasies van die Afrikaner.

Dit is interessant dat Vorster op die stadium die staat se verantwoordelikheid met betrekking tot die onderwys weglaat en dit selfs ontken. Waarskynlik het Vorster die staat se rol in

onderwys ontken, omdat die Hertzog/Smuts-regering ‘n verpligte ruimte wou skep vir uiteenlopende bevolkings- en taalgroepe en dit onvermydelik tot die verwatering van die Christelike-nasionale onderwys moes uitloop.[21]

‘n Jaar later berig Vorster (GV 08/1939:231) van ‘n Christelik-nasionale onderwyskongres in Bloemfontein onder die voorsitterskap van E.G. Jansen. By die kongres is Christelik-nasionale onderwys nie net bepleit deur sprekers soos N.J. van der Merwe en J.D. du Toit nie, maar Vorster se gevolgtrekking was na die “skitterende eeufeesvieringe” is die Afrikaner stewig op ‘n “Christelik-nasionale pad” geplaas.

4.5 Vorster se siening van die rassevraagstuk teen 1948

Gelyklopend met die verstedeliking van die Afrikaner en die afloop van die Tweede Wêreldoorlog was daar ‘n opswaai in swartnasionalisme tesame met ‘n ongekontroleerde toestroming van swartes na die stede. Na die Tweede Wêreldoorlog neig die NG Kerk na gedetailleerde oplossing van die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk met die klem op die behoud van ‘n blanke beskawing en die Afrikaner se volksontwikkeling (Strauss 1983:43).

Vorster (GV 1947:4-7) was daarvan oortuig dat vrede en vooruitgang vir die Afrikanervolk slegs kon plaasvind as ‘n Bybelse oplossing vir die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk gevind kan word. Die ironie vir Vorster was egter dat “pogings van die blankes om die gekleurde rasse op te hef” die rassevraagstuk eerder “verskerp” en tot ‘n “krisispunt” gebring het. Hierdie krisisgevoel staan eerstens in die teken van vrees van die Afrikaner dat hulle nie altyd die gekleurde bevolking onderhorig kan hou nie en tweedens in die teken van die ontwakende swartnasionalisme in Afrika na afloop van die Tweede Wêreldoorlog (Giliomee 2003:497).[22]

As Bybelse begronding vir die NP se beleid van apartheid verklaar Vorster (GV 1947:4-7) dat die Woord “baie oor dié saak sê”. In neo-calvinistiese taal beskryf Vorster (ibid.) Christus as

---

[21] Die NP se oorwinning in 1948 het die toedrag van sake totaal verander. Die ouerbeheerde konfessionele skool vir Afrikaners binne ‘n Engels-gedomineerde staat, sou plek maak vir staatsbeheerde skole. Die staat sou die verantwoordelikheid uit die hande van die kerk en ouers neem om die konfessionele belange van die volk in die onderwys te behartig en sou toesien dat die Christelike-nasionale karakter van die onderwys nasionaal gehandhaaf word. Hierdie staatsbeheerde onderwys was gebasseer op die Christelik-nasionale oortuigings van die Afrikanervolk (Botha 1982:49).

[22] In 1948 verwys H.F. Verwoerd in sy eerste toespraak in die parlement ook na die toenemende krisis tussen “Europeans” en “non-Europeans” (Giliomee 2003:497).

‘n “bo-nasionale figuur wat bo alle rasse verhewe is”. “Die Seun van die mens” het die evangelie tot “alle kreature” laat uitgaan sodat die verloste skare eendag uit alle “stamme en volke en tale en nasies” sal bestaan. Die beginsel vir die oplossing van die rassevraagstuk was vir hom in een teksvers saamgevat, naamlik Handelinge 17:26: “En Hy het uit een bloede al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl hy vooraf bepaalde tye en grense van hulle woonplek vasgestel het.”[23]

Op grond van die teksvers gee Vorster (1947:5-6) drie “Bybelse” beginsels vir die rassevraagstuk, naamlik:

i. “Skeidslyne” en die bestaan van aparte groepe is nie “boos” nie, want “God het dit so gewil.” Voorts wys Vorster daarop dat God “aparte groepe” nodig gevind het vir die verwesenliking van Sy raadsplan.
ii. God het die nasies uit “een bloed” gemaak. Daarom het Vorster teenoor die evolusieleer geglo dat die “ganse mensdom uit een ouerpaar” ontstaan het. Om dié rede behandel God alle volke dieselfde en daarom het Christus “nie net vir bepaalde rasse” gekom nie, maar vir alle nasies. Naasteliefde was vir Vorster ‘n “plig” en “niemand mag vervolg word net omdat hy tot ‘n bepaalde ras behoort nie”.
iii. God het “vooraf bepaalde tye en grense vir mense se woonplek vasgestel”. Dat die “liberalisme en kommunisme alles wil gelykstel en integreer” was vir Vorster ‘n “sonde”. Hy het geglo “intergrasie” is teen God se bedoeling, want “wat God geskei het, mag ons nie saamvoeg nie”. Die verskille tussen rasse was om dié rede vir hom nie “veldiep” nie, maar “geestelik en oorerflik”.

Vorster sluit aan by die kuyperiaanse neo-calvinisme as hy die Bybelse gronde vir apartheid verduidelik. Volgens Kuyper (saii:309) het God by “Sinearsvlakte” die mensdom verdeel in rasse en volke. Die spraakverwarring was ‘n wonderwerk van God en ‘n daad van genade. In aansluiting by Kuyper kom Vorster tot die gevolgtrekking dat nasievorming nie toevallig is nie, maar dat dit direk vloei uit die skeppingsordonnansies van God. Grense tussen rasse en volke kan nie strafloos oortree word nie, en hoe groter die verskille hoe groter sal die fatale gevolge van vermenging wees. In lyn met die kuyperiaanse neo-calvinisme is die handhawing van volkseie en volksliefde nie vir Vorster die openbaring van sodanige verskeurdheid nie, maar die aanvaarding van die wil en beskikking van God vir hierdie

[23] Die 1983 Afrikaanse vertaling het die teks vertaal as: “Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon.”

bedeling. Deur ”taalkringe” (lees volkskringe) het God isolasie bewerk waardeur bepaalde fisiese en geestelike eienskappe in volke dominant geword het.

Het Vorster ‘n eng Afrikanernasionalisme voorgestaan deurdat hy sy in sy volksliefde slegs die voordeel van die Afrikaner gesoek het? Vorster (1947:6) antwoord self as hy argumenteer dat die Afrikaner se “beleid van rassesuiwerheid en segregasie is nie willekeurig gebore uit selfverheffing en ‘n sug tot dominansie nie”. Tog het Vorster op die spoor van Kuyper (saii:668) geglo dat die beskawingspeil onder volke (binne die “gemeene gratie”) styg namate hulle met die evangelie in aanraking kom. Om dié rede verklaar Vorster: “Ons vrome vaders het in hulle trek deur donker Afrika die hoogste lig op hulle weg sien skyn. Het God juis nie daarom ons Vaders met een Boek tussen die gekleurde rasse ingestuur om aan die wêreld ‘n skriftuurlike oplossing vir die rassevraagstuk te gee nie?” Vorster het die Afrikaners beskou as die ligdraers van die calvinisme in Suid-Afrika. Aan hulle is God se besondere genade gegee om die “hoogste beskawingspeil” [24] te bereik en ander volke tot God se eer op te hef.

Vorster (ibid.) het sy verbondenheid met die Afrikaner nie net kultureel beleef nie, maar ook fisiek. Dit verklaar waarom rassuiwerheid vir Vorster van wesenlike belang was, want waar rasse meng, tas dit, volgens hom, die identiteit van die volk aan en bring dit die volk se voortbestaan in gedrang. Hy definieer ras as ‘n “groep mense wat as gevolg van kruising, uitskakeling van minder geskiktes , isolasie en inteel vir ‘n bepaalde stel erffaktore steeds suiwerder word met toenemende mate van aanpassing aan die streek waarin genoemde faktore werksaam is”. Die vorming van ‘n ras kweek volgens hom nie net “vaste sedes en gewoontes” nie, maar skep “stabiliteit en harmonie” in die samelewing.

Vorster (ibd.) verwys na die kleurlinge as voorbeeld hoe “ontstamming en rasse ontwrigting tot die ergste uitbarstings van sonde lei.” Kleurlinge is vir Vorster die bewys dat “bloedvermenging” teen God se wil is, want vermenging lei tot “verbastering van godsdiens, sedes en afdwaling”. Die “disharmonie in die fisiese kom tot uitdrukking in die gelaatstrekke”. Vorster getuig uit “eie waarneming” dat vermenging van “twee rasse se teëstellige gelaatstrekke” vir hom “pateties” is. Verder lei rassevermenging vir hom tot ‘n “geestelike disharmonie” wat gesien kan word in die “verswakking van wilskrag, uithouvermoë, energie,

[24] Dat hierdie siening van Vorster ook in die NG Kerk posgevat het kan ook gesien word in Albertyn (1948:1) as hy reeds in die tweede paragraaf verklaar “dit is welbekend dat die Afrikanervolk sy oorsprong gehad het uit *hoogstaande Europese rasse*, veral die Nederlanders en die Franse” (kursivering DJL).

die vermoë om inisiatief te neem, ongebalanseerdheid, emosionele onewewigtigheid wat gesien kan word in humeurigheid, opvlieëndheid, onverantwoordelikheid, onbetroubaarheid en onstabiliteit". Vorster kom tot die slotsom rassevermenging lei tot 'n "wanaanpassing in die lewe." Die weersin van Vorster in rassevermenging en sy beskrywing van die gevolge daarvan grens egter aan 'n naakte rassisme.

4.6 Gevare vir die Afrikaner in die stad

Die verstedeliking van Afrikaners het tot gevolg gehad dat baie Afrikaners die rustige, eenvoudige en bekende plattelandse lewe moes verruil vir die besige en veranderlike stadslewe. Eendersyds het die verhuising na die stad vir sommige groter ekonomiese welvaart gebring, maar andersyds was daar vir die Afrikaner die "bitterste armoede... die ongesonde opeenhoping van mense in vieslike agterbuurtes, wrede selfsug, oppervlakkige sug na sensasie en plesier en diepgaande verskille tussen klasse en stande... onsimpatieke vyandigheid teenoor ons volk en sy ideale" (Albertyn 1947:36-38). In die oë van die NG kerk was die verstedeliking grotendeels 'n negatiewe ervaring. Albertyn (1947:42-46) tipeer die Afrikaner lewenswyse in die stad deur dit ongenuanseerd in kontras met die Afrikaner se lewenswyse op die platteland te stel. In die stad ervaar die Afrikaner afhanklikheid van die mens teenoor afhanklikheid van God, vreemdsoortigheid teenoor gelyksoortigheid, veranderlikheid teenoor standhoudenheid, verkwisting teenoor spaarsamigheid, knegskap teenoor selfstandigheid, rusteloosheid teenoor kalmte, rassevermenging teenoor rasse apartheid, onverskilligheid teenoor eerbaarheid. Die grootste skade "vir volk en kerk" was egter die "ontbinding van die huisgesin" met gepaardgaande morele verval (Albertyn 1947:205).[25] As predikant van 'n stadsgemeente het Vorster dikwels met die leed, armoede en geestelike ontworteling van die Afrikaner te doen gekry. Vorster het aktief gepoog om in 'n verskeidenheid van artikels in *Die Gereformeerde Vaandel* 'n calvinistiese basis te gee om die verskeie morele- en gesinsprobleme die hoof te bied.

4.6.1 Die verbrokkeling van die huwelik

Vorster (GV 1949:2) het die huwelik beskou as die fondament vir 'n gesonde gesin en 'n noodsaaklike bousteen van die volk. Dit staan in die teken van die kontekstuele toepassing van die kuyperiaanse beginsel dat die gesin die primêre orgaan is waaruit "de ziel" van die volk organies groei (Kuyper saii:91). Die kuyperiaanse beginsel het daartoe aanleiding gegee

[25] Albertyn (1947:205-215) beskryf die skade aan die Afrikaner gesin as volg: verdwyning van selfversorging, verandering van eenvoudige lewenswyse, verflouing van tradisies en sentimente, oordrewe individualisme, onsedelikheid, egskeidings, gebrek aan huislike lewe, gesagskrisis, stadige wegsterf van godsdienstige opvoeding binne die gesin.

dat die versorging en opheffing van die verarmde Afrikanerkind vir die NG Kerk ‘n bedieningsprioriteit was (Oosthuizen 1995:38; vergelyk in die verband ook Albertyn 1947:236).

Die hoë egskeidingsyfer onder Afrikaners was vir Vorster (GV 1948:11-15) die “grootste euwel in ‘n euwelryke tyd”. Die toename in egskeidings moet volgens Vorster (ibid.) voor die deur gelê word van die “liberaal-humanistiese lewensbeskouing” wat die Afrikaner gelei het tot “godverlating.” Toe die calvinisme die “inslag van ons volk se lewensbeskouing was” , was egskeiding volgens Vorster so uitsonderlik dat dit “‘n skande” was. Vorster (GV 1949:3) was bekommerd dat die Afrikaner veral in sy huwelikslewe “in die rigting van die kommunisme dryf waar die huwelik geen betekenis meer het nie.” Die egskeidingsyfer van 20 uit elke 100 huwelike was vir hom “skrikbarend hoog”, want dit sou die gesinslewe wat “die bedding van die verbondsgenade en die fondament vir die bou van ons nasie” is, verder ondergrawe.

Opvoedkundige en maatskaplike faktore was vir Vorster (ibid.) ook ‘n rede vir die hoë egskeidingsyfer. Veral “klein” gesinne werk volgens Vorster verbrokkelend in op die huwelik. Geboortebeperking skep die geleentheid vir groter vryhede en onbestendigheid en uithuisigheid. Koot Vorster se positiewe ervaring van sy eie groot gesin in sy jeugjare word duidelik as hy skryf dat die kind in ‘n klein gesin die “ware opvoeding” van ‘n groot gesin mis waar kinders mekaar “slyp en skaaf”.

Vorster wys ook dat “wêreldse” vermaak soos “dobbel, drank en danspartye” groot gevaar vir die huwelik inhou. Dit gee vir hom aanleiding tot allerlei losbandighede en “wek begeertes en hartstogte” wat huwelikstrou in die wiele ry. Vir Vorster (ibid.) is die “bron van vergiftiging en verpesting in die volkslewe” niks anders as die “fatale invloed van die bioskoop en die geweldige verskeidenheidslektuur van twyfelagtige karakters.” Die bioskoop was vir hom die “universiteit van die massa” wat lei tot verderf. “Die silwerdoek” gee nie net die toon aan wat die modes betref nie, maar stel die voorbeeld vir die lewe self. Vorster (ibid.) wys ook op die invloed van ekonomiese faktore wat aanleiding gee tot die egskeidingsyfer. Behuisingstekort staan voorop, want die “saamdringing van gesinne in die liederlike krotte en woonbuurtes” kan nie anders as skadelik wees nie. Die “uitbuiting van vrouearbeid” is ‘n tweede euwel wat Vorster uitwys. Vrouens word weens ekonomiese omstandighede gedwing om te gaan werk en kry nie die geleentheid om in die huis ‘n tuiste te skep nie. ‘n Verdere gevaar vir die huwelik was volgens Vorster ‘n “onbeheersde kapitalistiese stelsel” waar die “massa verarm en groot konsentrasie rykdom in die hande van minderhede” geplaas word. Met die stelling

het Vorster gesinspeel op die massa arm Afrikaners teenoor die ryk Engelse kapitaliste en mynbase.

As ‘n calvinis skryf Vorster (GV 1949:4-6) dat die gelowiges die taak het om die “vernietiging” van egskeiding teë te werk deur terug te gaan na die Woord. Die Woord is duidelik dat die oorsprong van die huwelik by God self lê. In God alleen is eenwording en vreugde in die huwelik moontlik.

Vorster (ibid.) se volksidealisme word duidelik as hy meen dat vir ‘n suksesvolle huwelik daar volgens hom meer as geloof nodig is. Volgens hom speel geaardheid, opvoeding, geslag, karakter, agtergrond en temperament ‘n belangrike rol, maar veral ook die “volks- en rasseverband”. Dit is vir Vorster die kommunisme wat die huwelik tot die vlak van die “diereryk” wil neertrek deur vermenging. Vorster se raad vir voornemende huwelikspare was drieledig:

i. Raadpleeg jou ouers, want hulle het ‘n verbondsverantwoordelikheid.
ii. Bly by jou “eie mense.”
iii. Ken die Here in die keuse van ‘n lewensmaat.

4.6.2 Die volk se jeug

“Dis nie meer nodig om die noodklok oor ons jeugarbeid te lui nie”, skryf Vorster (GV 02/1941:50-53), aangesien die sinode “sy vinger op die kwaad gelê het”, naamlik die verskeidenheid Christelike verenigings. “Die wagters op Sions mure” het “energieke leiding” geneem deur te besluit dat verenigings wat in verband met die kerk staan te amalgemeer.” Dit sou lei tot “een sterk omvattende jeugorganisasie”. Vir Vorster (ibid.) is die beginsel dat alle jeugwerk onder Afrikaners “kerkwerk” moet wees. Daarby het die “volk die reg” daarop dat hierdie jeugverenigings saamgesnoer moet word tot een “eg Afrikaanse jeugvereniging wat pas by ons volksaard en ‘n enorme krag in die volkslewe sal wees”. Dan vra Vorster in volksidealistiese taal: “Waarom moet die jeug van een kerk en een volk deur verskillende verenigings met elk ‘n eie ideaal en beleid opgevoed word? Die kerk wat nog altyd die behoud van die volk was, moet intree waar die jeug van ons volk in aaneengeslote geledere in dieselfde rigting kan voort marsjeer.” Die metode om “een groepie as Strewers, een groep as CSV en een groep as Christelike Jongliede” op te voed, verbreek die “geestelike eenheid” van “ons gesonde volksjeug”. Die gevolg sou wees dat jeugwerk nie langer gefragmenteerd “in ‘n vroom hoekie gedoen word nie”, maar dat die “geestelike en kulturele” mekaar vind om van die volksjeug gebalanseerde mense te maak.

Die volksromantiese sy van Vorster word duidelik as hy die band tussen volk en kerk as so nou beskou dat hy aan die volk as samelewingskring die “reg” verleen om aan die kerk as aparte samelewingskring voor te skryf. Die noue verbondenheid tussen die NG Kerk en die Afrikaner word gesien as Vorster verklaar dat die kerk nie net die “behoud” van die Afrikaner is nie, maar hy gebruik die wisselterme, kerkjeug en volksjeug, om die Afrikanerjongmense te beskryf, want die jeug van die kerk is terselfdertyd vir Vorster ook die jeug van die volk. Vorster gebruik nasionaal-sosialistiese terme om die dinamika van die kerk-volk verhouding te illustreer: “waar die jeug van ons volk in aaneengeslote geledere in dieselfde rigting kan voort marsjeer”.

4.6.3 Die ontheiliging van die dag van die Here

Reeds in 1948 spreek Vorster (GV 1948:15-16) sy kommer uit dat die Afrikaner se Christelike gewete so toegeskroei is dat sport en uitstappies behoort tot die “geoorloofde dinge” op die dag van die Here. Hy bepleit dat die “waaragtige Christendom “ tot die besef sal kom dat die Sondag nougeset onderhou moet word. As ‘n gereformeerde calvinis bepleit Vorster (PV 1/2/41/1/5) Sondagsviering binne die positiewe raamwerk van die calvinistiese tradisie. Die calvinistiese sy van Vorster kom na vore as hy dit onomwonde stel dat die uitgangspunt vir onderhouding van die dag van die Here deur Afrikaners “nooit mag wees dat ons ‘n Christelike volk is en dat die eerbiediging van die dag tot ons gewaardeerde volkstradisies behoort nie.” Vir die gelowige behoort die onderhouding van die Sondag as dag van die Here ‘n “saak van diens aan die lewende te God wees wat ons nie alleen roep tot redding van die siel nie, maar tot kerstening van die lewe”. As dit kom by Sondagsheiliging is die Bybel vir hom die “enigste kenbron van God” en “rigsnoer” vir die lewe.

4.6.4 Skoonheidskompetisies

Vorster (GV 1948:14) was bekommerd dat die Amerikaanse invloed van Hollywood stelselmatig “ons mense” se oordeel afgestomp het en hulle Christelik-nasionale waardes verdring het. Dit word volgens Vorster die beste gesien in die verdringing van die Afrikaner se idee van skoonheid deur “filmster personifikasie, oppervlakkigheid, opgesmuktheid en wulpsheid.”

Vorster se volksidealisme kom duidelik navore as hy die ideaal van “die verhewe skoonheid van siele adel, vaste karakter en heilige lewe” van die “boeredogters en boereseuns” voorhou as teenpool vir die Amerikaanse kultuur. Dit steek Vorster (ibid.) dwars in die krop dat die Afrikanervrou deur ‘n “eg Amerikaanse-manie” verneder word deur “tentoonstelling”. Volgens Vorster (ibid.) is skoonheidskompetisies niks anders as die “verkragting van die

natuur en die geaardheid en siel van die vrou nie". Hy beskryf skoonheid as "die godgegewe liefde en teerheid, die fynheid en skugterheid, die ingetoënheid, fierheid en bekoorlike skaamte gevoel wat so mooi afronding aan haar persoonlikheid gee". Tog word vrouens vir "kommersiële doeleindes" tentoongestel. Meestal "halfnaak" moet die vrou haar liggaam gee om "beloer en beoordeel" te word. "Soos diere moet hulle op 'n ry staan sodat liggaamsdeel teen liggaamsdeel opgeweeg en beoordeel kan word". Vorster (ibid.) maak ook beswaar teen die feit dat die skoonheidskompetisies 'n vrou se siel "geweld aandoen" en dit haar degradeer "as 'n speelding en ekonomiese bate van mans". Vir hom was die Bybelse beginsel dat Christus die eer van die vrou herstel het deur haar weer 'n waarde en volwaardige plek in die samelewing te gee. Die vrou moet eerder haar skoonheid gebruik om die heerlikheid van God te openbaar, wat tot openbaring kom in die "geheiligde persoonlikheid". Daarby is die liggaam 'n tempel van God wat nie "verneder of misbruik mag word nie", maar tot die "hoogste diens en bruikbaarheid ontwikkel moet word".

Vorster (PV 1/2/49/2) het die Afrikanervrou gehuldig as 'n bron van krag in die gesin en daardeur ook vir die volk. Dit word gesien in sy stelling dat "die geskiedenis van 'n volk se prestasies is nooit groter as die gehalte van sy vroue nie". Deur haar liefde het God aan die vrou 'n "groter mag" gegee om die vyand "pap te slaan" en "slaprugmanne met muise moed" te inspireer. Hy tipeer die Afrikanervrou se liefde drievoudig as 'n liefde vir "haar huis, haar volk en haar God".

4.6.5 Humanisme

In *Koers in die Krisis* (1935:372-376) skryf Vorster onder die tema: *Wêreldbeskouinge en teorieë*, dat humanisme een van die grootste gevare vir die Afrikaner in die stad is, omdat dit "nie so onbevredigend en koud" soos die ateïsme is nie en nie so "dor en oppervlakkig" soos die materialisme nie. Die gevaar van humanisme lê vir Vorster daarin dat dit die "absolute soewereiniteit van God en die algehele bedorwenheid van die mens" ontken deur vir die mens 'n ereposisie naas God in te ruim. Die gevaar van humanisme vir die Afrikaner lê daarin dat dit nie slegs beperk is tot die etiese en filosofiese terrein nie, maar deurdring tot alle fasette van die samelewing. Op staatkundige terrein verwerp 'n humanis "volksoewereiniteit en rassoewereiniteit". Op opvoedkundige terrein word die "tug" uitgeskakel en kinders begelei om sy "persoonlikheid vry te ontwikkel deur die natuurlike uitlewing van die goddelike in hom". Selfs op godsdienstige gebied word die soewereiniteit van God, die gesag van die Skrif en die waarheid van die evangelie ondergeskik gestel aan die rede van die mens.

Vorster (ibid.) het die calvinisme as positiewe teenpool van die humanisme beskou en so ‘n “konsekwente en allesomvattende teosentriese standpunt” gehandhaaf. As voorveronderstelling aanvaar Vorster egter sondermeer dat die hele Afrikanervolk calvinisties is, in antitese met die humanisme wat die grondslae van die volk bedreig.

4.6.6 Interkerkisme

Die deurwerking van die calvinisme in Koot Vorster se denke word duidelik as hy uitwendige eenheid onder kerke afwys wat nie gegrond is in die belydenis nie. Om dié rede vergelyk Vorster (GV 1936:274) interkerkisme met die politieke beleid van imperialisme in Suid-Afrika. Beide die interkerkisme en imperialisme was vir hom “nog nooit bekommerd oor beginsels nie, maar het steeds met imperialistiese ywer die arms wyer en wyer uitstrek om die bonte veelvuldigheid saam te vat in ‘n weekgevoelige uitwendige eenheid”. Die interkerkisme het tot gevolg dat die “konfessionele bewussyn” by baie mense verdwyn, terwyl die swaartepunt van die godsdiens verskuif het na gevoel met die gevolg dat “’n kunsmatige, opgewekte en weekvoelige liefde die drang tot ‘n beginselose eenheid skep ter wille van die eenheid self.” Die groot gevaar van interkerkisme is volgens Vorster (GV 1936:276) nie net die strewe na ‘n kerkeenheid nie, “daar word gestreef na eenvormigheid terwyl daar nie rekening gehou word met die “groot verkeidenheid in God se werk” nie. Vir die beweging is ‘n blanke- en sendingkerk naas mekaar en die kleurslagboomwette van Suid-Afrika onaanvaarbaar. Die beweging staan die uitwissing van “God-gewilde grense” voor. Van oortuiging van sonde, verlange na Christus en wedergeboorte en bekering is daar, volgens Vorster, by die beweging geen sprake nie.

Vir Koot Vorster (GV 1936:273) was die beginsel ten grondslag van kerkeenheid reeds in 1936 duidelik: “Een in Christus is werklik ‘n eenheid van hulle wat ook een in waarheid is”. Waar dit gaan om ‘n eenheid ter wille van eenheid is dit die taak van die “calvinistiese belydeniskerk” om die belydenisskrifte te verdedig teen “sulke dwalinge”. Die interkerklike beweging wil die belydenis behou, maar dit nie beklemtoon of uitleef nie. Die dryfkrag moet alleen “n soetlike eenheidsdrang en eenheidsbelewing” wees.

Vorster (GV 1936:275) noem twee voorbeelde van die invloed van interkerkisme in Suid-Afrika, naamlik die Oxfordgroep en die CSV. Veral die CSV het, volgens Vorster, met sy “interkerklike en Suid-Afrikaanse interkonfessionele grondslag nie volgens die Skrif die waarheid in liefde betrag nie”, maar soek op ‘n “pragmatiese wysbegeerte kerklike eenheid”. Dit tas die beginsel van eenheid in belydenis aan. Die gevolg was dat die beweging wat ‘n “onskatbare seën” kon wees, eerder ‘n “onberekenbare skadelike invloed” gehad het wat die

Afrikanerkerkjeug “pap en ruggraatloos” gelaat het. Die “ankertou” wat hom aan die belydenis moes bind, is afgesny sodat die jeug bloot “lughartig op gevoel geseil het.”

Lank voor die stigting van die WRK op 22 Augustus 1948 met sy vae basisformule, “Jesus Christus as God en Heiland” (Van der Watt 1987:122), het Vorster as ‘n gereformeerde calvinis ‘n diep wantroue gehad in enige beweging wat kerkeenheid sonder vaste belydenisgronde soek. Om dié rede het Vorster hom konsekwent teen die WRK verset, selfs al was die NGKSA lid van die WRK tot 1962.[26]

4.6.7 ‘n Eiesoortige calvinisme teenoor volksvreemde kerke

Vorster wys in *Koers in die Krisis* (1941:184) daarop dat die “Afrikanernasie kragtens sy grondelemente, roeping en geleenthede in die besondere bevoorregte posisie verkeer dat hy aan die wêreld “‘n eie en suiwerder vorm van lewe na christelike styl” kon vertoon. In Suid-Afrika was alles gunstig om *“‘n eiesoortige calvinistiese geloof te kweek* (kursivering DJL).” Vorster (1941:185) verduidelik die wese van die “eiesoortige calvinisme” deur te sê die Afrikaners “omring deur gevare en gedruk deur rampe” voortdurend geloofsverdieping ondergaan, veral omdat die “soewereiniteit van God” nie vir hulle ‘n “dogma” was nie, maar ‘n “moed en kraggewende geloofsoortuiging”. Die eiesoortige calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing het volgens hom as ‘n lewensomvattende beginsel uitdrukking gevind in die Afrikaner se kultuur. Om dié rede was “*alle kultuuraktiwiteite*” van die Afrikaner dan ook “pragtig na ‘n christelike styl” gevorm (kursivering DJL).

Die deurwerking van die volksidealisme in Vorster (GV 1941:185-186) se tipering van die “eiesoortige calvinisme” kan gesien word as hy verklaar die Afrikaner het sy “eie verhewe” styl gehad, nie alleen in die intieme familiekring nie, maar ook in die verhouding tot die eie volksgenote en die omringende gekleurde bevolking. Vorster tipeer die ideale Afrikanerfamilie as “patrigaal ingerig.” Die verhouding tot die “wyer volkskring” word gekenmerk deur gasvryheid, eerbaarheid en trou. Die lewenspeil van die Afrikaner vir hom het alle getuigskrifte oorbodig gemaak. Die Woord van God het die lewe en lewensverhoudinge “geadel”, sodat die Suid-Afrikaanse geskiedenis geen “wild-west” periode geken het nie, maar wel ‘n “trekkergeskiedenis”. Wat die verhouding met ander “gekleurde rasse” betref, het die calvinistiese geloof die Afrikaner gelei tot die beskouing van “absolute eerbied vir die kleurlyn en suiwere bewaring van eie bloed.” So het die “Suid-Afrikaanse calvinisme” volgens Vorster die wêreld “verryk” met sy beleid van segregasie en

[26] Vergelyk Hoofstuk 7.4 *Cottesloe, apartheid en ekumene*

Christelike voogdyskap as ‘n “oorspronklike, uit die Skrif ontwikkelde oplossing” vir die kleurvraagstuk.

Teen 1941 het hierdie “eiesoortige calvinisme” of “Suid-Afrikaanse calvinisme” van Vorster kerk, volk en kultuur omarm en binne ‘n konfessionele raamwerk geplaas. Die volk het die bepalende verband geword en is geïdealiseer aan die hand van die Voortrekkers se geskiedenis. Deur die eiesoortige calvinisme is rassuiwerheid Bybels begrond en ‘n spesifieke soort moraliteit idealisties as eie aan die Afrikaner voorgehou. Dit is duidelik dat Boere-calvinisme ‘n stewige houvas op Vorster se lewens-en wêreldbeskouing gekry het

Die deurwerking van die Boere-calvinisme op Vorster se denke word ook gesien as hy die Afrikaner se kerk, volk, en kultuur as ‘n geheel teenoor drie gevare stel, naamlik die liberalisme, metodisme en die Anglikaanse kerk.

Die liberalisme se ideale van vryheid, gelykheid en broederskap, gebore uit die Franse Rewolusie, wou volgens Vorster (GV 1941:186) die Afrikaner “verlei” tot ‘n liberale en neutrale internasionalisme”; maar dit is “suksesvol” gestuit deur die “onwilligheid van die plattelandse Afrikaner om mee te gaan” (Vorster GV 1941:187). Die metodisme wat gebore is uit die “doodsheid en formalisme” van die Anglikaanse kerk, het volgens Vorster ‘n antroposentriese verlossingsleer, gegrond op opwekkende evangelieverkondiging waaruit sekere konsekwensies en ‘n vaste leerinhoud en lewensbeskouing ontwikkel het wat lynreg bots met die calvinisme. Die metodisme kon nie daarin slaag om die calvinisme onder die Afrikaner uit te roei nie, maar het “die volk verlam en van koers af gebring.”

Vorster (GV 1941:188-192) trek sondermeer ‘n nou verband tussen metodisme as godsdiensoortuiging en imperialisme as poltieke beleid – albei “vyande” van die Afrikaner. Metodisme en imperialisme het onder andere volgens ‘n paar karaktereienskappe in gemeen, naamlik “humanisties en antroposentries, oppervlakkig, aangenaam, warm en opportunisties, plooibaar en soepel en daarby ‘n heerlike uitvoerartikel” met die gevolg dat mense “teer op geestelike ervarings” en nie meer uit die rykheid van die Skrif wil lewe nie.

Die kontekstuele toepassing van Kuyper se antitese tussen goed en kwaad word duidelik as Vorster ongenuanseerd die skuld vir die agteruitgang van die geestelike versorging van lidmate in die NG Kerk op die skouers van die metodisme pak. Vir die NG Kerk het die deurwerking van die metodisme volgens Vorster (GV 1941:193-196) die volgende tot gevolg gehad:

i. Die hoofklem van die metodisme val op “verdraagsaamheid, liefde, eenheid”, terwyl “geloofskrag, roepingsbewussyn en selfstandigheid” ondergrawe word.

ii. Die metodisme het gelei tot verslapping van kerklike tug deur die oorbeklemtoning van die individu se geestelike lewe ten koste van die verantwoordelikheid van die geloofsgemeenskap.

iii. Die “miskenning” van die verbondsleer deur die oorbeklemtoning van “geestelike ervarings en metodes”.

iv. Die onbybelse skeiding van leer en lewe het gelei tot die ondergrawing van die “ou calvinistiese vroomheid” ten koste van ‘n “subjektiewe sterk gevoelsgekleurde asketiese vroomheid”.

v. Die “verdringing van die leer oor die soewereiniteit van God, die radikale skeiding van natuur en genade en die sterk asketiese inslag” beperk ‘n Christen tot sy binnekamer, teenoor ‘n calvinis wat glo dat God se eer op alle terreine van die “volkslewe” eerste moet kom.

vi. Die metodisme het die onderwys gesekulariseer deur skole van die “Christelike-nasionale weg” te vervreem en hulle “liberaal, rigtingloos en neutraal gelaat teenoor die *geloof van ons volk*” (kursivering DJL).

vii. Deur die metodisme se siening: “godsdiens mag nie in die politiek ingebring word nie”, het dit die “calvinistiese Afrikaner” verhinder om homself op elke gebied uit te leef.

Onder die opskrif, *Die hervorming in Engeland*, skryf Vorster (GV 1949:11-14) dat daar “altyd ‘n gevoel van onsekerheid” oor die toekoms van die Anglikaanse kerk is. Die kerkhervormer John Wycliff, het “die fakkel van die evangelie omhoog gehou” toe hy uit “groot vaderlandsliefde” hom verset het teen die “verfoeilike beursnyer en hoogmoedige priester in Rome”. Wycliff het na die bedelmonikke as “leeglopers” verwys wat “hulle hebsug agter die dekmantel van armoede wegsteek”. Na Wycliff se dood is sy volgelinge verstrooi en kon die hervorming in Engeland nie deurgevoer word nie. Hierdie “halfslagtige hervorming” het daartoe gelei dat die reformasie in England meer uitwendig as inwendig was. In die Anglikaanse kerk het die reformatoriese gedagtes naas die Rooms-Katolieke gedagtes voort geleef en bied vir Vorster dus geen “geestelike tuiste” vir die Afrikaner nie. Vorster se afwysing van die Anglikaanse kerk bevestig sy siening dat ware Afrikaners alleen tot ‘n gereformeerde kerk kan behoort, omdat hulle alleen daarin ‘n geestelike tuiste sal vind. Vorster se wantroue en afwysing van die Anglikaanse kerk sou eers jare later by die Cottesloe kerkeberaad in 1960 ‘n hoogtepunt bereik. Veral die optrede van die Anglikaanse

biskop van Kaapstad, Joost De Blank, sou Vorster finaal oortuig dat die Anglikaanse kerk ‘n vyand van die Afrikaner is.[27]

4.6.8 Sektes

“Soos die armes sal die sektes altyd by ons wees” skryf Vorster (GV 1940:7-9) oor die verhouding tussen die NG Kerk en sektes. Hy wys daarop dat ‘n sekte “weinig leerstellige sekerheid of inhoud het”, maar grond hom eerder op die ervaring en maak indruk deur ‘n spesifieke houding. ”Sekte-mense” kan dus nie deur teologiese argumente “gewen“ word nie, maar slegs deur ‘n “godsdienstige en sielkundige benadering”. Vorster definieer ‘n sekte as ‘n “godsdienstige en sielkundige eienaardigheid, ‘n siekte verskynsel wat spesiale sorg nodig het”. Die sekte word dikwels bewonder vir sy “warm liefde, sy geloofslewe en lewensoortuiging, sy getrouheid en toewyding”. Sommige beskou selfs sektes as ‘n “welkome protes teen die Christendom”, maar die “leerarmoede, en eensydigheid en valsheid waarsku dat alles wat daar blink nie goud is nie”. Die sekte leef nie in eie geloofskrag nie, maar moet gevoed word deur die hoofstroomkerke. Die kerk se optrede tot sektes behoort “voorkomend” te wees deur “gespierde prediking” en die uitleef van die belydenis.

4.7 Samevatting

Vorster se teologiese ontwikkeling het in die konteks van die laat dertigerjare tot vroeë vyftigs van die twintigste eeu hoofsaaklik op drie lyne ontwikkel, naamlik gereformeerde calvinisme, kuyperiaanse neo-calvinisme en Afrikanernasionalisme wat uitgedruk word in volksromantiek en volksidealisme. Die vermenging van die drie denklyne het daartoe gelei dat Boere-calvinisme teen 1953 volledig ontwikkel het as dié bepalende denkpatroon by Vorster.

[27] Vergelyk Hoofstuk 7.3 *Die Cottesloe-kerkeberaad, Desember 1960.*

HOOFSTUK 5

GENERAAL KOOT VORSTER 1941-1943

5.1 Konsolidasie en polarisasie

Vorster se betrokkenheid by die OB staan in die teken van sy diep volksliefde en sterk Afrikanernasionalisme. Op die terrein van die breë samelewing staan die OB in die teken van die emosionele nawerking van Afrikaner sentimente na afloop van die eeufees in 1938. As ‘n millitante Afrikanerorganisasie wou die OB die volk konsolideer teen die invloed van imperialisme deur ‘n vry Afrikanerrepubliek voor te staan. Die OB se denkraamwerk was gebaseer op ‘n vermenging van nasionaal-sosialistiese- en Boere-calvinistiese beginsels. Die entoesiasme vir die OB was aanvanklik groot. Op sy hoogtepunt was die ledetal tot ‘n 100 000 Afrikaners geskat (Giliomee 2003:442). Die aanvanklik geweldige steun vir die ideale van die OB wys breedweg op die diep polarisasie in die blanke bevolking en in besonder op Afrikanergemeenskap. Teenoor die ideale van die Afrikaners in die OB het die ideale van ‘n ander Afrikaner en Boere-generaal gestaan, naamlik dié van Jan Christiaan Smuts.

Smuts met sy holisties-filosofiese siening van die lewe, het die imperialisme gesien as ‘n uitdrukking van die eenheid van die lewe en ‘n platform waarmee Afrikaners tot groter hoogtes gevoer sou kon word (Scholtz 1979:105). Smuts het vasgeglo dat hy deur middel van sy holistiese liberalisme ‘n sintese kon vind tussen Afrikanernasionalisme en die imperialisme. Die sintese waarna Smuts gestreef het, was dat die “klein Afrikaanse volkie” vir hom die reg verwerf het om as ‘n gelyke te staan naas een van die grootste en gevierdste volke ter aarde, naamlik Brittanje. Hierdie verhouding was volgens Smuts gefundeer op ‘n basis van onderlinge gelykheid, van volkome respek en vertroue tussen Afrikaners en Engelse (Scholtz 1979:107).

Die Smuts-regering het teen 1940 ‘n stap verder gegaan om die beginsels ook toe te pas op die Suid-Afrikaanse rasseproblematiek. Die uitbou van ‘n eie volkidentiteit en die verdere ontwikkeling van volke op nasionalistiese lyne is sterk afgewys en ‘n beleid van integrasie is voorgestaan. In breë terme is die ideaal voorgehou van een nasie, een taal (Engels) en ‘n gemeenskaplike lojaliteit aan Brittanje, gebaseer op ‘n algemene verstaan van die Christelike geloof (Giliomee 2003:447).

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op 1 September 1939 was vir die Afrikaner ‘n waterskeiding. Die verskillende ideale en benaderingswyses van die Afrikanernasionalisme en imperialisme het gelei tot die nederlaag van J.B.M. Hertzog op 4 September 1939 met die spesiale sitting van die parlement in Kaapstad. Hertzog, met sy leuse: “Suid-Afrika eerste!” was vir baie Afrikaners die vergestalting van die handhawing van ‘n eie Christelik-nasionale identiteit. Hy het konsekwent neutraliteit voorgestaan en is hierin ondersteun deur die Afrikanernasionaliste, soos D.F. Malan. Daarteenoor het Smuts en sy ondersteuners deelname bepleit. Die besluit om deelname aan die oorlog en Hertzog se bedanking as die eerste minister was ‘n oorwinning: nie net vir Smuts nie, maar ook vir die imperialisme (Scholtz 1979:677-688).

5.2 ‘n Boere-nasionalis

Tydens die eeufees in 1938 het dominee C.R. Kotzé vir Koot Vorster nader geroep met die woorde: “Broer, ons het jou in die OB nodig en jy moet in Kaapland die leiding neem” (PV 1/2/1/152). Vorster het die uitdaging dadelik aanvaar en in September 1939 het ‘n klompie manne, onder andere Koot en sy broer John, ‘n tak van die OB in die konsistorie van die Groote Kerk, Kaapstad gestig (D’Oliveira 1977:36). Vanweë sy sterk leierseienskappe en organisasievermoë, wat reeds bewys was met die eeufeesreëlings, was Koot spoedig tot ‘n OB-generaal bevorder. Hy het hom met hart en siel in die stryd ingewerp. “Dis nie maar staatkundige vryheid, ‘n sterk ekonomie of ‘n groot sterk Afrikanertaal wat ons soek nie”, het Vorster (NGTT 1979:350) verduidelik, “ons ideaal was ‘n Afrikanervolk, sterk en trou en daarom bou ons aan alle fronte, handhaaf ons ons taal, beskerm ons ons tradisies, bewaak ons ons staatkundige vryheid. Ons doen al hierdie dinge vir die Afrikanervolk, omdat ons niks anders kan wees en niks anders wil wees nie.”

Koot Vorster was gedurende die Tweede Wêreldoorlog daarvan oortuig “dat ons as Afrikaners ons volk slegs deur die OB kon dien” (D’Oliveira 1979:48). Beteken dit dat hy die nasionaal-sosialisme van Nazi-Duitsland ondersteun het? Koot Vorster het dit ten sterkste ontken. Aan ‘n regeringsamptenaar wat hom ‘n petrolkoepon geweier het omdat hy gemeen het Koot Vorster is pro-Duits het Vorster (1953:vii-ix) gesê: “as die Duitsers na Suid-Afrika sou kom en aan ons probeer doen wat die Engelse aan ons gedoen het en nog besig was om aan ons te doen , dan sou ek die eerste wees om hulle met hand en tand te beveg.” Net soos baie Afrikaners, tydens die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, was Vorster van mening dat Duitsland nie ‘n vyand is nie. Die Britte was vir Vorster “ons tradisionele vyande”. Volgens hom was hy nie soseer pro-Duits as “anti-Engels en pro-Afrikaans” nie. Volgens Vorster (ibid.) het die OB gepoog ‘n organisasie skep wat in staat sou wees om die land op die regte tydstip oor te neem en dan met die Duitsers te onderhandel om ‘n

Afrikanerrepubliek te verkry. Die OB het Britse parlementêre stelsel beskou as iets wat die Afrikaner tot “magteloosheid wil doem” en “ons volk langsamerhand wil verengels en verbrits”. Die gevaar dat as die Afrikaner die “vorstehuis van ’n vreemde volk” as sy eie aanvaar en gevolglik die roepingsbesef van “ons voorouers die geloof dat God die Boerenasie met ‘n eie identiteit hier geplant het” gaan verloor, was vir Vorster as ‘n “Boere-nasionalis” wesenlik. Een van Vorster se gunsteling staaltjies in die stryd teen die imperialisme was van die Engelsman wat aan Paul Kruger gesê het dat die son nooit oor die Britse Ryk ondergaan nie. Waarop Kruger opmerk dat dit duidelik is dat “God geen Engelsman in die donker vertrou nie” (PV 1/2/1/152).

Die feit dat Vorster nazisme verwerp het, word ook weerspieël in ‘n insident jare later. In 1979, het Vorster geweier om regter M.T. Steyn, kleinseun van die Boereheld president M.T. Steyn in die openbaar, by Bloemfontein se lughawe, te groet. Agterna het Vorster vir Steyn skriftelik verduidelik dat hy (Vorster) in die OB-jare genooi was om ‘n groep studente toe te spreek oor die Christelik-nasionale lewensbeskouing. Steyn het verslag van die byeenkoms gedoen wat geplaas is in *Die Suiderstem* onder die opskrif: “Predikant raai studente aan om die Bybel weg te gooi en *Mein Kampf* te lees”. Vir Vorster was dit ‘n “groot onreg” en aantasting van sy “persoon, amp en werk” en daarby “onbegryplik dat ‘n Afrikaner so iets kon doen”. Die direksie van *Die Suiderstem* het hulleself verskoon deur te sê dat hulle Steyn se verslag as waar aanvaar het en ‘n skikkingsvergoeding aangebied. Tot op dié staduim het Vorster al die jare op Steyn se verskoning gewag, voordat hy hom weer sou groet. M.T. Steyn het onmiddellik verskoning gevra vir die berig en sy handelwyse en die lug was tussen hom en Vorster gesuiwer (PV 3/1/18).

As ‘n Boere-nasionalis het Vorster gedurende die oorlogsjare ‘n volkstaat voorgestaan. Vir hom was ‘n “Afrikaner republiek” die enigste manier om die voortbestaan van die Afrikaner én die “eiesoortige calvinisme” as uitdrukking van die “ware” Afrikaner se identiteit, te verwesenlik (Vorster GV 1941:185-186). Die volksromantiese sy van Vorster se denke word weerspieël in sy OB-eed. Vorster het trou gesweer aan die “nasionale sedes en tradisies van ons Diets-Afrikaanse volksverband” en beloof dat “ek altyd met my hele siel en al my kragte...volhardend sal stry vir die handhawing en ontwikkeling van ‘n eie selfstandige en vrye Diets-Afrikaanse volksbestaan van die Afrikaanse taal en die godsdiens en kerk van ons vadere” (PV 1/3/1/8).

Die volksromantiek in die Boere-calvinisme word gesien in ‘n toespraak wat Vorster (PV 1/3/1/8) in 1946 gelewer het met die tema: *Helde en hul kerk*. In die toespraak het Vorster gesê dat die Afrikaner met die Groot Trek nie net tot ‘n “bewussyn van ‘n eie nasieskap”

gekom nie, maar dat die staat en kerk saam die heil van die volk gesoek het. “Die kerk het nie die volk teleurgestel nie, want die kerk het getrou aan die volk gebly.” Die “Afrikaner se kerk” was vir hom “die skyf van die vyand en die behoud van die volk”. Die roeping van die kerk word deur hom ondergeskik gestel aan die belange en oorlewing van die volk.

As ‘n OB-generaal het Vorster met drie hoofkommandante saamgewerk, naamlik A.D. Wassenaar (later voorsitter van Sanlam), D. Boonstra (later hoof van die bibloteek in Kaapstad) en P.W. Botha (later eerste minister en president) (Louw 1994:349). Vorster was in bevel van Kaapstad, Simonstad, Kalkbaai, Wynberg, die Vlakte, Rondebosch, Observatory, Woodstock, Maitland en Ysterplaat (PV 1/3/1/16). As generaal was hy ook lid van die beheerraad van Kaapland en lid van die Groot Raad van die OB. In die Groot Raad het Vorster ook belangrike insette rondom die grondwet van die OB gemaak. Die oorlog het vir Koot teen die bors gestuit en daarom was die verpligte bidpouse elke middag om twaalfuur, as die kanon op Seinheuwel skiet, vir Vorster en die OB-manne ‘n steen des aanstoots. Onder sy leiding was plakkate een nag dwarsdeur Kaapstad opgesit. Met hierdie plakkate was die mense opgeroep om “as die kanon skiet, stil te staan uit eerbied vir die toekomstige republiek wat ‘n eeu van onreg sal beëindig”. ‘n Kolonel in die polisie het Koot kort daarna gedreig: “Ek weet jy sit agter die ding. Ons kan dit net nie bewys nie. Maar ons sal jou nog kry!” (Cronje 1978:14).

5.3 “Dominee J.D. Vorster krimineel aangekla!”

Met sy betrokkenheid by die OB het Vorster onvermydelik betrokke geraak by die politiek van die dag. As een van die leiers, was Vorster noukeurig dopgehou en selfs deur die polisie gewaarsku. Dit was egter vir baie ‘n skok toe hulle die hoofopskrifte in die koerante sien “*Dominee J.D. Vorster krimineel aangekla! Optrede kragtens noodregulasies”* (PV 1/3/1/20). Dit blyk dat Vorster versoek is om sy opwagting by die hoof van die plaaslike speurdiens te maak, waarna hy in hegtenis geneem is.

Op 3 Oktober 1940, “die dag na die sonsverduistering”, word Vorster in hegtenis geneem, maar nadat hy op borgtog vrygelaat is, hervat hy sy gemeentelike werksaamhede soos vantevore. Hulle eerste baba, Hannie, was in hierdie tyd gebore. Alhoewel nie almal in die gemeente geweet het dat Vorster as ‘n generaal by die OB betrokke was nie en sommige baie kwaad was oor sy politieke betrokkenheid het die gemeente nogtans bankvas agter hulle dominee gestaan (Louw 1994:280).

‘n Rukkie daarna het hy voor die hoofmagistraat verskyn waarna hy op 500 pond borgtog vrygelaat is. Op 25 Oktober 1941 het sy verhoor begin. Die hofsaal was stampvol. Koot

Vorster was aangekla kragtens Artikel 1(1)c van die wet op Staatsgeheime van 1911 wat lui: “indien iemand vir ‘n doel wat nadelig is vir die veiligheid of belang van die staat, ‘n skets, ‘n plan, model, voorwerp of aantekening of ander dokument of informasie wat vir die vyand direk of indirek van nut kan wees verkry, of aan ander meedeel, dan is hy skuldig aan ‘n misdaad en word gestraf met dwangarbeid van minstens drie jaar en hoogstens sewe jaar” (Louw 1994:356). Adokaat H.A. Fagan het ten gunste vir Vorster opgetree en die staatsaanklaer was advokaat C. du Plessis (PV 1/3/1/20).

Gedurende die verhoor het die verhaal ontvou. Uit Vorster se getuienis blyk dit dat ‘n “klein kleurling” ‘n onbekende blinde man na sy huis gebring het. Hy was “voorlangs ‘n bietjie vuil”, maar beslis nie die “bedelaarstipe” nie. Die man het hom voorgestel as Wiesner van Suidwes. Op die vraag waaroor hulle gesels het, het Vorster geantwoord, “Godsdiens. Dit doen mense wat gewoonlik by die pastorie kom.” In die gesprek het dit geblyk dat Vorster getuig het van sy calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, waarop Wiesner geantwoord het dat hy Luthers is aangesien hy nie in die uitverkiesingsleer glo nie. Vorster getuig dat hy nie die man daar kon wegkry nie en later genoodsaak was om hom te nooi vir ete. Later die aand het hy Vorster vergesel na ‘n biduur. Eers later het Wiesner dit duidelik gemaak dat hy vir Vorster kom vra het om ‘n OB-tak in Suidwes te kom stig (Louw 1994:358).

Uit latere getuienis blyk dit dat Theo Wiesner ook bekend gestaan het as Theodore Wiesner, alias Jan Visser, alias Andries Visser, alias Theodore Carel Jacobus Visser. Sy werklike naam was egter Johannes Gerhardus Jakobus Visser wat tot 1929 ‘n bogemiddelde leerling in die skool vir blindes te Worcester was. Later was hy egter in sy ouers se sorg geplaas weens sy vrugbare verbeelding en bedrog. Hy is in 1936 terug skool toe, maar nadat hy weer geskors is omrede hy gereeld wegloop, is hy na Valkenburg, ‘n oord vir geestelik versteurdes, gestuur waar Visser as psigopaat geklassifiseer is. Visser het sy voornemende studies in die regte laat vaar, aangesien hy geglo het dat hy reeds ‘n advokaat is. Nadat hy uit Valkenburg ontsnap het, is hy etlike kere gevonnis vir bedrog, voordat hy in Bloemfontein as die goewerneur-generaal se pasiënt na die Bloemfontein Mental Hospitaal gestuur is. Op 26 Junie 1940 het hy ontsnap en het die hospitaalowerhede na 42 dae hom afgeskryf as vermis. So het dit gebeur dat Visser as vry man by Vorster uitgekom het. Hy is deur dokter Gordon James Key beskryf as ‘n “clever fool” en ‘n “moral imbecile”, ‘n glibberige mens wat so goed lieg dat hy selfs intelligente mense om die bos lei (Louw 1994:357-362).

Wiesner het aan Vorster vertel dat hy ‘n boek oor jeugmisdaad geskryf het en om die rede soek hy so ‘n lys van al die Afrikaanse polisiemanne. Aangesien die meeste van Vorster se gemeente aan die polisiediens verbonde was, het hy ingewillig en met ‘n tweede besoek so

lys oorhandig. Voorts het Wiesner Vorster meegedeel dat hy ‘n lid van die Deutsche Bund is en dat hy hulp soek om ‘n groot hoeveelheid wapens onder Afrikaners te versprei. Op ‘n vraag of Vorster hom geglo het, het hy beslis geantwoord: “Natuurlik nie.” Volgens Vorster was hy oortuig dat die persoon probeer het om hom in ‘n lokval te lei en dat hy besluit het om verder met Wiesner te gesels om agter te kom wie sit agter die man (PV 1/3/1/20).

Wiesner het drie dae na sy eerste ontmoeting met Koot Vorster, kaptein Paul Johannes Retief, die hoof van millitêre intelligensie, gebel en gesê dat hy inligting oor Koot Vorster het. Hierna het millitêre intelligensie Wiesner as informant gebruik en sy losies, telefoonkostes, petrol en ander uitgawes betaal. Alhoewel Retief kennis gedra het van Wiesner se rekord en ander veroordelings het hy hom nie daaraan gesteur nie en so het Jan Visser, alias Theo Wiesner, ‘n betaalde agent van millitêre intelligensie geword met die opdrag om op Koot Vorster te spioeneer (Louw 1994:364). Die saak het verder ontplooi. Vorster het ‘n gemeentedogter, Caroline Gerber, in die huwelik bevestig met ‘n soldaat van Simonstad, Karel Wilhelm Putchert. Op die dag van hulle troue het Putchert vir Vorster gebel en vertel dat hulle albei as Afrikaners die getroude lewe wil ingaan en hy wou weet of dit ‘n goeie ding sou wees om by die OB aan te sluit. Vorster het hom afgeraai aangesien die owerheid daarteen gekant is dat soldate aan die OB behoort. Hy sou wel later vir Putchert kom sien. Die volgende dag het Vorster teësinnig, maar egter op Wiesner se aandrang, Putchert opgesoek. Hulle het hom in die nagtelike ure wakkergemaak en saamgeneem na die pastorie. By Vorster se huis het Wiesner Putchert volledig uitgevra oor Simonstad-hawe se wapens, ammunisie, stellings, wagwoorde. Vorster het op Wiesner se versoek as sekretaris opgetree en het alles volledig neergeskryf. Waar iets onduideliks of tegnies was, moes Putchert dit self opskryf of teken. In die hof het Putchert getuig dat hy gereken het dat jy maar vir ‘n “dominee van ‘n Afrikaanse kerk” enige geheime kan vertel. Die saak het egter ‘n ander kleur gekry toe dit duidelik word dat Retief, van millitêre inligting, later Putchert na Vorster gestuur het om meer inligting uit hom te kry. Vorster het verweer dat hy slegs die gesprek tussen die twee manne neergeskryf het, maar nooit vrae gestel het nie en dus nie die inligting vir homself nodig gehad het nie. Die staat het beweer Vorster het aan die gesprek deelgeneem en wou die inligting gebruik. Putchert sou egter getuig dat Vorster nooit aan hom die opdrag gegee het om die notaboek en wagwoorde aan Wiesner te verskaf nie. Ten spyte daarvan het die staat Vorster skuldig bevind van ‘n oortreding van artikel 1(1)(c) van die Staatsgeheime wet van 1911. Regter de Villiers het vir Vorster net die minimum straf gee, naamlik drie jaar gevangenisstraf met dwangarbeid (PV 1/3/1/20).

‘n Teleurgestelde Vorster het dadelik teen die bevinding van die hof geappelleer, “maar net vir ingeval, sy afskeidspreek gelewer” (Cronjé 1978:14). Sy familie was hoopvol dat die appél sou slaag, aangesien Bettie Vorster se neef, hoofregter N. de Wet deel van die paneel sou wees wat die appél moes oorweeg (PV 1/3/1/20).

5.4 “Agter tralies en doringdraad” [28]

Koot het op 21 Februarie 1941 gehoor dat hy wel na die Sentrale Gevangenis in Pretoria moes gaan. Volgens D’Oliveira (1977:49) het dit sy familie en veral vir Bettie selfs dieper geraak as toe sy broerJohn geïnterneer is. Die feit was, “Koot was ‘n predikant en dit was ‘n vreeslike ding vir ‘n predikant om tronk toe te gaan”. Koot se suster Mona onthou: “Ek sal nooit die dag vergeet toe Koot se vonnis bekragtig is nie. Dit was nagmaal en op ‘n klein plekkie soos Jamestown weet die mense mos gou alles wat met ander gebeur. En nou moet ons kerk toe gaan, reg tussen die mense deur na ons ou sitplek, net voor die dominee. Ek vra my ma toe of sy daardie dag wou kerk toe gaan, of die hele ding haar nie te erg oorstuur nie. Sy was woedend. Sy vra my hoe ek dit nou moontlik kan dink. Wat was daar om voor skaam te wees? En toe sê sy: Nou goed, ek sê vir jou ons gaan kerk toe en die dominee sal iets in die gebed sê, maar as ek een van julle ‘n traan sien afvee, dan is daar moeilikheid. Toe moes ons maar deur die kerk loop, reg voor gaan sit en die hele diens deursit sonder om enige teken van emosie te toon. Dit was nie maklik nie, want dit is immers nie lekker om aan jou broer in die tronk te dink nie, ook nie aangenaam om te dink dat jy hom drie lange jare nie weer sal sien nie – maar dit was nou een maal my ma se houding. Ek onthou nog dat die dominee gebid het dat ons krag sal kry.”

Die lojaliteit van die gemeente teenoor Vorster kan gesien word in die feit dat daar eenparig besluit is om in samewerking met Vorster se advokaat ‘n anonieme petisie op te stel wat dan op die geskikte tyd ingedien sal word. Die kerkraad besluit ook om ten spyte van die veroordeling Vorster te bly ondersteun. Die kerkraad het vir die ring hulp gevra vir die aanwys van ‘n konsulent en die reël van ‘n plaasvervanger. Verder het die kerkraad sonder vergoeding onbepaalde langverlof aan Vorster verleen, maar aan Louiza Vorster ‘n maandelikse toelae van 11 pond betaal tot Vorster vrygelaat sou word. Op 15 Julie 1941

---

[28] Vorster was ‘n aktiewe en meelewende lid van die BOPG wat op 22 April 1946 gestig is. Die doel van die BOPG was vierledig, naamlik die behoud en bevordering van kameraadskap, werksverskaffing, insameling van fondse en die versameling van gegewens met die oog op publikasie. Vorster se verduidelking van die OB se ideale word gevind in die gedenkboek: *Agter tralies en doringdraad* waarvan Vorster ‘n mede-redakteur was. Volgens Vorster (1953:ix) lê die betekenis van die gedenkboek nie in “sy histories, maar in sy pedagogiese, in sy toekomsbetekenis. Dit kan en moet die kinders en kindskinders van ons volk besiel.” Die gedenkboek moes “leef en inspireer.”

verneem die kerkraad met leedwese dat die Minister van Justisie, Colin Steyn, nie die straf wat aan Vorster opgelê is gaan verminder nie (Louw 1994:280-288). Ook die Wynbergkommando van die OB het hulle “warm liefde en diepe agting” aan Vorster oorgedra en getuig dat hulle harte uitgaan na die “geliefde eggenoot en klein spruitjie” (PV 1/3/1/20)

Kort nadat Koot Vorster hom aan die gevangenisowerhede oorgegee het, het hy weer siek geword. Die destydse Volkshospitaal, aan die voet van Tafelberg, was vir agt maande Koot se tuiste. Met die hulp van sy vriend en huisdokter, Fransie van Zyl, het Vorster “gesukkel” om te herstel. Hulle twee het saam gedien op die Groot Raad van die OB en Van Zyl het ook die helfte van Vorster se borggeld betaal (Louw 1994:373-375). Van Zyl het ook gereël dat indien die appél nie sou slaag nie, Vorster dadelik geopereer moes word. Met die hulp van Van Zyl het die vyf dae, agt maande in die hospitaal geword (Cronje 1978:14). Die owerhede wou nie glo Vorster is so ernstig siek nie en afgesien van die drie wagte wat, in agt uur skofte, voor sy deur geplaas is om toe te sien dat hy nie ontsnap nie, het hulle hom gereeld geïnspekteer. Vorster vertel dat Colin Steyn onverbiddelik geeïs het dat hy tronk toe moes gaan, maar Fransie het vasgeskop. “As hy in die tronk sterf, eis ek sy lewe van jou” het Fransie die minister gedreig. Later het die owerhede ‘n professor van die mediese skool gestuur om hom te ondersoek. Met kreune op die regte plekke en ‘n suster wat getuig dat hy die vorige twee dae baie gevomeer het, was die professor oortuig. Dit was egter Koot se tandeborsel wat die finale deurslag sou gee. “Ja, man as jy ‘n tandeborsel in jou keel afdruk, kry ‘n mens dit nogal maklik reg”, het Koot later jare vertel (Cronjé 1978:14).

Daar was tye wat Vorster werklik ernstig siek was. In hierdie tyd het hy twee groot operasies ondergaan, maar op 5 Januarie 1942 is Vorster wel ontslaan en moes hy hom by die owerhede aanmeld. *Die Burger* het op 6 Januarie 1942 berig dat ‘n teleurgestelde skare op die stasie gewag het om van Vorster afskeid te neem voordat hy met die trein na Pretoria sou vertrek. Daar was ook ‘n groot aantal lede van die plaaslike OB-kommando. Toe die skare mense Vorster se kompartement leeg vind, was hulle onseker en teleurgesteld, “maar toe die trein uit die stasie beweeg en die leë kompartement langsaam verby beweeg, het die skare drie harde hoera’s vir Vorster toegeroep en volksliedere gesing. Wat in werklikheid gebeur het, was dat meneer De Reuck, die Superintendent van Gevangenis, Vorster, met sy eie motor na ‘n ander stasie voor Belville geneem het, omdat die owerhede gevrees het dat die OB Vorster sou ontvoer. Daar het hy en De Reuck soos twee gewone passasiers gestaan en gesels, voordat hy opgeklim het. Vorster het later vertel hy kon nie anders as om aan hierdie insident terug te dink toe hy jare later een keer dieselfde pad gery het nie, maar hierdie keer in die ampsmotor van sy broer, toe die Minister van Justisie (Louw 1994:377).

Die aankoms in Pretoria-Sentraal was vir Vorster ‘n groot skok. Dit word weerspieël as hy sê: “vir hulle wat met ‘n skoon gewete, hoë ideale en ‘n fiere houding ingekom het, was dit soos te begrype ‘n geweldige skok en ‘n verbysterende ondervinding. Dit het kwetsplekke en littekens gelaat wat altyd weer in bepaalde klimaatsomstandighede swel en pyn. Vir ons manne was die gevangenis verskriklik skokkkend en ‘n monster wat gedurig probeer het om al wat goed en dierbaar is uit die lewe uit te skeur. Die weg van die gevangenis is ‘n pad van vernedering.” Twee dinge het vir Vorster in die gevangenis krag gegee om vas te byt:

i. Hy het vas bly glo dat die Here hom nie gelos het nie. In die tronk het hy hom “verootmoedig voor die Here en genade gevind”.
ii. Hy het ook vas geglo dat hy nie ‘n misdadiger is nie, maar dat hy vir die “skoonste saak en die mooiste ideale gestry en opgeoffer het”.

Vir Vorster was daar wel “salf vir die wond van vernedering” in die gevangenis soos die vriendelike woorde van ‘n Afrikaner bewaarder, stukkies ingesmokkelde biltong, turksvye en druiwe asook die telegram wat hy ontvang het: “As Agab op die troon is, is dit ‘n eer om in sy tronk te sit” (Vorster 1953:125-126; PV 1/3/1/8).

Amptelik was almal in die gevangenis as misdadigers gereken en oor dieselfde kam geskeer. Dit het tot gevolg gehad dat “fynbesnaarde en opgevoede mense” gekonfronteer is met misdadigers wat ‘n blywende negatiewe indruk laat, net soos daardie “eerste bak kool, emmer sop en bak pap.” Die Engelse bewaarders het veral die OB manne met “haat en wrewel” behandel, maar die Afrikanerbewaarders het met “eerbied en toegeeflikheid” gewys dat “bloed kruip waar dit nie loop nie” (Vorster 1953:127).

In die gevangenis het Vorster getrou aan sy roeping, ‘n belangrike rol op godsdienstige gebied gespeel. As die getalle dit regverdig het, het elke denominasie Sondae geleentheid vir ‘n erediens gehad en gevangenis was verplig om een van die dienste by te woon. Behalwe vir die eredienste was daar in die week ‘n byeenkoms vir die Christelike Strewers vereninging. Die politieke gevangenes het die vereninging flink ondersteun, want dit het nie net die dodelike roetine gebreek nie, maar het geleentheid gebied vir selfaktiwiteit, selfondersoek, Bybelstudie en diens aan God. Gedurende 1944 het die OB-manne begin om die Afrikaanse Bybel numeries te ontleed. Veertig man is in drie groepe verdeel wat die hoofstukke, verse, woorde en letters van die Bybel moes tel. Na behoorlike kontrole deur ‘n koördineringskomitee is die inligting op skrif gestel[29]. Die taak het die gevangenes agt maande lank in hulle vrye tyd besig gehou (Vorster 1953:143-145).

[29] Volgens die inligting versamel deur die gevangenis het die Afrikaanse Bybel 1189 hoofstukke, 794 899 woorde en byna 3 000 000 letters. Psalm 117 is die middelste hoofstuk van die Bybel, terwyl

Die eredienste was vir baie gevangenes die gulde geleentheid om stukkies koerant, seep, inligting, maar veral tabak te smokkel (in alle handelstransaksies was tabak die betaalmiddel). Vorster se ervaring was dat die politieke gevangenes se ingesteldheid teenoor godsdiens anders was as die van gewone misdadigers. Hulle het geen "gevoel van minderwaardigheid" gehad nie, omdat hulle in die gevangenes was, nie oor misdaad nie, maar omdat hulle "nie teen die volk wou sondig nie". Hulle kon na eredienste gaan sonder berou oor die dade wat hulle daar gebring het. Die politieke gevangenes was veral gefrustreerd met die kerk. Oor die feit dat so baie leraars apaties gestaan het teenoor die "nood van die volk in sy verknegting", en die feit dat die kerk nie skerp en vinnig genoeg beweeg het om teen die regering se "misdade" in verset te kom nie. Die politieke gevangenes was meestal aktiviste wat radikale en besliste optrede van die kerk verlang het en soms "baie bitter gevoel het teen bepaalde kerkleiers". Dit het dikwels tot harde kritiek gelei en selfs by sommige tot 'n geloofskrisis. Die grootste krisis was rondom die voorsienigheid van God en menige "waaroms" is daar uitgesnik. Vorster se pastorale sorg in die gevangenis was gemik op persoonlike kontak en sielesorg. 'n Besoek in 'n sel het meer beteken as die erediens. Die pastor het die taak gehad om aan die politieke gevangene sin te gee in die onpersoonlike invloed van die gevangenis (Vorster 1953:146-149).

Die nuus dat Duitsland die oorlog verloor het, was vir baie OB-manne 'n verpletterende slag. Sommige was in 'n "donker geloofskrisis gedompel" en ander het "sinies en onverskillig" geword. Die toekoms wat hulle as "gitswart" beleef het, het baie van die OB-manne, onder andere ook Vorster, gedwing om antwoorde in die verlede te soek, "toe was ons nie meer alleen nie. Die voetstappe van die groot De Wet is gehoor – het hy nie sy Psalms in so 'n sel gesing nie? Jopie Fourie was daar – in die tronk kan jy mos die merk sien waar die koeël wat hom vergruis het, die bakstene vergruis het. En so het hulle verbygegaan: die leiers in die vryheidstryd, stryders in die Groot Trek en die fiere figure van die eerste weerstand teen die Empire. Het hulle nie ook verloor nie? Het hulle nie ook hierdie foltering deurgemaak nie? Daarom kon hulle troos." Vorster het uit die geskiedenis van die Afrikaner soveel krag geput dat hy sy kop kon optel (Vorster 1953:130- 131). Saam met baie van sy medestryders het Vorster nie net die toekoms in die oë gekyk nie, maar harder as van tevore gewerk om die Afrikaner se toekoms te verseker.

In hierdie tyd het die ondersteuning van die kerkraad vir Vorster en sy gesin baie beteken (PV 1/3/1/8). Die hegte band wat daar tussen die Vorsters en die gemeente was, word nie

---

Psalm 101:8 die middelste vers is. Die woord "dors" in Psalm 63:2 is die middelste woord van die Skrif" (Vorster 1953:145).

net gesien in die besluit om aan hulle leraar in die gevangenis kersgeskenke te stuur nie, maar ook in die besluit om die kennisgewingborde by De Nieuwe Kerk en Hertzogsaal oor te skilder en dat Vorster se naam daarop sal wees, al weet hulle hy was vir drie jaar uit die gemeente. Die argitek, ene Smit, het ‘n rekening van 27 pond vir sy werk ingedien, maar het die kerkraad versoek word om dit in Louiza Vorster se toelaefonds te stort (Louw 1994:285).

Vorster het nege maande afslag vir goeie gedrag gekry, maar dit het amper in die slag gebly. Hy het ‘n huldigingsdokument wat ‘n mede-gevangene gemaak het en deur ander mede-gevangenes onderteken was, uit die tronk gesmokkel. Die huldigingsdokument vir die OB-leier, Hans van Rensburg, was onder ‘n prent wat op ’n skinkbord geplak was, versteek. Die owerhede wou egter nie die skinkbord laat gaan voordat die OB-wapen in die middel verwyder was nie. ‘n Mede-gevangene het tot Vorster se hulp gekom deur te reël dat ‘n verwyderbare prentjie van die Uniegeboue bo-oor die OB-wapen geplak word. Nadat dit gedoen was, was die huldigingsdokument weer onder die prent versteek. Later toe Vorster in die teenwoordigheid van Hans van Rensburg die skinkbord oopmaak om die huldigingsdokument te oorhandig, het die prent van die Uniegeboue vanself afgeval (Louw 1994:378-379).

5.5 Magister Divinitas

Die gevaarlikste invloed van die gevangenislewe was vir Vorster die “onpersoonlike mag van die stelsel”. Dit was vir hom soos ‘n “geweldige monster wat gedurig poog om die mens van sy wesenlike te beroof, dat net die leë dop, ‘n ontsielde mens daar bestaan”. Hy het ervaar dat die gevangenisroetine die wil van ‘n mens breek, omdat daar in die “verskriklike eentonigheid” geen ruimte vir eie inisiatief is nie. Die lewe in die gevangenis was vir Vorster “kleurloos en geurloos, saai en sieklik, koud en dood”. Die gevangenisowerhede het onder andere geweier het dat “bandiet Vorster” vir minstens ses maande na sy opname geen besoeke of skrywe mag ontvang nie (PV 1/3/1/7). Dit was veral om dié rede dat so baie van “ons manne” studies aangepak het om iets konkreets en nuttig te doen (Vorster 1953:126-130).

Die tyd van afsondering en Koot Vorster se weiering om oor te gee aan die grys moedeloosheid, het vir hom ‘n nuwe akademiese veld oopgemaak. As ‘n “lieflingstudie” het Vorster die gereformeerde kerkreg gekies. Hierdie “lieflingstudie” moet ‘n vakrigting wees waar ‘n leraar “vir ontspanning en liefde sal werk” (Vorster in NGTT 1979:315). Hy skryf in vir die graad M.Div by die PU vir CHO. Vorster se skripsie het gehandel oor *Die kerk en kerkregering van die Voortrekkers.* Dit was veral professore H.G. Stoker en J.D. du Toit, wat onderneem het om verskillende persone te nader

om Vorster se boeke te borg. Professor J.D. du Toit, (ook bekend as Totius, die bekende gereformeerde predikant en Afrikaanse digter), het onderneem om vir Vorster by te staan met ‘n gespesifiseerde leerplan (PV 1/3/1/7). Stoker het ook gereeld met Louiza Vorster kontak gehou tydens Vorster se gevangenisskap en haar gereeld op hoogte gehou van sy vordering en omstandighede (PV 1/3/1/7). Vorster het al sy eksamenvraestelle[30] in die gevangenis geskryf terwyl sy eksaminator H.G. Stoker, self geïnterneer was. Om die rede was Stoker verplig om Vorster se laaste twee vraestelle in die interneringskamp te Koffiefontein na te sien (PV 1/3/1/8).[31] Daar was groot belangstelling in Vorster se gradeplegtigheid op 27 Mei 1944, want dit was ‘n uitsondering dat ‘n predikant ‘n graad, en dit met lof, in die gevangenis verwerf (Potgieter NGTT 1979:273).

5.6 Ontslag

Met sy ontslag was ‘n derdeklaskaartjie aan Vorster uitgereik, wat gewoonlik deur Suid-Afrika se gekleurde bevolking gebruik is. Vorster het egter geweier om dit te aanvaar en sou verkies om eerder in die gevangenis te bly as om ‘n derdeklaskaartjie te ontvang. As ‘n blanke gevangene het Vorster onversetlik aangedring op ‘n tweedeklastreinkaartjie. Die owerhede het toegegee en so het dit gebeur dat Vorster die eerste gevangene in Suid-Afrika geword het wat ‘n tweedeklastreinkaartjie met ontslag ontvang. Vorster het hierdie tweedeklastreinkaartjie na Jamestown, oor Bloemfontein met die reisgeld wat 3 pond 4 sjielings beloop het en wat vir een maand geldig was, deur sy hele lewe soos ‘n kleinood bewaar. Die eerste telefoonoproep wat Vorster op die dag van sy vrylating ontvang het, was van J.D. du Toit, (Totius) om hom geluk te wens (PV 1/2/1/152). Nadat hy onthaal was deur drie OB-generaals, is Vorster eers terug na sy ouerhuis, voordat hy na Kaapstad sou vertrek (Cronje 1978:15).

---

[30] Vorster het drie-uur vraestelle geskryf in die volgende vakke: Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, dogmageskiedenis, Suid-Afrikaanse kerkreg, kerkreg in calvinistiese lande, Nuwe Testamentiese eksegese, kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament, holistiese filosofie en Barthianisme (PV 1/3/1/7).

[31] Professor Stoker (gebore April 1899 in Johannesburg) het na sy skoolopleiding in ‘n Duitse skool gestudeer aan die PU vir CHO en sy MA by die Universiteit van Suid-Afrika verwerf. Hy promoveer in Keulen, Duitsland waarna hy professor in sielkunde en filosofie word. Hy word van 23 Desember 1942-28 September 1943 op Koffiefontein geïnterneer. Stoker was op Koffiefontein die voorsitter van die Boere-Universiteit wat die geïnterneerdes gestig het om hulle positief besig te hou. Dit was ‘n omvangryke organisasie waar die geïnterneerdes selfs eksamens kon skryf. In 1943 is daar 28 vakke aangebied vir 958 studente (D’Oliveira 1977:64-65). Op Koffiefontein het H.G. Stoker ook ‘n vriendskap gesluit met Koot se broer, John Vorster (PV 3/1/2).

Kort voor sy ontslag skryf Vorster aan die kerkraad dat hy hoop om op 14 Augustus 1943 ontslaan te word en dat hy gereed is om sy werk dadelik te hervat. Hy wou egter graag ‘n paar weke verlof neem om sy moeder te besoek en bronne te bestudeer (PV 1/3/1/8). Die versoek word deur die kerkraad goedgekeur en Vorster word die paar weke vakansie sonder vergoeding, toegestaan. Die kerkraad versoek hom egter teen September terug te wees vir die ringsitting. Die kerkraad benoem ‘n kommissie, wat voor die ringsitting met Vorster in gesprek moes tree insake die kerkregtelike posisie tussen hom en die kerkraad. In die kommissie se verslag aan die kerkraad word gerapporteer dat alhoewel hy nie as lid van die OB bedank het nie (en tot sy dood lid van die organisasie gebly het), Vorster beloof het om sy uiterste bes te doen om op so ‘n wyse op te tree dat die eenheid van die gemeente bewaar en bevorder sal word. Daar was geen beswaar dat Vorster die “herderstaf” weer opneem nie en hy was gretig om met sy gemeentewerk te voort te gaan (Louw 1994:288-290) Vorster was dus na sy “lang verlof” van drie jaar terug ontvang in die gemeente (Potgieter 1979:273).

Sommige persone in die Smuts-regering het gevoel dat Vorster direk na sy ontslag geïnterneer moes word. Generaal Smuts het persoonlik ingegryp en dié voorstel verwerp. Vanaf Vorster se ontslag in 1943 tot en met sy dood het Smuts gereeld ‘n donasie vir Tafelberggemeente gestuur. Ten spyte van hulle politieke verskille het Vorster ‘n sagte plek vir Smuts gehad (PV 1/2/1/152).

“Was dit die opoffering werd?” het Vorster gevra. Hy antwoord sy vraag deur te getuig dat die “leerskool” hard en moeilik was, maar ter wille van die vryheid van die Afrikaner was hy bereid om die “hoogste offer” te betaal. Vir Vorster was die beginsel, “Soek my by die dooies, nie by die hensoppers nie”. Deur die jare het daar genesing gekom, alhoewel “iets van die sinisme en teleurstelling egter gebly het” (Vorster 1953:131-132).

5.7 Samevatting

Vorster se betrokkenheid by die OB staan in die teken van sy volksliefde. Vir hom was die OB die draer van die Afrikaner se ideale, veral tydens die Tweede Wêreldoorlog. Tog speel volksidealisme en volksromantiek ‘n deurslagewende rol in Vorster se denke gedurende die tydperk. Wat van groot belang is, is dat Vorster in die tydperk weer besin het oor sy roeping en besef het dat sy toekoms in die kerk lê en nie in die Afrikanerpolitiek nie.

HOOFSTUK 6
STUDENT IN DIE GEREFORMEERDE KERKREG EN AKTUARIUS IN DIE NG KERK 1953-1975

In 1947 word J.D. Vorster deur die Moderatuur van die Kaapse Sinode in die plek van D.R. Snyman as lid van die permanente regskommissie benoem. Met die Kaapse Sinode in 1949 word Vorster as skriba van die regskommissie verkies (NGKSA 1949:334; 1953:228). Tydens die Kaapse Sinode van 1953 word Vorster tot Aktuarius[32] verkies waarin hy die daarop volgende sinodes ononderbroke dien tot 1975 waar hy verkies is as Moderator van die Kaapse Sinode (NGKSA 1953:13; 1957:14; 1961:15; 1965:16; 1969:18; 1973:18; 1975:16). As lid van die Moderatuur van die Kaapse sinode, dien Vorster vanaf 1953 tot 1962 op die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke. Net voor die konstituering van die Algemene Sinode in 1962 is die Federale Raad ontbind. By die eerste Algemene Sinode op 12 Oktober 1962 word J.D. Vorster as Aktuarius verkies (NGK 1962:237). Hy word in 1966 herkies as Aktuarius (NGK 1966:503). Tydens die derde Algemene Sinode word Vorster as Moderator verkies (NGK 1970:38). Gedurende die 22 jaar as Aktuarius onderskeidelik in die Kaapse- en algemene sinodes het Vorster ‘n stempel op baie van die NG Kerk se kerkregtelike sake afdruk.

Ten einde Vorster se invloed op die kerkregtelike ontwikkeling van die NG Kerk gedurende 1953-1975 te bepaal, moet eers vasgestel word wat die wortels van Vorster se kerkbegrip is. As uitvloeisel hiervan word daar gekyk na die ontstaan van *Die Kerkorde* in 1962 en enkele van die kerkregtelike sake waaroor Vorster sterk gevoel het.

6.1 Student in die Gereformeerde Kerkreg

Daar moet met Spoelstra (1991:65) saamgestem word dat hoewel daar van kerkregeringstelsels gepraat word, daar binne ‘n kerk, gegewe die historiese konteks, eerder ‘n bepaalde benaderingswyse na vore kom wat dan “gepositiveer” word in ‘n bepaalde kerkregeringstelsel. Binne die historiese ontwikkeling van die NG Kerk is daar hoofsaaklik

[32] Die Aktuarius (kerkregkundige) in die NG Kerk is uniek aan gereformeerde kerke. Die taak van die Aktuarius in die NG Kerk vanaf 1842-1994 was kortliks: die gee van kerkregtelike en kerkordelike adviese, verantwoordelik vir die redigering en publisering van die kerkorde en belangrike sinodebesluite, die speel van ‘n bepalende rol in die legitimasie van teologiese studente en in sommige gevalle die uitreiking van ‘n Akte van bevestiging (Strauss 1995:421).

drie kerkregtelike tradisies of benaderings wat ‘n invloed op die kerkregering uitgeoefen het naamlik: die kollegialisme, die presbiterianisme en die gereformeerde kerkreg. Al drie hierdie tradisies het al hulle aan die kerk aangebied as ‘n gereformeerde benaderingswyse tot kerkregering.

6.1.2 Kerkregtelike tradisies binne die NG Kerk

6.1.2.1 Die kollegialisme

Dit was die werk van die invloedryke kerkhistorikus Rooyaards wat die kollegialistiese denke in die NG Kerk diepgaande beïnvloed. Rooyaards se *Hedendaagsch Kerkrecht bij de Hervormden in Nederland* word in twee dele (1834 en 1837) in Utrecht uitgegee (Britz 1985:435). Vir Vorster (kb 28/10/1959) was Rooyaards “in sy element” as dit kom by die kollegialisme as kerkregeringstelsel.

As eksponent van die kollegiaslisme stel Rooyaards die sigbare en onsigbare kerk op ‘n filosofiese wyse teenoor mekaar, wat ‘n natuur en genade skeiding tot gevolg het. Hy onderskei tussen die kerk se wese en genootskaplike vorm. Die onsigbare kerk behoort tot die wese van die kerk en is gelyk aan die innerlike onsigbare ryk van God en is dus die ware kerk. Die sigbare kerk kan nie met die onsigbare kerk gelyk gestel word nie, want dit word gevorm uit lede van die ware onsigbare kerk. Die sigbare kerk word verlaag tot vereniging van mense wat uit vrye wil saamkom om bepaalde godsdienstige handelinge te verrig en volgens hulle oortuiginge moet streef na die ware kerk. Die sigbare kerk kan daarom as ‘n samelewingsverskynsel, wat opkom uit die verenigingsreg, goedskiks deur die staat of deur ‘n gemagtigde kerkbestuur georden word tot nut van almal (Jonker 1964:5-7; Britz 1985:435-436). Kollegialisme beskou die sigbare kerk as ‘n vereniging ondergeskik aan die staat. Die reg van die individu tot vrye assosiasie word as ‘n basis vir kerkvorming gebruik. In die sigbare kerk is daar wel van kerkregering en kerkorde sprake, maar dit dien slegs die welwese van die kerk en kan maar goedskiks in die hande van die staat gelaat word wat die individuele vryheid van sy burgers deur wetgewing beskerm. Die sinodale verband doen hom voor as die eintlike gestalte van die kerk en die kerklike bevoegdheid word in die sinode as hoogste gesagsliggaam gesentreer. Die sinode kom hiërargies of sinodokraties oor die plaaslike gemeentes te staan (Strauss 1995:353).

Rooyaards se vertrekpunt is kerksentries wat lynreg staan teen die calvinistiese beskouing van die kerk. Vir Calvyn was die kerk nooit ‘n wetlik omlynde organisasie wat op ‘n konstitusie rus en deur sy amptenare optree nie. As vertrekpunt vir kerkregering neem Calvyn die Christokrasie, met ander woorde die absolute gesag van Christus as hoof van Sy kerk. Christus gebruik dienaars in verskillende ampte om die Woord te bedien sodat die kerk

deur die Woord en Gees universeel en sigbaar plaaslik vergader, gebou en bewaar word. Die grondfout van die kollegialisme is dat daar nie rekening gehou word met die feit dat Christus ook sy kerk geplant het as sigbare ekklesia waarvan die inrigting nie willekeurig is nie (Calvyn 1991:1430-1447; Jonker 1964:8-9). Calvyn (1991:1495-1498) het nie net die skeiding tussen belydenis en kerklike orde afgewys nie, maar eerder die verband tussen die onsigbare en sigbare kerk beklemtoon. ‘n Onskriftuurlike tweedeling sou Christus se soewereine heerskappy oor Sy kerk skade doen en sou tekort doen aan ‘n Skriftuurlike grondslag vir kerk en kerkregering. Vir Calvyn staan die kerk in sy sigbare gestalte nie teenoor die ware kerk nie. Die kerk is die dinamiese byeenkoms van gelowiges waaraan die institusionele aspek die vorm van ‘n ordelike liggaam gee.

Die kollegialistiese kerkbegrip gevoed deur die rasionalisme van die 18e eeu, tree die NG Kerk binne deur die “Provisioneele Kerken-orde” van De Mist 1804. In die kerkorde beskryf De Mist, vanuit die verenigsdenke of kollegialisme, die kerk as ‘n genootskap van gemeentes kragtens sy konstitusie. Hierdeur het die kerk as sentrale vereniging of strukturele liggaam die simbool van kerkeenheid geword. Die kerklike dienste is aan die sentrale bestuur toevertrou sodat die kerk nou die bedieninge kan struktureer (vergelyk Pont 1991:170-198).

De Mist se kerkorde was aanvanklik meestal positief deur die gemeentes ontvang. Vorster (kb 5/4/1961) sien die positiewe reaksie van die NG Kerk as tiperend van die tydsgees, omdat die Bataafse bewind 1803-1806 “te deurdronge was van die rewolusiegees”. De Mist se kerkorde het die kerk nie vanuit die Woord bedink nie, maar maak van die kerk ‘n menslike vereniging wat deur die staat beskerm moet word. Toe die Kaap in 1806 weer onder Britse gesag kom, wat Vorster (kb 5/4/1961:465) “die vreemde moondheid” noem, het die nuwe owerheid deur De Mist se kerkorde die gaping gekry om die kerk “te verkneg”. Die kerk sou eers weer in 1824 in sinodale verband bymekaar kon kom. Vorster (GV 1951:125) wys daarop dat die kerk spoedig gevind het dat die kerkorde van de Mist “soveel tekortkominge het”, dat dit aangevul moet word. Die kerkorde van De Mist is kerklik aanvaar en as “grondwet vir die kerklike orde beskou” (Pont 1991:239). Met dié kerkorde as basis word die 1824-reglemente slegs beskou as ‘n “toevoeging en verfyning” op organisatoriese vlak van die 1804-kerkorde. As basis het die sinode van 1824 die Algemene Reglement van 1816 gebruik wat aan die owerheid seggenskap oor die kerk gee (Vorster GV 1951:125).

Die Algemene Reglement het op sterkte van die 18de eeu se rasionalisme en verenigingsreg baie sterk van die kerksentriese idee uitgegaan dat daar ‘n kerkgenootskap gekonstitueer word. Organisatories is die kerk van ‘n piramide gesagstruktuur voorsien. Die kerk begin oor homself dink vanuit ‘n sinodale struktuur – waarvan die sinode op grond van die kerkwet die

hoogste gesag het en die kerk bestuur word aan die hand van wette en bepalinge.[33] Pont (1991:107) is van mening dat die Algemene reglement van 1816, wat aan die kerk opgedring is in ‘n tydperk van die hoogbloei van die optimisme, rasionalisme, die calvinistiese teologie verbygegaan het. Dit wil voorkom asof die gees van die verligting en verenigingsreg die Kaapse kerk deursuur het en dat die “calvinistiese kerkordelike basis waarop die kerk gestaan het, nie meer bekend was nie” (Pont 1991:239). Tog was dit nie heeltemal die geval nie. Vorster (PV 1/2/1/103) wys daarop dat die kerkorde van De Mist so “onvolledig en gebrekkig was” dat die Kaapse Kerk byna geen keuse gehad het om die DKO as basis te gebruik vir die reëling van sy werksaamhede nie. Vorster (GV 1951:125-128) toon oortuigend aan dat alhoewel die Sinode van 1824 die Algemene Reglement van 1816 as basis geneem het, die sinode nogtans by monde van die voorsitter en scriba die goewerneur gevra het om die DKO te laat druk omdat ‘n “fundamenteel stuk van alle de Regulatiën onzer kerk, waaraan elk onzer gehouden is”.

6.1.2.2 Die Skotse presbiterianisme

Die liberalisme in die Nederlandse Hervormde Kerk het daartoe lei dat die NG Kerk in die tweede helfte van die 19e eeu aansluiting vind by die Skotse presbiteriaanse teologie. Britz (1985:439) toon aan dat J.I. Marais derde professor aan die teologiese Seminaruim in Stellenbosch studeer in Skotland. Ook P.G.J. de Vos, sedert 1883 professor, studeer by die

---

[33] Calvyn (1991:1278) werk met ‘n Christologiese kerkbegrip. Die universele kerk tree deur die werk van die Heilige Gees sigbaar na vore en word vergader in die gemeente rondom die bediening van die Woord, sakrament en tug deur die verskillende ampte. Die bediening van die Woord, sakrament en tug bind gelowiges in geloof en liefde op ‘n bepaalde plek saam en roep hulle tot diens in die koninkryk. Vir Calvyn leef die kerk as volk van God dus onder die voortdurende dinamiek van die koninkryk wat kom en wat besig is om te kom. Calvyn (1991:1265-1272) neem die bediening van die Woord deur die ampte, om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die koninkryk, onder die soewereine koningsheerskappy van Christus as vertrekpunt van sy kerkbegrip. Hierdie bedieninge is gawes van God met die oog op die opbou van elke gelowige sodat elkeen sy roeping in die wêreld kan vervul (vergelyk in die verband ook 1 Korinthiërs 12:28 en Efesiërs 4:1-15). Op grond van die absolute koningskap en soewereine heerskappy van Christus is die sola scriptura beginsel normatief vir alle handelinge van die kerk. Elke vorm van bediening in die sigbare kerk dra Christus se gesag wanneer dit die voorskrif van die Koning bedien soos in Sy Woord en deur Sy Gees gegee . Na analogie van Handelinge 15 kan die ampte met die oog op die opbou en welsyn van die gemeentes in kerkvergaderings bymekaar kom. Dit vorm geen nuwe kerk, geskied nie om die liggaam van Christus te laat realiseer of om ekumenisiteit te demonstreer deur ‘n super kerkstruktuur nie, maar dra gesag op grond van die kwaliteite van die besluite wat aan die Woord getoets word. Sinodes is nie onfeilbaar nie, maar besluite word wel aanvaar in soverre dit nie met die Woord in stryd is nie (Calvyn 1991:1448-1456).

Free Church of Scotland.[34] De Vos het ook sedert 1884 kerkreg as selfstandige dissipline doseer en die boekie *Presbyterianism* van Macpherson as handboek voorgeskryf. Vir meer as 30 jaar is teologiese studente se kerkbegrip hierdeur gevorm (Britz 1985:440). Vorster oordeel dat die "werkie" nie 'n "breë, diepe en volledige uiteensetting van die kerkreg bied nie", en alhoewel die "werkie nie eers van Voetius kennis geneem het nie" meen hy tog dit is "suiwer" (Vorster kb 28/10/1959:664-681).

Vorster (PV 1/2/47/2) het groot waardering vir die Skotse invloed gehad, alhoewel hy nie raakgesien het dat die Skotse presbiterianisme sekere raakpunte gevind het met die sentralisering en hiërargie van die kollegialisme. Die aksent op die eenheid van die kerk en die bediening aan die hand van 'n "groot aantal stelreëls" pas in by die "korporatiewe genootskapsidee van die kerk" (Britz 1985:439-442). Vanweë die sterk Nederlandse oriëntering kon die groot aantal Skotse calviniste wat sedert 1820 die NG Kerk binnegekom het, nie konsekwent sy invloed laat geld nie, tog het hulle die NG kerk se kerkregtelike ontwikkeling in sekere opsigte bepalend beïnvloed (Strauss 1995:354).

Presbiterianisme neem sy kerkregtelike vertrekpunt uit die sigbare kerk en verabsoluteer dit. Die sigbare kerk is die instelling van regering, ordinansies, ampsdraers met statiese kenmerke soos 'n wetlik omlynde liggaam. Die kerk kan bestaan uit regeerders en diegene oor wie regeer word, soms kan enige van dié twee kerk genoem word. Die onverskillige gebruik van die woord kerk, maak kerkbegrip van die Skotse presbiterianisme "swewend" (Spoelstra 1991:60-61). Die woord kerk kan gevolglik, volgens Spoelstra (ibid.) die volgende aandui of verteenwoordig:

i. Amp.
ii. Strukture vir kerkregering.
iii. Kerkvergaderings.
iv. Denominasie.
v. Identiteit van die gemeente.
vi. Hele liggaam of universele kerk van gelowiges.
vii. Sigbare belyers van geloof.
viii. 'n Gemeente wat godsdiens op 'n bepaalde plek beoefen.
ix. Gemeentes onder gemeenskaplike kerkregering.

[34] Vir Vorster (PV 1/2/1/105) was Free Church of Scotland die "mees gereformeerde kerk in die wêreld."

Waar Calvyn (1991:1317-1334) die dienswerk van die ampte onder soewereine heerskappy van Christus deur Sy Woord en Sy Gees eerste stel, plaas die presbiterianisme die kerk as bepaalde, objektiewe, wetlik omlynde instituut met sy vergadering van ouderlinge, in ‘n bepaalde gebied. Presbiterianisme ontneem die amp van ouderling sy Bybelse karakter en die plaaslike gemeente sy selfstandigheid as ecclesia completa. Wanneer die kerk as organisatoriese eenheid verabsoluteer word en die sinode sinodokraties oor die plaaslike gemeente te staan kom, word eenheid verwar met eenvormigheid. Op “elke punt van leer, liturgie en lering” word eenvormigheid op die plaaslike gemeente “afgedwing” om die eenheid te demonstreer (Spoelstra 1991:65-66). Die filosofiese onderskeiding tussen natuur en genade vind neerslag waar die kerk as instituut objektief teenoor die gelowiges te staan kom. Dit het tot gevolg dat daar onbybels gepraat word van ons gaan kerk bou, kerk en sy mense, die kerk doen nie sy werk nie, die kerk se ampte, die kerk se werk, die kerk se prediking, die kerk se belydenis en ons gaan kerk bou.

Vanuit die juridiese, kerksentriese vertrekpunt glo die presbiterianisme dat die kerk as vereniging die mag van Christus moet verteenwoordig deur kerklike wette. Die kerk het ampsdraers wat namens die kerk optree. Lede van die vereninging delegeer hulle mag na die besture van ampsdraers. Predikante is, anders as ouderlinge, staande lede van alle kerklike howe. Die sinode as die hoogste hof, sou die hele kerk verteenwoordig. Sonder predikante kan geen “kirksession, presbytery of general assembly” wettig saamkom nie. Die aanwesigheid van ouderlinge is wenslik maar nie noodsaaklik vir die samestelling en werking van die “kerklike howe” nie. (Spoelstra 1991:63). Die kerklike howe as hoogste gesag vir “wetgewende, uitvoerende en regsprekende funksies” se taak word deur ‘n konstitusie (kerkorde) omskryf en “hoër” kerklike vergaderings kan oor enige saak vir “laer” vergaderings besluite neem (Spoelstra 1991:64).

6.1.2.3 Gereformeerde kerkreg soos vertolk deur B.B. Keet

By professor B.B. Keet het Vorster sy liefde vir die kerkreg as teologiese vak geleer (Vorster 1956:1). “Keet het met besondere helderheid en prinsipiële belyndheid die kerkreg doseer” (Vorster kb 28/10/1959; Vorster PV 1/1/6/1/1). Omdat B.B. Keet vir Vorster die grondslag gelê het vir sy verdere kerkregtelike studies word daar kortliks na die kerkregtelike uitgangspunte van B.B. Keet gekyk.

Keet se kerkbegrip was gevorm deur Abraham Kuyper. Na die Tweede Vryheidsoorlog was Keet een van die eerste teologiese studente wat sy weg gevind het na die Vrije Universiteit van Amsterdam met sy “uitgesproke gereformeerde benadering in ‘n neo-calvinistiese sin” (Britz 1985: 444). By die Vrije Universiteit is ook die kerkreg “Skriftuurlik en prinsipieel

benader in noue aansluiting by die gereformeerde ortodoksie. Kenmerkend hiervan is die beroep op Voetius, die Dordtse Sinode en Calvyn as simbole van gereformeerde regsinnigheid" (Britz 1985:447). Keet het hom toegelê op die Dogmatiek onder leiding van H. Bavinck, Etiek onder leiding van W. Geesink en Kerkreg onder leiding van H.H. Kuyper (Hanekom 1965:132). Keet het in die NG Kerk in die vroeë twintigste eeu 'n eksponent word van die gereformeerde kerkreg soos geïnterpreteer deur die Amsterdamse neo-Calviniste.

By die sluiting van die teologiese Seminaruim in 1924 kom Keet met sy "helder denke, presiese woord, besadigde oordeel, weloorwoë mening en simpatieke toeganklikheid" aan die woord (Hanekom 1965:135). Hy gaan vanuit 'n prinsipële standpunt as hy die onderwerp: "*Na honderd jaar, de Regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de Gereformeerde beginselen getoetst*." Die lesing van Keet het die "skoolvoorbeeld" geword van die nuwe kerkregtelike denke binne die NG Kerk (Britz 185:444). As dogmatikus wat prinsipieel oor die kerkreg en kerkregering wou dink, stel Keet die gereformeerde kerkbegrip skerp teenoor die kollegialisme van die negentiende eeu. Die neo-calvinisme se invloed op Keet se kerkregtelike denke word duidelik as hy kerkreg op die vlak van die welwese van die kerk plaas. Keet gebruik ook Kuyper se onderskeiding van die kerk as organisme en instituut. Kerkregering en kerkreg staan vir hom in verband met die ampte, bedieninge, vergaderinge en verhoed anargisme. Hy neem die plaaslike gemeente as komplete kerk as vertrekpunt vir sy kerkbegrip en sien meerdere vergaderings as samekomste van gemeentes/kerke. Die kerkraad is vir Keet die enigste bestuur in die kerk omdat dit optree kragtens die gesag van die amp, terwyl meerdere vergaderings slegs 'n afgeleide gesag het. Die kerkverband neem bindende besluite kragtens die eenheid van die liggaam van Christus en op grond van die vrywillige ooreenkoms tussen deelhebbende gemeentes ten opsigte van die belydenis, liturgie en kerkregering (Keet 1925:26; 1963:17). Keet se standpuntstelling het gelei tot 'n ernstige gesprek tussen hom en die Kuratorium oor sy siening van die kerkreg wat nie in lyn is met die "gangbare opvatting van die kerkreg" nie. Keet het hom egter met "oortuiging en besondere talent verantwoord in 'n helder uiteensetting van die verskillende stelsels van kerkregering". Na indringende gesprek het die Kuratorium tot die slotsom gekom dat daar geen prinsipiële verskille bestaan nie (Hanekom 1965:135).

6.1.2.4 Gereformeerde kerkreg soos vertolk deur J.D. Vorster

Behalwe die invloed wat B.B. Keet op sy kerkregtelike ontwikkeling gehad het, verwerf Vorster sy meestersgraad onder leiding van van H.G. Stoker, 'n eksponent van die neo-calvinisme in eie reg. In sy M.Div-skripsie wat handel oor *Die kerk en kerkregering van die Voortrekkers*, toon Vorster aan dat die Voortrekkers met hulle trek uit die Kaapkolonie in 1837 ook bande gebreek het met die NG Kerk in Kaapland en daarmee saam ook met De

Mist se kerkorde. Die kerk wat hulle gestig het, was ‘n gereformeerde kerk “ge-oriënteer na Holland, gegrond op die Drie Formuliere van Enigheid en die kerkorde van Dordt” (PV 1/2/41/2/1). Op dié spoor het hy verder gegaan in sy doktorale studie onder leiding van professor J.P. Jooste verbonde aan die Gereformeerde Teologiese Skool van Potchefstroom (Vorster 1956:1). In sy proefskrif, *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanje 1652-1792*,[35] doen Vorster moeite om “onomstootlik te bewys” dat die DKO in praktyk die “vigerende kerkorde” vir die Kaapse Kerk was. Dit het tot gevolg gehad dat die Classis van Amsterdam waaronder die Kaapse kerk geval het, steeds oor die suiwerheid van die kerk se leer en regering gewaak het, met die gevolg dat die presbiteriaal-sinodale kerkregtelike stelsel soos uit die DKO ontwikkel, aan die Kaap gehandhaaf is (Vorster 1956:136). Vorster toon in sy proefskrif die noue verband wat daar was tussen die Nederlandse Hervormde Kerk, wat hy konsekwent die “moederkerk” noem en die Kaapse kerk. Selfs al het die Kaapse bevolking bestaan uit “Hollanders, Franse en Duitsers” en al het die VOC die Kaapse Kerk onder die “Indiese kerke” gereken, het die Kaapse kerk sy geestelike ankers bly soek en vind by die “moederkerk”. Dit was veral in Nederland waar Calvyn se beginsels vir die regering van die kerk saamgevat en uitgebou is tot een van “die skoonste kerkordes” (Vorster 1956:12-13).

Vir Vorster wou ‘n gereformeerde kerkorde in lyn met die DKO niks anders doen as om op ‘n eenvoudige saaklike, sober wyse die deur wawyd oopmaak vir die alleenheerskappy van Christus oor sy kerk nie. Die DKO gee vir Vorster “‘n bondige uitdrukking aan eietydse verstaan van identiteit op die basis van gemeenskaplike belydenis van die waarheid”. Die DKO gee ook “vastheid, orde en leiding” deurdat dit die beginsels van die Skrif vir kerkregering ontwikkel (Vorster kb 28/10/1959:664). Die DKO bevat vir Vorster (1956:12) Skrif- en belydenisgegewens wat breër in ‘n kerkorde uitgewerk is. Die DKO was vir Vorster die basis van ‘n skriftuurlike en konfessionele verantwoordering oor die praktiese realisering van kerklike lewe. Hierdie verbondenheid aan die DKO is een van die kenmerke van die neo-calvinistiese kerkbegrip (Du Toit 2002:222). Dit was nie vir Vorster, met sy gebondenheid aan die Skrif en gereformeerde belydenis, vreemd om die kerk se diens en opbou met die begrip orde te verstaan nie. ‘n Kerkorde in gereformeerde sin was vir Vorster niks anders as ‘n eietydse verantwoording van die kerk se lewe onder die heerskappy van Christus en die lig van die Woord en belydenis. Alhoewel ‘n gereformeerde kerkorde ooreenkomstig sy doel “meer tydelik en plaaslik bepaald” is, is dit nie soos die belydenisskrifte “’n samevatting van Gods Woord wat bepaling vir bepaling oral en altyd deur die gemeente aanvaar moet word

[35] Vorster ontvang sy doktorsgraad op Saterdag 10 April 1954 by PU vir CHO (Vorster PV 1/2/1/149).

nie". Die belydenisskrifte, en veral die NGB, bied vir Vorster 'n konfessionele basis vir die kerkregering "waaraan ons ons moet hou sonder reserwe of verwatering" (PV 1/2/1/103).

As eksponent van die neo-calvinistiese kerkreg het Vorster sy kerkregtelike beskouing gestel teenoor die Roomse kerkbegrip en die kollegialisme (Vorster GV 1951:123; kb28/10/1959; NGTT 1960:15). Verder het Vorster hom voortdurend op Kuyper en Bouwman beroep as stawing vir sy kerkregtelike standpunte terwyl hy 'n groot affiniteit vir F.L. Rutgers vertoon het (Vorster 1956:137-140; NGTT 1960:16-17). Die invloed van die neo-calvinisme op Vorster se kerkregtelike denke word gesien as hy die plaaslike gemeente as vertrekpunt vir sy kerkbegrip neem. Omdat God 'n God van orde is, bou Hy 'n kerk, 'n gemeente as 'n "pilaar van vastigheid van die waarheid" (Vorster PV 1/2/1/105). Die neo-calvinisme se invloed op sy kerkregtelike denke word ook duidelik in sy beskouing van die kerk se plek in die samelewing. In neo-calvinistiese taal verduidelik Vorster (kb 4/4/1961:462) dat die kerk as 'n georganiseerde liggaam in "*eie kring 'n selfstandige bestaan"* moet voer (kursivering DJL). Alhoewel die bestaan van die kerk nie van die staat afhanklik is nie, is die kerk noodwendig onderherwig aan "wetteregtelike bepalings wat van die owerheidsweë van tyd tot tyd op die kerk van toepassing verklaar is." In neo-calvinistiese taal het die kerkorde vir hom slegs te doen met die "welwese van die instituut" (PV 1/2/1/105). So kan die ware kerk aan artikel 29 van die NGB beantwoord sonder om na die mense te vra. Mense kan hulle by die instituut voeg of hulle daaraan onttrek. Deur die onbybelse onderskeid, tussen wese en welwese, instituut en organisme het die kollegialisme 'n vastrapplek binne die gereformeerde kerkreg gekry. Die teenoor mekaar stel van onsigbaar en sigbaar, organisme en instituut, lei ook tot die onbybelse siening dat die kerkreg slegs te doen het met die welwese en niks te doen het met die wese van die kerk nie.

As kind van sy tyd kon Vorster nie heeltemal loskom van die kollegialistiese en Skotse presbiteriaanse tradisie van die NG Kerk nie. Dit word die beste gesien in sy advies as Aktuarius van verskillende sinodes aan kerkrade en lidmate. Vorster het sedert 1953 tot 1975 'n rubriek in *Die Kerkbode* hanteer, naamlik *Wat sê die kerkwet?* en later: *Wat sê die Kerkorde?* Uit die rubrieke wat strek oor 'n tydperk van 22 jaar is dit duidelik hoe die NG Kerk in praktyk bykans elke praktiese saak wou bepaal, reglementeer of wag vir sinodale besluite. Uit die rubrieke is dit duidelik dat die eenheid in eenvormigheid in die kerk 'n behoefte was van die leraars sowel as lidmate. Klassieke voorbeelde waaroor Vorster moes verduidelik wat "die kerkorde sê", was:

i. Voorskrifte oor kleredrag en spesifiek manelle, asook die kleur daarvan (Vorster kb 8/1/1964; 3/4/1974).
ii. Wat mag die leraar van die kansel afkondig (Vorster kb 24/5/1972).

iii. Moet ‘n toga op huisbesoek gedra word (Vorster kb 20/12/1972).
iv. Die verloop van die liturgie in die erediens (Vorster kb 5/4/1967).
v. Wyn of druiwesap by die nagmaal (Vorster kb 15/2/1967).
vi. Mag die troumars gespeel word (Vorster kb 5/4/1967).
vii. Hoeveel keer moet ‘n leraar ‘n jaar huisbesoek doen (Vorster kb 10/7/1968).
viii. Lidmate se gesindheid teenoor die Christelike Instituut en die Vrymesselaars (Vorster kb 8/1/1964; 6/12/1967).
ix. Moet die doopouers met die lees van die formulier in die bank sit of voor die kansel staan? (Vorster kb 26/3/1969).
x. Mag die kerkraad beswaar aanteken oor die doopname van kinders (Vorster kb 19/1/1966).
xi. Mag kollektes op ‘n Songdag getel word (Vorster kb 18/5/1966).

Vorster het gepoog om die praktiese vrae prinsipieel te antwoord vanuit die verskillende sinodes se kerkordes en reglemente. Alhoewel hy het telkens aangetoon dat elke kerkraad die reg het om in baie gevalle self besluite te neem oor die praktiese sake, was die deurlopende goue reël tog vir hom om maar liefs by die ou gebruike te hou word totdat die algemene sinode daaroor besluit. Die gevolg was dat by elke Algemene Sinode sedert 1962 het die kerkorde dikker en dikker geword deur regelemente en bepalinge wat bygekom het. Die dikkerwordende kerkorde staan in die teken van sindokrasie en ‘n kerksentriese kerkbegrip. Kort voor lank was meer as Woordbeginsels, soos vervat ‘n bondige kerkorde nodig, om die eenheid in die NG Kerk ordelik te handhaaf. Bepalings en reglemente word nodig om die eenheid in eenvormigheid te help stipuleer. Geen afwyking van die kerkorde en sinodale besluite word verdra nie, selfs al kom die geloofsinhoud nie ingedrang nie. Dit grens aan ‘n “kerkregtelike fundamentalisme” (vergelyk Spoelstra 1991:72-73; Britz 1985:448-451).

6.2 Die herstel van die NG Kerk se sinodale verband in 1962

Die een baken wat vir Vorster uitgestaan het na 44 jaar se bediening in die NG Kerk, was sy betrokkenheid by die herstel van die algemene sinodale verband in 1962. Hy sou later sy betrokkenheid by die gebeure beskryf “as die grootste verdienste van my lewe” (Cronje 1978:15).

6.2.1 Vorster se hersiening van die Wette en Bepalings.

Onbewus van wat die toekoms vir hom inhou, het Vorster se betrokkenheid by die totstandkoming van een algemene sinode en die daarstelling van ‘n gemeenskaplike kerkorde vir die NG Kerk reeds in 1953 begin. Een van die eerste take wat Vorster as nuutverkose Aktuarius moes aanpak was, om die Kaapse sinode se besluit uit te voer om die

Wette en Bepalings, te hersien (NGKSA 1953:412). Die permanente regskommissie bestaande uit: B.B. Keet, H.J. Strauss, J.J. Wasserfall, J.H. Conradie, T.N. Hanekom , W.A. Landman, D.P.M. Olivier en D.P.M. Beukes, moes onder leiding van die nuwe Aktuarius J.D. Vorster die opdrag voltooi (NGKSA 1953:102-103,116,530).

Vorster het die geleentheid aangegryp om die *Wette en Bepalings* wat byna ‘n eeu saam met die Kaapse kerk kom, aan die hand van die DKO te hersien. As die *Wette en Bepalings* en die *Bepalings en Reglemente van 1957* met mekaar vergelyk word, is die nuwe Aktuarius se invoed duidelik sigbaar. Die benaming *Wette en Bepalings* wat sedert 1843 kom, word verander na die *Bepalings en Reglemente van 1957* en die inhoud was ook herrangskik om uitdrukking te gee aan die gereformeerde kerkregtelike beginsels.

Die *Wette en bepalings* begin getrou aan die kollegialistiese tradisie by die grondwet, die kerkraad, ring en sinode, die vorming en toelating tot evangeliebediening, die kerklike opsig en tug, die sending, armsorg, die besondere werksaamhede van die kerk, die fondse en beheer daarvan, reglemente, vorms en bylaes. Daarteenoor begin die *Bepalings en Reglemente 1957* in lyn met die DKO by die belydenis van die kerk, die ampte van die kerk, die kerkverband, die bediening van die Woord en die sakramente, die kerklike opsig en tug, besondere werksaamhede , die fondse en beheer daarvan , reglemente en ander bylaes. Kleynhans (1971:143-145) meld dat daar veral twee grondveranderings was toe die *Wette en Bepalings* “omgewerk, herrangskik, verbeter en uitgebrei” is:

i. Die sinode het die stemreg by die verkiesing van kerkraadslede van nuwe gemeentes aan die gemeente gegee. Dié verandering onderstreep die gereformeerde beginsel dat die plaaslike gemeente komplete kerk is.
ii. Artikel 135 meld dat naas die rings- en sinodaleverband, daar ook ‘n federale- en ekumenieseverband is (NGKSA 1957:30-31).[36] Hiermee word die grond voorberei vir een algemene sinode.

Alhoewel die hersiening van die *Wette en Bepalings* nie heeltemal loskom van die kollegialistiese tradisie nie, was dit vir Vorster ‘n belangrike stap in die rigting van ‘n

[36] Die NGKSA staan in federale verband met die ander NG kerke in Suid-Afrika. Hierdie verband kom tot uitdrukking in die gemeenskaplike geloofsbelydenis, kerkregering, liturgiese formuliere, Bybelvertaling, Psalm- en Gesangboek, opleiding van bedienaars van die Woord, wedersydse erkenning van legitimasie van leraars en lidmaatskap. In artikel 136 word die ekumeniese verband verduidelik: Die NGKSA begeer om in gemeenskap te lewe met ander kerke van gereformeerde belydenis en voorts met alle protestantse kerke wat uit die Hervorming voortkom en in leer en lewe die beginsels van die Heilige Skrif wil handhaaf”.

gereformeerde kerkorde. Hy getuig “die jongste hersiening van die *Bepalings en Reglemente* van die Kaapse Kerk is, selfs na sy vorm en indeling, op die lees van die DKO geskoei” (Vorster NGTT 1960:13) Vir hom was die hersiening van die *Wette en Bepalings* ‘n noodsaaklike oefenlopie wees in die opstel van die nuwe kerkorde vir die herstelde sinodale verband. Hier het hy die geleentheid gehad om die akademiese teorie van sy doktorsgraad in kerkreg by die praktyk van kerkreg uit te bring en die beginsels van die DKO waarvoor hy in sy proefskrif gepleit het in die praktyk te laat geld.

Die waardering vir die erns en deeglikheid waarmee die kommissie sy werk gedoen het, word gesien in die voorstel van G.J.S. Möller in 1957 dat die sinode het “diep onder die indruk gekom van die reusewerk” wat deur die kommissie en “in besonder die Aktuarius onderneem is”, om die *Bepalings en Reglemente* op so ‘n “deeglike wyse om te werk te herrangskik, uit te brei en te verbeter” (NGKSA 1957:43).

6.2.2 Ordonnansie 7 van 1843 sneuwel

Dit was vir Vorster ‘n lewensideaal om die vier onafhanklike Nederduits Gereformeerde Kerke verenig te sien in ‘n sinodale verband. Vorster (kb 5/4/1961:464) was natuurlik reg as hy sê *Ordonnansie 7 van 1843* was die “direkte oorsaak” wat tot die skeiding van die verskillende NG kerke in Suid-Afrika bygedra het.

Op grond van *Ordonnansie 7 van 1843* het dit die “liberaliste” in die Kaapse Kerk geluk om die gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie sittingsreg in die sinode te ontsê. Die skeiding in sinodale verband wat so ontstaan het, was nie vrywillig of begeer nie, maar met behulp van die hooggeregshof, in die bekende Loedloff-saak, aan die NG Kerk opgedring. Binne vier jaar was die NG Kerk in nog drie sinodes verdeel, maar die verskillende sinodes het die “eenheid in belydenis en wyse van kerkregering gehandhaaf”. Die ordonnansie is misbruik deur dit aan lidmate van die noordelike republieke voor te hou dat hulle weer onder Britse gesag sou kom as hulle aan die NG Kerk behoort met “skadelike gevolge vir kerk en volk”. Die NG Kerke het die bestaan van aparte sinodes op grond van *Ordonnansie 7 van 1843* nie gelate aanvaar nie. Na die Tweede Vryheidsoorlog en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika het daar weer nuwe pogings ontstaan om die NG kerke wat een is in belydenis en kerkregering nouer by mekaar te laat aansluit maar het telkens misluk. Die NG kerke het besluit om te federeer en in 1907 word die Raad van Kerke gestig (Vorster kb 5/4/1961: 463-464).

Met die aanloop tot die herstel van die sinodale verband van die NG Kerk moes dieperliggende vrae beantwoord word soos: moet die tradisionele kerkwette met sy wortels in

die kollegialisme deur ‘n kerkorde in lyn met die Dordtse tradisie vervang word en moet *Ordonnansie 7 van 1843* na meer as ‘n eeu herroep word? Die antwoorde was belangrik vir die begeerte van die NG Kerk om sy kerkverband te herstel, want bly die ordonnansie staan, sou “streeks- of provinsiale sinodes nie ingestel kon word nie” (Kleynhans 1971:139). As Vorster 1951 *Die Gereformeerde Vaandel* redigeer laat hy professor D. Lategan skryf oor *Ordonnansie 7 van 1843: sy waarde en betekenis vir ons tyd* (GV 1951:130-138). Die kerkwette met hulle oorlaaide detail was vir Vorster allesbehalwe ‘n kerkorde in die gereformeerde sin. As uitgesproke voorstander van die DKO met sy “twee onmisbare beginsels vir gereformeerde kerkregering, naamlik die Woord van God en koningskap van Christus” wys Vorster (NGTT 1960:13) daarop dat die Kaapse Kerk reeds in 1824 die staat versoek het dat die DKO as “een fundamenteel stuk van alle de Regulatiën onzer kerk” gedruk en versprei moet word. Ten spyte van die feit dat die kerk deur staatsoorheersing wette en bepalings opgelê is, het die NG Kerk haar wil getoon om ooreenkomstig die beginsels van die DKO haar kerkregering in te rig. Daarvan getuig die “hersiening na hersiening” van die Wette en bepalinge waarvan die DKO die norm was (ibid.).

Natuurlik was Vorster nie die eerste en enigste persoon in die NG Kerk wat teen *Ordonnansie 7 van 1843* geprotesteer het nie. Vanaf 1907 het die Raad van Kerke bykans by elke vergadering gepoog om die sinodale band te herstel en telkens gestruikel oor die ordonnansie (Vorster NGTT 1960:14-15; Kleynhans 1974:148). Tog was dit vir Vorster beskore om die persoon wees wat ‘n einde maak aan die eeue oue twispunt in die Kaapse Kerk. Op Maandag, 21 Oktober 1957, is Vorster oor die ordonnansie in die Kaapse Sinode aan die woord. As Aktuarius stel hy voor dat die Kaapse Sinode die nodige stappe sal neem om *Ordonnansie 7 van 1843* te herroep. Die Kaapse Sinode van 1957 het die voorstel van Vorster eenparig aangeneem (NGKSA 1957:42;514; PV 1/1/3/1/3).

Alhoewel dit “volkome waardeloos” was vir die leer, organisasie of regering van die Kaapse Kerk was die ordonnansie nogtans ‘n wet en moes dit as verouderde wetgewing deur die volksraad verwyder word (Van der Watt 1987:10). Op 3 Maart 1961 was die private wetsontwerp by die volksraad ingedien deur advokaat Jan Haak. Voor die gekose komitee van die Volksraad het A.J. van der Merwe en J.D. Vorster, onderskeidelik Moderator en Aktuarius van die Kaapse sinode, verskyn om getuienis ten bewyse van die wetsontwerp te lewer. “Op ‘n deeglike en uiters verantwoordelike wyse het doktor Vorster die standpunt van die kerk gestel en ‘n duidelike uiteensetting gegee van die oorwegings ten grondslag van die sinode se besluit om hierdie private wetsontwerp aan te vra” (Van der Watt 1987:13). Verder was dit bloot ‘n formaliteit en die Volksraad het die wetsontwerp in ‘n rekordtyd sonder enige teenstand aangeneem. Die ordonnansie wat in “sy 118-jarige bestaan soveel beroering

veroorsaak het en sulke verreikende gevolge gehad het vir kerk en volk het ‘n stille en maklike uitvaart gehad” (Vorster kb 5/4/1961). Die weg was nou geopen vir die Kaapse sinode om op die basis van ‘n gemeenskaplike kerkorde met die ander NG sinodes in een sinodale verband te tree.

6.2.3 ‘n Gemeenskaplike kerkorde vir die NG Kerk, 1962

Die Federale Raad besluit in 1955 om die kommissie vir Aktuarii opdrag te gee om ‘n kerkorde op te stel in oorleg met die kommissie vir kerkvereniging (Raad van Kerke 1955:90). Op Vorster se voorstel rapporteer die kommissie van Aktuarii 1957 terug aan die Raad van Kerke dat hulle besluit het om nie ‘n nuwe kerkorde op te stel nie, maar eerder aandag te skenk aan die hersiene kerkorde van die Gereformeerde kerke in Nederland soos aanvaar deur die Generale Sinode van Assen in 1957[37] (Raad van Kerke 1957:73-74). Die voorstel het dadelik byval gevind, want minstens drie van die vyf lede van die kommissie van Aktuarii was ondersteuners van die neo-calvinisme naamlik, J.D. Vorster, as voorsitter, L.E. du Toit en F.N. van Niekerk (Strauss 1994:8). Die Federale Raad het sy instemming hiermee betuig en het die kommissie versoek om by die volgende vergadering ‘n konsep kerkorde voor te lê wat kan dien as basis vir kerkvereniging. Die brandpunt was egter die verhouding tussen die verskillende sinodes: “provinsiaal en nasionaal”, asook die magte en bevoegdhede van die sinodes (Raad van Kerke 1957:37). By die volgende vergadering op 20-22 Mei 1959, in Bloemfontein het die kommissie van aktuarii ‘n konsepkerkorde voorgelê as basis vir kerkvereniging (Raad van Kerke 1959:120-122). D.J. Louw (kb 2/1982) Aktuarius en latere Moderator van die Vrystaatse kerk, wat self by die proses betrokke was, getuig dat die konsepkerkorde hoofsaaklik Vorster se werk was. Alhoewel die verskillende hoofstukke verdeel was tussen die kommissielede het Vorster waarskynlik die eerste vier hoofstukke opgestel en as voorsitter van die kommissie die ander hoofstukke geredigeer[38] (NG Kerk

---

[37] Tydens die opstel van die konsepkerkorde was die kommissie nou geskakel met die GKN om kerkregtelike knelpunte in die kerkorde op te klaar. Vrae wat voorgelê was, was byvoorbeeld: Wat is die bevoegdheid van sinodale deputaatskappe? “Dreineer hulle nie die inisiatief van plaaslike gemeentes nie? Moet lede slegs predikante wees of kan dit ook lidmate wees?” (vergelyk PV 1/1/3/1/6).

[38] F.N. van Niekerk van Natal het hoofstukke vyf en ses opgestel. Hy en Vorster het verskil oor minstens twee kerkregtelike uitgangspunte. Van Niekerk wou die besluite oor ekumeniese betrekkinge in die hande van die verskillende streeksinodes lê, veral omdat Natal en die Vrystaat nie lid was van die WRK soos die Kaapse- en Transvaalse sinodes nie en die “kleiner” sinodes bang was vir oorheersing. Vorster was van mening dat besluite oor ekumeniese betrekkinge by die algemene sinode tuishoort. Vorster en Van Niekerk het ook verskil oor die toepassing van die tug. Volgens Vorster wou Van Nekerk tug in ‘n “burgerlike gees” toepas en nie met “vaderlike sorg” nie. Sonder om

1983:269; Vorster PV 1/1/2/2/2). Die konsepkerkorde is deur die raad goedgekeur en na die verskillende sinodes verwys met die versoek om wysigings vir oorweging en finale beslissing aan die konvensie wat die algemene sinode sou voor af gaan, voor te lê. Daar was ook besluit dat J.D. Vorster en F.E. O'Brien Geldenhuys in adviserende hoedanigheid die verskillende sinodes sal bywoon (Raad van Kerke 1959:124).

Die hersiene kerkorde was vir Vorster (NGTT 1960:13) niks anders "as die Dordtse Kerkorde aangepas aan die eise van ons dag". Vorster (NGTT 1960:17-18) maak 'n punt daarvan om klem te lê op die Dordtse wortels van die nuwe konsepkerkorde, want vir Vorster bly die DKO "as klassieke uidrukking van die gereformeerde beginsels van kerkregering" die maatstaf. Die konsepkerkorde is nie onverwags en "soos 'n vondeling kindjie voor die deur van die kerk neergelê nie", maar was vir Vorster (NGTT 1960:17) "'n natuurlike vrug..., 'n logiese gevolg..., 'n sluitsteen..., 'n verwagte klimaks" in die kerkregtelike ontwikkeling van die NG Kerk.

Vir Vorster (NGTT 1960:17) lê die betekenis van die voorgestelde gemeenskaplike kerkorde in die volgende:

i. Omdat die konsepkerkorde gebaseer is op die DKO, openbaar dit die gereformeerde karakter van die kerk en spreek dit van sy trou aan die beginsels van kerkregering wat ontleen is aan die Woord.
ii. Omdat die DKO "aangepas is by die eise van ons dag" het dit vir die NG kerk lewend geword in die praktyk van sy kerkregering.
iii. Die nuwe kerkorde sal die "bindende kerkorde vir die kerk" wees, en daarom sal die huishoudelike reglemente van die streeksinodes die kerkorde as norm gebruik.
iv. Hierdie kerkorde "verenig die kerke wat nog altyd organies een is, maar wat deur hofbeslissings verplig was om organisatories afsonderlik te leef en te werk".

Op 12 Oktober 1962 is die nuwe kerkorde vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk goedgekeur. By dié geleentheid ontbind die Raad van Kerke en die sinodale verband word na 100 jaar herstel (NGK 1962:232). Dit was 'n "gevoelvolle en onvergeetlike historiese gebeurtenis" toe die konvensie op grond van die goedgekeurde kerkorde oorgegaan het tot die stigting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Van der Watt 1987:15). Dit is interessant om daarop te let dat J.D. Vorster met sy fyn aanvoeling vir die kerkgeskiedenis die uitdrukking "kerkvereniging" afwys en eerder verwys na die

---

dit verder te kwalifiseer, het Vorster duidelik verklaar dat hy nie met sommige van Van Niekerk se formulerings in hoofstukke vyf en ses saamstem nie (PV 1/1/2/2/8).

Algemene Sinode as die “herstel van die organisatoriese vereniging in sinodale verband” (Kleynhans 1974:148). Toe daar ‘n verskil van mening oor die naam was, was dit ook Vorster wat in die skemerte van Hugenotegedenksaal met beslistheid gesê het: “Ag manne, daar kan net een naam wees: Nederduits Gereformeerde Kerk” (PV 1/2/1/152).[39] Dit was ‘n verdiende blyk van waardering en vertroue dat Vorster as die eerste Aktuarius van die eerste Algemene Sinode in 1962 verkies was.

6.3 Enkele kerkregtelike interpretasies van J.D. Vorster

In sy ononderbroke dienstyd van 22 jaar as Aktuarius van die Kaapse kerk en 8 jaar as Aktuarius van die algemene sinode, het Vorster byna oor elke denkbare saak ‘n kerkregtelike uitsluitsel gee. Tog was daar slegs enkele sake wat vir hom so na aan die hart gelê het, dat dit hom verplig het om breedvoerig daaroor te skryf.

6.3.1. Moet die sinode verklein word?

Enkele jare voordat hy as Aktuarius in 1953 verkies was, het Vorster hom reeds sterk uit gespreek oor die kerkregtelike knelpunt van ‘n verkleinde sinodes. Reeds by die Kaapse Sinode in 1936 het daar ‘n verslag gedien dat die sinode verklein moet word. Hoewel dit met ‘n besliste meerderheid verwerp is, was die saak weer voor die Kaapse Sinode van 1949, in die brandpunt. Alhoewel Vorster (GV 1949:12-14) duidelik standpunt inneem teen ‘n verkleinde sinode beredeneer hy die saak van albei kante. Vorster gee toe dat die argument water hou dat ‘n verkleinde sinode nie die wese van die presbiteriaal-sinodale stelsel raak nie en dat baie kerke met ‘n presbiteriale kerkregeringstelsel wel verkleinde sinodes het. Alhoewel Vorster op hierdie punt toegee wys hy daarop dat die krisis rondom ‘n verkleinde sinode nie gekom het omdat die “volle” sinode waarop alle predikante sittingsreg het, prinsipieel ongewens geword het nie. Twee redes wat vir hom “niks met beginselsake” te make het nie, maar deur die praktyk gedikteer word, was die kwessie van “ruimte en geld”. Hy was realisties oor dié praktiese knelpunte en beslis dat die sinode sal moet verklein. Met die oortuiging dat die praktyk nie die beginsels kan voorsê nie, was Vorster gekant teen ‘n numeriese verkleining en het eerder ‘n geografiese verdeling voorgestaan. In plaas van ‘n numeriese verkleining van die sinode pleit Vorster eerder vir ‘n geografiese verdeling met meer sinodes. ‘n Skeiding tussen die Wes- en Oos-Kaap as aparte sinodale streke was vir hom ‘n “haalbare en veilige opsie” vir die kerk.

---

[39] Die voorstel van Vorster getuig van sy fyn kerkregtelike aanvoeling aangesien hy die nuwe Sinodale verband geen geografiese of staatkundige beperking wou oplê nie.

Vorster het die volgende vyf redes gegee vir sy teenkanting teen ‘n numeriese verkleining van ‘n sinode:

i. Die “volle” sinode was vir Vorster eie aan die presbiteriaal-sinodale stelsel. Die “volle” sinode laat meer reg geskied aan afsonderlike gemeentes. Hy gee toe dat die verkleinde sinode nie in stryd is met die wese van dié kerkregeringstelsel nie, maar “nie by die gees daarvan inpas nie”.
ii. Die volle sinode waarborg dat ‘n klein getal nie van “bo-af” die kerk oorheers nie. ‘n Kleiner getal lei tot die gevaar van “kollegialisme en tot die oorheersing van die plaaslike gemeente”.
iii. Verkleinde sinodes vergroot die gevaar van kerkskeuring wanneer “diep en ingrypende kwessies behandel word en die kerkrade nie ten volle verteenwoordig is nie”. Dit lei tot ontevredenheid en onbetrokkenheid by die sinode “wat in ons land met sy groot afstande en individualistiese geneigde volk wat skerp verskil” gevaarlik is.
iv. ‘n “Volle” sinode neem nie net meer mense saam nie, maar het groter propaganda waarde terwyl ‘n verkleinde sinode “nooit die oor, die verbeelding, die belangstelling en die hart van ons kerk raak nie”.
v. Alhoewel ‘n verkleinde sinode die ruimte probleem sal oplos, bly dit vir Vorster ‘n vraag of ‘n verkleinde sinode werklik die finansiële probleme sal kan oplos weens groot afstande en uitgebreide kommissiewerk.

As die kollegialistiese tradisie van die NG Kerk in ag geneem word, het Vorster se begeerte na ‘n “volle” sinode minstens drie gevare, naamlik:

i. Die eenheid van die kerk word slegs gewaarborg deur ‘n “volle” sinode.
ii. Die gesag van so ‘n sinode lê in die groot getal ampte wat verteenwoordig is.
iii. Die sinode verkry ‘n bepaalde meerdere gesag bo die gemeentes wat kort voor lank lei tot ‘n burokratiese uitbouing van die sinode. Dit het tot gevolg dat “sinodes ander vergaderings dupliseer, in belangrikheid en buitensporigheid toeneem en later neig om die eintlike spreekbuis van die kerk te wees” (Strauss 1991:157).

6.3.2 “Soos een wat dien”

Binne die Nederlandse kerkregtelike tradisie was daar ‘n verskil van mening oor die gesag van meerdere vergaderings. Bouwman (1934:4) verwoord die Doleantie-kerkreg se standpunt.[40] Christus het sy gesag direk aan die plaaslike gemeente as *ecclesia completa* oorgedra en daardie gesag word deur die kerkraad uitgeoefen. Wanneer die meerdere

[40] Hierdie standpunt dra kenmerke van die independentisme (sien Kleynhans 1982:74; Van’t Spijker 1992:106)

vergadering byeenkom, word die gesag afgelei van die ampte teenwoordig, omdat die meerdere vergadering ‘n vergadering van die ampte is. “De meerdere vergadering ontleenen hare macht en bevoegdheid om te handelen en beslissingen te nemen aan de kerken, de haar door hare afgevaardigden samenstellen” (Bouwman 1934:19). Die meerdere vergadering het dus slegs afgeleide gesag en daarom kan die meerdere vergaderings nie hulle gesag bo en buite om die plaaslike kerk uitoefen nie. Volgens Bouwman (1934:22) lê die verskil tussen die plaaslike gemeente en die meerdere vergaderings in die feit dat laasgenoemde geen eie gesag het nie, terwyl die plaaslike gemeente volledige Christusgesag het. Plaaslike gemeentes het wesenlike gesag, terwyl meerdere vergaderings slegs ontleende of toevallige gesag het. Kerkrade se gesag is permanent, terwyl meerdere vergaderings slegs tydelik byeen kom en daarna ophou bestaan. Kerkrade moet voortdurend leiding gee, terwyl meerdere vergaderings slegs bestaan terwille van die welsyn van die plaaslike gemeente en om hulle met raad te bedien. Die plaaslike kerkraad kan enige saak behandel, terwyl meerdere vergaderings beperk word tot die sake wat aan hom opgedra is. Nauta (1971:124) daarenteen is teologies konsekwent met sy standpunt dat, gegewe die feit dat Christus hoof is van Sy kerk, kry alle kerkvergaderings hulle gesag direk van Christus en elkeen hanteer die gesag volgens sy eie aard. Christus regeer direk elke vergadering deur Sy Woord en Gees en nie deur meerdere vergaderings oor die plaaslike gemeente of andersom nie. Elke kerkvergadering het na sy eie aard en bevoegdheid ‘n Christus verleende gesag. Dit is in lyn met die Christokratiese regeerwyse en nie die demokratiese benadering “waar die wil van die kerkvolk moet seëvier nie” (NGKO: 1965 Artikel 20; Strauss 1991:159).

Met die herstel van die algemene sinodale verband in 1962 en die samestelling van ‘n nuwe kerkorde was die verskille oor die gesag van ‘n algemene sinode soos verwoord deur Nauta en Bouwman uiters aktueel. Enersyds was daar ‘n vrees vir ‘n “hiërargiese-kollegiaslistiese dominansie” deur ‘n algemene sinode. Andersyds was die vrees dat die sinode se gesag so “afgewater” sou wees dat dit in praktyk niks meer sal wees as die Federale Raad van Kerke nie. Dit was vir Vorster (NGTT 1960:15) belangrik dat die NG Kerk op Nauta se standpunt en in ooreenstemming met die DKO artikel 36[41] funksioneer. Die gesag van die Algemene Sinode word verwoord in artikel 20.1 (NGKO 1965:4): “hierdie vergaderinge het elkeen na sy eie aard ‘n kerklike gesag deur Christus aan hom verleen”. Die beginsel word verder uitgebou in artikel 22 (NGKO 1965:4): ”op meerdere vergaderings word alleen sake

[41] Artikel 36 van die DKO “‘t zelfde zeggen heeft de classe over den kerkraad, ‘t welk de particuliere synode heefte over de classe en de generale synode over de particuliere synode” (aangehaal uit Pont 1991:180).

behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge of wat op mindere vergaderinge nie afgehandel kon word nie". Besluite van meerdere vergaderings is bindend, tensy dit in stryd is met die Woord van God. In ooreenstemming met die gereformeerde tradisie word daar in artikel 26 (NGKO 1965:4) geen lys van take soos by die ring, streeksinode of algemene sinode, aan 'n kerkraad opgelê nie. Die bedoeling was duidelik dat "die kerkraad alle sake vanuit 'n kerklike hoek op kerklike wyse kan hanteer, maar vanweë kerkverband nie eensydig afhandel nie". So 'n besef relativeer die haas ongeduldige en eensydige sug na eenvormige leiding deur 'n klein groepie leiers in kerkverband en skep moontlik groter ruimte vir die direkte onbemiddelde leiding van Woord en Gees aan almal in die kerk. Verskillende standpunte tussen gemeentes en gemeentelede kan deur gesprek en debat, ook op meerdere vergaderings, juis tot die reformasie van verskillende standpunte lei (Strauss 1995:342).

Wat die gesag van kommissies betref was daar ook onsekerheid. In artikel 39 en 40 (NGKO 1965:6) word die Moderatuur as 'n permanente kommissie gekontinueer. Die vrees was dat die twee artikels die deur oop laat vir 'n kerklike hiërargie en dat die status van die Moderator, Moderatuur en kommissiestelsel in stryd is met die anti-hiëragiese beginsel van artikel 17 van die DKO[42] (Vorster NGTT1960:13). Vorster (ibid.) wys daarop dat artikel 3 (NGKO 1965:1) "onverswak" die koningskap van Christus oor sy kerk proklameer. Op grond van die beginsel mag geen amp oor 'n ander heerskappy voer nie. Wat die gesag van die Moderatuur betref, stel hy dit duidelik dat die Moderatuur "nie as 'n dagbestuur of as 'n uitvoerende mag kontinueer nie, maar na afloop van die sinodesitting funksioneer dit as gewone kommissie met 'n beperkte en omskrewe opdrag". Hy verwys ook in die verband na die GKN se kerkorde van 1957, as 'n "hersiening van die DKO", wat in artikel 65 die Moderatuur beskou as 'n "deputaatskap" met "geen eie mag en geen selfstandigheid." Daar was vir Vorster (NGTT 1960:14-15) "weinig gevaar van hiërargie" in die sinode omdat selfs die sinodale kommissies nie "selfstandige bestuursliggame" is nie, maar "deputaatskappe met 'n beperkte opdrag" en wat moet optree "soos een wat dien" (vergelyk Vorster GV 1951:122-123).

[42] Artikel 17 van die DKO: "Onder de dienaren des Woords zal gelijkheid gehouden worden, aangaande de laesten huns dienstes, mitsgaders ook in andere dingen, zooveel mogelijk is, volgens het oordeel des kerkeraads en dies van noode zijnde der classe, het welk ook in ouderlingen en diakenen te onderhouden is" (aangehaal uit Pont 1991:178).

Met die nuwe kerkorde het die Algemene Sinode (NG Kerk 1962:8, 1970:9; 1978:9) die Breë Moderatuur[43] se opdrag verwoord as: “opdragte of besluite van die algemene sinode wat nie onder die opdrag van die ander kommissies van die sinode resorteer nie, die voorlopige hantering van spoedeisende sake met verantwoording aan die volgende sinode en die reg om ‘n buitengewone sinode byeen te roep, voorbereiding vir die vergadering van die algemene sinode.” Vorster (PV 1/1/3/1/3) was bewus van die behoefte dat daar dringende sake tussen sinodesittings na vore mag kom en dat die sinode in die stadium waar dit nog aktueel is daaroor ‘n verklaring sal doen. “Dit gebeur meermale dat omstandighede opduik in ons snel veranderende samelewing en die huidige kritieke tye dat daar na die kerk opgekyk word om ‘n passende en dikwels beslissende woord te spreek.” Tog was dit vir hom in die Dordtse-tradisie kerkregtelik ondenkbaar dat ‘n “klein groepie los van die afgevaardigdes van die gemeentes beslissings kan neem en namens die kerk kan praat”. Dit was vir Vorster “om die grense te oorskry wat ons deur die Skrifgefundeerde stelsel van kerkregering” daargestel is. Dit was vir hom “baie jammer“ dat *Die Kerkorde* van 1962 in artikel 40 (b) veel verder gegaan het as die *Wette en Bepalings* en aan die “Moderatuur die plig opgedra het om namens die Algemene Sinode op te tree in sake van spoedeisende aard en algemene belang”. Vir hom was dit noodsaaklik dat “ons kerk afstand sal doen van enige iets wat die skyn kan wek dat sommige predikante of die Moderatuur meer bevoegdheid het as enige ander persoon of predikante in die kerk”. Om die rede het Vorster gepleit dat “alle bestuursmag” sorgvuldig van die Breë Moderatuur geweer moet word en nie meer bevoegdheid toegeken word aan die kommissie nie, as aan enige ander kommissie van die sinode nie. Daar moet deurgaans klem gelê word op die “absolute voorlopigheid” van die Breë Moderatuur se werksaamhede en daar sal aan die sinode “haarfyn” verslag gedoen moet van sy werksaamhede.

Vorster se klem op “voorlopige hantering” bevestig die NG Kerk se begeerte om, getrou aan die kerklike tradisie van die DKO weg te beweeg van die hiërargiese kollegialistiese denke waar die Moderatuur op ‘n “gegewe moment kon deurgaan as die NG Kerk” (Strauss 1995:344). Die Breë Moderatuur se take is in 1962, in sekere mate minder is as in 1824, veral met betrekking tot sy beperkte opdrag, die toesigfunksie of die gemeentes die kerkorde uitvoer en die toesig oor die ander kommissies van die sinode. Die hantering van spoedeisende sake is slegs voorlopig. Tog kom die Breë Moderatuur nie heeltemal los van

[43] Die benaming Breë Moderatuur is eers in 1986 vervang met Algemene Sinodale Kommissie (ASK). Die Breë Moderatuur het bestaan uit die Moderator, Assessor, Skriba en Aktuarius van die vorige Sinode plus een lid uit elke sinodale gebied wat nie op die Moderatuur verteenwoordig is nie, terwyl die Sinode nog twee ouderlinge verkies het (NGKO 1965:8).

die verenigingsdenke nie. Volgens Strauss (1995:345) is die Breë Moderatuur trapsgewys saamgestel vanuit die verskillende moderature en neig dit na ‘n synodus contracta. Die gevaar is groot dat daar aan die dagbestuur ‘n “onverdedigbare sweem van outoriteit” kleef deur dat dit as “die stem” van die NG Kerk gesien word en Moderator die beeld van ‘n soort hoof van die kerk het” (Botha 1991:174; Strauss 1995:346).

Vorster (PV 1/1/3/1/3) gee sinvolle voorstelle om die kerkregtelike verwarring oor die gesag van die sinode en sy kommissies op te los:

i. Die opvoeding van lidmate om te besef “dat daar nie van bo af oor alles en nog wat verklarings hoef gedoen te word nie”.
ii. Die ringsvergadering moet weer sy regmatige plek inneem, sodat die sinode nie “altyd gemoeid moet wees met dinge wat van plaaslike aard is nie”.
iii. Die herstel van ringe “sal die proses van desentralisasie waaraan ons kerk so absoluut behoefte het”, verhaas.
iv. Die Breë Moderatuur hom doelbewus by sy terrein beperk en dat ander sinodale kommissies “voorlopige offisiële verklarings” uitreik oor sake wat op hulle terrein lê.

6.3.3. Die beroepstelsel

Die Algemene Sinode van 1962 het kennis geneem dat daar ernstige vrae en probleme is met die beroepstelsel (NGK 1962:133). Die saak word na die kommissie vir Aktuarii verwys waarvan Vorster die voorsitter was om voorstelle by die volgende algemene sinode te doen. As liefhebber van die gereformeerde kerkreg het die saak vir Vorster ‘n nuwe uitdaging gebied. Hy onderneem ‘n studiereis met ‘n beurs wat die Raad van Sosiale Navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan hom toegeken het. Hy besoek die VSA, Switzerland, Engeland, Skotland en Nederland om verskillende gereformeerde kerke se beroepstelsels te ondersoek (Vorster 1965:1)[44]. Die produk van dié studiereis was ‘n boek getiteld *Die Beroepstelsel* waarin Vorster in diepte die gereformeerde beroepstelsel bespreek. In vyf hoofstukke behandel hy die Bybelse- en leerstellige begronding van die amp, historiese ontwikkeling van die beroepstelsel, die praktiese toepassing daarvan in verskillende gereformeerde kerke, besware teen en probleme met die huidige beroepstelsel

[44] Kerke wat Vorster besoek het was: The Orthodox Presbyterian Church van VSA; The Christian Reformded Church van die VSA; The Presbyterian Church van Skotland, The Presbyterian Church van Engeland; The Eglise Nationale Protestante van Switzerland, die Gereformeerde Kerken in Nederland, die Nederlandse Hervormde Kerk, Nederduitch Hervormde Kerk van Afrika, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (Vorster 1965:hoofstuk 3).

en doen laastens aan die hand van sewe aanbevelings oplossings tot ‘n beter funksionering van die NG Kerk se beroepstelsel (Vorster 1965: 75; PV 1/2/41/1/6).

Vorster se invloed op die NG Kerk se beroepstelsel blyk daaruit dat die laaste hoofstuk van sy boek volledig as ‘n studiestuk dien voor die Algemene Sinode van 1966 (NGK 1966:70-72). Onder die opskrif *Oplossinge tot ‘n beter funksionering van die beroepstelsel* wys hy die stelsel af waar leraars deur die sinode in verskillende gemeentes geplaas word. Vir hom was dié stelsel in stryd is met die gereformeerde beginsel waar die leiding van die Heilige Gees, die leiding van die amp en die gemeente almal tot hulle reg kom. Vorster se voorstelle bevat prosedures rondom die beroep van ‘n leraar, die bekende drie jaar bepaling en die betrokkenheid van die ring. Hy laat egter die deur oop vir standplaasruiling in buitengewone omstandighede.

Die aanvaarding met geringe wysiging en implementering van Vorster se voorstelle beklemtoon die vertroue wat die Algemene Sinode in sy leiding gehad het (NGK 1966:484). Die sinode het eenparig met “waardering kennis geneem van die Aktuarius se publikasie oor die beroepstelsel wat gedurende die reses verskyn het en wens die geagte broeder geluk met die resultaat van die navorsing te midde van groot druk en kerklike dienswerk” (NGK 1966:507). Dit was dus geen verrassing dat die Algemene Sinode van 1966 Vorster vir ‘n tweede termyn as Aktuarius verkies het nie.

6.3.4 Die vrou in die amp

Die saak oor die vrou in die amp was (en is nog steeds in sommige kringe) ‘n moeilike en omstrede saak binne die NG Kerk. Onder die tydgenote van Vorster was daar skerp verskille oor die saak. In die laat sewentigerjare het Vorster se standpunt oor die saak hom in botsing gebring met veral die nuwe generasie teoloë soos David Bosch. Kort voor sy dood in 1982 het Vorster nog sy standpunt teen die vrou in enige amp, (hetsy leraar, ouderling of diaken) in *Die Kerkbode* verdedig (vergelyk Vorster PV 1/2/49/2).

Die NG Kerk het sy standpunt teen die vrou in die amp getoets aan die breë ekumeniese verband (PV 1/2/49/2). Die NG Kerk was op die GES van 1968 en 1972 veral deur die Amerikaanse Presbyterian Church en die Free Presbyterian Church van Skotland in die saak ondersteun. Die Algemene Sinode het in 1970 akoord gegaan met die optrede van sy afgevaardigdes na die GES in 1968 en die besluit van die GES dat vroue uit die amp van lerende en regerende ouderling uitgesluit word, bekragtig. Vorster was ook in 1972 die voorsitter van die GES se kommissie wat oor die vrou in die amp moes rapporteer (PV 1/2/49/2; Vorster kb 19/2/1975). Die Algemene Sinode van 1974 het die besluite van die

GES in 1972 in ‘n “omvattende en skriftuurlik gemotiveerde verslag” onderskryf en besluit: “die sinode erken in die lig tot sy beskikking dat die Skrif duidelik leer dat vroue uitgesluit is van die amp van lerende en regerende ouderling” (NGK 1974:160).

Die GKN en NG Kerk het ook oor dié saak verskil . Die GKN het vroue tot alle ampte toegelaat (PV 1/2/49/2). Die toelating van die vrou in die amp deur die GKN staan in die teken van die nuwe teologiese ontwikkelinge in Nederland gedurende die sestigerjare. Die Barthiaanse gedagte van medemenslikheid in die teologie en antropologie het ‘n vrugbare teelaarde in die na-oorlogse Nederland gevind. Barth gee ‘n teologiese basis vir die na-oorlogse antropologie, deur medemenslikheid wat tot uitdrukking moet kom in maatskaplike, ekonomiese en politieke vraagstukke. Die evangelie is vir mense en kom tot uitdrukking deur diensbaarheid, eenheid en geregtigheid. Die dimensie medemenslikheid in die teologie het ook neerslag gevind in ‘n anti-paternalisme (met die klem op die gelykheid van man en vrou in die kerk), rassegelykheid en die politieke bevryding van die armes. In die “daarwees” vir die medemens in sy nood, het baie geglo, is dit ‘n opbenbaring van God self. Daarteenoor het baie Nederlanders nie net apartheid gesien as ‘n blanke rasseheerskappy nie, maar ook ‘n “ver wees” en “apart wees” van die medemens, swart broer of in dié geval ‘n ongelykheid tussen man en vrou. Binne die konteks was baie Nederlanders se persepsie oor Suid-Afrika: “die kaffer op sy plek, die koelie uit die land en die vrou in die kombuis” (Strauss 1983:172-175; 239).

Omdat Vorster nie duidelike antwoorde oor die saak kon vind by die DKO of die belydenisskrifte van die kerk nie, het Vorster teruggegaan na die basis van sy kerkregtelike vertrekpunte, naamlik die Skrif. Alhoewel ‘n mens skerp kon verskil met Vorster se eksegese moet dit tog raakgesien word dat Vorster nie willekeurig en pragmaties hom oor so ‘n saak wou uitspreek nie, maar hom wou verantwoord vanuit die Skrif. Vorster (kb 23/8/1972) beredeneer eksegeties sy standpunt. Sonder om breedvoerig Vorster se eksegese te bespreek word slegs op die belangrikste lyne in sy beredenering gewys:

i. Reeds vanaf die skepping speel die vrou ‘n besondere rol in God se raadsplan. God gebruik ook vrouens in die Ou Testament as rigters en profete. Tog is die vrou nie toegelaat om priesterlike diens te doen nie, want die amp van die priester was “uitsluitlik vir die man gereserveer”.

ii. Alhoewel die Ou – en die Nuwe Testament die rol van die vrou handhaaf, gee die Bybel “‘n eervolle plek aan vrouens”. Vrouens was bekend vir hulle “geloof, diens en getuienis.” Tog was hulle dienswerk “persoonlik en nie-amptelik nie”, want “die Here het by die kies van sy dissipels nie een vrou geneem nie”.

iii. Uit sy eksegese is dit vir hom duidelik dat die Bybel nie die vrou as “minderwaardig beskou het of aan die man ‘n meer verhewe status as aan die vrou toegeken het nie”. Die apostels het die vrou as die man se gelyke in Christus beklemtoon. Die dienswerk van die vrouens is daarom deur die apostels raakgesien en “eervol vermeld”. Tog leer Paulus “duidelik en ondubbelsinnig” dat die vrou op grond van “die Wet en die sondeval” nie ‘n besondere leer of regeeramp mag beklee nie.

In ‘n latere artikel verduidelik Vorster (kb 7/6/1978) dat die algemene sinode nie vrouens tot die bediening toelaat nie om die volgende redes:

i. Vroue word van die amp van predikant uitgesluit op grond van “suiwer eksegese”.
ii. “Suiwer” gereformeerde kerke nie vrouens tot die bedienig toelaat nie om “historiese redes”.
iii. Die ordening van vrouens is deeglik by die GES bespreek “en verwerp”.

Beteken dit dat Vorster aan die vrou ‘n minderwaardige plek in die gemeente toeken? Behalwe dat Vorster dit reeds in sy eksegese dit reeds duidelik gestel het dat die Bybel nie ‘n vrou as minderwaardig beskou, of aan die man ‘n verhewe status bo die vrou toeken nie, het hy met waardering geskryf oor die besondere plek van die vrou in die gemeente. “Die vrou is meer getrou in die bywoning van eredienste en baie meer aktief in die werksaamhede van die gemeente, terwyl die mans “onverskillig en lui” is. “Anders as in die paradys begin die afvalligheid in baie kerke by die mans“. Teenoor die “Roomse verknegting” van die vrou het die Reformasie dit duidelik gestel dat die vrou nie ‘n “tweedeklas lidmaat” is nie. Die “klooster” is oopgebreek en die vroue uitgelei tot volwaardige deelgenote in die genade en roeping van Christus in die amp van gelowige. Vorster maak ‘n punt daarvan om te wys dat Calvyn die standpunt handhaaf dat vrouens nie toegelaat moet word tot die besondere ampte nie, maar dat daar in die gemeente volwaardig plek is vir hulle dienswerk. Vorster neem voorbeelde uit die vroëe kerk waar vrouens die versorgingstaak van ‘n diaken vervul het, maar nie in die amp gedien het nie. Die “positiewe gedagtelyn” van Calvyn waarop die Protestantisme voortbou is dus dat Calvyn die “groen lig gee vir vroue hulpdienste”, maar nie vir toelating tot die amp nie. Die kansel is, volgens hom, ook nie die plek vir ‘n vrou nie. Haar roeping en taak lê daarin dat sy aan huis “toegewyde, roepingsbewuste toekomstige predikante voorberei vir die bediening.” As “liberale kerke” vroue toelaat tot die amp is dit volgens Vorster nie op grond van die Skrif nie, maar op grond van “Women’s Lib wat veg teen diskriminasie van vroue”[45] (PV 1/2/49/2; kb 23/8/1972).

[45] Vorster (PV 5/1/2) vertel met groot humor hoe hy met ‘n “flinke dame” ‘n ene mevrou Padree van die Women’s Auxilliary van die VSA, oor die sake gepraat het. Sy het na ‘n vergadering na hom gekom en

6.3.5 Kerklike tug

Die Tweede Wêreldoorlog en die maatskaplike probleme daarna, het die NG Kerk gedwing om opnuut te besin oor sy rol in die samelewing. Dit het daartoe gelei dat daar in die Kaapse Kerk ‘n beweging ontstaan het wat gepleit het vir gereformeerde kerkherstel. Die oplossing was gesien as getroue ampsbediening deur die leraar en ouderling en tug. Die “noodklok” is gelui en die Kaapse Sinode het ‘n kommissie aangewys om te ondersoek of daar ‘n verslapping in die kerklike tug is. Vorster het hierdie belangstelling in kerklike tug verwelkom as ‘n “aksie tot kerkherstel” en dit ‘n onderwerp van ‘n uitgawe van die *Gereformeerde Vaandel* gemaak.

Die verslag van die kommissie wat kerklike tug moes ondersoek het in 1953 voor die sinode gedien. Die kommissie het bevind dat tugsake hoofsaaklik beperk was tot “voorhuwelikse gemeenskap”, terwyl oortredings deur lidmate soos “diefstal, aanranding, bedrog, egbreuk, dronkenskap, kerklike onbetrokkenheid, onenigheid” selde deur kerkrade hanteer word (NGKSA 1953:295-300).

Ahoewel Vorster self in sy gemeente hoofsaaklik klem gelê het op die oortreding van die sewende gebod,[46] het hy nie geskroom om sy hand in eie boesem te steek en die toestand van sake ‘n “onverdedigbare versuim” te noem nie (GV 1954:20-27). Vorster (PV 1/2/28/2) se gereformeerde kerkbegrip kom duidelik na vore as skryf dat die gebrek aan kerklike tug spruit uit ‘n bepaalde kerkbegrip. Indien ‘n gemeente maar net ‘n groep mense is wat bearbei moet word, het die tug nie ‘n vername plek nie. Indien die gemeente uit ‘n groep individue bestaan wat uit eie beweging in die evangelie geïnteresseerd is, is daar ook geen rede vir tug nie. As die gemeente volgens die Bybel ‘n vergadering van gelowiges is wat hulle saligheid in Christus verwag, “dan is tug in die naam van God ‘n lewensnoodsaaklikheid.”

---

gesê: “Oh, Mr. Moderator, I’d love to have a chat with you about the position of the women in the church.” Vorster het vir haar gesê dat dit is reg is, maar hy wil eers vir haar ‘n storie vertel. Toe vertel hy vir haar van die mensvreterpa- en seun wat in Afrika se bosse gestap het. Toe hulle om ‘n bos kom sit daar ‘n beeldskone meisie. Die seun het haar sommer gepak en gesê: “Pa, sal ons haar nou opeet of later?” Die pa het haar so op en af bekyk en gesê: “Nee wag seun, kom ons neem haar huis toe dan eet ons eerder vir ma op!” Mevrou Padree het “gekrul” van die lag en gesê: “But, Mr. Moderator this isn’t conservative.” Waarop Vorster droog opmerk: “Nou gaan huis toe en sorg dat dit nie met jou gebeur nie”. Daarmee was die gesprek oor vroueregte sommer ook afgehandel.

[46] Vergelyk Hoofstuk 3.12 *Geestelike versorging*

Getrou aan die gereformeerde siening van tug, beskryf Vorster (GV 12/1954:20-27) die toepassing van tug as "geestelike werk". Die verkondiging van die Woord en gehoorsaamheid gaan saam. Die verwaarlosing van tug spruit uit die gebrek aan sondebesef en die heiligheid van die Here teen wie gesondig word. "God is heilig, daarom kan daar nie toegelaat word dat die sonde in die gemeente voortwoeker nie." Verder dui dit vir Vorster (NGTT 1979:343) op 'n gebrek aan roepingsbesef van die ouderling. "Waar die roepingsbesef verflou en die eer van die mens voorop gestel word", sal die tug verwaarloos word. Die verslapping van tug lei daartoe dat die gemeente nie tot diens geaktiveer word nie. Die "gebrek aan ywer en toewyding, dienswilligheid en diensvaardigheid lei daartoe dat die geestelike lewe in ons kerke kwyn." Die kerk verloor sy Bybelse karakter, sy wil en begeerte om te getuig en word kort voor lank 'n "dooie uitgediende instituut".

Iets van Vorster (GV 1954:20-27) se pastorale hart word sigbaar as hy skryf dat die toepassing van tug seker "die moeilikste werk is wat die Here aan sy kerk toevertrou het", want die een wat die tug moet toepas is self "'n onvolmaakte mens wat nie alleen die stryd teen sonde moet voer nie, maar die neerlae ken". Tug lei vir hom tot "selfondersoek, ootmoedige belydenis van eie skuld en groter toewyding aan die Here".

Die gereformeerde sy van Vorster se denke in die vyftigerjare word verder onderstreep as hy twee "rampspoedige" gevolge van die kollegialistiese kerkbegrip in die NG Kerk uitwys:

i. Kerklike tug en burgerlike straf het tot een versmelt. "Die vrymoedigheid van die kerkraad om die tug toe te pas is deur die staatsinmenging ondermyn. Die burgerlike reg bemoeilik die toepassing van tug, omdat die tug as 'n genademiddel, om die sondaar tot berou en bekering te bring, op een lyn met die burgerlike straf gestel word. Dit misken die eie aard en geestelike karakter van die tug.
ii. Die onbybelse gedagte het posgevat dat "die kerk as volkskerk die hele volk moet bevat". Vorster wys skerp 'n volkskerk af omdat dit vir die kerk en vir die toepassing van die tug "fataal" is. In navolging van Kuyper[47] pleit Vorster dat die NG Kerk "moet breek met die idee dat ons teen enige prys die Afrikaner formeel aan die kerk moet bind." In die kerk moet net een band wees wat mense bind en dit is geloof. Daarom is die NG Kerk vir Vorster nie "'n volkskerk nie, maar 'n belydeniskerk". "Met al ons kragte moet ons daarvoor ywer dat die Afrikaner in die kerk moet kom waar hy

[47] Kuyper (sa.ii:260) het die begrip volkskerk afgewys toe hy die stryd aangesê het teen die volkskerk as 'n tuglose massa kerk, 'n organisasie waartoe die mense kragtens tradisie behoort sonder dat hulle werklik verstaan waaroor die kerk werklik gaan. Waar die kerk haar ware karakter verloor en 'n volkskerk word kan daar van haar geen betekenisvolle invloed meer in die samelewing uitgaan nie.

kragtens afkoms en tradisie hoort, dog nie die Afrikanerskap nie, maar die geloof in Jesus Christus moet die lidmaatskap bepaal”[48] (Vorster GV 1954:26-27; PV 1/2/28/2).

6.4 Samevatting

As Aktuarius het Vorster ‘n belangrike bydrae gelewer in die NG Kerk se kerkregtelike ontwikkeling. Op die gebied van kerkreg het Vorster se bydrae daartoe gelei dat *Die Kerkorde* van die NG Kerk binne die Dordtse tradisie staan. In sy kerkregtelike interpretasies het Vorster konsekwent getrou probeer bly aan die gereformeerde tradisie.

[48] Vergelyk Hoofstuk 7.16 *Een oorkoepelende algemene sinode afgewys*. Die teenstrydigheid van Vorster se standpunt oor ‘n volkskerk, toon die ontwikkeling van sy toepassing van die Boere-calvinisme in kerklike sake. In die vyftigerjare het Vorster op Bybelse gronde, geloof as die enigste vereiste vir kerklike lidmaatskap gestel. Teen 1978, tydens die debat oor kerkeenheid binne die NG Kerkfamilie het die volk die grense vir die kerklike lidmaatskap bepaal.

HOOFSTUK 7

J.D. VORSTER SE BETROKKENHEID BY DIE NG KERK SE VERDEDIGING VAN APARTHEID 1960-1978

Die begin van die sestigerjare het ‘n tydperk ingelui wat gekenmerk was deur toenemende spanning en polarisasie binne die Suid-Afrikaanse bevolking met betrekking tot rasseverhoudinge. Weens ‘n sameloop van politieke- en sosiale faktore het die blanke deel van die bevolking, wat betref sy identiteit en voortbestaan, toenemend bedreig gevoel, met die gevolg dat die NG Kerk en NP sedert 1960 laer getrek het ter wille van die oorlewing van die Afrikaner. Teen 1978 het die verhoudinge tussen die NG Kerk en die GKN uitgeloop op verbreekte bande. Dit staan in die teken van die toenemende isolasie van die NG Kerk en Afrikaner en die binnelandse konflik en geweld oor apartheid. Koot Vorster het nie net in 1960 ‘n leidende rol gespeel met betrekking tot die verbroedering tussen kerk en staat nie, maar ook in 1978 is die bande met die GKN verbreek op sy voorstel.

7.1 Die NG Kerk binne die Afrikanerlaer

Met H.F. Verwoerd as Minister van Naturellesake in die Strijdom-kabinet het apartheid as landsbeleid vinnig beslag gekry. In die aanloop tot 1960 het die NG Kerk se reaksie op die vinnige implementering van apartheid as landsbeleid gewissel van dankbare goedkeuring en optimistiese ondersteuning tot ‘n versigtige beswaar. Meestal was daar by die kerk ‘n blinde-oog met betrekking tot die volle konsekwensies van apartheid. Die Kaapse Sinode van 1953 (NGKSA 1953:96,423) het byvoorbeeld die kerk se dankbaarheid teenoor die NP betuig met die optrede “om buite-egtelike verkeer tussen blankes en gekleurdes deur wetgewing te verbied; segregasie van blankes, naturelle en kleurlinge deur aparte woonbuurte te bewerkstellig en die beginsel om rassetrots in nie-blankeskole aan te wakker”. Die sinode het ook die regering bedank vir die gunstige reaksie op die kerk se vertoë oor die verbod op gemengde huwelike. Dit is duidelik dat die NG Kerk aanvaar het dat sommige van die wetgewing ingestel is op hulle versoek.

Die toepassing van sommige wette het egter versigtige beswaar by die kerk ontlok. Die Raad van Kerke (1957:89-90, 96-97) het ‘n kommissie afgevaardig om met die Eerste Minister (J.G. Strijdom) en Minister van Naturellesake (H.F. Verwoerd) samesprekings te voer oor sekere aspekte van die Groepsgebiedewet. Teen dié wet self het die NG Kerk nie beswaar nie. Die NG Kerk het dit immers voorgestaan, maar het dit teen die onoordeelkundige toepassing daarvan gehad. Die Groepsgebiedewet het veroorsaak dat sommige inrigtings van die NG Kerk verskuif of gesluit moes word. Die bekendste voorbeeld hiervan is die

Stofberggedenkskool. Toe die Kaapse Moderatuur versoek was om ‘n persoon te benoem op die afvaardidiging na Strijdom en Verwoerd het die Moderatuur geantwoord dat dit in orde is “mits die minister nie versoek word om af te wyk van die beleid van gebiedskeiding wat by verskillende kongresse as die standpunt van die kerk aanvaar is nie”. Hieruit blyk die goedkeuring van die NG Kerk vir die regering se optrede (PV 1/1/1/1/4).

Die klimaat in Suid-Afrika teen 1960 het beslis ‘n invloed gehad om die broederband tussen die NG Kerk en die NP te versterk. Die jaar het afgeskop met ‘n aankondiging van Verwoerd op 20 Januarie 1960 dat ‘n referendum later die jaar gehou sou word met die oog op republiekwording. Die “winds of change” toespraak van die Britse Eerste Minister, Harold Macmillan op 3 Februarie sou staan in die teken van ‘n waterskeiding deurdat dit die vervreemding en gevolglike isolasie tussen die Weste en Suid-Afrika oor apartheid ingelui het. Swartnasionalisme, ook bekend as Uhuru, het soos ‘n veldbrand deur Afrika gewaai en gelei tot hernieude politieke aspirasies. Die African National Congress (ANC) het vroeg in die jaar ‘n veldtog gereël teen die paswette, terwyl die millitante splintergroep die Pan African Congress (PAC) sy eie veldtog sou reël. Geweld het sporadies landswyd voorgekom, maar die ergste onluste was by Sharpeville waar 69 mense doodgesiet is en 186 verwond is. In Kaapstad het 30 000 mense na die Caledonplein se polisiekantoor masjeer.[49] Ook in die Kaap het mense in onluste omgekom. Op 9 April 1960 het ‘n sluipmoordpoging op Verwoerd misluk. Die gevoel het sterker geword dat die “twaalfjaar oue patroon van apartheid” besig is om uiteen te spat en dat Verwoerd se regering op die randjie van ineenstorting staan. Die regering het egter drasties reageer deur die ANC en PAC op 28 Maart 1960 deur wetgewing te verbied. Op 30 Maart 1960 was ‘n noodtoestand afgekondig. Gesteun deur die noodregulasies het die regering daarin geslaag om die organisasie agter die onluste grotendeels uit te wis” (D’Oliveira 1977:109).

Te midde van die spanningsvolle situasie het die verskeie leiers van die NG Kerk uit die Vrystaat, Transvaal en Kaap, onder wie ook J.D. Vorster, in hulle persoonlike hoedanigheid bymekaar gekom. Die situasie was bespreek en ‘n verklaring was bloot as predikante van die NG Kerk” op 31 Maart 1960 gedoen.[50] In die verklaring spreek die leiers hulle meegevoel uit

---

[49] Dit kan aangeneem word dat Koot Vorster intens meegeleef het met die krisis. Sy broer John Vorster was sedert November 1958 adjunk-minisister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en ook van Maatskaplike Welsyn en Pensioene. Augustus 1960 het Verwoerd vir John Vorster bevorder tot Minister van Justisie in die plek van F.C. Erasmus.

[50] Uit die Kaap was dit A.J. van der Merwe, J.D. Vorster, A.G.E. van Velden en W.A. Landman, uit die Vrystaat P.S.Z. Coetzee en Z.B. Loots en uit Transvaal A.M. Meiring, C.B. Brink en F.E. O’B Geldenhuys.

teenoor almal wat deur die onluste geraak is en erken dat die NG Kerk, volk en opeenvolgende regerings van Suid-Afrika gebreke getoon het in die benadering “van ons buitengewone gekompliseerde nasionale probleme”. Hulle veroordeel egter die “skokkende verdraaide beriggewing uit die buiteland en voortdurende beswaddering van Suid-Afrika.” Die predikante verklaar hulle weer ten gunste van eiesoortige ontwikkeling, mits dit “regverdig en eerbaar toegepas word sonder die aantasting of krenking van die waardigheid van mense”. Die regering word versoek om so op te tree dat die verhoudinge nie verder vertroebel word nie. Daar word erken dat die beleid “noodwendig ontwrigting en persoonlike ongerief en ontberinge kan meebring”. ‘n Beroep word op blankes gedoen om selfbeheersing en Chrsitelike benadering teenoor nie-blankes en om 10 April 1960 as ‘n dag van verootmoediging in te rig (Strauss 1983:118-119; Van der Watt 1987:104). Deur die verklaring gee die predikante nie die ANC en PAC gelyk nie, maar handhaaf die morele regverdiging van apartheid. Slegs ‘n vae kritiese ingesteldheid van die NG Kerk se leiers teenoor die regering se toepassing van apartheid is merkbaar.

Die jaar 1960 word ook gekenmerk deur ‘n “gees van pessimisme, defaitisme” asook skerp twis en tweespalt onder Afrikaners. Daar is selfs op ‘n staduim gevrees dat Natal sou afstig indien Suid-Afrika ‘n republiek word (Schoeman 1978:267). Die uitslag ten gunste van ‘n republiek op 5 Oktober 1960 is met ‘n groot gejuig onder baie Afrikaners begroet, terwyl groot skeptisisme onder die res van die bevolking en wêreld geheers het. Die wêreldwye pessimisme oor Suid-Afrika se rassepolitiek enersyds en die optimisme van Afrikaners oor apartheid en ‘n republiek andersyds, sou ‘n besliste uitwerking hê op die Cottesloe-kerkeberaad wat voorlê.

Om die verhouding tussen die NG Kerk en die regering teen 1960 te verstaan moet in gedagte gehou word dat dié verhouding veel dieper strek as bloot ‘n verbondenheid met die Afrikaner. Die NG Kerk het die verhouding tussen kerk en staat kerkregtelik uitgewerk in die proses om ‘n gemeenskaplike kerkorde te skryf. Alhoewel Vorster en die ander opstellers van die kerkorde die GKN se kerkorde gebruik het, is die NG Kerk met betrekking tot sy verhouding met die staat veel nader aan die gees van die DKO (Strauss sa:3).[51] Die DKO

[51] Die uiteenlopende historiese kontekste van Suid-Afrika en Nederland in die jare vyftig en sestig het gelei tot verskillende eietydse beklemtonings. Die GKN het die owerheid nie as ‘n vennoot beskou wat saam met die gereformeerde kerke optree nie. In die na-oorlogse Nederland beskou die GKN hulle slegs as deel van die bevolking. Daarby beleef die GKN in 1957 ‘n paradigmaskuif waar hulle uit die “eng gereformeerde wêreld breek” om deel te word in die “breë mensheid” soos verteenwoordig in die ekumeniese beweging rondom die WRK (Strauss sa:4). Hierdie twee verskillende kontekste was ‘n aanleidende oorsaak in die oorlog tussen die GKN en NG Kerk oor apartheid.

beskryf in die gees van artikel 36 van die NGB die owerheid se taak as om die kerk te bevorder. Haar voorbeeld moet alle onderdane tot dieselfde aksie te inspireer. Hierteenoor moet die besondere ampte die gemeente lei om gehoorsaamheid, liefde en respek aan die owerheid te betoon. Agter gees van die DKO lê gedagtes van ‘n teokratiese verbondsgemeenskap, waar almal in die samelewing gedooptes van dieselfde geloofstradisie of kerk is en die owerheid Christelik is (Strauss sa:4-5). Die gedagtes van Dordt is terug te vind in die NGKO as daar byvoorbeeld in artikel 65 staan dat die die kerk hom aan die “gesag en wette van die staatsowerheid” sal onderwerp in soverre dit nie met die Woord van God bots nie. Die kerkorde stel egter in artikel 65c (NGKO 1965:14) ‘n taakbegrensing op van die kerk se onvervreembare reg op vryheid van godsdiens in belydenis en byeenkoms. In artikel 65d word duidelik gestel dat die kerk ‘n heilige roeping het om die staat profeties aan te spreek. Die NG Kerk aanvaar met “dankbaarheid die beskerming van die owerheid” en “dié se erkenning van die onvervreembare reg van die kerk op vryheid van godsdiens”. Tog gee die kerkorde dadelik die versekering dat hierdie “vryheid van godsdiens in belydenis en byeenkoms nie misbruik sal word om die fondamente van die staatsgesag te ondergrawe en wanorde op die publiekregtelike terrein te veroorsaak nie”. Die neo-calvinistiese invloed is duideklik in begrippe soos “moderne gedifferensieerde samelewing”, “die selfstandigheid en eie bevoegdheid”, “soewereinitiet in eie kring” en “ander samelewingskringe”, “verskille tussen verbande”, “gemeenskapstrukture en maatskaplike verhoudinge” (vergelyk artikels 65, 66, 67 in NGKO 1965:14).

Artikel 65 van die NGKO word in praktyk sigbaar in die antwoord van die Algemene Sinode in 1966 op die beskuldiging van Cottesloe dat die NG Kerk die agterryer van die NP is. In kenmerkende neo-calvinistiese taalgebruik aanvaar die NG Kerk: “Kragtens die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring” stel die kerk sy taakbegrensing teenoor die staat. Die NG Kerk wil nie in staatsake inmeng nie, maar ook nie verval in ‘n “kritiese negativisme” nie. “Kontak met die owerheid moet direk en liefs deur persoonlike afvaardiging geskied” (NGK 1966: 515-516.,567). Die grondliggende gedagte agter die NG Kerk se vriendelike profetiese stem teenoor die owerheid is: “die regering is ons mense, ons is in persoonlike gesprek met hulle, hulle luister na ons en ons wil hulle verleentheid spaar” (Strauss 1994:211). Die Algemene Sinode van 1966 se benadering tot die regering dui op ‘n klemverskuiwing na 1960. Voor 1960 het die NG Kerk kenmerke van ‘n sosiale drukgroep en politieke belange groep vertoon deur aktief op apartheid in sekere samelewingskringe voor te staan. Met die aanvaarding van *Die Kerkorde* in 1962 word nie meer in interne staatsake ingemeng nie.

7.2 Apartheid as ‘n Skriftuurlike beginsel vir Vorster teen 1960

Krisisgebeure in Suid-Afrika, as ook kritiek vanuit die binneland en buiteland teen apartheid, het die NG Kerk in 1960 voor drie besliste keuses geplaas, naamlik:

i. Sy beskouing van apartheid as beginsel of metode.
ii. Die rol van apartheid met betrekking tot die oorlewing van die Afrikaner.
iii. Die verhouding met die NP.

Verskeie kerkhistorici het reeds oortuigend aangetoon hoe die NG Kerk se ondersteuning van apartheid gegroei het uit sy sendingbeleid van 1935 met die ideaal van selfregerende, selfuitbreidende en selfonderhoudende inheemse kerke.[52] In die sendingbeleid van 1935, met wortels in die Duitse volksromantiek, vind die oortuiging neerslag dat binne ‘n land met verskeie bevolkingsgroepe wat verskillende kultuuragtergronde het, daar verskillende behoeftes aan religieuse uitdrukking is. Die sendingbeleid wat gegroei het uit die praktyk en beïnvloed is deur die sosio-politieke opvattings van die Afrikaner in die jare dertig, het voorsiening gemaak vir afsonderlike bearbeiding, van mense uit verskillende bevolkingsgroepe, deur selfstandige inheemse kerke. Mettertyd het die NG Kerk sy eie sendingreëling binne die NG Kerkfamilie toenemend as die model gesien waarop volkereverhoudinge in Suid-Afrika gereël moet word. Die Kaapse Sinode van 1949 (NGKSA 1949: 432-433) verklaar byvoorbeeld dat die “apartheidswette van 1936 verwant is aan die sendingbeleid van 1935”. Hierdie model is deur die NG Kerk uitgewerk op verskillende kongresse en sinodes tot ‘n amptelike antwoord met die verskyning van *Ras, Volk en Nasie* in 1974.

Vir Vorster (PV 1/2/1/120; NGTT 1979:360)[53] was dit teen 1960 duidelik dat die NG Kerk homself sal moet verantwoord oor die “Christelike oplossing van die rasseprobleem in ‘n veelrassige land”. Die volledige deurwerking van die Boere-calvinisme in sy denke word sigbaar as Vorster die “ons” teenoor die “wêreld” stel.... “nie net *ons* regering” nie, maar ook “*ons* drie Afrikaanse kerke” staan aangekla... omdat “*ons* nie apartheid as onbybels wil brandmerk nie” (kursivering DJL).

---

[52] Vergelyk Van der Watt P.B.1987; Lubbe J. 2002:6-14; Strauss P.J. 1983:8-63.

[53] Kort voor en direk na Cottesloe het Vorster homself in drie artikels verantwoord, naamlik: *Kan ‘n Christen Afrikaner die beleid van eiesoortige ontwikkeling regverdig?*, *Is hierdie beleid Christelik?* en *Die aard en ontplooiing van die verskeidenheid*.

Vorster (NGTT 1979:360) het vir homself die vraag gevra: “Kan ‘n Christen Afrikaner die beleid van eiesoortige ontwikkeling regverdig?” Vorster het verkies om apartheid eerder “eiesoortige ontwikkeling” te noem, omdat dit vir hom ‘n “positiewe begrip” is. Hy het apartheid verdedig as die “enigste weg” wat vir alle bevolkingsgroepe die geleentheid gee om na sy eie aard en vermoë te ontwikkel en behoud van identiteit te waarborg en beskerm. Vir hom wou die Afrikaners deur apartheid in “alle eerlikheid en erns” probeer om vreedsame naasbestaan te verseker. Die alternatief vir apartheid het Vorster (NGTT 1979:362) aangedui as die “Rooms Katolieke – manier”, wat ook die “liberalisme en sy wanskapige kind die Kommunisme voorstaan”, naamlik die “kerstening van alle heidene in een instituut”. Die Rooms Katolieke Kerk was vir hom die “moeder van die beleid van intergrasie en verbastering, waar alle volke hulle identiteit verloor en uitbaster”.

Alhoewel apartheid gaandeweg op Suid-Afrikaanse bodem ontwikkel het, was die historiese ontwikkeling daarvan nie vir Vorster normatief nie. As gereformeerde was “die Woord alleen” vir Vorster “die rigsnoer” van die lewe. Hy was daarvan oortuig dat die Woord nie net die “wil van die Here en rigtinggewende beginsels oor rasseverhoudinge” bevat nie, maar dat apartheid die “toets van die Skrif kan deurstaan en aldus Christelik is” (Vorster NGTT 1979:366). Die neo-calvinistiese kant van Vorster se denkraamwerk word duidelik as hy die beleid van apartheid teruggevoer as ‘n “natuurlike gevolg” van “God se skeppingsordeninge” (ibid.). Met dié siening dat apartheid ‘n “natuurlike wetmatigheid” is, bevra egter die Skrif vanuit die posisie wat hy juis wou vermy, naamlik die historiese situasie. Die Bybel moet die bestaande politieke en sosiale beleid met die klem op volkseie regverdig as “skeppingsordeninge”. Derhalwe word die Bybel onbewustelik gereduseer tot ‘n staatsleerhandboek. Dit word gesien as hy die Bybelse gronde vir apartheid as landsbeleid uit verskeie Bybellgedeeltes verdedig, byvoorbeeld Genesis 11:6, Deuternomium 32:8 en Romeine 3:23. Net soos in 1948[54] was Handelinge 17:26 was vir Vorster die kernvers: “Die Skepper het al die nasies van die mensdom uit een bloed gemaak”. Die klem was vir hom op die laaste deel van die vers “terwyl hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het.[55]

---

[54] Vergelyk Hoofstuk 4.6 *Vorster se siening van die rassevraagstuk teen 1948*

[55] Vorster (PV 1/2/1/26) het op 21 April 1976 aan sy vriend EP Groenewald geskryf dat die nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel, oor die algemeen vir hom “reg en mooi is”. Oor die vertaling van Handelinge 17:26 het hy “erg beswaar” aangeteken. Dit was Vorster se gevoel dat “sekere tekste met opset so vertaal word, dat ons wat sterk voel oor verskeidenheid dit nie kan gebruik nie.”

Om apartheid skriftuurlik te verdedig skryf Vorster (NGTT 1979:366-374) dogmaties op die voetspoor van Kuyper in twee artikels*, Is die beleid Christelik?* en *Die duur van die skeiding?*, dat "veelvormigheid" 'n skeppingsordening is wat "God in die stryd teen sonde gewil het". Die eenheid verstaan slegs hy vanuit die eskatologie "eenmaal sal die eenheid geestelik en uitwendig dus volkome wees". In wat hy die "tussenperiode" noem, moet die "doel van die Here met veelvormigheid en verskeidenheid eerbiedig word", want Christus het nie die verskeidenheid kom ophef nie. Vir hom is die eenheid tussen gelowiges in verskillende bevolkingsgroepe slegs geestelik van aard en moet die kerk vanuit die verskeidenheid "tussen mense, tale en volke" sy instituut bepaal. Om die rede verskil die "eenheidsopvatting van die Christen" na sy mening "radikaal" met dié van die wêreld. Om die waarheid te sê, hy beskou die soeke na eenheid soos vergestalt deur die WRK as "'n valse eenheid van Babel en die antichris".

Vorster (NGTT 1979:361-362) verbind apartheid ongekwalifiseerd, (met volksromantiese ondertone), aan wat hy "konsekwente calvinisme" noem. Volgens Vorster het die "konsekwente calvinisme" nie gelei tot "bloedvermenging, intergrasie" en 'n "volksverbastering" van die Afrikaner nie, maar tot die "stigting van inheemse kerke". Die doel was om die volk op te hef. Hy het apartheid beskou as die bolwerk teen die kommunisme se pogings om die Afrikaner se "nasionale trots te breek". Sonder apartheid was daar, na sy mening, vir die Afrikaner slegs twee keuses "vlug of verbastering". Vorster (ibid.) idealiseer apartheid as hy meen "alle Afrikaners sal uiteindelik die beleid regverdig as die enigste realistiese oplossing" en dat apartheid alleen kan misluk deur "inmenging van buite". Op sy aanvanklike vraag: "Kan 'n Christen-Afrikaner die beleid van eiesoortige ontwikkeling regverdig?" kom Vorster uit sy Skriftuurlike en historiese beredenering tot die slotsom dat die Afrikaner korrek is in sy beskouing dat "die gelykstellingsbeleid is in stryd met die ware geloof". 'n Christen Afrikaner kan nie "kragtens die Woord en sy geskiedenis" anders as om apartheid as beginsel te onderskryf nie. Die benadering gee aan Vorster se eksegese 'n ideologiese kleur.

Op die vraag of die beleid sedelik regverdig is, was Vorster (PV 1/2/1/120) blind vir die negatiewe konsekwensies van die toepassing van apartheid soos die trekarbeid. Op 'n dogmatiese wyse maak hy die stelling dat dit "reine kwaadwilligheid" is om apartheid as "diskriminasie te brandmerk". Diskriminasie is vir hom die "verheffing van die eie en die vernedering en uitbuiting van die ander" as gevolg van die sondeval. Deur eiesoortige ontwikkeling word syns insiens juis die "gebod van liefde tot die naaste gehoorsaam en uitgeleef" omdat apartheid aan die "ander gee wat jy vir jouself eis". As argumente hiervoor voer hy aan dat die "Bantoe" in Suid-Afrika die rykste in Afrika is en vier maal meer motors

het as die Russe. Op die voetspoor van Verwoerd verwerp Vorster horisontale apartheid en spreek hom uit ten gunste van vertikale apartheid. Hy verklaar dat vertikale apartheid nie net sedelik verdedigbaar is nie, maar in ooreenstemming met die Skrif “enigste oplossing van die rassevraagstuk in ‘n veelrassige gemeenskap” (hierdie woorde word later presies so gehoor in die Raad van Kerke se verwerping van Cottesloe - Maart 1961). Die “felste teëstanders” van apartheid is volgens hom nie die “Christene” nie, maar “anti-Christelike magte”.

Alhoewel Vorster hoofsaaklik getrou bly aan sy vroeë standpunte oor die rassevraagstuk het daar teen 1960 ‘n klemverskuiwing in Vorster se denke oor apartheid gekom. Apartheid as landsbeleid het vir hom gegaan om die selfbehoud en oorlewing van die Afrikaner in Afrika. Anders as sy vroeë tiperings oor die rassevraagstuk het Vorster teen 1960 hom op gevaarlike ideologiese terrein begewe, deur nie net ongekwalifiseerd die Afrikaner se ondersteuning van apartheid aan calvinisme en ware Christenskap te verbind nie, maar Christenskap, Afrikanerskap en apartheid aan mekaar vasgemaak. Vir hom kon die een nie sonder die ander voortbestaan nie. Soos by baie Afrikaners was daar by Vorster ‘n “groeiende en emosionele vasbeslotenheid” dat die buiteland nie toegelaat sal word om die Afrikaner oor apartheid voor te skryf nie. Buitelandse kritiek is met groot agterdog bejeën en selfs binne eie geledere is kritiese stemme geëtiketteer. Vorster idealiseer en dogmatiseer apartheid as beginsel, maar was blind vir die negatiewe implikasies daarvan. Almal buite die denkskema van die Boere-calvinisme het vir Vorster ‘n gevaar ingehou vir die voortbestaan van die Afrikaner en die calvinisme; veral in die tyd toe Harold Macmillan se winde van verandering, (wat Vorster (PV 1/1/7/3/7) “vreemde winde” noem), orkaansterkte deur die suidpunt van Afrika gewaai het.

7.3 Die Cottesloe-kerkeberaad, Desember 1960.

Vir die doel van die studie is dit nodig om aandag te gee aan Vorster se weergawe van die Cottesloe-kerkeberaad. Vorster het sterk en drasties opgetree teen die besluite van die Cottesloe-kerkeberaad. Later jare sou hy die Cottesloe-stryd saam met Andries Treurnicht en Kosie Gericke beskryf as een van die hoogtepunte in sy lewe. Vorster se optrede teen die Cottesloe-kerkeberaad was gemotiveer deur sy steun aan die beleid van apartheid en sy verbondenheid aan die Afrikanervolk. Hy beskryf die beraad as die “skerpste aanslag van die liberalistiese element om die Afrikaner politiek te vernietig”. As die NG Kerk “daar padgegee het, sou ons nie die beleid kon handhaaf nie” (PV 1/2/14/1).

Vorster (PV 1/2/14/1) se weergawe oor die aanloop tot die beraad word gevind in ‘n persoonlike brief aan die predikant van Cradock-Oos op 10 Februarie 1961. Volgens Vorster se weergawe was die WRK slegs betrokke omdat die Anglikaanse biskop Joost de Blank die

NG Kerk by die WRK gaan aankla het oor sy ondersteuning van apartheid. De Blank se oproep het egter net aansluiting gevind by die beleidskeuse wat die WRK al ‘n geruime tyd voor gestaan het. Die noodtoestand het na hulle mening die deur vir die WRK oopgemaak om by die krisis in Suid-Afrika betrokke te raak. Die algemene sekretaris van die WRK, W.A. Visser ‘t Hooft, het volgens Vorster die onluste as geleentheid gesien om die Blankes “se oë oop te maak vir die aspirasies van die grootste groep swartes in die land”. Die Anglikaanse biskop van Kaapstad, Joost De Blank het by die WRK in April 1960 gepleit dat die NG Kerk geskors moet word, vanweë sy steun vir apartheid (Van der Watt 1987:111).

Die Moderatuur van die Kaapse Kerk het vergader om De Blank se “oorlogsverklaring” te bespreek en in ‘n verklaring uitgereik “dat verdere samewerking met De Blank onmoontlik geword het”. In dieselfde verklaring sê die Moderatuur dat hulle die besoek van ‘n amptenaar van die WRK “van harte sal verwelkom”. Te midde van die “oorlog” tussen die Kaapse Moderatuur en De Blank kom Bilheimer op 18 April 1960 as gesant van die WRK vanuit Geneve in Suid-Afrika aan om die verskillende lidkerke van die WRK te ontmoet. Bilheimer het die Kaapse Moderatuur versoek om ‘n kommissie van ondersoek na die onluste daar te stel, maar volgens Vorster (PV 1/2/14/1) het hy hom in die Moderatuur “daarteen verset en geweier”. Vorster het ook by Bilheimer aangedring dat Joost de Blank onvoorwaardelik om verskoning moes vra vir sy optrede. Vorster was ontsteld en het protes aangeteken toe hy by die volgende moderatuursvergadering verneem “twee van ons broers” (waarskynlik A.J. van der Merwe en W.A. Landman) het “ons verbind” om wel die byeenkoms te Cottesloe by te woon. Bilheimer was waarskynlik korrek was in sy ontkennning dat De Blank se optrede die vernaamste dryfveer agter die WRK se betrokkenheid by Suid-Afrika was, was die grootste skade reeds gedoen. De Blank het met sy onsensitiewe optrede nie net die antipatie van Vorster en baie lidmate gestimuleer nie, maar het te midde van die noodtoestand en byna direk na die sluipmoordpoging op H.F. Verwoerd (9 April 1960), bygedra tot die verharding in verhoudings tussen die NG Kerk en Anglikaanse Kerk enersyds en die NG Kerk en die WRK andersyds (PV 1/1/3/1/5; 1/2/14/1).

Landman se optrede was vir Vorster (PV 1/2/14/1) in die hele saak verdag “omdat Willem dan as skriba en dan as direkteur gehandel het”. Vorster was aanvanklik gerusgestel dat die Kaapse Kerk “saam met die broers in Transvaal” slegs Cottesloe gaan bywoon “om ou Joost op sy plek te sit en ons te verdedig teen die wêreldmening in die algemeen en die WRK in besonder”. Die studiekommissie sou slegs “skietgoed” bymekaar maak, maar Vorster was gou ontnugter toe die studiekommissie saamgestel is “deur ‘n geknoei” en “ongelowiges” meegehelp het om die verslag te skryf. Dit is nie duidelik wat Vorster met “ongelowiges” bedoel nie. Waarskynlik het hy eerder persone in die oog gehad wat krities ingestel is teen

apartheid en die regering. By die bespreking van die studiekommissie se verslag voor Cottesloe was daar volgens hom “so ‘n verskil en het ons so teenoor mekaar gestaan” dat sekere “kardinale stukke” terugverwys is. Weens die tydsbeperking was daar egter nie weer tyd om die stukke aan die hele studiekommissie voor te lê nie en slegs die tien afgevaardigdes het die finale stukke volgens Vorster onder oë gehad.

Vorster (PV 1/2/14/1) het op die studiekommissie en Moderatuur dit baie pertinent gestel dat “die manne nie namens die NG Kerk gaan nie en ook nie namens die kerk praat nie”. Hy was gerusgestel met die versekering dat “die mense nie as ons afgevaardigdes gaan nie, maar as individue op eie verantwoordelikheid”. Vorster was van mening dat in plaas daarvan dat “Joost ‘n uitklophou kry” het die afvaardiging die saak so “gemanipuleer” dat die apartheidsbeleid aangeval is en “ons regering in die rug gesteek is”. Na afloop van die Cottesloe-kerkeberaad was dit vir hom “glashelder waarom sekere mense moes gaan en dat die hele saak ‘n geknoei was”. Hy was ook van mening dat hy doelbewus nie afgevaardig is nie, omdat “sommige van ons selfs voor Cottesloe so sterk daarteen gepraat het”.

Die “geknoei” waarna Vorster verwys was waarskynlik die optrede van W.A. Landman, wat aan die Moderatuur die nodigheid van die finale tien afgevaardigdes volgens elkeen se bepaalde kundigheid gemotiveer het. Daar was dus nie plek vir Vorster of vir Treurnicht nie en beide word as sekundii afgevaardig. Die gevolg was dat Vorster nie direk betrokke by die Cottesloe besluite was nie. Hulle het na Cottesloe dus nie onder verdenking by hulle volksgenote gestaan het nie (Strauss 1983:510-511).

As gevolg van Bilheimer se besoek was daar ooreengekom op ‘n kerkeberaad van 7-14 Desember 1960 by Cottesloe in Johannesburg.[56] Die NG Kerk afgevaardigdes na Cottesloe het selfstandig opgetree en was oortuig dat hulle in lyn was met die beginsels en uitgangspunte van die NG Kerk sedert die vyftigerjare. Gedeeltes van die eind-verklaring het die NG Kerk in ‘n geweldige verleentheid geplaas en skokgolwe deur Afrikanergeledere gestuur (Strauss 1983:130-131). Van die regering se kant het die Eerste Minister H.F. Verwoerd geantwoord deur die Cottesloe-kerkeberaad en WRK vanuit die regering se perspektief te beoordeel. Wat van belang is, was dat Verwoerd die rigting aangedui het

---

[56] Die beraad sou agter geslote deure gehou word en vyf onderwerpe sou bespreek word naamlik:
The factual situation in South Africa, the Christian understanding of the Gospel for relations among races, an understanding of contemporary history from a Christian standpoint, the meaning of the current emergency in South Africa, the witness of the church with regard to justice, mission and co-operation (Lückhoff 1978:94).

waardeur die NG Kerk volgens sy oordeel ‘n keuse moes maak vir of teen apartheid. Hy het in soveel woorde gewaarsku die tyd vir wik en weeg verby is en dat die kerk deur middel van hulle sinodes eens en vir altyd moet kies. Ook het hy die hoop uitgespreek dat kerk en staat as ‘n verenigde “ons” 1961 sal binnegaan.[57]

Alhoewel Vorster (PV 1/2/1/152) verklaar dat hy nooit met Verwoerd of met sy broer John destyds Minister van Justisie, oor die Cottesloe beraad gepraat het nie, is dit tog interessant dat Verwoerd se woorde so nou aansluiting vind by Vorster se weergawe en siening van die gebeure. Reeds tydens die beraad (selfs nog voor die eindverklaring) het Vorster, volgens sy eie vertelling, al vir Andries Treurnicht gebel en gevra: “Hoe kan ons help om die aanslag teen die kerk af te weer?”[58] Treurnicht, wat sedert April 1960 redakteur van *Die Kerkbode* was, het *Die Kerkbode* as “’n swaard in die stryd teen liberalisme” gesien. Met die ondersteuning van Vorster het hy begin om die Cottesloe besluite aan te val (PV 1/1/7/3/1). Voor Verwoerd se nuwejaarsboodskap en direk na die *Nadere Verklaring*[59] skryf Treurnict in

---

[57] Verwoerd se volledige verwysing na die Cottesloe-kerkeberaad in sy nuwejaarsboodskap op 31 Desember 1960 is as volg: “Ek is nie van plan om onlangse persoonlike verklarings oor kleurbeleid van individuele kerkmanne te behandel nie. Die indruk wat geskep is deur teenstanders van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, dat sekere kerke daardeur standpunt ingeneem het, is immers geheel en al verkeerd. Die kerke het inderdaad nog glad nie gepraat nie. Deur hulle Sinodes waarop al die leraars en die lede verteenwoordig sal wees, moet die kerke se stemme nog gehoor word. Ek wil graag die hoop uitspreek dat daar nou opgehou sal word met die onregmatige insleep van die name van ons kerke in ‘n debat wat op die oomblik net deur individue in hulle eie naam gevoer kan word. Ook wil ek die hoop uitspreek dat 1961 ons op die ou end meer verenig sal vind as ooit tevore namate die tyd vir wik en weeg verbygegaan het en die ware koers van volk en kerke tussen baie verkenningspaaie helder sal uitstaan.” Verder het Verwoerd ook kritiek uitgespreek teen die Verenigde Volke en Wêreldraad van Kerke: “Ek persoonlik kan en wil nie glo dat enige wêreldliggaam of dit nou die VV of Wêreldraad van Kerke is, wat sy basis en sy beginsels so breed moet rek dat hy die mees uiteenlopende kringe en standpunte sal kan omvat om sy eie grootheid ontwil, ‘n blywende indruk kan maak op ons Suid-Afrikaanse denke en handelinge en op ons besluite oor hoe geregtigheid teenoor almal hier beste in die praktyk beoefen kan word nie.”

[58] Toe Treurnicht die bediening verlaat om die redakteur van die *Hoofstad* in Pretoria te word, skryf hy op 24 Oktober 1967 aan Vorster om hom te bedank vir sy “vriendskap, raad en samewerking by *Die Kerkbode*, op kerklike vergaderings en op persoonlike vlak.” Die hegte verhouding tussen Vorster en Treurnicht word duidelik in die feit dat Treurnicht Vorster beskryf as “iemand vir wie ek as jong predikant skrikkerig was, maar wat my beste vriend geword het” (PV 1/1/7/3/1).

[59] Die *Nadere Verklaring* is op 27 Desember uitereik deur die Kaapse afvaardiging en beskikbare lede van die Transvaalse afvaardiging waarin hulle van die Cottesloe-besluite probeer verdedig teen “’n lawaai van stemme” (Lückhoff 1978:109).

Die Kerkbode (28/12/1960) dat die Cottesloe-kerkeberaad op die terrein van die praktiese politiek oortree het en dat “sommige kerkmanne gerus ‘n laer profetiese toon kan aanslaan”. Treurnicht het ook die Cottesloe-kerkeberaad beskuldiging van ‘n “ontoelaatbare staatsgreep” (Lückhoff 1978:111;119). Vorster het by Treurnicht aangesluit deur te verklaar dat hy “uiters jammer is dat die *Nadere Verklaring* uitgereik is, desnieteenstaande die tydige en gesonde leiding van *Die Kerkbode* oor daardie konferensie” (PV 1/1/7/3/1).

Die Engelse pers het later die kritiek na Cottesloe getipeer as Vorster en Treurnicht se “propaganda assault on Cottesloe” (PV 1/2/1/152). Vorster nie geskroom om vir Treurnicht teen kritiek te verdedig nie. Op die beskuldiging van Professor Kotzé dat Treurnicht na Cottesloe “sy magsposisie” gebruik het om deur *Die Kerkbode* die kerk te domineer en te beïnvloed, het Vorster namens Treurnicht geantwoord dat Treurnicht niks anders gedoen as om die kerk se standpunt teen die “liberaliste van Cottesloe” verdedig nie. Hy het aanbeveel dat elke sinode van die NG Kerk met “mosies van dank en waardering die redakteur se standpunt teen Cottesloe met akklamasie moet aanneem” (PV 1/1/6/2/5).

Na afloop van die Cottesloe-kerkeberaad het Vorster (PV 1/2/14/1) ‘n “bitter geveg” in die Kaapse Moderatuur voorsien. Dat die gebeure egter nie sy vriendskap en vertroue in afgevaardigdes soos T.N. Hanekom en F.J.M. Potgieter geskaad het nie, blyk uit sy opmerking “Tobie en Pottie staan reg”, maar dat Piet Verhoef “heeltemal aan die anderkant staan”, was vir hom “pynlik”. Vorster (PV 1/2/1/105) het geen twyfel gehad dat die NG Kerk “soos ons dink” nie en het gemeen dat die sinode minstens 75% aan “ons kant” was. Hy het die inisiastief geneem en reeds in Januarie met professor E.P. Groenewald kontak gehad, asook met die Moderatuur van die Vrystaat. Vorster en Groenewald, (self ook deel van die Transvaalse afgevaardiging na Cottesloe en voorsitter van die Raad van Kerke), het gekorrespondeer oor ‘n moontlike voorstel na die Raad van Kerke oor Cottesloe, iets wat Groenewald “heelhartig ondersteun” het. Groenewald het Vorster gehelp om die saak op die agenda geplaas te kry, omdat hy (Groenewald) gevrees het dat die “kwessie nie vanself” by die Raad ter tafel sal kom nie. Groenewald probeer ook die perspektief aan Vorster oordra dat die NG Kerk afgevaardiging opgetree het ooreenkomstig beginsels wat reeds op Sinodes en kongresse aanvaar is, maar dat dit in “Johannesburg op so ‘n wyse geformuleer is dat dit ‘n aanslag op die regering impliseer” (PV 1/2/14/1). Op “hulle” versoek (waarskynlik die Vrystaatse Moderatuur en E.P. Groenewald) moet Vorster en ‘n “paar ander manne” (waarskynlik Treurnicht en Gericke) ‘n voorstel formuleer om voor die Raad van Kerke te lê. Die Raad van Kerke was na Groenewald mening “so reg” dat Vorster se voorstel minstens ‘n meerderheid van 10 stemme behoort te kry. Lückhoff (1978:127) maak tereg die opmerking dat Vorster, Treurnicht en Gericke ‘n leidende rol gespeel het om Cottesloe te verdoem en

hierin is hulle heelhartig ondersteun deur akademici soos E.P. Groenewald, T.N. Hanekom en F.J.M. Potgieter.

Die eerste amptelike reaksie van die NG Kerk teen Cottesloe-kerkeberaad het gekom van die Federale Raad van Kerke op 22 Maart 1961. Op voorstel van Vorster het die NG Kerk opnuut bevestig dat die beleid van apartheid "Skriftuurlik gegrond is" en dat dit die "enigste realistiese oplossing vir die rasseverhoudinge in ons land bied". Vorster spreek ook in sy voorstel sy misnoeë uit "dat 'n aanval op die landsbeleid van hierdie verhoog gemaak is, terwyl ons kerk nog altyd toegang tot die regering gehad het" (PV 1/2/14/1). Op voorstel van J.S. Gericke versoek die Raad van Kerke dat die Kaapse- en Transvaalse Sinodes hulle aan die WRK moet onttrek (Raad van Kerke 1961:50-55). Vir baie van die NG Kerk afgevaardigdes na Cottesloe was apartheid slegs 'n middel tot 'n doel, 'n metode.[60] Deur die formulering van Vorster se voorstel te aanvaar, word apartheid deur die Raad van Kerke tot Skrifbeginsel verhef.

Die fel reaksie van die NG Kerk en Vorster teen die Cottesloe-kerkeberaad was veel dieper as blote kritiek teen apartheid. Die NG Kerk was teen 1961 flink op pad na die hereniging in een algemene sinode en Cottesloe het die potensiaal gehad om die proses op die lange baan te skuif. Op die voetspoor van die Raad van Kerke het die sinodes van Natal en Suidwes die Cottesloe-kerkeberaad verwerp. Natal het ook gewaarsku dat hy hom aan die voorgenome algemene sinode van die NG Kerk sou onttrek indien die sinode sou besluit om by die WRK aan te sluit. Veral in Transvaal was daar 'n hewige reaksie in Afrikanerkringe. Groenewald (PV 1/2/14/1) het reeds in Januarie 1961 sy kommer teenoor Vorster uitgespreek dat NP-takke inisiatief neem om kerkrade te lei om besluite te neem om sodoende druk op die Transvaalse Sinode van 1961 te plaas. Volgens Groenewald word die afgevaardigdes openlik belaster en die Hervormde Kerk wou "aktief munt slaan" uit die toedrag van sake. By die Transvaalse Sinode, op 5 April 1961, is die debatte gekenmerk deur sterk emosies. Die Transvaalse Sinode verwerp die Cottesloe- kerkeberaad se besluite, omdat dit in stryd is met "ons kerk se geformuleerde beleid". Alhoewel die integriteit van die afgevaardigdes aanvaar word, word hulle oor die vingers getik deurdat hulle die regering "onnodig in verleentheid gebring het" (Groenewald 1961:133; Strauss 1983:136).

---

[60] In 'n vertroulike verslag van die kerkeberaad stel W.A. Visser't Hooft dat die NG Kerk afgevaardigdes nog steeds voorstanders van apartheid was, maar nie as "absolute principle" nie. Waar die metode misluk moet dit met beter metodes vervang word (Lückhoff 1978:111-115).

Teen die tyd dat die sitting van die Kaapse Sinode 19 Oktober 1961 in Kaapstad begin, was die gemoedere redelik afgekoel en was die bespreking veel rustiger. Landman het voorgestel dat die sinode die Cottesloe-verslag met die afgevaardigdes se aanbevelings behandel as bylae tot die verslag van die Moderatuur. Op voorstel van Vorster het die sinode egter besluit om eerder die aanbeveling van die regskommissie te aanvaar naamlik dat die afvaardiging na Cottesloe geen vaste kommissie van die sinode was nie en dus geen beskrywingspunte mag voorlê nie. Vorster se voorstel is met 336 stemme teen 290 aanvaar waarna bespreking gevoer is. Op Vorster se voorstel word die besluite van die Raad van Kerke oor Cottesloe deur die sinode met ‘n groot meerderheid as sy eie aanvaar. Drie amendamente wat verdere ondersoek vra oor die saak, word na Vorster se repliek met groot meerderhede verwerp (NGKSA 1961:48-53; Heyns 1961:313-316). Beide die Transvaalse en Kaapse Sinodes aanvaar die versoek van die Raad van Kerke om hulle lidmaatskap met die WRK te verbreek (Strauss 1983:137). As redes vir die stap voer Kaapse Sinode van 1961 die volgende aan:

i. Dat die WRK sy rassebeleid op die NG Kerk wil afdwing.
ii. Die sterk humanistiese en superkerk neigings by die WRK.
iii. Die sinodale eenwording van die NG Kerke (NGKSA 1961:528-529).

Alhoewel die Kaapse Sinode van 1961 verder van Cottesloe gestaan het, was daar teen die aanvang tog bespiegelinge dat Vorster en sekere “Broederbond ekstremiste” saamspan om A.J. van der Merwe as Moderator uit te skakel (PV 1/1/3/1/9). Dit is egter van alle waarheid ontbloot. Vorster het skerp verskil van Van der Merwe oor Cottesloe, apartheid en die toekoms van die Afrikaner, maar tog het Vorster (ibid.) na eie getuienis net die hoogste respek en waardering vir Van der Merwe as predikant en mens gehad. Vorster se integriteit was van so aard dat hy verseker niks sou doen om verkies te word nie, vir hom was dit “altyd ‘n saak vir die sinode”. Vorster was teen 1961 ook nie lid van die AB nie.[61] A.J. van der Merwe, Moderator sedert 1945, was weer tydens die sinode as Moderator verkies. Vorster was weer verkies as Aktuarius, sy boesemvriend, J.S. Gericke as Assessor en Landman weer as Skriba. Uit die verkiesing van die Moderatuur blyk dit dat die Kaapse Sinode gekies het vir balans tussen twee uiteenlopende standpunte.

Na afloop van 1961 se sinodes het Verwoerd se nuwejaarswens bewaarheid geword. Op die NG sinodes is hard en duidelik gepraat. Soos nog nooit van tevore was die NG Kerk en NP as “ons” verenig nie en na jare van “wik en weeg” het apartheid as “die ware koers van volk en kerke tussen baie verkenningspaaie helder uitgestaan” as die “absolute skriftuurlike beginsel” (PV 1/2/1/152). Na Cottesloe het die Boere-calvinisme in die NG Kerk geseëvier en

[61] Vergelyk Hoofstuk 8.2.2 *Die Nasionale Raad teen kommunisme.*

die NG Kerk in die Afrikanerlaer inbeweeg. As gevolg daarvan sou die verdediging van apartheid ‘n bepalende faktor wees in die NG Kerk se betrekkinge na buite: sy verhouding met die staat, met die samelewing en sy ekumene (Strauss 1994:210).

Wat was die betekenis van die Cottesloe vir Vorster? Vir Vorster was Cottesloe ‘n klinkende oorwinning. Hy het landswyd voor die hereniging van die Algemene Sinode in 1962 bekendheid verwerf as ‘n invloedryke kerkleier met ‘n uitgesproke neo-calvinistiese standpunt. Omdat hy nie deel was van die NG Kerk afvaardiging na Cottesloe nie, het hy die kritiek en vraagtekens uit eie geledere vrygespring. Die vertroue wat die NG Kerk in sy leierskap gehad het, word veral gesien in die leiersposisies in die NG Kerk wat hy beklee het na Cottesloe. In die Algemene Sinode was hy Aktuarius van 1962 en 1966, Moderator 1970 en Assessor van 1974 tot 1978. In die Kaapse Sinode was hy ononderbroke vir twee-en-twintig jaar Aktuarius 1953 tot 1975 en Moderator van 1975 tot 1979. Dit beteken dat Vorster vir byna drie dekades ‘n leiersposisie in die NG Kerk beklee het. Die wye reaksie teen die Cottesloe-kerkeberaad was vir Vorster bevestiging dat die NG Kerk “ons” siening van sake deel. Dit het hom die selfvertroue gegee om voort te gaan om apartheid in die buiteland te verdedig.

7.4 Cottesloe, apartheid en ekumene

Onder kerkhistorici is daar eenstemmigheid dat Cottesloe, ook wat die ekumene betref, ‘n keerpunt vir die NG Kerk verteenwoordig. Op die oog af het Cottesloe tot gevolg gehad dat ‘n etiese en sosiopolitieke kwessie soos apartheid ‘n bepaler van ekumeniese betrekkinge in die NG Kerk na 1960 geword het (Du Toit 2002:186). Cottesloe het ‘n breuk met die WRK beteken, terwyl die bande met ander gereformeerde- en protestantse kerke wat dieselfde belydenisgrondslag as die NG Kerk deel, in belangrikheid toegeneem het (Strauss 1983:141).

Deur middel van *Die Kerkorde* (1965:20) reël die NG Kerk in artikel 70 onder die opskrif *Kerk en ekumeniese betrekkinge* sy verhouding met ander kerke aan die hand van grade van ekumenisiteit in ooreenstemming met die gedagterigting van die DKO en die hersiene kerkorde van die GKN in 1957.[62] Die reël van ekumeniese betrekkinge aan die hand van

[62] Onder kerkhistorici is daar ‘n verskil van mening oor die betekenis van die woord ekumene. Nash (1975:1) tipeer die WRK se siening oor ekumene as “the movement for worldwide unity of Christian churches and may aptly applied to both secular and religious aspirations towards achieving a united human family living in harmony with its global habitat”. Vir haar is ekumene se etiese imperatief ‘n “growing solidarity with the suffering and with their global struggles towards that state of social justice”. Vir Durand (1961:147) stel ekumene die “ideaal van organiese eenwording” teenoor die gevaar van

grade van ekumenisiteit beteken in praktyk dat die NG Kerk verkies om nouer bande te handhaaf met kerke van gereformeerde belydenis en kerkregering en kontak soek met ander protestantse kerke sover dit moontlik en prakties is. Op die vraag: Watter kerke word as susterskerke erken? antwoord Vorster (kb 26/3/1969) dat daar geen lys opgestel is in die kerkorde nie. Vorster het artikel 70 so interpreteer dat dit beteken dat al die protestantse kerke as susterskerke aanvaar word. Hy tref egter ‘n onderskeid tussen kerke van gereformeerde belydenis en protestantse kerke wat nie gereformeerd is nie. Vir hom sluit *Die Kerkorde* slegs betrekkinge met die Rooms Katolieke kerk en sektes uit.

Die NG Kerk was na Cottesloe internasionaal volledig lid van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) en die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK). Die Algemene Sinode van 1962 besluit om tot die GES toe te tree en 1966 tot die WBGK. Bilaterale bande is met die Gereformeerde Kerke in Nederland gehandhaaf. Binne Suid-Afrika was die NG Kerk se ekumeniese aktiwiteite hoofsaaklik beperk tot die twee ander Afrikaanse kerke, naamlik die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die NG Kerk het geen formele kontak met die SARK (die plaaslike liggaam van die WRK) gehad nie (Du Toit 2002:184-185). Die NG Kerk se amptelike kontak oor sake van gemeenskaplike belang met die NGSK en die NGKA, was beperk tot die Federale Raad.

Dieperliggend staan die uiteenlopende reaksies binne die NG Kerk op die Cottesloe Kerkeberaad in die teken van twee ekumeniese denkrigtings teen 1960. Strauss (1983:143; Du Toit 2002:190) onderskei tussen die ekumeniegesindes en die gereformeerde groep in die NG Kerk.

Die *ekumeniegesindes* lê (in ooreenstemming met die paradigmaskuif binne die GKN) klem op die WRK as die hoofstroom van die beweging vir ‘n wêreldwye algemene Christelike Kerk. Persone in dié denkrigting het die WRK verabsoluteer as die eintlike gestalte van ekumeme. Die Algemene Sinode van 1962 se breuk met die WRK was vir die groep die begin van die totale isolasie van die NG Kerk. “Isolasie was vir hulle so goed soos dood” (Du

---

“kerklike isolasie”. Hy verbind die “ideaal van eenwording” aan die “eenheidstrewe van die NG kerke” wat moet “verbreed tot ekumeniese dimensies.” Durand (1961:152) waarsku profeties na Cottesloe oor die ekumeniese pad van die NG Kerk as hy skryf “hoe groter ‘n kerk is, hoe makliker kan hy homself sterk genoeg ag om in isolasie te gaan”. Vir Du Toit (2002:183) is ekumene die “versamelwoord vir die betrekkinge tussen kerke waarvan die dieperliggende doel die eenheid van die kerk op aarde is”. Hierdie eenheid word gebou op gemeenskaplik aanvaarde waarhede en vind uitdrukking in belydenis, struktuur en projekte.

Toit 2002:192). Beyers Naudé waarsku in sy afskeidspreek op 22 September 1963 : “As ons kerk voortgaan met hierdie doelbewuste en vreesbevange proses van isolasie... van terugtrekking van die heilige algemene Christelike kerk in Suid-Afrika en Afrika gaan ons geestelik kwyn en sterwe” (Strauss 1983:143).

Persone in dié denkrigting het apartheid as die vernaamste rede gesien wat gelei het tot die isolasie van die NG Kerk. In hulle stryd teen apartheid het persone in die denkrigting hulle skuldig gemaak aan growwe veralgemenings met beskuldigings soos: die NG Kerk se ekumeniese betrekkinge word gekenmerk deur “die tradisionele laer mentaliteit van die Afrikaner”, van isolasie word ‘n teologiese beginsel gemaak en ‘n “apartheidsmentaliteit” met betrekking tot die ekumene (Strauss 1983:143; Du Toit 2002:191). Vir die groep moes die NG Kerk op wêreldwye kritiek teen apartheid op sekere punte gelyk gee en ernstig opneem. Twee duidelike neigings in dié denkrigting se benadering van die NG Kerk se ekumeniese betrekkinge kom na vore:

i. Persone in dié denkrigting het die eeue-oue gereformeerde beginsel dat die NG Kerk se betrekkinge met ander gereformeerde kerke gebou moet wees op grond van gemeenskaplike kernwaarhede, gedevalueer en selfs geïgnoreer, en
ii. Dit was nie die belydenisskrifte of ander kerklike oorwegings wat die deurslag vir ekumeniese betrekkinge gegee het nie, maar getalle (Du Toit 2002:192).

Sedert 1960 het *die gereformeerde groep* leiding geneem in die ekumeniese betrekkinge van die NG Kerk. Alhoewel die meeste persone in die gereformeerde groep pro-apartheid was, was apartheid nie vir hulle die bepalende faktor vir ekumeniese betrekkinge nie. Selfs al was daar skerp verskille oor apartheid, het persone in die denkrigting nog steeds die begeerte gehad om ekumeniese betrekkinge te handhaaf. Dit kan toegeskryf word aan die Dordtse tradisie waar ekumene meer is as blote gesprek. Samewerking en gesprek vind plaas op grond van konsensus oor kernwaarhede selfs al is daar verskille oor perifiriese sake. Die siening van die DKO vind neerslag in artikel 70 van die NGKO. Dit word bevestig as Treurnicht in *Die Kerkbode* (7/12/1960) skryf dat die krag van ekumene nie bepaal word deur die getalle of magtige organisasie nie, maar deur die “eenstemmige belewing en belydenis van God se geopenbaarde waarheid”. Vorster as ‘n leidinggewende persoon in die NG Kerk se ekumeniese betrekkinge tussen 1963-1974[63] sluit by die standpunt van Treurnicht aan. In

[63] Vorster verteenwoordig die NG Kerk by die GES in 1963 (Grand Rapids DIE VSA), 1968 (Luteren, Nederland), 1972 (Sydney Australië) en 1976 (Kaapstad) en by die GKN 1970 weer in Luteren. Hy ook het by die Algemene Sinode van 1974 die ultimatummosie teen die GKN voorgestel (Du Toit 2002:190).

lyn met die Dortdse tradisie beteken “ware ekumene” nie vir Vorster (PV 1/1/7/3/7) dat verskille tussen kerke gerelativeer word nie, “maar soek die meerdere heerlikheid van die Here te midde van die verskeidenheid”. Vir Vorster (kb 8/1/1969) was dit noodsaaklik dat die NG Kerk nie in “isolasie moet leef en werk nie”, want eenheid in waarheid was vir hom ‘n “roeping”. Hy waarsku terselfdertyd teen “eenheid ter wille van eenheid” of ‘n “eenheid ter wille van demonstrasie”. Vir hom was die opkoms van die ekumeniese beweging, waar die klem val op “saamwees sonder belydenis of ooreenstemming oor die waarheid”, ‘n “eenheidsmanie” waarvan die wortels in die “liberalisme en wêreldlike organisasies” lê. Om die rede koppel Vorster (PV 1/1/7/3/7) die NG Kerk se ekumeniese betrekkinge aan bepaalde voorwaardes, wat hy noem “beginselstandpunte”. Die beginselstandpunte was:

i. Die handhawing van die eenheid op die grondslag van die waarheid.
ii. Die handhawing van die suiwer gereformeerde leer teen die modernisme.
iii. Die behoud van ‘n eie identiteit.
iv. Die bevordering van die presbiterianisme.

As dié beginselstandpunte in gedrang kom sou persone in die gedagterigting nie skroom om ekumeniese betrekkinge te verbreek nie. Dit word bevestig as Vorster (PV 1/1/7/3/7) aandui dat die NG Kerk op grond van die beginsels die WRK in 1961 verlaat het en op grond van dieselfde beginsels by die GES in 1962 en WBGK in 1966 aangesluit het. Vorster se standpunt oor die verbreking van ekumeniese betrekkinge vind ook neerslag in sy onderskeid tussen ‘n “spontane ekumene” en ‘n “organisatoriese strukturele ekumene” (kb 22/1/1975). Spontane ekumene behels ‘n sporadiese korrespondensie en samesprekings, uitnodigings om te preek met die toestemming van die kerkraad, deelname aan konferensies, gesamentelike projekte. Spontane ekumene word, na sy mening, verdring deur die oorbeklemtoning van die “organisatoriese strukturele ekumene” waar byeenkomste gereël word met ‘n konstitusie. Vir Vorster het die oorbeklemtoning van die laasgenoemde tot gevolg dat die belydenisgrondslag op die agtergrond gedwing word en die struktuur deur sommige kerke misbruik word as ‘n drukgroep. Dan is die eenheid wel “uitwendig en organisatories”, maar “binne verskeurd”. In so ‘n geval is lidmaatskap “ongewens” en “verbreking van bande ‘n noodsaaklikheid”. Die verbreking van ekumeniese betrekkinge was vir Vorster die “mees effektiewe getuienis en teregwysing”. Tog is Vorster baie duidelik daaroor dat dit nie beteken dat die kerk hom van ander kerke mag onttrek “asof hy geen ekumeniese roeping” het nie. Vorster pleit vir die herstel van die spontane ekumene omdat persoonlike gesprekke tussen twee kerke op die lang duur vir hom “veel meer betekenis” het. Met betrekking tot die verhouding tussen die drie Afrikaanse kerke het Cottesloe tot gevolg gehad dat die Afrikanergeledere dig gesluit het. Hoe naby die Afrikaanse kerke en die NP aan mekaar gekom het, blyk byvoorbeeld uit ‘n brief van S.P. Engelbrecht van die

Nederduitsch Hervormde Kerk aan Vorster. Hy skryf dat die tyd nader kom dat “ons Afrikaanse kerke saam moet kom om ons standpunt te proklameer”. Ook skryf Engelbrecht aan Vorster dat die “ondergrawing van ons kerk en ons staat nie langer so kan aangaan nie” (PV 1/1/7/3/1). Die verhouding met die twee ander Afrikaanse kerke was vir Vorster (PV 1/2/29/1/8) niks anders as ‘n “sondige verskeurdheid” nie. Vorster (PV 1/2/29/1/8) was ten gunste van die eenwording van die drie Afrikaanse kerke om die volgende redes:

i. Die drie Afrikaanse kerke onderskryf dieselfde geloofsbelydenis.
ii. Die kerke het dieselfde gereformeerde stelsel van kerkregering.
iii. Hulle lidmate kom uit dieselfde volk.
iv. Hulle praat dieselfde taal praat.
v. Die drie kerke het dieselfde taak ten opsigte van die blankes en nie-blankes.
vi. Die drie kerke moet dieselfde feller wordende uitdagings in Suid-Afrika aandurf.

In die geval is dit duidelik dat meer as die belydenis vir Vorster ‘n rol speel in die begeerte tot kerkeenheid. Die behoort aan dieselfde volk was vir hom ‘n geldige rede vir kerkeenheid.

Die Breë Moderatuur het gedurende 1973 gesprek gevoer met afgevaardigdes van die United Presbyterian Church of the USA (UPCUSA). Die ontmoeting was ‘n direkte gevolg van korrespondensie en gesprekke tussen Vorster en Paul A. Hopkins streeksekretaris van die *Commision on Ecumenical Missions and Regions*. Die gesprekke en korrespondensie tussen Vorster en Hopkins, sedert 1967, het gelei tot formele korrespondensie tussen die skriba van die algemene sinode en die stated clerk of the general assembly. Op uitnodiging van die NG Kerk het dit gelei tot ‘n ontmoeting van 11-13 September 1973 in Pretoria. Die besprekings was op die man af oor ‘n wye aantal aktuele kwessies soos die WRK se Spesiale Fonds, die verhouding tussen die NG Kerk en die jonger kerke, gesamentlike aanbidding, gemengde huwelike, die praktiese toepassing van apartheid. Alhoewel daar ooreengekom was om te verskil oor bykans elke saak, was dit vir beide kerke ‘n vrugbare gesprek. Beide het gevoel dat wedersydse kontak behou moet word. Die afvaardiging van UPCUSA het ook die NG Kerk na die VSA genooi vir verdere gesprek (PV 1/1/2/6/1; 1/1/2/6/3/ 1/2/1/25; 1/2/1/151).

Dit is interessant dat Vorster (PV 1/2/29/1/8) noem dat die NG Kerk teen 1974 nouer aansluiting met die Baptiste kerk gevind het. Ten spyte van “sekere dogmatiese verskille”, tipeer Vorster die Baptiste kerk as ‘n “dedicated little church” en ‘n “staunch ally in the great fight against liberalism, secularism, modernism and Roman Catholicism”.

Oor die WRK was Vorster nooit positief nie, al was die Kaapse- en Transvaalse Sinodes lid daarvan tot 1960. Die breë en vae basisformule beskryf hy (kb 9/4/1969) as ‘n “eenheid ten

koste van geloof". Die eenheid waarna die WRK soek, was vir hom nie 'n eenheid gebou op die waarheid nie, maar 'n eenheid ter wille van "eenheid, magsvertoon, politieke demonstrasie". Die agterdog het by Vorster oorgegaan tot totale wantroue, omdat die WRK volgens hom ontaard het in 'n "drukgroep wat selfs deur rewolusie verandering in 'n land teweeg wil bring" (Vorster kb 9/4/1969).

Vorster het in talle artikels (kb 9/4/1969; 19/5/1971; 27/3/1974; 26/1/1977) die teologiese skuif binne die WRK 'n "valse evangelie" genoem wat 'n "ontsettende gevaar" inhou vir die waarheid van die Christelike geloof. Die WRK het na sy mening die "vertikale dimensie na bo" vervang met 'n "suiwer sekularistiese en horisontalistiese sinkretisme". Vorster (PV 1/2/51/2) wys ook op die WRK se verdraagsaamheid teenoor die kommunisme en sosialisme. Vir hom het die WRK as 'n "pienk baba" gegroei tot 'n "rooi volwassene".

Die WRK as eksponent van die teologie van bevryding wil met sy klem op "die sosiale" volgens Vorster niks beter bied as om "die mens vir die aarde voor te berei en die aarde vir die mens nie". Vorster waarsku dat die WRK 'n "superkerk" wil skep wat geen diversiteit verdra nie en wat inderwaarheid niks meer is as die "samesnoering van afvallige kerke nie." Met die SARK, die streeksliggaam van die WRK, wou Vorster (PV 1/2/29/1/8) nog minder te doen hê. Vir hom het die nodige konfessionele basis ontbreek en die verskille oor teologie en apartheid was na sy mening onoorbrugbaar. In 'n artikel: *Aansluiting by die SARK?* (PV 1/2/40/1) motiveer Vorster sy standpunt verder deur te sê dat aansluiting by die SARK beteken indirekte steun en inskakeling by die WRK en CI. Vorster (kb 22/1/1975) pleit dat die NG Kerk nie in die versoeking moet val om "te beswyk" voor die "soet gefluit" van die WRK se "eenheidskultus" nie.

7.5 Die GES 1963 te Grand Rapids, VSA

Die GES is in 1946 gestig deur die inisiatief van die GKN, die GKSA en die Christian Reformed Church in North America. Die basis van die ekumeniese liggaam sou anders as by die WRK die gereformeerde belydenisskrifte wees. Reeds vanaf 1949 was beide die Kaapse- en Transvaalse sinodes lid van die GES. Die Algemene Sinode van die NG Kerk het reeds by sy eerste sitting in 1962 aansoek gedoen om lid te word van die GES. Veral leiersfigure uit die GKN sou op die voorpunt van die GES staan en daarom het die verhouding tussen die GKN en die NG Kerk 'n groot invloed uitgeoefen op die NG Kerk se ekumeniese betrekkinge binne die GES (Van der Watt 1987:130; Du Toit 2002: 187).

Die verhouding met die NG Kerk was vir die GKN om twee redes belangrik:

i. Beide kerke het ‘n gemeenskaplike gereformeerde belydenis en kerklike erfenis met mekaar in gemeen.
ii. Die GKN het die Afrikaners beskou as ‘n “broedervolk”. Die noue verbintenis tussen die twee kerke word gesien in die feit dat beide die GKN die NG Kerk mekaar as susterskerke erken het. Die GKN het selfs na die NG Kerk se debatte verwys as “familiesake” (Strauss 1983:64).

Die eeue-oue intieme familieband tussen die NG Kerk en Nederland het met die Tweede Wêreldoorlog skielik onder druk gekom. Suid-Afrika het aan die Geallieerdes se kant veg, terwyl Nederland vir vyf jaar deur Nazi-Duitsland beset was. Die Duitse besetting was vir Nederland so ‘n traumatiese ervaring dat hulle nooit weer met dieselfde oë na die lewe en wêreld kon kyk nie. Die groot klem wat Nazi-Duitsland op rasseverskille gelê het, het Nederland met weersin vervul. Duisende Nederlandse Jode was bloot op rassegrondslag deur die Nazi’s na hulle dood gestuur is. Die einde van die Tweede Wêreldoorlog en daarmee saam, nazisme, het ‘n nuwe tydperk ingelui van rassegelykheid. Waar die oorlog ‘n groot deel van die Nederlanders se lewens- en wêreldbeskouing verander het, het die oorlog die oorgrote meerderheid Afrikaners se nasionalisme versterk (Scholtz 1984:78). Die verskillende benadering ten opsigte van rasse-aangeleenthede het spoedig in die twee wêrelde het spoedig gelei tot die verwydering tussen die twee susterskerke.

Vanweë die hegte familiebande was die GKN aanvanklik versigtig in hulle kritiek op die NG Kerk se verwerping van Cottesloe, alhoewel die GKN apartheid as beleid ondubbelsinnig verwerp het. Dit was vir die GKN belangrik om op broederlike wyse in dialoog te bly met die NG Kerk oor rasse aangeleenthede (Strauss 1983:140).

Die eerste kritiese vrae oor apartheid sou reeds in 1953 by die GES geopper word en daarna het die kritiek drasties toegeneem. Teen die tyd dat Vorster die eerste keer as afgevaardigde van die NG Kerk die GES 1963 in Grand Rapids, in die VSA bygewoon het, was daar reeds onweerswolke in die lug. Die GES het apartheid as beginsel verwerp, maar in die formulering van die besluite tog die deur oopgelaat vir afsonderlike ontwikkeling as metode en die verdeling van die land onder etniese groepe. Die GES was ten gunste van organisatoriese kerkeenheid tussen moeder- en dogterkerke van verskillende rasse en kulture. Volgens Ridderbos het Vorster hom kragtig teen die GES-besluite verset en feitlik alleen daarteen gestem, alhoewel hy met sommige van die besluite “meer tevrede” was (Strauss 1983:144-147). Die Algemene Sinode van 1966 het bloot van die besluite van die GES kennis geneem (NGK 1966:536).

Op sy terugreis het Vorster namens die NG Kerk ‘n groeteboodskap oorgebring aan die GKN se Generale Sinode te Groningen. In die boodskap wys Vorster daarop dat daar verskille, soos die rassevraagstuk, tussen kerke kan wees, maar op grond van die gereformeerde belydenis kan kerke mekaar vashou en vertrou. Hy verwys ook na die historiese bande en stamverwantskap tussen die Afrikaners en Nederlanders (PV 1/2/19/8). Dit is duidelik dat Vorster ekumeniese betrekkinge met die GKN wou handhaaf op grond van ‘n gemeenskaplike gereformeerde belydenis, maar eerlik was in die erkenning van skerp standpuntverskille oor apartheid.

7.6 Vorster teen die Christelike Instituut en Beyers Naudé

Die CI het op 15 Augustus 1963 totstand gekom as direkte uitvloeisel van die Cottesloe-kerkeberaad met Beyers Naudé as die direkteur. Naudé het die CI as ‘n nuwe bediening gesien wat naas die NG Kerk wou bestaan en hom beywer vir die implimentering van die Cottesloe-besluite en vir kerkeenheid binne die NG Kerkfamilie. Vir hom het apartheid kenmerke vertoon van die nazisme van Duitsland in die dertigerjare. In 1965 pleit Naudé vir ‘n belydende kerk in ooreenstemming met die stryd van die belydende kerk in Nazi-Duitsland teen Hitler (Ryan1990:73). In *Pro Veritate*, die maandblad van die CI met aanvanklik gewillige medewerkers soos J.C.G. Kotzé, W.D. Jonker, F.E. O’B Geldenhuys en G.J. Swart, het Naudé die siening van hom verder uitwerk (Van der Watt 1987:112-113). Vir hom was daar ‘n ooreenstemming met Nazi-Duitsland se klem op rassuiwerheid en die Afrikaner se behoefte om ‘n “suiwer” volk te wees. Die nou band tussen kerk-en-staat en kerk-en-volk bevestig ook vir hom die ooreenkomste met Nazi-Duitsland. In sy stryd teen apartheid het Naudé aansluiting vind by die WRK se sosiale teologie van bevryding (Ryan 1990:108).

Soos Vorster, het die NG Kerk vanuit die staanspoor die CI skerp teëgestaan. Die Breë Moderatuur reik op 15 November 1963, op versoek van verskeie kerkrade en ringe, ‘n verklaring uit waarin die bestaan van die CI afgekeur word (Strauss 1990:360). Beyers Naudé en Ben Engelbrecht het kort voor die Algemene Sinode van 1966 vir Koot Vorster, Kosie Gericke en Andries Treurnicht ontmoet in ‘n poging om die geskille by te lê. Na samesprekings van drie-en-halfuur het dit duidelik geword dat die verskille te groot was om te oorbrug (Ryan 1990:116). Vorster was daarvan oortuig dat die CI ‘n “veelrassige kerk beoog” en dat Naudé by Cottesloe “gekapituleer” het voor mense met ‘n “liberalistiese politieke siening” en voor die “vreesaanjaende spook van Sharpeville” (PV 1/2/14/1).

Kerkhistories beskou was die besluit van die Algemene Sinode in 1966 ‘n deurslaggewende punt in die stryd tussen die NG Kerk en die CI (Strauss 1990:357). Die Algemene Sinode van 1966 het op een stem na, die voorstel van Treurnicht en gesekondeer deur Vorster, die CI

verwerp as "'n dwaalrigting wat die suiwer leer ondermyn, die goeie orde in die kerk ondergrawe en tweedrag onder lidmate saai". Daarby het die sinode ampsdraers en lidmate aangemoedig om "uit lojaliteit" teenoor die NG Kerk uit die CI te bedank. As rede vir die besluit voer die sinode aan dat dit 'n buitekerklike organisasie is wat met die NG kerk meeding; dit Rooms Katolieke en Protestante saamsnoer; dit die kerk se Skrifverantwoorde en beproefde sendingbeleid weerstrewe; 'n uiters bedenklike kerkbegrip oor ekumenisiteit huldig en laastens voorgee dat die eenheid van die kerk in 'n eenheid van uiterlike organisasie gedemonstreer en bevorder moet word (NGK 1966:458, 564-565).

Vorster en Treurnicht het voortgegaan om die CI in *Die Kerkbode* aan te vat. Vorster (kb 21/6/1967) skryf dat die sinode nie oorhaastig gehandel het in sy optrede teenoor die CI nie, maar dat lidmate wat beswaard voel die kerklike weg moet volg en 'n gravamen na die Algemene Sinode van 1970 stuur. Die Algemene Sinode van 1966 se besluit oor die CI is "bindend" en "elke lojale lidmaat sal gehoorsaam wees" om hulle aan die CI te onttrek. Die implikasie van Vorster se standpunt was dat lidmate wat aan die CI behoort is nie net dislojaal teenoor die NG Kerk nie, maar behoort ook onder kerklike tug te kom. Vorster het ook W. Bruckner de Villiers, 'n woordvoerder van die CI, aangeval. Vir hom was Bruckner de Villiers 'n "liberale half ingeligte politikus wat onder die dekmantel van die CI optree en van wie mens nie veel notisie hoef te neem nie" (PV 1/2/13/1/4).

By die Algemene Sinode van 1970 het 'n groep lidmate wat die wenk van Vorster ernstig opgeneem het, 'n gravamen ingedien oor die besluite van die Algemene Sinode 1966 met betrekking tot die CI. Hierdie lidmate wat ook lede van die CI was, verklaar dat hulle bewus is van die meningsverskille oor ras, politiek en ekumeniese aangeleenthede, maar dit is hulle "vurige verlange" om aan die NG Kerk te behoort. Vorster se onwilligheid om die saak weer op 'n sinode te bespreek word gesien in die feit dat hy as Moderator van die Algemene Sinode 1970 reël dat die gravamen deur 'n ad hoc-kommissie bespreek sal word weens die "beperkte sittingsduur" (NGK 1970:522). Die ad hoc-kommissie doen by die Algemene Sinode van 1974 deur middel van die Breë Moderatuur verslag dat die saak afgehandel is. Geen verdere samesprekings met die CI is nodig nie, omdat "niks met sulke samesprekings bereik word nie". Die Algemene Sinode van 1974 besluit verder dat die CI niks anders is nie as 'n politieke drukgroep "wat die integrasiepolitiek op kerklike akker wil vrugbaar maak en daarmee 'n verandering van regering wil bewerkstellig". Verder versag die ad hoc-kommissie die dwaalrigting-besluit van 1966 deur te verklaar dat die CI "aanleiding gee tot dwaling" (NGK 1974:199).

Het die AB ‘n rol gespeel in die NG Kerk se verwerping van die CI? Beyers Naudé (self lid van die AB tydens die Cottesloe-kerkeberaad) het die AB in 1963 “ontmasker” met sy beskuldiging dat AB die reaksie teen Cottesloe georkestreer het (Ryan 1990:86). Die implikasie was dat die NG Kerk hom doelbewus deur die AB laat beïnvloed het en dat die AB, volgens Beyers Naudé, op ‘n onskriftuurlike manier die kerk gebruik vir sy eie doeleindes (PV 1/2/13/1/4). Op Sondag 21 April 1963 kondig die “anti-apartheid en anti-regeringskoerant” die *Sunday Times* aan dat hy oor vertroulike stukke van die AB se UR beskik. Dié gebeure sou lei tot hewige polemiek en oor en weer beskuldigings tussen die UR en Naudé. Naudé het bedank uit die AB, maar sy geloofwaardigheid was onder vele Afrikaners geknou (Strauss 1990:364). Strauss (1990:369) kom tot die gevolgtrekking dat die AB wel die NG Kerk met betrekking tot die CI “vanuit die hoek van Christelike volksbelang” probeer beïnvloed het. Daar moet in gedagte gehou word dat dat dit gegaan het oor ‘n gemeenskaplike saak waarby die kerk en ‘n kultuurorganisasie, soos die AB, ‘n belang het. Wat Koot Vorster betref is dit te betwyfel of hy hom in sy optrede teenoor Naudé en die CI laat lei het deur die AB. Vorster het eers lank na die Cottesloe-kerkeberaad ‘n lid geword en het nooit ‘n rol gespeel in die AB leierskap nie (Wilkins 1980:A291).

Binne Afrikanergeledere en die NG Kerk het die CI na dié gebeure weinig invloed gehad. Die besluit van die Algemene Sinode van 1966 oor die CI het egter daartoe bygedra dat die CI die buiteland veld gewen het met sy beeld as ‘n vyand van apartheid. Beyers Naudé het veral by Professor Verkuyl, ‘n aartsvyand van Vorster, ‘n simpatieke oor gevind en die twee was spoedig ook goeie vriende. Verkuyl het ook Suid-Afrika in 1970 besoek as gas van die CI (Ryan 1990:112). In 1975 is die CI deur die regering as ‘n geaffekteerde organisasie verklaar en Beyers Naudé onder huisarres geplaas (Van der Watt 1987:113).

7.7 ‘n Amptelike antwoord op Cottesloe by die Algemene Sinode van 1966

Van der Watt (1987:114) oordeel dat Cottesloe in so ‘n mate ‘n “verlammende uitwerking” op die debat rondom apartheid binne die NG Kerk gehad het, dat die NG Kerk na 1960 nie langer ‘n “leidende aandeel in die sosio-politieke hervorming gehad het nie”. Tog het ‘n vooraanstaande kerkman uit Transvaal, professor E.P. Groenewald (1961:142) na afloop van die Transvaalse Sinode in 1961 gewaarsku dat daar nie met Cottesloe “afgereken” is nie. Volgens hom het Cottesloe by die NG Kerk ‘n “nuwe bewuswording van die dringendheid” tuis gebring om vanuit sy “aanvaarde standpunt ten opsigte van rasseverhoudinge, opnuut te worstel met die eise van die evangelie en die toepassing daarvan in ons landsomstandighede”.

As ‘n kerk binne die gereformeerde tradisie was dit vir die Kaapse Sinode van 1961 ‘n groot erns om vanuit die Skrif, nie net aan homself nie, maar ook aan die wêreld, ‘n antwoord te gee oor sy standpunt rondom volkere verhoudinge in Suid-Afrika. Die sinode het ‘n permanente kommissie vir die bestudering vir rasse-aangeleenthede benoem, wat met die “jonger NG Kerke” moes beraadslaag oor rasseverhoudinge. In samewerking met die “NG Bantoekerk” moes die kommissie ook ‘n ondersoek loods na die sedelike, maatskaplike en godsdienstige implikasies van trekarbeid (NGKSA 1961:632). Uitgesproke eksponente van die kuyperiaanse neo-calvinisme en vriende van Vorster soos A.P. Treurnicht en F.J.M. Potgieter het op die kommissie gedien.

Die eerste verslag van die kommissie vir rasse-aangeleenthede het voor die Kaapse Sinode van 1965 gedien (NGKSA 1965:194-230). Die verslag het uit agt verskillende rapporte bestaan naamlik:

i. Ras, volk en nasie in die lig van die skrif.
ii. Gemengde huwelike.
iii. Die kerk en kerklike verhoudinge.
iv. Kerk en maatskappy.
v. Die stelsel van trekarbeid in Suid-Afrika.
vi. Bevolkingsverhoudinge in Suid-Afrika.
vii. Die gesinslewe van die “nie-blanke bevolkingsgroepe”.
viii. Die kommunisme.

Die bogemelde verslag word as geheel verwys na die Algemene Sinode van 1966. Die besinning oor apartheid van die Algemene Sinode van 1966 was gekenmerk deur die trauma van die stryd na Cottesloe en die “polarisering van die calviniste” teen die Cottesloe-besluite (Strauss 1994:210). Die klimaat in 1966 kan tipeer word as ‘n tydperk van “beleidskonsolidasie en optimisme” omdat Verwoerd se droom van vooruitgang, vrede, vryheid en vreedsame naasbestaan vir baie Afrikaners teen 1966 ‘n werklikheid geword het (Strauss 1983:160). Skaars ‘n maand na Verwoerd se moord sou min Afrikaners dit in elke geval gewaag het om Verwoerd se nalentenskap te bevraagteken, of selfs net krities daarop te wees. Die sluipmoord op Verwoerd, 6 September 1966, was deur Vorster en baie Afrikaners geïnterpreteer as ‘n “aanslag van die vyande op ons volk” en apartheid was beskou as Verwoerd se “grootste nalatenskap” (PV 1/2/29/1/6).

Die Algemene Sinode van 1966 het die verslag uit Kaapland volg op al die belangrike punte. Beide Vorster en Treurnicht, bekend vir hulle sterk anti-Cottesloe standpunte en uitgesproke voorstanders van die regering se beleid van apartheid word verkies op die Moderatuur –

Treurnicht as Assessor en Vorster weer as Aktuarius. Anders as by Cottesloe waar apartheid as metode beskou was, word apartheid in die verslag in ‘n strakke dogmatiese denkskema inforseer. Deur sy aanvaarding van die verslag het die NG Kerk in 1966 apartheid as ‘n Skriftuurlike beginsel in neo-calvinistiese taal verantwoord. Die kerk verdedig sy steun aan apartheid op grond van pluriformiteit en beskawingsverskille. Die verskeidenheid en veelvormigheid van die “anorganiese en organiese wêreld” dui daarop dat daar selfs voor die sondeval pluriformiteit was en na die sondeval is dit verder deur skeppingsordinansies uitgebou. Die ontplooiing van verskeidenheid kom op noodwendige of natuurwetmatige proses neer en word deur God na aanleiding van Handelinge 17:26 in hierdie “sondige bedeling” gekontinueer. Volksromantiese ondertone word gesien in die “godgegewe roeping om die volkseie te bewaar”. Die beskerming en handhawing van die “eie aard van ‘n volk” word as ‘n Bybelse beginsel gestel. Kontekstuele knelpunte in die toepassing van apartheid, soos rasgemengde huwelike, was vaagweg vanuit “pluriformiteit as Skriftuurlike beginsel” beredeneer en as “ongeoorloof” afgewys. Trekarbeid was as “noodsaaklik en moreel” verdedig. Gesamentlike aanbidding tussen rasse was beskou as “geforseerd en verwerplik” (NGK 1966: 86-137). In geheel gesien was die verslag niks meer as ‘n verduideliking of ‘n “apologie” vir die handhawing van die verskeidenheid nie (Strauss 1994:199). Vir die Algemene Sinode van 1966 was dit waarskynlik gerieflik om na die trauma van Cottesloe, wat nog steeds op die sinode weerklink in die verwerping van die CI, te kies vir “stagnasie, veiligheid en die nie-dramatiese effek” van die verslag (Strauss 1994:210).

Tydens die Kaapse Sinode van 1969 (NGKSA 1969:194-195) het die klem geval op pluriformiteit in die samelewing. Die Kaapse kerk het trekarbeid en die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike verdedig. Die verslag van die kommissie is deurgestuur na die Algemene Sinode van 1970.

7.8 Die GES 1968 te Lunteren, Nederland

Die “stille omwenteling” wat die GKN tussen 1945 en 1960 beleef het het daartoe bygedra dat die GKN en NG Kerke teen 1968 toenemend vanuit twee teologiese wêrelde samelewingsvraagstukke benader. Waar Boere-calvinisme by die Algemene Sinode van 1966 sy hoogtepunt bereik het, het die teologie van Karl Barth en Bonhoeffer ‘n vrugbare teelaarde binne die GKN gevind.[64] Historiese kritiek en gevolglike bevraagtekening van die gesag van die Bybel en sosiale kritiek waarvan Kuitert binne die GKN ‘n eksponent was, het

[64] Strauss (1983:172-173) gee ‘n uiteensetting van die Duitse teologiese invloede. In kort kom dit daarop neer dat Bonhoeffer met ‘n gewysigde Godsbegrip gewerk het in sy oortuiging dat God slegs beleef kan word in die omgee vir mekaar.

teen 1968 nie net ‘n faktor geword binne die GKN nie, maar sy merk gelaat op die verhouding met die NG Kerk. Anti-paternalisme, rassegelykheid, politieke bevryding, ekonomiese opheffing, ‘n nuwe waardering van ekumene, tesame met ‘n onderliggende kollektiewe skuldgevoel en grondliggende teologiese skuiwe waar die klem nie meer val op die kerkvolk nie, maar op die gemeenskap, het die verhouding tussen die NG Kerk en die GKN teen 1968 vertroebel. Vir die GKN staan die NG Kerk se verdediging van apartheid in die teken van rassediskriminasie, rasseheerskappy en onregverdigheid, tekens van die vooroorlogse Europa. Die NG Kerk beskuldig die GKN het van teologiese liberalisme en humanisme, asook onbroederlike optrede omdat die GKN die NG Kerk nie verdedig het teen aanvalle in die Nederlandse pers nie. Die GKN se morele en finansiële ondersteuning van die CI en spesifiek Beyers Naudé het nie veel gehelp om die vertroue van die NG Kerk te herstel nie (Strauss 1983:172-175;204).

Maande voor die GES het die Nederlandse media met groot publisiteit voorbrand gemaak vir die “beslissende botsing met die pro-apartheidsgesindes” in die NG Kerk. Baie faktore in Nederland was in die anti-apartheidsgroepe se guns: ‘n wêreldmening, linkse pers en televisie, skok oor Martin Luther-King se sluipmoord, ‘n nuwe generasie jongmense wat vernuwing soek en ‘n oningeligtheid oor die Suid-Afrikaanse problematiek (Strauss 1983:219-220). Die venyn in die Nederlandse pers word gesien in die berigte van die dagblad *Trouw.* Op 3 Augustus 1968 berig *Trouw* oor Koot Vorster se persoonlike geskiedenis. Die dagblad tipeer Vorster as “de eerste woordvoerder van het behoudende element” in die NG Kerk. Daar word ook gewys dat Vorster M. Luther-King “de amerikaanse negerleider” beskuldig dat hy “heulen met de communisten”. *Trouw* maak ook melding dat Vorster ‘n leidende figuur is in die “anti demokratische, rassistische volkspolitiek” wat “nationaal-sosialisme” voorstaan. Die blad tipeer beide die Vorsterbroers as eksponente van nazisme in Suid-Afrika. Op 9 Augustus 1968, ‘n week voor die GES in Lunteren sou vergader, berig *Trouw*: “Het zal veel Gereformeerde voormannen niet meevallen J.D. Vorster komende week in Lunteren de handen de drukken. Want ze handen zyn vuil, de handen van Koot Vorster, broer van de ZA Premier, predikant van de Nederduits Gereformeerde Kerk, ex-facist, racist en grote pleitbezorger voor apartheid”. Vorster het aan ‘n vriend in die VSA die botsing beskryf as “the most vicious attack on South Africa and on me over the TV, radio and in the press” (PV 1/2/19/8). ‘n Aanval op Vorster as persoon het hy en ander geïnterpreteer as ‘n aanval op Suid-Afrika. Dit is deels te wyte dat Koot Vorster die broer was van die Eerste Minister en aan die anderkant in die buiteland beskou was as ‘n invloedryke leier in die NG Kerk met sterk standpunte.

Die NG Kerk was ‘n “gifaanval” te wagte van “sekere teoloë wat alles in hulle vermoë sal doen om ons rasse beleid in ‘n skewe lig te stel” (PV 1/2/19/6). Om dié rede het die Breë Moderatuur ‘n sterk afvaardiging aangewys om die NG Kerk in Nederland te gaan verdedig. Behalwe J.D. Vorster is ook J.S. Gericke, F.J.M. Potgieter en P.E.S. Smith (namens die NGSK) aangewys. Die tafel was gedek vir ‘n ernstige en dramatiese botsing.

Koot Vorster was benoem op die GES se rassekommissie, maar klaarblyklik eers na ‘n stryd agter die skerms. Behalwe Vorster was Botha en Helberg van die GKSA, asook Verkuyl en Van der Veen van die GKN op die rassekommissie benoem. Die rassekommissie het na dae se “kwaaie bekveg” besluit om ‘n meerderheidsrapport en ‘n minderheidsrapport uit te bring. Vorster vertel dat hy spesifiek ‘n aandeel gehad het in Verkuyl se minderheidsrapport. Toe Vorster sien dat die kommissie vasbrand oor Suid-Afrika het hy ‘n doelbewus ‘n fluisterveldtog onder Verkuyl se ondersteuners begin, naamlik “u sal geweldige toegewings moet maak. Die enigste manier is u moet ‘n minderheidsrapport opstel en u opvatting onverswak en onverbloem stel, die meerderheid sal u volg”. Dit was vir Vorster ‘n “groot vreugde en baie binnepret” toe Verkuyl uiteindelik opstaan en aankondig dat hy nie kans sien om aan te gaan nie en verlof vra om die vergadering saam met sy ondersteuners te verlaat. Toe die stap onherroeplik was het dit geblyk dat die meeste lede staan by die meerderheidsrapport en net ‘n paar “vuurvreters” Verkuyl volg. Hierop het Van der Veen, een van Verkuyl se getroue ondersteuners, in Vorster se woorde “histeries uitgebars” met die woorde: “Ik vind de GOS ‘n beschamende zaak” (PV 5/1/5).

Vir Vorster (kb 16/10/1968) was die werksaamhede van die rassekommissie “veeleisend met skerp en heftige botsings” en daarby “talle slapelose nagte”.[65] Wat belangrik is, was dat die meerderheidsrapport sonder om spesifieke lande te noem, volstaan het met duidelike

[65] Een aand na afloop van die rassekommissie se sittings was Vorster in sy eie woorde “gedreineer.” Hy het na ‘n sysaal gestap waar vrolik gesing en gedans is om ‘n bietjie te rus. ‘n Klomp ou dames van Urk was besig om in hulle volksdrag volkspele te doen. Hulle het volgens Vorster hand aan hand gestap in ‘n kring en te sing “stampen, stampen op je klompen, op je klompen op de maat”. Een “lang tannie” sê vir hom “kom doe mee”, “Nee, nooit” was sy antwoord. Die tweede keer toe sy hom nooi, was hy nog gedetermineerd in sy “nooit”, maar die derde keer toe sy hom so “mooi nooi”, toe dink hy dat hy so baie stry met die Hollanders, hy moet darem met een saak toegee. Hy het die ou tannie se hand geneem en in die kring saam gehuppel. Dit was vir Vorster ‘n skok toe hy omkyk en sien dat “wit, swart en bruin” sy voorbeeld volg. Dit het hom soos ‘n “bom getref” toe hy in sy geestesoog die koerantopskrifte sien: “Doktor Vorster op ‘n gemengde dansparty in Holland”. Gelukkig vir Vorster was die joernaliste so haastig terug om oor die werk van die rassekommissie te berig, dat hulle die nuus gemis het (PV 5/1/5).

Bybelse riglyne oor rasseverhoudinge. Hierdie meerderheidsrapport is grotendeels ondersteun deur Vorster, alhoewel hy punt 11 wat handel oor kerkeenheid en punt 12 oor gemengde huwelike verwerp het. Hy was veral dankbaar dat die rapport in punt 13 die reg van elke etniese groep erken om selfstandig te ontwikkel (vergelyk GES 1968:339-341). Verkuyl en drie ander lede het ‘n minderheidsrapport op die tafel geplaas waar hulle apartheid as ‘n strukturele sonde veroordeel het (GES 1968:327-328).

Die minderheidsrapport van Verkuyl het aansluiting gevind by die gees van Uppsala. By die vierde Algemene vergadering wat die WRK gedurende Julie 1968 te Uppsala, Swede, gehou het, het die wêreldwye kritiek teen apartheid ‘n nuwe hoogtepunt bereik met die aanvaarding van “rewolusionêre maatskappykritiek” as teologiese uitgangspunt. Op grond hiervan het die WRK rassisme radikaal veroordeel. Verkuyl het die GKN by Uppsala verteenwoordig en het nie net die denkklimaat ondersteun nie, maar ook die Spesiale Fonds van die PBR (Du Toit 2002:187). Na die WRK byeenkoms in Uppsala het Vorster (kb 9/4/1969) verkies om na die WRK te verwys as die “*Wêreldse* Raad van Kerke” (kursivering DJL). Dit was te wyte aan die feit dat die WRK nie meer missiologie gesien as kerstening van die samelewing nie, maar ‘n stryd teen maatskaplike vraagstukke soos rassisme, armoede en diskriminasie. Die skuif in teologiese denke het tot gevolg gehad dat die WRK die rol van die kerk aflei uit die nood in die samelewing. Die kerk kan net relevant wees as hy betrokke is by die rewolusionêre veranderinge en gelykmaking in die samelewing – hierin het die sosiale-analise van, veral die neo-Marxisme ‘n geweldige invloed uitgeoefen (Nash 1975:309-330). Dit is ook duidelik dat die teologie van bevryding of rewolusie, die hermeneutiese sleutel geword het in die verstaan van die samelewing. Die bevryding is ook nie primêr teologies nie, maar sosiologies geïnterpreteer. ‘n Samelewing wat volgens die maatstawwe verdruk word deur vorme van onreg en diskriminasie is getipeer as strukturele sonde en moet omvergewerp word, selfs met geweld. In dié proses is geweld as teengeweld eties aanvaarbaar. Om die rede kon die WRK ook hom solidêr verklaar met bevrydingsbewegings en hulle moreel en finansieel ondersteun met die Spesiale fonds van die PBR (Nash 1975:351; Ryan 1990:124-147).

Verkuyl se minderheidsrapport en vyandige optrede het die vermoede by Vorster versterk dat elemente binne die GKN ‘n skeuring tussen die NG Kerk en die GES wil veroorsaak deur die NG Kerk met apartheid te “torpedo”[66] (PV 1/2/19/6; PV 1/2/1/105). Die debatte oor die

[66] Vorster (PV 5/1/5) vertel in sy herinneringe getiteld: *Boerehumor in die stryd*, dat Verkuyl vir hom met sy aankoms by die opening van die GES laat weet het hy moet nie eers uitpak nie, want die NG Kerk gaan op die eerste dag uitgeskop word. Verkuyl het as “doodskoot” ‘n fotograaf gereël om af te neem waar Vorster sou weier om een van sy swart broers te groet. As slagoffer het Verkuyl dominee

twee verslae het gelei tot ‘n ernstige botsing tussen Vorster en Verkuyl. Volgens Vorster (PV 1/2/1/34) was hy genoodsaak om “reguit te praat en hard terug te slaan”. Vorster gee erkenning aan Potgieter wat die tema van eeheid en pluriformiteit “pragtig” hanteer het, en Gericke wat “uitstekend” geantwoord het op “valse aantygings” van sy aandeel in die Suid-Wes hofsaak in Den Haag (PV 5/1/5).

Strauss (1983:230) wys op die “epiese karakter” wat Vorster en Verkuyl aan die gebeure verleen het. Albei was groot gebou, meevoerende sprekers en beklee met ‘n besondere gesag en status binne hulle eie kring. Verkuyl is in sommige Nederlandse kringe “de Gereformeerde Paus” genoem, terwyl ander hom tipeer het as “een linkse rebel” (PV 1/2/19/8). Hoe dit ook al sy, Verkuyl en Vorster het lynreg teenoormekaar kom staan. Vir Verkuyl was Vorster “hardnekkig, eigenwijs eigengereid”. Karaktereienskappe wat volgens Verkuyl deel was van “de Gereformeerde volksdeel als hul in een geïsoleerde positie verkeren” (ibid.). Die massamedia het die “onverbloemde en byna genadelose kragmeting” aangegryp en sensasioneel aan die Nederlandse publiek aangebied. Dat die Nederlandse publiek ook intens betrokke was en skerp verdeel was oor die saak word gesien in die feit dat die NG Kerk afvaardiging in hulle eie woorde “oorval is” met telegramme, briewe en ander boodskappe van steun (ibid.).

Aanvanklik was die NG Kerk afvaardiging verslae oor Verkuyl en sy ondersteuners se agressiwiteit en vyandigheid, maar Vorster het nie geskroom om in dieselfde gees Verkuyl aan te vat nie. Vorster verwerp die WRK se basisformule omdat kerke daarop verteenwoordig is wat die “godheid en opstanding van Christus verloën”. Vir Vorster was die WRK meer begaan oor politieke mag as oor die waarheid. Verkuyl reageer skerp op Vorster se stellings. Die terugkeer van die NG Kerk tot die WRK sou volgens Verkuyl ‘n “daad van bekering” wees. Hy beskuldig ook die NG Kerk dat hy op Verwoerd se aandrang Cottesloe veroordeel het. Volgens Vorster was dit ‘n “gruwelike klag” van Verkuyl (Vorster het op

---

Sai van Nigerië na Vorster gestuur “daardie vriendelike groot ou Christen met sy blou jurk en plat voete in breë sandale.” Toe Vorster en Sai mekaar sien (hulle het reeds in 1963 by Grand Rapids vriende geword en in korrespondensie met mekaar gebly) het hulle vriendelik oor die banke geleun en mekaar hartlik gegroet. Verkuyl was woedend, tot hy sien Professor Potgieter sit met sy hand voor sy oë. Toe moes die arme Potgieter dit in die pers ontgeld omdat hy sy oë toegehou het en sy kop van skaamte laat sak het toe Vorster en dominee Sai mekaar so vriendelik groet. Dit het Vorster baie plesier verskaf , toe hy gehoor het dat F.J.M. Potgieter na die tyd aan sy studente gesê het om saam met Vorster en Gericke te reis, vir hom ‘n “verootmoedigende ervaring” is.

Lunteren 1970 ‘n soortgelyke beskuldiging veroordeel as “louter laster”). Die NG Kerk sou teen 1962 uit die WRK getree het, of Verwoerd gepraat het, of nie[67] (PV 1/2/19/8).

In die debat oor die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk het Vorster met reg standpunt ingeneem dat Suid-Afrika nie in die beskuldigdebank staan by die GES soos by die Wêreldhof in Den Haag nie, “as dit so is, moet die sinode getuienis aanhoor”. Hy wys die vergadering daarop dat dit ‘n kerklike vergadering is waar kerklike sake op ‘n kerklike wyse behandel moet word en daarom staan hy by die meerderheidsrapport. Vir Verkuyl was Vorster se betoog “drogreden” en die meerderheidsverslag te “glibberig”. Hy het die GES as ‘n middel beskou om die SA samelewingsvraagstukke op te los en selfs te verander – ‘n ooroptimistiese siening wat nie strook met die GES se doelstellings nie (Strauss 1983:229-237).

Die persoonlike trant waarop die debatte tussen Verkuyl en Vorster gevoer is, word ook gesien toe Verkuyl tot groot vermaak van die vergadering vir Vorster sê: “Bileam moes selfs na ‘n esel luister, hoekom luister u nie na ons nie?” Daarop lees hy ‘n verklaring voor van ‘n eertydse SWAPO leier, Toivo a Toivo, wat tydens sy verhoor in Pretoria verklaar het: “Ek word hier veroordeel deur ‘n vreemde regter in my eie land!” waarop Vorster skerp uitroep: “Ons is nog bereid om na ‘n esel te luister maar nie na ‘n kommunis nie!” (PV 1/2/19/8). Op Potgieter se argumente oor pluriformiteit het dr. Gillhuis met “trane” vertel hoe “pro-Boere” sy familie was tydens die Tweede Vryheidsoorlog, maar dat hy “so hartseer en geskok” was toe hy onlangs lees President Kruger het “onse swart mense kaffers” genoem. Vorster het onmiddelik opgestaan en beswaar gemaak teen die tipe emosionele en irrelevante argumente en daarby gepleit vir perspektief, want die tydperk waarvan Gillhuis praat het die Nederlanders lekker in die kerk gesing “ook brak de dag ook spoedig aan dat kaffir, moor en indiaan de knie voor Jezus buigen”. Hy het Gillhuis die versekering gegee dat die NG Kerk die woord “kaffir” uitgehaal het toe die gesang in Afrikaans vertaal was (P 5/1/5).

Alhoewel die GES die Suid-Afrikaanse konteks en spesifiek die NG Kerk geïmpliseer het, het die GES met die aanvaarding van die meerderheidsrapport die deur oopgelaat vir ‘n eie interpretasie in die toepassing van die beginsels. Die GES het nie apartheid pertinent veroordeel nie en die algemene beginsels sal op die praktyk toegepas moet word (Strauss 1983:237).

Na afloop van die GES het Vorster onder “het zonnetjie van de televisielampen” onverstoorbaar apartheid verdedig. Vorster het op die perskonferensie, waar hy volgens

[67] Vergelyk Hoofstuk 7.3 *Die Cottesloe-kerkeberaad, Desember 1960.*

Trouw “letterlijk en figuurlijk de zwaarste man uit de Zuidafrikaanse delegatie” was, op die vraag of hy die GES se uitsprake as teen apartheid beskou, (met wat later deur sommige beskryf is as ‘n “triomfantelike laggie”) geantwoord: “Dit is ‘n kwessie van interpretasie.” By dieselfde konferensie het hy ontken dat hy M. Luther-King “nouliks” ‘n Christen genoem het, alhoewel hy meen dat “sy politiek nie Christelik is nie. Vir Vorster was dit verkeerd dat die Vrije Universiteit ‘n eredoktorsgraad aan hom toegeken het, omdat hy nie gereformeerd is nie en sy metodes “verwerplik” is vanuit gereformeerde gesigspunt, omdat hy met kommuniste saamwerk en sy geweld aan die hand werk (PV 1/2/19/8; PV 1/8/3/1).

Strauss (1983:239-240) wys daarop dat die interpretasies oor die GES se besluite oor rasse-aangeleenthede wyd uiteenlopend was. Dit het gewissel van ‘n heldeverering vir die Suid-Afrikaanse afvaardiging wat Nederlandse kritici, by name Verkuyl ‘n bitter pil laat sluk het, tot ‘n dankbare verklaring van Beyers Naudé dat die GES besluite hom gelukkig maak. Sommige Afrikaanse koerante was van mening dat die GES apartheid nie finaal veroordeel nie, terwyl sy broer John Vorster op 22 April 1969 in Volksraad sydelings na die GES besluite verwys het, as die “gereformeerde calviniste wat afsonderlike ontwikkeling as uit die bose verdoem”. Dit dui op die verskillende benaderings van die twee broers. John was meer pragmaties en realisties oor die omvang van buitelandse kritiek teen Suid-Afrika en die praktiese probleme rondom apartheid, terwyl Koot teen 1968 meer dogmaties en optimisties was oor die werkbaarheid van apartheid as landsbeleid.

F.J.M. Potgieter het (kb 9/10/1968) positief reageer op Lunteren. Volgens Potgieter was daar slegs twee “hoogs” omstrede sake wat die GES behandel het, naamlik die affiliasie by die WRK en die toelating van die vrou tot die amp. In beide die sake was die NG Kerk afgevaardigdes gelukkig met die GES se besluite, naamlik om die vrou nie toe te laat tot die amp nie en om nie te affilieer by die WRK nie op grond van sy breë basisformule. Vorster se reaksie op Lunteren het ‘n week later in *Die Kerkbode* verskyn (kb 16/10/1968). Vorster het uitsluitlik na die rassedebat verwys in sy artikel. Hy noem die “lang, emosionele bitter aanvalle” op Suid-Afrika wat ‘n atmosfeer van “spanning en antagonisme” by die GES geskep het. Vorster was egter positief oor die objektiwiteit van Professor Runia, die Moderator van die GES, asook dankbaar vir die “baie vriende” van Suid-Afrika binne en buite die GES. Hierdie stelling van Vorster word onderstreep deur die oorweldigende korrespondensie wat hy na afloop van die GES uit Nederland ontvang het. In die korrespondensie word die NG Kerk afvaardiging geprys vir hullle optrede en herhaaldelik gesê dat Verkuyl “beslist niet representatief is voor het gehele Nederlandse volk” nie. In baie briewe word “symphatie betuigen” met die “Zuid-Afrikaanse volk” en die oortuiging uitgespreek dat “duizende Nederlanders overtuigd” is dat die regering in “een ware

christelikje geest alles doet om ook de gekleurde bevolking gerechtigheid te brengen". In die korrespondensie word ook spesifiek verwys na Vorster se "vreesloze" optrede in "de barre strijd" wat by "vele" bewondering afgedwing het vir "uw regering, uw land en uw volk" (PV 1/2/19/6; 1/2/1/11).

Die NG Kerk afvaardiging het hulle verslag oor die GES aan die Breë Moderatuur voorgelê vir goedkeuring. Hierdie verslag het ook as bylae tot die Breë Moderatuursverslag by die Algemene Sinode van 1970 gedien (NGK 1970:32,51,53,769; PV 1/2/19/3). Dit is opvallend dat daar geen besluit van Lunteren oor die rassekwessie opgeneem is nie. Gevolglik sou die Sinode die GES besluite nie bespreek nie, maar slegs sy 'innige waardering" uitspreek teenoor die afgevaardigdes. Op 'n kort en oorvereenvoudige manier het Vorster en Gericke gefokus op hulle persoonlike ervaring van die "dwase en dikwels histeriese" kritiek wat hulle in Nederland moes verduur. Hulle wys daarop dat die volgehoue venynige aanvalle op Suid-Afrika ongekend was. Tog is hulle optimisties dat die NG Kerk afvaardiging vriende vir SA gewen het. Vorster en Gericke oorvereenvoudig Verkuyl se standpunt as hulle in die verslag verklaar dat hy net twee argumente gehad het, naamlik "Beyers Naudé en die terroris Toiv a Toivo". Die mosie wat apartheid veroordeel, is grootliks deur die "optrede van die NG Kerk afvaardiging afgeweer." Die afvaardiging het teen besluite oor kerklike eenheid, gesamentlike aanbidding en rasvermengde huwelike gestem.

Wat was die gevolge van Lunteren 1968? Eerstens het die persoonlike aanvalle op Vorster nie ongemerk die NG Kerk verbygegaan nie. Sy konsekwente verdediging van Suid-Afrika en apartheid teen die kritici van Nederland het op die tuisfront bewondering afgedwing by baie predikante en lidmate in die NG Kerk. Dit was vir baie geen verrassing dat Vorster by die volgende Algemene Sinode as Moderator verkies was nie. Tweedens het die groterwordende kloof tussen die GKN en die NG Kerk duideliker sigbaar geword. Die redakteur van *Die Kerkbode*, W.G.J. Lubbe was reg in sy waarneming dat die kloof tussen die twee susterskerke ten minste van NG Kerk kant dieper sny as teologiese verskille oor rasseverhoudinge en apartheid: "dit reik na Skrifwaardering en belydenistrou" (PV 1/2/19/3).

7.9 Die Suid-Afrikaweek, 1970

Na Lunteren 1968 was daar 'n kommer by die GKN oor verskeie sake. Kwessies soos die vrou in die amp, die rassevraagstuk en die hermeneutiek van die Bybel het die ekumeniese bande tussen die GKN en NG Kerk onder groot druk geplaas. Om die rede het die GKN 'n uitnodiging aan die NG Kerk gerig om twee afgevaardigdes, tesame met die een elk van die NGKA en NGSK en GKSA "voor een dag of tien" na Nederland te stuur om die "gesprek voort te zetten" (PV 1/2/19/8). Volgens die GKN moes die besoek dien om beter begrip en

verhoudinge te kweek. (Strauss 1983:260). Gericke, Vorster en Potgieter het die NG Kerk verteenwoordig op die GKN se Generale Sinode van Sneek wat later as die Suid-Afrikaweek (2-6 Maart 1970) bekend sou staan (Strauss 1983:273). Volgens *Die Kerkbode* sou die NG Kerk afvaardiging algemene en geslote samesprekings met Nederlandse kerkleiers voer. Die gesprekke sou veral gaan oor rassesake en nuwe teologiese tendense in die GKN (kb 25/2/1970). Die Nederlanders was teleurgesteld dat Koot Vorster afgevaardig was, omdat daar by hulle ‘n verkeerde persepsie was dat hy nie verteenwoordigend was van die NG Kerk se beskouing oor apartheid nie. Verder het hulle beide Vorster en Gericke as “geharde apartheidsideologen” beskou (PV 1/2/19/8).

Met die aanvang van die Suid-Afrikaweek reël die voorsitter P.G. Kunst dat die vergadering na afloop van die aandsitting in ses besprekingsgroepe verdeel. Een Suid-Afrikaner sal by elkeen van die ses groepe teenwoordig wees om die rapport rondom die GES 1968 te bespreek en na die tyd gesellig verkeer (Strauss 1983:274). Met die aanvang van die debat oor Suid-Afrika word anti-apartheidstukke onder sinodelede versprei. Bruckner de Villiers van die CI word op die openbare gallery as toeskouer verwelkom. Die debatte oor Suid-Afrika het geskied te midde van groot belangstelling. *Trouw* berig dat die publieke galery “bevolkt” was met toeskouers wat handeklap as hulle met ‘n spreker saamstem (PV 1/2/13/1/4).

Trouw het ook sy persoonlike aanvalle van 1968 op Vorster voortgesit. Vorster (PV 5/1/5) het hom “finaal vererg” toe *Trouw* met groot gesag verklaar dat baie Afrikaners nie “suiwer blank” is nie. Volgens *Trouw* was DF Malan woedend toe hy ‘n Malanfamiliefees reël en daar “duisende nie-blankes” opgedaag het wat eie familie was. Ook het *Trouw* berig dat die Vorsters van Suid-Afrika nie “suiwer blank is nie” en dat almal wat Koot Vorster op die sinode sien besef hy is nie “suiwer blank” nie, maar self “’n lek uit die pan” gekry het. Vorster was woedend oor die wyse waarop *Trouw* hom persoonlik aanval, maar sy boesemvriend Kosie Gericke het hom kalmeer met sy kenmerkende humorsin: “Jy weet, Pottie, dit is ‘n seën dat dominee Ntoane ook hier is. Nou kan hy en Koot in een kamer slaap en ons in die ander. Dan handhaaf ons nog apartheid”. Na afloop van die stryd op Lunteren toe die NG Kerk manne “moeg en vaal was” het Gericke teenoor Potgieter opgemerk dat “ou Koot nie so sleg hiervan afgekom het nie, want die wetenskap bewys mos ‘n baster is sterker as ‘n suiwer geteelde”. Vorster het ook groot waardering gehad vir dominee Ntoane se fyn humor en ondersteuning in die saak. Op ‘n groot openbare vergadering in Den Haag het hy vir die gehoor gesê: “Julle moet ons nou laat staan. Ons kom goed reg in Suid-Afrika. Daar is niks verkeerd met ons nie, ook nie met ons Prime Minister nie. Hier sit sy broer – hulle is pedigree.” Die hele gehoor het gelag en hande geklap.

Die voorsitter Kunst wys as inleiding daarop dat beide die GKN en NG Kerk iets vir mekaar te sê het. Die GKN moet sorg dat die NG Kerk nie geïsoleer word nie en die NG Kerk nie vervreemding van “de oude banden ervaar” nie. In sy antwoord het Gericke die NG Kerk se posisie in perspektief gestel as hy duidelik verklaar dat hulle daar is as “kerkmanne”, nie as pleitbesorgers vir die regering nie. Dat die “oude banden” ook vir die NG Kerk belangrik was, word gesien as Gericke verklaar dat die afgevaardigdes alles in hulle vermoë sal doen om die band te bewaar, alhoewel hulle ervaar dat die band uit “duistere oorden” bedreig word (PV 1/2/13/1/4). Potgieter het namens die NG Kerk gepoog om op die voetspoor van Kuyper by die beginselsake van die gereformeerde tradisie uit te kom. Die ou vete tussen Vorster en Verkuyl het egter spoedig opgevlam toe Verkuyl op Potgieter se standpunt reageer met die stelling dat apartheid ‘n ideologie is wat die sentrale mag in die hande van die blankes lê en so ‘n rasseordening ‘n dwaalleer is. Vorster beskuldig Verkuyl van ‘n “onbybelse humanistiese teologie” en dat hy in sy boekie *Breek de muren af* op die eerste 27 bladsye 16 leuens vertel (Strauss 1983:275-277). Vorster het, soos Potgieter, ook by die gereformeerde tradisie aansluiting probeer vind, maar was vasgevang in ‘n emosionele debat met Verkuyl wat tot gevolg het dat hy nie sy standpunt verder omskryf het nie. Vir Vorster (PV 1/2/19/8) was dit onbegryplik dat Verkuyl aanhou met sy “beledigende onbroederlike” propaganda dat die NG Kerk ‘n “nazi-apartheidsideologie” voortstaan terwyl hy “goed weet dat ons ons beleid” van Nederland gekry het in die bloeityd van die gereformeerde lewe”. Vorster het ook veral besware gehad teen die Skrifbeskouing van Verkuyl en Kuitert.

Die GKN se argumente was gekenmerk deur die ekumeniese bewuswording van een wêreldsamelewing en sosiale teologie na die Tweede Wêreldoorlog. Strauss (1983:276-277) is korrek in sy evaluering dat die openbare debat kwalik ‘n sinvolle bydrae sou kon lewer om die dieperliggende lewensbeskoulike verskille op te los of selfs net te versoen. *Trouw* het berig dat Vorster en Gericke “stonden bijna alleen”. Namate spreker na spreker Suid-Afrika en apartheid verdoem het beide “somberder voor zich uitgestaar” (PV 1/2/1/23).

Dit sou egter verskillende standpunte oor die CI wees wat tot ‘n “felle botsing” gelei het (PV 1/2/19/8). Vorster was skerp krities omdat Beyers Naudé toegelaat het dat hy nog as “dominee” aangespreek word. Vir hom ‘n “bitter en onaangename saak” (PV 1/2/13/1/4). Verder het Vorster skynbaar bewyse gehad dat daar ongerymdhede was in die besteding van fondse deur die CI. Met die SA afvaardiging se toestemming is Buckner de Villiers toegelaat om namens die CI die vergadering toe te spreek. De Villiers stel homself aan die vergadering as ‘n martelaar voor met sy stelling dat hy deur die NG Kerk tot ‘n ketter verklaar is. De Villiers het die geleentheid misbruik deur ‘n skerp aanval op die NG Kerk en spesifiek Vorster te loods. Met betrekking tot die rassekwessie is De Villiers van mening dat die

verligtige invloede nog nie in die NG Kerk deurgewerk het nie. In “een klemmende” pleidooi vra hy dat die GKN tog geduld met sy susterskerk moet beoefen en hom broederlik, liefdevol en desnoods vaderlik vermanend moet lei, “al kleeft daar soveel verkramptheid” aan hulle. De Villiers het van die GKN se gasvryheid misbruik gemaak deur die verhoog te gebruik om die NG Kerk te verneder. Sy toespraak het bykans geen positiewe bydrae tot die debat gelewer nie en slegs tot gevolg gehad dat reeds sensitiewe verhoudinge verder vertroebel het. Vir Vorster was De Villiers se toespraak vernederend. Hy reageer skerp met “een felle persoonlijke aanval die de broederlijke atmosfeer totaal vertroebelde”. Volgens Vorster moet hy nie net aan hoor dat sy kerk verkramp is nie en nie die lig van die Skrif het nie, maar hy moet ook gereeld lees hoe *Pro Veritate* daarop uit is om die NG Kerk in ‘n swak lig te stel. As “eselkakebeen” wys Vorster aan die sinode ‘n notule van ‘n vergadering waar Beyers Naudé en Verkuyl in die huis van Baron van Tuyl bymekaargekom het om planne te beraam om die terroristebewegings in Suid-Afrika teen die regering te verening.[68] Die koninkryk van God word volgens Vorster nouliks die beste gedien deur manne soos Beyers Naudé en Buckner de Villiers (alais de Villiers) (Strauss 1983:279; PV 1/2/13/1/4).

Jonker (1998:115) se weergawe is dat sy Vorster humeur verloor het en hom tot die voorsitter gewend het met die opmerking dat hy vir De Villiers moet vra wat van sy eerste vrou geword het. Na Vorster gepraat het was daar ‘n gespanne en geskokte stilte in die sinodesaal. Die voorsitter vind dit goed om die verrigtinge te verdaag met ‘n gebed van verootmoediging. Tydens pouse het Jonker met Koot Vorster gaan praat oor die gebeure. Hy het aangevoel dat Vorster diep onsteld was. Op ‘n mooi manier het Jonker vir Vorster gesê dat hy ‘n groot fout gemaak het, waarop Vorster erken het “Ja, Willie ek het ‘n groot fout gemaak”. Hy het die raad van Jonker gevolg en direk na pouse het hy “effens geboë en in ‘n gedempte stem” ‘n kort manmoedige verklaring van apologie aangeteken, iets wat vir Jonker spreek van ‘n innerlike integriteit. As teken dat hulle sy verklaring aanvaar het die sinode staande handegeklap en die gesprek kon sinvol voortgaan.

Aan die einde van die Suid-Afrikaweek onderskryf Lunteren 1970 die besluite van die GES in 1968. Tog verklaar die GKN dat apartheid soos voorgestaan deur die NG Kerk in stryd is met die Bybel en teen die bedoeling van die besluite van die GES in 1968. Hiermee poog die GKN om die verskillende interpretasies uit die weg te ruim. Die GKN is van mening dat die werk van die CI Bybels is en daarom deur al die kerke ondersteun behoort te word. Dit was die sinode se wens dat die kloof tussen die CI en die NG Kerk oorbrug word. Hierdie

[68] Verkuyl het eers ontken dat so ‘n vergadering gehou was, later het hy beweer daar is nooit notule gehou nie en nog later dat hulle nooit die notule geteken het nie (PV 5/1/5).

standpunt sou deur die Moderamen van die GKN per brief aan die NG Kerk gerig word. Van sy kant onderneem die GKN om erns te maak met die besware van die NG Kerk . Hiermee word verwys na Potgieter wat op die laaste dag die geleentheid gehad het om te wys op teologiese skuiwe binne die GKN asook die voorgenome aansluiting by die WRK. Die NG Kerk afvaardiging het ook geleentheid gehad om met die kuratorium van die GKN se teologiese skool gesprek te voer oor leerafwykinge. Die Breë Moderatuur sou in reaksie op die GKN se vermaningsbrief, in aansluiting by die gesprek, die besware verder omskryf as ‘n bekommernis oor teoloë wat nie die onfeilbaarheid van die Skrif aanvaar nie, dualisties skeiding maak tussen Woord en God en selfs nie meer ongekwalifiseerd die belydenisskrifte kan onderskryf nie (Strauss 1983:282-283).

Op die oog af het Lunteren 1970 die vertroebelde verhoudings tussen die twee kerke op ‘n beter voet plaas. Alhoewel die NG Kerk afvaardiging ‘n duidelike begrip gehad het van die diepgaande verskille tussen die twee kerke was daar by Gericke ‘n groot waardering vir die wyse waarop die apartheidsdebat gevoer is en vir die simpatieke leiding van die voorsitter Kunst. Daar was ook ‘n groot mate van begrip vir Suid-Afrika se gekompliseerde situasie by ‘n groot deel van die sinode. Gericke het ook na afloop van Lunteren verklaar dat die klimaat tussen die twee kerke “nog nooit so gunstig was nie” (PV 1/2/19/8). Vir Potgieter was die wedersydse broederlike vermaning ‘n groot winspunt en vir hom het dit veel belofte vir die toekoms ingehou (Strauss 1983:284). Die NG Kerk afvaardiging het ook die geleentheid benut om kontak te maak met die Moderamen van die Nederlandse Hervormde Kerk en die Lutherse Kerk in Duitsland. Vir Potgieter was dit positiewe gesprekke. Vorster het die dialoog tussen die kerke “pragtig gevlot sonder spanning” omdat die NG Kerk afvaardiging “‘n goeie eerste indruk gemaak” het. Met hulle besoek aan Stuttgart, Duitsland is hulle genooi na ‘n deftige maaltyd saam met die hoofde van Mercedez Benz. Die verhoudinge teenoor Suid-Afrika was so welwillend en positief dat die hoofde ‘n pragtige Mercedez Benz 600 saam met ‘n chauffeur tot hulle beskikking gestel het vir die res van hulle Europese besoek. Die Moderamen van die Hervormde Kerk kon volgens Vorster nie hulle oë glo toe hulle buite in die koue staan en wag dat die NG Kerk afvaardiging te voet aankom nie, en hier stop ‘n Mercedez en ‘n chauffeur spring uit om die deure met millitêre Duitse aksie oop te maak. Daar was in die moderamen “geen gees” meer oor nie en die dialoog het uitstekend verloop (PV 5/1/5).

Dit kom voor asof Vorster minder positief was as Potgieter en Gericke oor die verhouding met die GKN na die tweede Lunteren. Die tekens was daar dat Vorster bedenkinge gehad het oor die sin van verdere gesprek. Hy was toenemend ontnugter oor die gesindheid van die GKN en daarby nie oortuig dat die GKN en NG Kerk tot ‘n werkbare verstandhouding oor

apartheid gaan kom nie. Dalk is Vorster se houding ook daaraan toe te skryf dat hy meer as enige ander persoon van die Suid-Afrikaanse afvaardiging uitgesonder was vir persoonlike aanvalle. Dit het daartoe bygedra dat Vorster se houding verhard het teen die GKN. Vorster reageer eers op 23 Desember 1970 in *Die Kerkbode* (kb 23/12/1970) op die tweede Lunteren. Vorster bespreek uitvoerig die teologiese "afval" in die GKN. Hy noem in die artikel sy "verontrusting" oor die teologiese koersveranderings in die GKN. Hy het begrip gehad dat die GKN nie sondermeer leertug toepas nie, uit vrees vir kerkskeuring. Dit was vir hom egter onbegryplik dat die GKN nie "reg" wou kies nie, veral in 'n tyd waar die "grondwaarhede betwyfel en bestry" word. Vir Vorster was die duidelikste tekens van die teologiese koersveranderings in die GKN hulle begeerte om by die WRK te affilieer, die "samen-op-weg-beweging", die bevraagtekening van Skrifgesag, die toelating van die vrou in die amp, die verdraagsaamheid en akkommodering van Kuitert se histories kritiese eksegese en gevolglike ontkenning van die historisiteit van die sondeval. Vorster was ontnugter oor professor Ridderbos se "byna ongelooflike argument" dat "ons mekaar nodig het en bymekaar moet bly" ten spyte van teologiese verskille. Dit was egter Berkouwer wat volgens Vorster die sinode "ontman" het met sy stelling dat die gereformeerde kerke ruimte moet hê vir persone wat "grote aarselingen" het oor die Bybel. Vorster kom tot die slotsom dat die GKN "eenheid bo suiwerheid" verkies en deur die onvermoë om leertug toe te pas 'n vry hand gegee het vir liberale teoloë. Vir hom het die "vlae halfstok in die gereformeerde wêreld gehang".

Iets van Vorster se verharde gesindheid teenoor die GKN word weerspieël in die afgevaardigdes se verslag aan die Breë Moderatuur (NGK 1970:60). Alhoewel die verslag positief verwys na die voorsitter Kunst se skitterende, onpartydige en simpatieke optrede en hoë vlak van besprekings, was die verslag skerp krities oor sekere tendense in die GKN. Verkuyl se metodes van verdraaiings en verswygings soos weerspieël in sy boek *Breek de muren af* was vir die afvaardiging "'n laakbare strydmetode." Verder was die afvaardiging bekommerd oor die "leuenagtige propaganda, bedenklike teologie van sommige gereformeerdes, die linkse beskouinge in rasse-aangeleenthede en die eiegeregtigheid van sommige wat kamele insluk en muggies uitsif". Die behoud van ekumeniese bande met die GKN was op dié staduim nog bepleit, omdat die GKN se stryd teen: "die permissiewe gees van ons tyd, teen horisontalisme in teologiese denke, die aanslag op God se Woord, die aftakeling van die Christelike sedewet, ook ons stryd is".

Anders as in 1968 het die afgevaardigdes hulle doelbewus daarvan weerhou om Lunteren as 'n oorwinning te vertolk. Vir Gericke was Lunteren 1970 eerder 'n "oorwinning vir beter verhoudinge" (PV 1/2/19/8). Ten spyte van diepgaande verskille was die verhouding tussen

die NG Kerk en die GKN na Lunteren 1970 op die oppervlak beter. Dit word bevestig in die feit dat die GKN beide Kunst en Kruiswijk na die Algemene Sinode in Oktober 1970 afgevaardig het. Vir beide was dit ‘n positiewe ervaring, tog meld beide die grimmigheid en dieperliggende wantroue wat daar by die sinode teen hulle bespeur was (Strauss 1983:304).

7.10 Moderator van die Algemene Sinode, 1970.

Die derde Algemene Sinode van die NG Kerk was vir baie ‘n belangrike sinode. Daar was die verwagting dat die Algemene Sinode in 1970 verder leiding moes gee oor die praktiese en morele implikasies van apartheid en die verslegtende verhouding met ekumeniese liggame en die GKN oor apartheid. Dat die NG Kerk ‘n moeilike dekade van stryd voorsien het, word weerspieël in die uittredende Moderator, J.S. Gericke se “ernstige woorde” oor die “onrusbarende posisie waarin Suid-Afrika hom bevind”. Gericke het die afgevaardigdes “wat in ademlose stilte geluister het”, gewaarsku soos hy “die tekens van die tye lees”, dat dit vorentoe “nog moeiliker vir kerk en staat sal gaan”. Christene in Suid-Afrika sal bereid moet wees om te veg: “veg vir julle huise, veg vir julle broers, veg vir julle seuns en dogters en veg vir julle vroue”. Gericke het waarskynlik Beyers Naudé in gedagte gehad toe hy skerp veroordelend gepraat het oor “geestelikes” wat “die groot leuen” verkondig dat apartheid ooreenstem met dit wat in Nazi-Duitsland gebeur het. Gericke het ook ‘n waarskuwende woord gerig oor die “ondermyning van die jeug se sedes en godsdienstige waardes” (PV 1/1/3/1/9).

Die Algemene Sinode van 1970 het ‘n sterk leier gesoek om die NG Kerk die sewentigerjare binne te lei en vir baie was dit daarom geen verrassing dat Koot Vorster as nuwe Moderator verkies is nie. Hy het die meer gematigde F.E. O’Brien Geldenhyus met 11 stemme verslaan. Dit opsigself is insiggewend, want uit die klein meerderheid blyk dit tog dat die sinode verdeeld was oor verskeie sake waarvan Vorster en O’Brien Geldenhuys teenoorgestelde pole verteenwoordig. F.E. O’Brien Geldenhuys was in 1960 nie net ‘n afgevaardigde na Cottesloe toe nie, maar was ook krities ingestel teenoor apartheid as beginsel. ‘n Geesgenoot en vriend van O’Brien Geldenhuys, was Vorster se ou opponent, Willem Landman. Alhoewel Vorster en Landman vanaf 1953-1975 saam op die Kaapse moderatuur gedien het, kon hulle mekaar nie vind nie. Op persoonlike gebied het hulle bykans geen kontak gehad nie. Hannie onthou as haar pa iets by Landman se huis moes gaan aflewer, moes een van die kinders saamry om dit te vat, sodat haar pa nie nodig het om met Landman te praat nie. Op kerklike terrein het Landman nie net sy invloed gebruik om Vorster uit die afvaardiging na Cottesloe te hou nie, maar hom ook tuisgevoel in die denkrigting van die ekumeniegesindes. Dit is ook insiggewend dat Landman teruggestaan het in die verkiesing as Skriba van die Algemene Sinode. Sy rede was dat hy die geleentheid vir ander

wou gee omdat daar reeds twee Kapenaars op die moderatuur was. Waarskynlik het Landman nie kans gesien om op die Moderatuur te dien waar Vorster voorsitter was nie, veral omdat beide Vorster as Moderator en Gericke as Assessor, albei teëstanders van Landman was (PV 1/1/3/1/9).

Met sy verkiesing as Moderator van die derde Algemene Sinode van die NG Kerk in 1970 was Vorster "sigbaar aangedaan". Hy het die sinode belowe waar hy tekort skiet aan talente sal hy vergoed deur "liefde, toewyding en arbeid". Die nuwe Moderator het die leisels stewig vasgevat en reeds op die eerste dag die sinode beïndruk met "sy forse stem, formidabele voorkoms en sy intieme kennis van die prosedure en beheer van groot vergaderings". Getrou aan sy aard hou Vorster nie van omslagtigheid en onnodige bespreking nie en verkies kortpad ter wille van doeltreffendheid. Tog het sy humorsin geblyk met 'n gepaste kwinkslag op die regte tyd (PV 1/1/3/1/9). Vorster se liefde vir "cowboy" boeke en Clint Eastwood se rolprente oor die "Wilde Weste" was wyd bekend. Dikwels was bespiegel dat dit die "cowboy instink" was wat sy spore soms so woes laat klap en die sneller laat lostrek het op die vyand. Daar word vertel van 'n predikant van Stellenbosch wat gereeld "saans met bewende knieë en diepe erns" 'n dankgebed opgestuur het vir "veilige bewaring" (PV 1/2/1/151). Hannie onthou een van Vorster se gunsteling sinodestories was toe hy repliek moes lewer op 'n voorstel van hom oor die ernstige saak van kerklike integrasie. Soos Vorster vertel het, het hy gepraat dat die "spoeg waai", maar met die ernstige gepraat het hy nooit besef die stoel gly agteruit nie. Toe hy "uitasem" gaan sit, gaan sit hy op die vloer. Die eerste spreker daarna het tot groot vermaak van die hele vergadering gesê dat hy bly is dat Vorster se voorstel gewen het, maar dat dit tog jammer is dat hy sy agterstel verloor het. Nodeloos om te sê dat die hele sinode hardop uitgebars het van die lag.

Geskiedenis is gemaak deurdat Koot Vorster tot Moderator verkies is van die grootste Afrikaanse kerk en dat sy broer John Vorster, op die staduim op die kruin van die golf was as Eerste Minister van Suid-Afrika en Hoofleier van die NP, die grootste politieke party. Die Engelse pers het sy kommer uitgespreek dat Koot Vorster "one of the most influential positions in South Africa" beklee omdat hy deur hulle gereken is as 'n persoon wat "'n considerable influence" het op die "course of life and thought in South Africa". Die vrees was dat die twee Vorsters die NG Kerk en NP nog nader aan mekaar sal bring. Koot Vorster het die vrees gerusgestel met die versekering dat sy verhouding met sy broer "glad nie is wat baie dink nie" (PV 1/1/3/1/9).[69]

[69] Vergelyk hoofstuk 8.3.1 *Die verhouding tussen die twee Vorster-broers*

7.11 Die GES 1972 te Sydney, Australië

Die volgende GES vergadering 1972 het vanaf 14-25 Augustus 1972 in Sydney Australië plaasgevind. Die NG Kerk het ‘n sterk afvaardiging gestuur, omdat die venyn en aanvalle van Lunteren 1968 nog vars in die geheue was. Die besprekings oor rasse-aangeleenthede het, volgens Vorster (kb 18/10/1972), in teenstelling met die GES 1968, “in ‘n mooi aangename en Christelike atmosfeer geskied, sonder venynigheid of antagonisme”. Selfs K. Runia van die GKN en voorsitter van die GES het verwys na die kalmte en broederskap.

Tog was daar tydens die GES anti-apartheidsdemontrasies en op ‘n stadium selfs ‘n bomdreigement. Dit was hoofsaaklik gemik op die teenwoordigheid van J.D. Vorster. Vorster (PV 5/1/5) maak dit af as “onbenullige insidente” wat deur die GES volkome geïgnoreer is. Vorster (ibid.) skryf dit toe aan “ou John Brink van Malmesburry en sy gepeupel” wat geëis het dat hy aan hulle uitgelewer moes word. Die polisie moes Vorster begelei, op ‘n stadium selfs stilweg by die saal “uitsmokkel” en voor sy deur en kamervenster waghou as hy slaap. Vir baie was dit skrikaanjaend, maar vir Vorster “wat die dinge gewoond was”, was dit nie so erg nie. Hy het later met groot humor verwys na die rep en roer op die GES nadat dit bekend geword het dat daar ‘n aanslag op sy lewe gemaak is. Die petrolbom is egter twee geboue ver van sy kamer gegooi. Die enigste beseerde was ‘n “arme boompie wat naar geskroei” was. Vorster (ibid.) vertel dat hy en Gericke een aand in Australië na ‘n fliek wou gaan kyk. Hy moes tussen ‘n paar “fris boere” loop. Toe hy by die plek aankom het ‘n bende jongmense hulle ingewag en geskree “That’s him, that’s him!” Gericke het daarop aangedring dat hulle na die hotel terugkeer, maar die huurmotorbestuurder “so ‘n bullebak tipe wat ons ongemaklik maak” wou eers weet of hulle van Suid-Afrika is, waarop Vorster vinnig antwoord: “Don’t you regonise our Oxford accent?”

Gericke het namens die NG Kerk gedien op die rassekommissie, terwyl Vorster voorsitter was van die kommissie wat verslag moes doen oor die vrou in die amp. Wat apartheid betref was rasgemengde huwelike en gesamentlike aanbidding in die brandpunt. Vorster (kb 1/8/1973) meen dat die hele vraagstuk rondom gesamentlike aanbidding verpolitiseer is deur die toedoen van die WRK. Vir hom is dit jammer dat woorde soos “meerderwaardig en minderwaardig, stryd, selfverheffing en verwyt”, deel geword het van die vraagstuk. Op grond van argumente dat die eenheid primêr geestelik is en veelvolkigheid ‘n “genadewil” van God is, wys hy gesamentlike aanbidding prinsipieel af. Vorster (PV 1/1/2/4/3) het hom sterk uitgespreek teen persone soos Beyers Naudé wat deur sy “agitasie” vir gesamentlike aanbidding ‘n “neerbuigende indruk” teenoor gekleurdes maak, asof hulle van die blankes “promosie” moet kry om te aanbid en asof afsonderlike aanbidding in eie taal volgens eie kultuur sondig en in stryd met die Bybel is. Tog het hy ruimte gelaat vir “spontane”

gesamentlike eredienste en nagmaal tussen gereformeerdes met dieselfde belydenisgrond mits die erediens nie “misbruik” word vir politieke doeleindes, of gesamentlike aanbidding “geforseer” word nie, of die erediens as ”‘n heilige ontmoeting met God” vervlak tot ‘n “politieke demonstrasie van eenheid” nie.

Vir Vorster (PV 1/1/2/4/16) was ‘n huwelik meer as ‘n ooreenkoms tussen twee mense. In lyn met die neo-calvinistiese tradisie raak dit ook “familie- en volksverbande”. Gemengde huwelike bedreig volgens hom ‘n volk se identiteit. Om dié rede het die owerheid die reg om “kragtens sy Godgegewe kultuuropdrag beskermend in te gryp” om deur wetgewing huwelike slegs tussen “die eie ras” toe te laat. Die ideaal vir Vorster was egter dat huwelike “slegs” moet plaasvind tussen etniese groepe en in volksverband. Ras het vir Vorster nie net te doen met kultuur- of godsdienstige verskille nie, maar met “biologiese en geestelike eienskappe” wat vir die “voortbestaan van die volk” van allergrootste belang is. Die besluite van die GES dat die huwelik slegs ‘n privaat saak is, was vir hom “eensydig individualisties”, ‘n “oorvereenvoudiging” en ‘n “negering” van die Skrif. Vorster verleen dus aan die owerheid die reg om die huwelike tussen persone op Bybelse gronde te reguleer, as die voortbestaan van die volk in gedrang kom. Weereens is die volk die bepalende kring in Vorster se Boere-calvinistiese denkraamwerk en die kerk en staat vennote om die voortbestaan van die volk te verseker.

In wese het die GES die besluite van Lunteren 1968 gehandhaaf, alhoewel die verbod op gemengde huwelike en gesamentlike aanbidding afgewys word. Vir die GES het geen regering die reg om die huwelikslewe van die individu te beperk op grond van ras of kleur nie. Vir die GES mag afsonderlike kerke vir inheemse groepe wel bestaan, maar niemand mag op grond van ras of kleur uitgesluit word nie (GES 1972: 42-43).

Tog het Vorster (kb 18/10/1972) die GES as positief beleef omdat “suiwer geloof” die samebindende faktor was en begrip en waardering gesprekke gekenmerk het. Vir hom het die “aangename gemeenskap” tussen die Afrikaners en die Japanese en Pakistani as ‘n hoogtepunt uitgestaan. Vorster was byna ooroptimisties dat al die afgevaardigdes ook kon sien dat die toestande in SA nie is soos die “linkse wêreldpers” wil voorgee nie. Vorster getuig dat die positiewe ekumeniese kontak, ten spyte van verskille, vir die NG Kerk baie beteken. Hy laat tog ‘n waarskuwende klank hoor as hy sê dat die toekomstigste waarde van die “onberekenbare” ekumeniese kontak van gereformeerde kerke in die wêreld, afhang van die regte hantering van verskille (PV 1/2/19/6) .

Alhoewel die gesprek op die GES veel rustiger verloop het, was dit duidelik dat die GKN en NG Kerk nie nader aan mekaar beweeg het wat apartheid betref het nie. Strauss (1983:320) kom tot die gevolgtrekking dat die gesprek stagneer het, elkeen in sy eie "loopgraaf". Wat die verwydering tussen die twee susterskerke skerp onderstreep het, was dat die Vrije Universiteit op 18 Augustus 1972 (terwyl die GES in sitting was) besluit het om 'n eredoktorsgraad in teologie aan Beyers Naudé toe te ken. Met die ontvangs daarvan op 20 Oktober 1972 verwys Beyers Naudé dat die werklike vyande van Suid-Afrika die kampvegters vir apartheid is. Hy bevraagteken die geloofwaardigheid van die Suid-Afrikaanse regering en verwys na die toenemende swart-wit polarisasie. Naudé vind 'n simpatieke oor in die GKN en die persoonlike gelukwensing van die honderde aanwesiges neem etlike ure. Die toenadering tussen die GKN en die dogterkerke is ook betekenisvol. Die dogterkerke het na die GES 1972 toenemend saam met die GKN teenoor die NG Kerk te staan gekom en 'n belangrike rolspeler geword in die stryd tussen die GKN en die NG Kerk[70] (Strauss 1983:314-315).

7.12 Die Spesiale Fonds van die PBR

Gedurende Julie 1968 het die WRK by Uppsala in Swede nie net rassisme in die sterkste moontlike taal veroordeel nie, maar sy *Programme to combat Racism* (PBR) bekend gestel. Suid-Afrika was as 'n prioriteit geïdentifiseer. Vir die WRK was rassisme 'n wêreldwye probleem, maar blanke rassisme in Suid-Afrika was vir hulle die gevaarlikste uitdrukking daarvan. Die WRK het apartheid beskou as 'n "allesdeurdringende, geïnstitusionaliseerde en wetlik verankerde sisteem van onreg teenoor gekleurdes." Apartheid moes die rykdom van die blanke minderheid teenoor die swart meerderheid handhaaf en kerke se ondersteuning van apartheid was vir die WRK 'n ernstige aantasting van geloofsintegriteit (Strauss 1983:336; PV 1/2/51/2).

Steun aan die sogenaamde bevrydingsorganisasies was destyds 'n emosionele en onaanvaarbare kwessie vir die meerderheid Suid-Afrikaners. Skaars twaalf uur nadat die eerste skenkings vir die Spesiale Fonds van die PBR vanuit Arnoldshein in die destydse kommunistiese Oos-Duitsland bekend gemaak is, het die Suid-Afrikaanse regering die WRK in skerp taal aangeval: "Die WRK identifiseer homself met terroriste en gee geld vir moord op vroue en kinders." Die WRK het teruggekap dat die Suid-Afrikaanse regering 'n "vuil propaganda oorlog voer" in hulle gebruik van terme soos "terroriste" in plaas van "guerillas", en "verraad" in plaas van "kritiek". Dit is duidelik dat die WRK ooroptimisties was in hulle

[70] Vergelyk 7.15 *Die GES 1976 in Kaapstad, Suid-Afrika* en 7.16 *Een oorkoepelende Algemene Sinode afgewys in 1978.*

verwagting dat hulle meer begrip gaan kry van die Suid-Afrikaanse kerke. Die SARK, NGKA en NGSK het hulle in 1970 ondubbelsinnig van die Spesiale Fonds van die PBR gedistansieer. Die CI was aarselend. Hulle wou eerder gesprek voer oor die WRK se besluit, maar verwerp geweld, “ook die geweld wat gebruik word om apartheid te implementeer” (Strauss 1983:340-341). Dit is duidelik in watter mate die teologie van bevryding reeds teen 1970 ‘n invloed op die CI gehad het.

Die reaksie van Vorster op die Spesiale Fonds van die PBR was, in aansluiting by die regering, skerp negatief. Vir hom het die WRK van die evangelie na die “social gospel” en vandaar na die “kommunistiese socialistic gospel” oorgegaan. Daarby was hy skerp veroordelend in sy uitlating dat die WRK “in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore” is (PV 1/2/51/2). Die WRK het na sy mening die kerklike weg verlaat en bevind hulle op die terrein van rewolusionêre politiek. Die Algemene Sinode van 1970 beskuldig die WRK dat hulle aandadig is aan die “gruweldade wat in die jongste tyd deur die sogenaamde vryheidsvegters gepleeg word”. Al beweer die WRK dat die geld slegs humanitêre hulp is, steun die PBR die aanvallers en nie hulle slagoffers nie (NGK 1970:824-825).

Die broeiende konflik tusen die NG Kerk en die GKN kry ‘n nuwe vonk in die kruitvat toe die Generale Sinode van die GKN in Haarlem, gedurende Maart 1974, besluit het om die Spesiale Fonds van die PBR te ondersteun en dit by gemeentelede aan te beveel. Hiermee betoon die GKN sy solidariteit met die sogenaamde bevrydingsorganisasies soos die ANC, SWAPO, PAC, ZANU PF, FRELIMO. Al dié organisasies het in die sewentigerjare op ‘n millitant rewolusionêre wyse gepoog om die bestaande regerings om ver te werp met geweld en ondergrawing van wet en orde in die samelewing. Dit word weerspieël in Oliver Tambo van die ANC se vreugdevolle reaksie dat die WRK afgesien het van mooi verklarings en nou prakties en werklikheidsbewus geraak het (Strauss 1983:341). Gericke en O’Brien Geldenhuys wat as afgevaardigdes van die NG Kerk die Generale Sinode in Haarlem bygewoon het, het onmiddellik daarop gewys dat die stap nie net die GKN by die hele politieke stryd in SA betrek nie, maar maak van die GKN ‘n handlanger van aktivisme, geweld, moord, terorrisme. In sy afskeidswoorde maak Gericke ook die stelling dat “die GKN by implikasie oorlog verklaar het teen die NG Kerk!” (Strauss 1983:368).

Vir Koot Vorster was die GKN se ondersteuning van die Spesiale Fonds die laaste strooi. Dit word weerspieël in die besluit van die Breë Moderatuur direk na die GKN se besluit, sonder die rapport van Gericke en Geldenhyus, om by die Algemene Sinode aan te beveel dat die bande met die GKN gebreek moes word – ‘n besluit wat later iewat gewysig sou word na ‘n ultimatum. Vir Klaas Runia wat Suid-Afrika in April 1974 besoek het met die oog op die

werksaamhede van die GES, was die besluit van die Breë Moderatuur voortydig. Hy het met Vorster aan huis gepraat en het hom rustiger en selfs oop vir verdere dialoog met die GKN oor die Spesiale Fonds van die PBR gevind– ‘n verkeerde persepsie van Runia soos dit later sou blyk (Strauss 1983:375).

7.13 ‘n Ultimatum aan die GKN in 1974

Dat die GKN moeilikheid te wagte was by die NG Kerk se Algemene Sinode wat op 16 Oktober 1974 in Kaapstad sou begin, word gesien in die sterk afvaardiging wat hulle daarheen stuur. Kruiswijk, Ridderbos en Halsema sou die GKN se saak aan die NG Kerk moes verduidelik. Twee dae voor die Algemene Sinode het die GKN afvaardiging die Breë Moderatuur ontmoet in ‘n poging om sake in ‘n kleiner kring uit te praat. Vir die Nederlanders was dit onbegryplik waarom die NG Kerk nie simpatie kon hê vir die aspirasies van die sogenaamde vryheidsvegters nie. Koot Vorster, as voorsitter van die vergadering, was onversetlik gekant teen hulle argumente. Hy wys op die Vrije Universiteit van Amsterdam se eredoktersgraad vir Beyers Naudé, die akkommodering van teologiese liberalisme binne die GKN en die feit dat solidariteit met bevrydingsorganisasies vir die GKN belangriker was as die eeue-oue gereformeerde band met die NG Kerk. Die GKN het in “die naam van sosiale geregtigheid” die Spesiale Fonds van die PBR ondersteun en so deel geword van terrorisme, politieke aktivisme en geweld (Strauss 1983:374).

Reeds op die eerste dag van die Algemene Sinode 16 Oktober 1974 kom die NG Kerk se verhouding met die GKN aan orde. Koot Vorster, gesteun deur Kosie Gericke, stel ‘n ultimatummosie met ‘n definitiewe tydsbeperking voor: “Indien die GKN nie binne afsienbare tyd die ernstige leerstellige dwalinge uit hulle midde deur middel van leertug verwyder nie en indien hulle besluite insake steun aan terrorisme op ons grense nie later as die eerste sitting van die volgende sinode herroep word nie, ons die band tussen die NG Kerk en die GKN as verbreek beskou (NGK 1974:562-563).

In ‘n emosionele betoog betuig Vorster sy “smart om met ‘n kerk wat hy baie lief het”, te praat oor die finansiering van die terroriste op die grense van Suid-Afrika. Die GKN beskerm ook nie die NG Kerk teen die beswaddering in Nederland nie en versuim om leertug toe te pas. Volgens hom laat die GKN deur sy optrede ‘n vraagteken oor sy erns met die band met die NG Kerk. Hy kon ook nie verstaan waarom die GKN “*meneer* Beyers Naudé” (kursivering DJL) voortdurend teen die NG Kerk gebruik nie. Ridderbos wat op die mosie namens die GKN moes reageer was self emosioneel as hy heftig weier om soos Vorster op ‘n emosionele wyse met die sinode te praat. In die tien minute wat hy gegun word, motiveer Ridderbos die GKN se steun aan die PBR se Spesiale Fonds uit

“barmhartigheidsoorwegings’. Hy waarsku die NG Kerk teen isolasie en wys op die implikasies van verbreekte bande vir die NG Kerkfamilie. Nog voordat Ribberbos op die aanklag van leerdwaling kon ingaan, wys die Moderator, D.P.M. Beukes hom daarop dat sy spreektyd van ongeveer tien minute verby is. Die ordevoorstel dat daar onmiddelik tot stemming oorgegaan word, word met ‘n meerderheid van 214 teenoor 209 aanvaar. Dit is duidelik dat minstens die helfte van die sinode van mening was dat daar nog gepraat en geluister moet word. Die saak is deur middel van ‘n vernuftige gebruik van vergaderingprosedures op ‘n onkerklike manier gestoomroller. Die ultimatummosie word egter net met twaalf teenstemme aanvaar (NGK 1974:564; Strauss 1983:376).

Vorster (PV 1/2/20/3) het hom na afloop van die sinode skerp uitspreek oor Ridderbos se tien minute toespraak in ‘n artikel: *Moes die sinode so besluit het?* Vir hom was dit “’n deurmekaar tien minute van onsin, te veel om na te luister”. Hy beskuldig Ridderbos daarvan dat hy doelbewus probeer het om die sinode ‘n rat voor die oë te draai. Ridderbos se kommentaar was na sy mening “misleidend en eintlik bedoel om die werklike sake te versteek”. Die twaalf stemme teen die ultimatum” was vir Vorster “van verdagte aard en onbeduidend”. Die steun van die GKN vir die Spesiale Fonds van die PBR was vir Vorster die vernaamste rede vir die mosie. Dit is vir hom onbegryplik dat Ridderbos en die GKN in liefde ‘n gesprek met die NG Kerk wil voer, terwyl die “voorwerp van jou liefde met jou finansiële ondersteuning vermoor word”. Ander redes wat Vorster (ibid.) aanvoer as regverdiging van die ultimatum aan die GKN was:

i. Die aansluiting van die GKN by die WRK.
ii. Die “heul” van die GKN met die CI van “meneer” Beyers Naudé.
iii. Die vernederende behandeling van die NG Kerk afgevaardigdes in Nederland. Die GKN het “heerlik meegedoen” aan die “onbroederlike” optrede om “kerk en volk” te beskuldig en “ons te beswadder”.
iv. Die onwilligheid van die GKN leerafwyking te tug.

In sy motivering van die ultimatum en die verduideliking daarna het Vorster gefokus op die Afrikaner se nasionale sentimente en die negatiewe emosies rondom die WRK se PBR se Spesiale Fonds. Wat ook belangrik is, is dat Vorster (ibid.) in die slot van die artikel daarop wys dat die NG Kerk se besluit om ‘n ultimatum te rig aan die GKN nie ‘n geïsoleerde geval tussen die GKN en NG Kerk is nie. Die Reformed Curch in New Zealand het ook bande met die GKN verbreek oor leerdwaling. Die Orthodox Presbyterian Church het onverbiddelike standpunt teen leerdwaling binne die GKN ingeneem en hulle ernstig uitgespreek teen die GKN se ondersteuning van die Spesiale Fonds. Die Free Church of Scotland het skerp kritiek op teolgiese tendense in die GKN gehad. Dat die GKN se ekumeniese invloed aan die

kwyn was word duidelik gesien in die sewende byeenkoms van die GES waar nie een afgevaardigde van die GKN tot die Moderatuur verkies is nie. Iets waaroor die GKN bitter ontsteld was (PV 1/1/2/6/3).

Wat is die implikasies van Vorster se voorgestelde verbreekte bande? Alhoewel artikel 70 van *Die Kerkorde* onduidelik is oor verbreekte bande is daar binne die gereformeerde kerkreg definitief plek, om na behoorlike besinning en gesprek oor beginselverskille, die aard van ekumeniese bande te heroorweeg. Die verbreking van bande beëindig ook nie die gesprek as sulks nie, maar die aard van die ekumeniese verhouding waarbinne gesprek plaasvind (Strauss 1983:383-386). Strauss (1989:277-278) wys daarop dat beide die NG Kerk en die GKN in die aanloop tot die ultimatum gereformeerde maatstawwe verwaarloos het en hulle laat lei het deur nie-kerklike oorwegings. Die GKN het nie kerklik opgetree in hulle solidariteit met die anti-apartheidsgroepe, wat op die oog af vir hulle belangriker was as voortgaande gesprek met ‘n susterskerk met dieselfde gereformeerde belydenis. Die GKN het ook slordig en onsimpatiek omgegaan met die probleme van hulle susterskerk, ook ten opsigte van vrae oor die akkommodering van leerdwaling binne die GKN. Die NG Kerk het fouteer in die aanvaarding van dié nie-kerklike ultimatum. Eerstens het die sinode te min inligting voor hulle gehad oor beide die PBR en die “ernstige leerstellige dwaling” binne die GKN om ‘n weloorwoë kerklike besluit te neem. Daarby was die GKN se afgevaardigdes nie ‘n regverdige kans gegee om hul saak te stel nie. Ridderbos het later opgemerk dat hy 10 000km moes kom om tien minute te praat. Die sterk emosionele argumente van Vorster staan in die teken van ‘n lang opgekropte woede teen die persoonlike aanvalle en vernedering wat hy ondervind het in Nederland. Na Lunteren 1970 het die oortuiging by Koot Vorster gegroei dat die gesprekke tussen die twee susterskerke tot niks meer as wedersydse frustrasie en beskuldigings lei nie. Die afgevaardigdes van die GKN het nog tydens dieselfde sinodesitting skriftelik beswaar aangeteken, waarop die Breë Moderatuur hulle skriftelik puntgewys geantwoord het, maar volstaan het by die besluit van die sinode (PV 1/1/2/1/15).

7.14 *Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif,* 1974

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1970 ‘n ad hoc-kommissie benoem om ‘n studie te doen met betrekking tot die “rasse-en ekumeniese vraagstukke soos dit Suid-Afrika en die NG Kerk in besonder raak”. Die ad hoc-kommissie was ‘n direkte gevolg van die kritiek op die verslag van die Kommissie van Leer-en-Aktuele Sake oor die verhouding tussen moeder- en dogterkerke. Die kommissie het etniese verskeidenheid as uitgangspunt vir verskillende kerke geneem en dit op Bybelse gronde regverdig. Geloofseenheid moet in die gemeenskap met Christus gesoek word en nie in die eerste plek in die saamwees van mens nie (NGK 1970:168). Vanweë die weerstand teen die bevindinge van die kommissie

word J.D. Vorster, F.E. O'Brien Geldenhuys, E.P. Groenewald, P.A. Verhoef, P.E.S. Smith, D.S. Snyman, D.P.M. Beukes, J.S. Gericke en W.A. Landman, op die ad hoc-kommissie benoem. Reeds op die eerste vergadering van die ad hoc-kommissie besef hulle die taak is te omvattend om nog by dieselfde sinodesitting af te handel. Die verslag sou met die oog op die Algemene Sinode van 1974 voorberei word. W.A. Landman was verkies as voorsitter van die ad hoc-kommissie, wat later bekend sou staan as die Landmankommissie. Deur middel van sub-kommissies het die ad hoc-kommissie byna vyftig jaar (1935-1975) se besinning oor apartheid en die implikasies daarvan vir die NG Kerk herevalueer en saamgevat in 'n kontekstuele dokument (PV 1/1/2/4/6). Kerkhistories gesien is RVN 1974 'n belangrike dokument, omdat die omvattendste amptelike beleidstuk van die NG Kerk oor rassesake is. Dit blyk duidelik uit die inhoud van RVN 1974 dat die verslae voor die Kaapse Sinodes van 1965 en 1969 'n groot invloed gehad het op die ad hoc-kommissie.

RVN 1974 bestaan uit 66 stellings verwerk in vyf hoofstukke, naamlik:

i. Ras, volk en nasie en volkere verhoudinge in die lig van die Skrif.
ii. Die kerk koninkryk en die ekumene.
iii. Die kerk en maatskaplike geregtigheid.
iv. Die kerk en sending.
v. Die huwelik en gemengde huwelike.

In die inleiding van RVN (1975:1) word aangetoon dat die NG Kerk nie net die grootste kerk onder die blanke bevolking van Suid-Afrika is nie, maar dat die kerk sedert die "volksplanting" betrokke was by die wel en weë van die Afrikaner. Van die begin af het die NG Kerk ook "geworstel" met die probleme van 'n "veelvolkige en veelrassige land" en moes maniere vind om die evangelie te verkondig aan mense van "wyd uiteenlopende taal, kultuur en beskawingspeile, sodat elkeen die Woord in sy eie taal kan hoor".

Die nodigheid van dié dokument staan in die teken dat die NG Kerk na sy mening "intiem" betrokke is met die staatkundige ontwikkeling van Suid-Afrika en om dié rede sy stem moet laat hoor oor die "Christelike implikasies van apartheid". In die dokument wil die NG Kerk homself nie die "weelde veroorloof om die besinning oor rasse- en volkere verhoudinge as afgedaan te beskou nie" want dit bly vir die kerk 'n "brandende aktuele vraagstuk". Die NG Kerk spreek byna onvoorwaardelik seën uit op die regering se beleid van apartheid. 'n Staatkundige bestel wat gebou is op eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe kan vir die NG Kerk teen 1974 nog in die lig van die Skrif prinsipieel verantwoord word (RVN 1975:5).

Aan die hand van “toepaslike Skrifgegewens uit die Ou en Nuwe Testament” verbind die NG Kerk sy mensbeskouing aan groot sosiale begrippe soos ras, volk en nasie. Byna ‘n derde van die studie word gewy aan Skriftuurlike beginsels. Uit die Skrif word aangetoon dat volk en nasie ook “heilshistoriese begrippe is” (RVN 1975:12-19). Israel se volkere verhoudinge word nie “reglynig” nie, maar “analogies” aan die Afrikaner verbind (RVN 1975:20). Verhoudings moes deur die liefdesgebod gekenmerk word en tot uitdrukking kom deur geregtighheid en naasteliefde (RVN 1975:32-35). Die eenheid van die kerk word gesien as “‘n eenheid in Christus” met ruimte vir “volke verskeidenheid” (RVN 1975:36-38). Die resultaat van die eksegese was egter in beginsel dieselfde as vorige studies. “Differensiasie van die mensheid” in verskillende rasse en volke word as die wil van God uit die Bybel bewys. Die begrip “volk” vorm steeds die hermeneutiese brug, terwyl Skrifgegewens daar rondom gerangskik word. Dit gee aan die dokument ‘n ideologiese kleur.

Die verskeidenheid binne die eenheid word verder uitgewerk in die tweede hoofstuk oor kerk, koninkryk en ekumene. Die kerk vind binne ‘n volk “sy bestaansruimte” en kan daarom nie afsydig staan teenoor die volk nie (1975:44). Teen die “sonde van verskeurdheid” word gewaarsku, want die “eenheid van die kerk (binne die gemeenskaplike bestaansruimte van die volk) is ook ‘n sigbare werklikheid (1975:45). Tog is die eenheid slegs geestelik wat nie die pluriforme gestalte van verskillende volke en kerke in gedrang bring nie. Vorster (PV 1/1/2/4/6) was ongelukkig dat die verslag “doelbewus” pluriformiteit binne die een kerk “asof van dieselfde instituut” as uitgangspunt neem en na sy oordeel verskraal dit nie net die begrip pluriformiteit nie, maar hou dit ook nie rekening met die “kardinale onderskeiding” tussen “wese van die kerk” en “pluriformiteit” tussen volke en rasse nie. Vir hom propageer die kommissie se standpunt dat “blanke, kleurling en bantoe in Suid-Afrika deel van dieselfde instituut moet wees”. Die teologie van rewolusie word ook beoordeel en afgewys (RVN 1975:53-63). Na Vorster (PV 1/1/2/4/6) se oordeel word daar in die verslag “te eufemisties” oor die rewolusie en geweld as middel tot ‘n doel gepraat.

In die derde hoofstuk wat handel oor maatskaplike geregtigheid word verklaar dat eiesoortige ontwikkeling Skriftuurlik verantwoordbaar is (RVN 1975:65). In die beskrywing van verhouding tussen kerk en staat word die neo-calvinistiese invloed binne RVN duidelik gesien. Op die spoor van *Die Kerkorde* (artikel 65) word in neo-calvinistiese taal verklaar dat die kerk “die eie aard en bevoegdheid van die owerheid sal eerbiedig”, maar dat die staat nie “die soewereiniteit in eie kring van ander samelewingsverbande mag aantas en gevolglik alle aspekte van die menslike bestaan wil reël nie” (RVN 1975:70-71). Die kuyperiaanse onderskeid tussen instituut en organisme vorm die basis van die verhouding. Beide kerk en staat is soewerein-in-eie-kring, maar as organisme moet die kerk sy lig op alle terreine laat

val. Die kerk moet Skrifbeginsels aan die staat verkondig, maar terselfdertyd hom aan die gesag en wette van die staat as regsinstansie onderwerp. Dit was vir Vorster (PV 1/1/2/4/6) belangrik dat die indruk nie geskep moet word dat die "Christelike kerk in antitese teenoor die Christelike staat" staan nie. Binne die Boere-calvinisme as denkraamwerk van Vorster was kerk en staat immers aan dieselfde kant van die antitese. Knelpunte soos Bantoetuislande en grondbesit, die etiese en sosiale implikasies van trekarbeid en die posisie van die kleurling en Indiërs word vaagweg aangeraak (RVN 1975:74-82). Vorster (PV 1/1/2/4/6) is op hierdie punt van mening dat die subkommissie die verhouding tussen die NG Kerk "te apologeties" benader omdat daar "by sommige van ons skynbaar 'n skuldgevoel" is. So 'n benadering sal volgens hom net "kwaad doen" by die GES. Dit verklaar dalk hoekom die verslag op hierdie knelpunt in abstrakte dogmatiese taal praat, sonder om grond te vat in die werklikhede van Suid-Afrika in 1974. In die hoofstuk oor sendingwerk word aangetoon dat "die huidige meervoudige bestaan" te wyte is aan historiese ontwikkelings (RVN 1975:84-85). In die laaste hoofstuk word aangetoon dat die Bybel nie teen gemengde huwelike as sodanig is nie, maar dat dit "ongewens en ongeoorloof" is (RVN 1975:100).

Wat was die impak van RVN 1974 op die NG Kerk en Suid-Afrikaanse samelewing? Die sinodale verslag is in Maart 1975 met die titel: *Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif* gepubliseer. Die boekie is ook in Nederlands, Engels, Duits en Frans vertaal en Dr. F.E. O'Brien Geldenhuys het met die "boekie onder die arm" na Europa gegaan (Du Toit 2002:64).

Sommige het RVN 1974 as "te liberaal" gekritiseer, maar die meeste gemeentes het die dokument klaarblyklik "bloot geïgnoreer" (Du Toit 2002:66). Jonker (1998:139) wys daarop dat die dokument gepoog het om meer genuanseerd oor apartheid te praat en vir hom was dit niks meer as 'n "apologie" vir apartheid nie. Alhoewel Landman gehoop het dat die klemverskuiwing in RVN (van apartheid as die "wil van God" tot apartheid as "nie noodwendig in stryd met die Skrif nie"), gesprekke met ander kerke sou verbeter, het daar weinig van gekom.

Koot Vorster was nooit gaande oor RVN 1974 nie. Selfs nog voor die kommissie se werksaamhede in alle erns begin, was daar botsings tussen Vorster en Landman oor die kommissie se opdrag. As Moderator van die Algemene Sinode van 1970, het Vorster November 1970 'n verklaring uitgereik dat die ad hoc-kommissie se ondersoek na die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk binne die grense van die NG Kerk se "erkende en aanvaarde standpunt" sal plaasvind. Landman het teruggekap dat "Vorster nie namens die NG Kerk

praat nie." Landman het in 'n onderhoud aan die *Sunday Times* ook te kenne gegee dat die NG Kerk nog geen "geformuleerde standpunt het nie" en dat die kerk se standpunt "lynreg teenoor Vorster" staan. Beide die stellings van Landman is onwaar en het byvoorbaat die kommissie se werk onder verdenking gebring. Die Afrikaanse koerante het Landman se optrede beskryf as 'n poging om die "kerk en volk te vervreem oor apartheidsbeleid" en die aanval op Vorster as 'n "nuwe Cottesloe". Daar was selfs bespiegel dat Landman as voorsitter van die ad hoc- kommissie 'n openbare klimaat wou skep waarin die NG Kerk nie sy "erkende en aanvaarde standpunt" opnuut wou verduidelik nie, maar dit heeltemal herevalueer en selfs ingrypend kan verander (PV 1/1/2/4/16). Of dit werklik die bedoeling van Landman was, is te betwyfel. Sy opmerkings staan eerder in die teken van die swak verhouding tussen hom en Vorster.[71]

Vorster (PV 1/1/2/4/6) die RVN 1974 beskou as 'n "doelbewuste poging" om die volle konsekwensies van pluriformiteit te versag. Die verslag was na Vorster (ibid.) se mening ook teologies te akkommoderend. In sy kommentaar op die werk van 'n subkommissie distansieer hy hom byvoorbeeld deur te skryf "dit mag nooit voorgelê word as van die subkommissie nie". Vorster (ibid.) kwalifiseer sy aandeel deur dit duidelik te stel "al aandeel wat ek persoonlik gehad het was om 'n memorandum insake die wese, openbaring en roeping en begrensing van die kerk op te stel". Dit is interessant dat Vorster RVN 1974 ook "bloot ignoreer" en nooit verder daarna verwys in gepubliseerde artikels of toesprake nie. Vir hom het apartheid die "absolute beginsel van die NG Kerk" gebly (PV 1/2/1/152).

Die feit dat RVN 1974 ook nie by die breë NG Kerk inslag gevind het nie kan aan minstens drie tendense in Suid-Afrikaanse samelewing teen 1975 toe geskryf word.

i. Waarskynlik was daar 'n tevredenheid onder Afrikaners op grondvlak met apartheid en 'n bykans blinde vertroue in die NP. Dit word weerspieël by die stembus. In die algemene verkiesing op 24 April 1974 het die NP nie net sy aantal setels wat hy in 1970 as gevolg van die afstigting van die HNP verloor het, van die Verenigde Party teruggewen nie, maar sy meerderhede in bykans al sy kiesafdelings opgestoot. John Vorster was op die kruin van sy gewildheid as premier en onder die Afrikaners was daar 'n ongekende optimisme oor die toekoms en die regering se Uitwaartse-beleid (Schoeman 1978:408). 'n Lang en dogmatiese besinning soos RVN 1974 was vir die Afrikaner op grondvlak vermoeiend en onnodig.
ii. Teen 1975, met die verskyning van die boekie, was daar al meer kritiese stemme binne die NG Kerk oor die Skriftuurlike verdediging van apartheid. 'n Nuwe generasie

[71] Vergelyk 7.10 *Moderator van die Algemene Sinode, 1970.*

akademici soos David Bosch, Willie Jonker en Johan Heyns sou gaandeweg al meer krities word teenoor die kerklike leiding (veral teenoor Koot Vorster) en die praktiese werkbaarheid van apartheid.

iii. Die opkoms van swartnasionalisme het teen 1976 nuwe dimensies aangeneem. Die ink van RVN 1974 was skaars droog toe die sogenaamde “struggle” momemtum kry met die Soweto-onluste op 16 Junie 1976. Die geweld gedurende 1976/77 het nie net John Vorster se ideale vir Suid-Afrika in skerwe laat spat nie, maar tot onsekerheid gelei oor die werkbaarheid van apartheid en ‘n verharding in rasseverhoudinge. Dit sou ook die begin wees van ‘n pad wat die Afrikaner sou weg lei van apartheid (Rhoodie 1983:254). Die bosoorlog op die grense van Suid-Afrika en in Rhodesië, asook die moord op ‘n sendingpredikant, H. Brand en sy vrou, wat na ‘n nagmaalsdiens onderweg na hulle huis deur terroriste vermoor is, het skokgolwe deur Suid-Afrika se blanke bevolking gestuur. Die Soweto-onluste asook die grensoorloë in Suidwes-Afrika, Rhodesië en Angola sou daartoe lei dat RVN 1974 as beleidstuk oor rasseverhoudings vir die NG Kerk onvoldoende was. Reeds by die volgende Algemene Sinode in 1978 het daar versoeke gekom vir hersiening. In 1982 het die Algemene Sinode besluit om RVN 1974 indringend te hersien (Van der Watt 1987:118).

7.15 Die GES 1976 te Kaapstad, Suid-Afrika

Na afloop van die Algemene Sinode van 1974 wou die GKN kommunikasie kanale oop hou, veral omdat daar onsekerheid was oor die implikasies van verbreekte bande. Hierin word die GKN deur die lede van die NG Kerkfamilie gesteun. Gedurende die spesiale PBR sitting van die GKN op 25 en 26 Mei 1976 in Leusden, Nederland, skort die Generale Sinode die ondersteuning vir die Spesiale Fonds van die PBR tydelik op, maar verbind dit uitdruklik aan die dialoog tussen die NG Kerk en die res van die NG Kerkfamilie (Strauss 1983:433).

Die sewende GES vind Augustus 1976 in Kaapstad plaas met die NGSK as gasheer. Die GKN afgevaardigdes gesprek voer met die Breë Moderatuur van die NG Kerk op 6 en 9 Augustus 1976 met die oog om geskille by te lê. Ten spyte van die versigtige toenadering blyk dit dat die diepgaande verskille oor apartheid en die PBR se Spesiale Fonds onoorbrugbaar lyk. Wat ook die gesprek en toenadering tussen die NG Kerk en GKN bemoeilik het, was die Soweto onluste wat op 16 Junie 1976 uitgebreek het. Dit sou die verhoudinge nie net in Suid-Afrika, maar ook in die NG Kerkfamilie drasties polariseer. Teen die tyd dat die GES in Kaapstad vergader, het die onluste versprei na die bruin- en swart gebiede oor die land. Die GES het op sy vierde sittingsdag simpatie betuig met almal wat

verliese gelei het en ‘n beroep op die regering gedoen om die aanleidende oorsake uit die weg te ruim. Sam Buti het die aanleidende oorsake van die onluste beskryf as:

i. Aanhouding sonder verhoor.
ii. Ongelyke lone vir gelyke werk.
iii. Die gebrek aan gratis onderwys.
iv. Rassediskriminasie op grond van ras en kleur.
v. Die negatiewe gevolge van trekarbeid.
vi. Die feit dat die grootste deel van die bevolking geen seggenskap in die landsbestuur het nie.

Die GES het egter nie uitsprake oor dié sake gegee nie (Strauss 1983:446-448).

Dit is opvallend dat Vorster in vergelyking met die GES 1968 en 1976 geen noemenswaardige rol in die GES 1976 gespeel het nie. Dit onderstreep die vermoede dat Vorster na die Algemene Sinode van 1974 geen sin gesien het in verdere gesprek of verduidelikings van die NG Kerk se standpunt oor apartheid aan die GKN nie. Vir hom was die bande al klaar verbreek.

7.16 Een oorkoepelende sinode afgewys in 1978

Die gedagte van een oorkoepelende sinode vir die NG Kerkfamilie was ‘n saak wat hewige polemiek in kerklike kringe laat losbars het in die sewentigerjare, veral omdat die verhouding tussen die NG Kerk en dogterkerke deur sommige beskryf is as ‘n ”microcosmos of apartheid society” (Ryan 1990:173) Al die kerke van die NG Kerkfamilie was sedert 1964 deel van die Federale Raad van NG Kerke wat tweejaarliks vergader het en waar daar sake van gemeenskapklike belang bespreek is. Aanvanklik was die Federale Raad tevrede met die status quo as voldoende uitdrukking van die eenheid, maar teen 1972 kom daar ‘n drastiese keerpunt met die versoek van die jonger kerke dat daar oorgegaan word tot die stigting van een algemene sinode (Van der Watt 1987:28).

Die verslegtende verhouding binne die NG Kerkfamilie was teen 1970 vir die eerste keer indringend bespreek op die Federale Raad en voorstelle is aan die hand gedoen om maniere te vind vir beter samewerking (Notule: 21-23/4/1970). By die vyfde vergadering van die Federale Raad (Notule: 20/3/1972) stel die Indian Reformed Church voor dat een algemene sinode vir die NG Kerkfamilie oorweeg word. Vorster het die versoek onmiddelik teëgestaan omdat die eenheid tussen die NG Kerke ‘n geestelike eenheid is en so ‘n sinode sal slegs “baie algemene sake dan slegs ook in adviserende hoedanigheid” kan behandel. By die Algemene Sinode van 1974 was daar duidelik twee standpunte oor die saak. Sommige was tevrede met die status quo, terwyl ander soos W.D. Jonker gedink het aan ‘n sinodale model

vir kerkeenheid. Die sinode het ‘n studiekommissie, bestaande uit J.J.F. Durand, J.D. Vorster, E.J. Manikkam en C.J.A. Greyling benoem om die saak te ondersoek. Vorster se standpunte teen so ‘n sinode het die deurslag gegee en die Federale Raad het in 1974 die status quo voorlopig aanvaar (Notule: 22/4/1974; PV 1/1/2/5/1).

Die saak van een oorkoepelende sinode was egter op die spits gedryf toe die Federale Raad in 1978 op aanbeveling van die NGSK met ‘n meerderheid van 25 stemme teen 12 besluit dat “die huidige struktuur van die Federale Raad nie doeltreffend is vir die strukturele uitdrukking van die eenheid nie. Die Federale Raad het besluit om by die verskillende sinodes aan te beveel om oor te gaan tot die stigting van een Algemene Sinode vir die NG Kerkfamilie. Volgens die besluit van die Federale Raad sou die voorgestelde sinode bindende besluite kon neem oor belydenisskrifte, ‘n gemeenskaplike kerkorde en alle ander gemeenskaplike sake” (Notule: 17/3/1978:11-12).

Was die Bybelse opdrag dat kerke wat dieselfde geloofswaarhede deel een moet wees, die enigste motivering vir die versoek tot vereniging in een algemene sinode? Teen 1978 was dit duidelik dat die begeerte om ‘n sigbare uitdrukking van die eenheid in een algemene sinode vir die NG Kerkfamilie, vir al die betrokke partye om meer gegaan het as ‘n blote Bybelse opdrag. Aan die eenkant het teëstanders van die gedagte die handhawing van die status quo, gelykgestel aan ‘n handhawing van apartheid en volksidentiteit. Vir die voorstanders van strukturele eenheid was een algemene sinode ‘n instrument om die politieke aspirasies van Suid-Afrika se gekleurde bevolking na te streef.

Dieperliggend was daar minstens twee tendense in die jare sewentig binne die NG Kerkfamilie wat ‘n rol gespeel het:

i. Die versoek van die dogterkerke vir een algemene sinode staan in die teken van die groeiende selfstandigheid in die jare sewentig. Die selfstandigheid word byvoorbeeld gesien dat die NGSK gasheer was vir die sewende GES vergadering 1976 in Kaapstad (Du Toit 2002:146-147,197). Die NGKA het ook in Junie 1975 die eerste keer in sy geskiedenis ‘n “swart” Moderator gekies, by name Ernest Buti. Sy seun Sam Buti was as skriba van die sinode verkies. E. Buti se verkiesing is binnelands, sowel as in die buiteland geïnterpreteer as dat die NGKA besig was om sy beeld “as na-prater van die witman” af te skud. E. Buti (PV 1/1/5/2/1) het die siening bevestig deur apartheid “en alles wat daarmee saamgaan” te verwerp. Hy het die NGKA aangemoedig om meer radikaal te raak omdat die “witmense” in die Suid-Afrikaanse situasie se “harte weens die sonde al harder word” en hulle “ore dig word”. Hy raak aan die bevrydingsteologie in sy waarskuwing aan die NG Kerk dat die “evangelie

van verlossing radikaal" is, en "omdat daar so min van die volle verlossing" tereg kom in Suid-Afrika was dit nodig om "radikaal Bybels" te wees. Die GKN het ook bilaterale bande gehandhaaf met beide die NGKA en die NGSK as selfstandige kerke. Veral die NGSK het in hulle stryd teen apartheid aansluiting gevind by die GKN. Die GKN was veral betrokke by die NGSK se teologiese opleiding. Een van die latere prominente leiers van die NGSK en eksponent van die teologie van bevryding, Allan Boesak het in 1976 in Nederland gepromoveer (Du Toit 2002:209).

ii. Die versoek om een algemene sinode was 'n reaksie op die verslegtende verhouding in die NG Kerkfamilie sedert 1974. Uiteenlopende teologiese benaderings en standpunte oor apartheid sou teen 1974 daartoe lei dat daar byna geen sprake was van onderlinge vertroue en samewerking nie. Dit word gesien as die NG Kerk 'n ultimatum aan die GKN rig sonder om die dogterkerke daarin te ken. Dat die NGKA op sy beurt in 1975 by die SARK aangesluit het, sonder om die NG Kerk in dié besluit te ken, onderstreep die verwydering (PV 1/1/5/2/1). Dit staan in die teken van die uiteenlopende teologiese paaie binne die NG Kerkfamilie. Waar die NG Kerk op binne die Boere-calvinistiese denkraamwerk apartheid as Bybels regverdig het, was daar onder die dogterkerke 'n groeiende ontvanklikheid vir die sogenaamde teologie van rewolusie (ook bevrydingsteologie genoem) as 'n teologiese refleksie op apartheid en die gevolge daarvan. Die NG Kerk het geroepe gevoel om in RVN 1974 (1974:59-63) op die gevare van die teologie van rewolusie te wys.[72]

Binne die NG Kerk het die saak oor een sinode vir die NG Kerkfamilie gelei tot 'n somtyds skerp en jarelange debat tussen Koot Vorster en Willie Jonker. Jonker (PV 1/1/2/5/3) het

---

[72] Die teologie van bevryding bereik in die vroeë tagtigerjare sy hoogtepunt met die stigting van ABRESCA (Alliance of Black Reformed Christians in South Africa) gedurende 1981. Deur die stigting van ABRESCA, waarin die NGSK onder leiding van Allan Boesak 'n leidende aandeel geneem het, het die verhoudinge binne die NG Kerk familie verder gepolariseer (Du Toit 2002:209). Boesak (1979:2-9; 1984:1) beperk die verlossing van Christus tot 'n algehele politieke bevryding van swartes. Bybelse bevryding beskou hy as swart dominansie op alle lewensterreine. Vir hom lê Bybelse identiteitsvinding in die "courage to be black". Dit behels dat hulle ontdekking dat hulle "menswees in Christus in swart wees, gekonstitueer word". Vir Boesak is apartheid "blasfemies in aansprake op Christelikheid" want dit vergiftig die sosiale lewe, skend die heiligheid van die huwelik, verskeur die eenheid van die gesinslewe en bring vervreemding en bitterheid. Die NG Kerk as blanke kerk is vir hom net 'n kerk van rykes en magtiges wat regverdig wat boos is. Boesak as eksponent van die bevrydingsteologie, sluit aan by die denkskema van Steve Biko wat geglo het teenoor Blanke rassisme as tese staan swart solidariteit as antitese, met die sintese van 'n "swart" dominerende staat (Strauss 1983:389).

gedurende 1975 in ‘n rubriek positief gereageer op die NGKA se besluit om een algemene sinode te vorm. Dit was vir hom die bewys dat “ons swart broeders” nie wil meedoen aan die polarisering tussen die verskillende kleur- en rassegroepe in ons land nie”. Al wat die “swart sinode” volgens Jonker gevra het, was dat die belydenis van die kerk “organisatories en sigbaar” waar gemaak moet word. Hy waarsku dat die NG Kerk “geloofwaardigheid” sal inboet indien hy die versoek afwys. Kort voor die Algemene Sinode in 1978 het Jonker weer met sy bekende standpunt vir een sinode tot die debat toegetree en voorbidding gevra met die oog op die besluit van die sinode.

Vorster (PV 1/1/2/5/4) antwoord Jonker in wat sommige beskou het as ‘n persoonlike aanval op Jonker. Hy was dankbaar oor Jonker se “roerende oproep om voorbidding” vir die sinode, maar dan beskuldig hy Jonker ten onregte van ‘n “skreiende dislojaliteit” teen die NG Kerk en van ‘n “verstommende gebrek aan kennis”. Vorster beskuldig voorstanders van een sinode dat hulle deel het aan die vertroebelde verhoudings in die NG Kerkfamilie deur “allerlei insinuasies oor liefde en vertroue” wat nie die gesprek dien nie. Hy was van mening dat Jonker en sy geesgenote “allerlei dinge optower en opblaas en dan as norm aan die kerk voorhou, anders skiet die kerk weer tekort”. Vriende van Jonker (PV 1/1/2/5/4), onder andere ‘n Professor du Toit, het op 13 September 1978 Jonker verdedig teen “die toon en aard” van Vorster se “onbillike en onverkwiklike” brief. Vir hulle leef Vorster en diegene wat hom ondersteun in ‘n “droomwêreld”. Vorster (PV 1/1/2/5/2) antwoord dat hy die professor ‘n standpunt gun, “maar hy moes nie so brief geskryf het nie, ‘n mens maak nie so nie”. Op die beskuldiging dat hy “emosioneel” is oor die saak antwoord Vorster dat die professor ”soos die ou Romeine in ‘n glasie huil”. Hy verduidelik sy standpunt op eksegetiese- en kerkhistoriese gronde, maar nie voordat hy die wens uitgespreek het dat hy graag soos ‘n “Griekse dramaturg ’n tragedie wil skryf oor die verskynsel dat wanneer ‘n mens van die bekende koers afdwaal jy alleen verlig is en die ou vaders in duisternis sit”, nie.

Vorster en Piet Verhoef wat sedert Cottesloe se dae om verskillende vure sit, het ook kop gestamp oor dié saak. Alhoewel Verhoef (PV 1/1/2/5/2) in ‘n brief waarsku teen die gevare van ‘n “sosiaal-politieke ideologie” en “civil rights” wat grondliggend is aan die sg. “struggle”, was hy ten gunste van een algemene sinode op “prinsipiële gronde” (alhoewel Verhoef nie sy prinsipiële gronde verder motiveer nie). Vorster (PV 1/1/2/5/4) reageer skerp op Verhoef se standpunt deur daarop te wys dat konsensus werk in die politiek, maar vir die kerk beteken dit “onverkwiklike koukusvergaderings en skaakmat”. Vorster se standpunt kom daarop neer dat selfstandige kerke wat op gelyke voet met mekaar praat, bly bymekaar ten spyte van skerp verskille oor wat die Skrif sê oor “volkereverhoudings”, omdat daar nie bindende besluite is nie. Hy het die een sinode beskryf as ‘n “nuttelose organisasie waarvan

die geld eerder vir sending gebruik kan word". Dié insidente en die emosionele wyse waarop die debat aan beide kante gevoer is toon nie net die gespanne verhoudinge in die NG Kerk oor die saak nie, maar ook die sterk gevoel vir én teen een algemene sinode vir die NG Kerkfamilie, binne die NG Kerk teen 1978.

Was die ondersteuning van apartheid die enigste motivering vir Vorster se teëkanting teen een algemene sinode vir die NG Kerkfamilie? Die vraag kan beantwoord word uit die talle artikels wat Vorster oor die saak geskryf het,[73] asook die boek, *Veelvormigheid en eenheid,* waarvan hy die samesteller was. Die boek het in 1978 verskyn het (na die Federale Raad se versoek en voor die Algemene Sinode van 1978) toe die debat op sy piek was. Vorster het in die hospitaal, tydens sy eerste hartaanval, Maart 1977, op die gedagte van hierdie boek gekom. Hy nader vriende van hom soos T.N. Hanekom, E.P.J. Kleynhans, D.P.M. Beukes, F.J.M. Potgieter, E. Brown, J.S. Gericke en uit regeringskringe het hy A.P. Treurnicht genader om in vir "ons kerk en volk hierdie diens te lewer" (PV 1/1/2/5/1).

Uit dié boek en talle artikels is dit duidelik dat Vorster se standpunt teen een algemene sinode hoofsaaklik op die volgende argumente rus:

i. Vorster stel op 'n filosofiese manier die wese en welwese, onsigbare en sigbare kerk teenoor mekaar. In Vorster (PV 1/2/1/109) se argumente is dit duidelik dat hy ook die eenheid as 'n eienskap van die wese, teenoor die welwese van die instituut stel. Hy beskou die "eenheidsband in Christus" as deel van die wese van die "onsigbare kerk". Kerkeenheid is daarom slegs "geestelik" van aard is en sal eers in "die hemel" volkome wees, omdat "die vernietiging van sonde" die "pluriforme bestaan" onnodig sal maak. Die "geloofseenheid in Christus" was vir hom die deurslaggewende Bybelse beginsel in dié konteks. Die kerk moet daarom onder "die eskatologiese spanning van die gebed van Christus dat almal een mag wees" 'n eenheid in belydenis soek. Vorster (PV 1/1/2/5/4) erken dat daar "'n wesenlike eenheid" tussen die NG Kerkfamilie bestaan "kragtens die gemeenskaplike geloof in en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord, kragtens die aanvaarding van dieselfde gereformeerde belydenis en kerkregering en vanweë hulle historiese verbondenheid". Tog is dit nie vir Vorster nodig dat kerke wat een is in belydenis, se

[73] Behalwe die boek *Veelvormigheid en eenheid*, het Vorster oor 'n tydperk van 20 jaar talle artikels oor die saak geskryf en toesprake gelewer met min of meer dieselfde strekking, byvoorbeeld: *Die Federale verband; Federale Raad van Kerke of een Algemene Sinode?; Vervanging van die Federale Raad van NG Kerke met 'n Algemene Sinode?; Die sigbare en onsigbare kerk met betrekking tot die eenheid van die kerk van Christus; Meervormigheid en eenheid in die kerk*.

eenheid noodwendig in sinodale verband tot uitdrukking moet kom nie. Die eenheid in belydenis word vir hom sigbaar beleef in ekumeniese betrekkinge tussen kerke met dieselfde belydenis, sowel as wedersydse beraadslaging op amptelike kerklike vergaderings. Veelvormigheid van struktuur en die "veelheid van kerke" was vir Vorster (PV 1/2/1/106) 'n "noodsaaklike" deel van die welwese van die kerk. In sy beskrywing van kerkverband is die neo-calvinistiese sy van Vorster se denke sigbaar. Kerkverband word vir hom bepaal deur wetmatigheid of 'n "godgegewe" skeppingsordening waarvan volk die bepalende faktor is. Om die rede was daar vir Vorster "geen spanning of ongerymdheid" tussen die "ware eenheid" in Christus en die handhawing van die "eie karakter van verskillende bevolkingsgroepe" nie. Die invloed van die neo-calvinisme op Vorster se denke is ook duidelik merkbaar in sy gebruik van tipiese neo-calvinistiese begrippe soos "pluriforme bestaan van kerke", "veelvormigheid in struktuur", "meervoudige bestaanswyse" as hy "die "godgewe differensiasie" teen gedwonge integrasie verdedig.

ii. Kerkverband beskryf Vorster (PV 1/2/1/106) as 'n "natuurlike verband van volksgemeenskappe". Kerkhistories toon Vorster (PV 1/2/27/1) aan dat die gereformeerdes, sonder om die eenheid in Christus te "misken of vernietig", die eenheid in Christus kon handhaaf sonder om die veelvormigheid in struktuur prys te gee. Dit was vir hom "die wil van God" dat daar verskillende kerke vir "blankes, kleurlinge en bantoe" sal wees. Die "patroon" waarop die NG Kerk se sendingbeleid sedert 1935 toegepas was, was vir hom normatief. Op grond van dié "patroon" is aparte kerke "ingerig na elke volksgroep se behoeftes en aard" die beste manier om "elke volksgroep te evangeliseer". Daarmee word die eenheid tussen die NG Kerkfamilie syns insiens nie misken of vernietig nie (PV 1/1/2/5/2). Aparte kerke vir verskillende bevolkingsgroepe was nie vir hom nie noodwendig 'n sondige verskeurdheid nie. Vorster (PV 1/1/7/3/7) verdedig hierdie "noodsaaklike" diversiteit as 'n "onvermydelike natuurlike verskynsel". Hy was van mening dat die term "sondige verskeurdheid" 'n gelaaide term is wat ongekwalifiseerd deur die WRK op die Suid-Afrikaanse situasie toegepas word "as 'n skandaal vir die Christendom". Hy beskou ook die WRK se "kunsmatige pogings" deur Johannes 17 "tot vervelens toe te herhaal" en sodoende die NG Kerke in een sinodale verband te "forseer" as 'n "eenheidsmanie" wat "teologies Rooms" en "polities liberaal" is.

iii. Nog ‘n algemene sinode was vir Vorster kerkregtelik onhoudbaar en onnodig vir samewerking. Vorster (PV 1/2/1/106) pleit vir die behoud van die Federale Raad, wat hy byna in staatkundige terme, “’n konfederatiewe band”[74] noem. ‘n “Losser verband” bied vir hom ‘n “meer verantwoordelike oplossing” omdat dit die eenheid en verskeidenheid tussen die NG Kerkfamilie beter dien deur “kontak, begrip vir mekaar se standpunte, konsultasie, advies en samewerking”. Hy waarsku dat die algemene sinode van die NG Kerk reeds ‘n synodus contracta is. Om bo die algemene sinode nog ‘n oorkoepelende sinode daar te stel is ’n synodus contracta in sy “ergste vorm”. As so ‘n sinode boonop nog bindende besluite kan neem, sal dit, volgens sy mening, tussen gemeentes net lei tot “verskille, geskille, botsings en skeuring op grondvlak” met ‘n “gevolglike ramp” vir die NG Kerkfamilie. So ‘n sinode sal ook die verteenwoordiging op ekumeniese liggame soos die GES, erg raak omdat daar net een sinode sal wees wat ‘n afvaardiging kan stuur. Vorster (PV 1/1/2/5/2) wys op besluite van die GES in 1963 dat die “eenheid in verskeidenheid tussen die verskillende lidkerke nie noodwendig in een sinode tot uitdrukking moet kom nie, maar kan na die eis van omstandighede deur ander organisatoriese ontwikkeling geskied. Sonder ‘n verdere bespreking van dié moontlikhede, noem hy ‘n konvent of ekumeniese sinode soos die GES as moontlike oplossings vir nouer samewerking tussen die NG Kerkfamilie.

iv. Vir Vorster (PV 1/2/1/106) was dit belangrik dat kerkverband ruimte moet bied vir die uitlewing van ‘n eiesoortige identiteit en aanbidding. Al was die NG Kerkfamilie een in belydenis en kerkregering, was hy van mening dat die belewing van godsdiens tussen die verskillende kerke so verskillend is. Verskille in sang, taal, kultuur, en historiese agtergronde kan vir hom nie anders as dat ‘n “gedwonge organisatoriese eenheid” nie anders kan as om te lei tot ‘n “verkragting van identiteit” en ‘n “eventuele verstarring” in verhoudings nie. Dit sou vir hom beter wees om nie mense “van verskillende tale, kulture en volksverbande in een instituut te dwing” nie, maar om ter wille van “goeie orde en vrede” die verskeidenheid deur die “band van geloof” te handhaaf. Samewerking in ‘n “losser kerkverband” was vir hom die enigste manier om die diversiteit en konflik tussen verskillende belangegroepe sinvol op te los. Vorster (PV 1/1/2/5/2) wys op “onverenigbare meningsverskille” wat daar al reeds in die Federale Raad bestaan oor die samestelling en spreektaal van so ‘n sinode. Die dogterkerke wil klaarblyklik so ‘n algemene sinode “The General Synod of the Dutch

[74] Vorster (PV 1/2/27/1) omskryf die begrip verder as hy die “Federale kerkverband” tipeer as ‘n “strewe na samewerking tussen die instellinge oor gemeenskaplike sake, met behoud van selfstandigheid en eie werksaamheid op ‘n welomskrewe ooreenkoms”.

Reformed Church" noem, terwyl dit vir Vorster ondenkbaar was gegewe die lang stryd wat binne die NG Kerk gevoer is om in "Afrikaans Bybel te mag lees, die Gods Woord in eie taal op Sondae te hoor en in Afrikaans te mag bid". Hy noem ook voorbeelde uit die Anglikaanse- en Metodiste Kerke waar verskillende bevolkingsgroepe binne een kerk magsblokke vorm en teen mekaar staan. Vorster is korrek dat in so 'n geval dit 'n kerklike vergadering "degradeer tot 'n politieke vergadering".

v. Vorster (PV 1/1/2/5/2) het geglo dat 'n oorkoepelende sinode die selfstandigheid van die NG Kerk in gedrang sal bring. Hy waarsku dat die NG Kerk die "duurste prys" sal moet betaal as eenwording 'n werklikheid word. Hy voorsien dat die geestelike werk in die gemeentes finansieel daaronder sal lei, omdat die NG Kerk reeds "topswaar" is as gevolg van die streeksinodes, 'n algemene sinode en ekumeniese betrekkinge binnelands en buitelands met die GES en WBGK. Die dogterkerke se begeerte van "integrasie van bo tot onder" sal baie gemeentes "finansieel knak", omdat "ons blanke gemeentes gedwing sal word om die salarisse en pensioene van die ander kerke se predikante te help dra". Die "duurste" prys wat die NG Kerk ook sal moet betaal ook "teologies" sal wees, omdat die NG Kerk "vreemde teologieë" sal moet akkomodeer (waarskynlik het hy die uiteenlopende teologiese standpunte tussen die NG Kerk, en NGSK in gedagte).

Vorster (PV 1/1/2/5/1) getuig dat hy oorweldigende steun ontvang het, "van die Eerste Minister af tot by die geringste lidmaat", vir sy standpunte, ten spyte van fel persoonlike kritiek van buite en binne die NG Kerk. Dat dit nie grootpraat was nie, word gesien in die feit dat die Algemene Sinode van 1978 (NGK 1978:892-895) die stigting van een algemene sinode vir die NG Kerkfamilie met net twee teenstemme verwerp het. Vorster se argumente teen so 'n oorkoepelende sinode word duidelik in die sinode se besluit weerspiëel en dui daarop dat die sinode sy leiding oor die saak gevolg het. Die Algemene Sinode van 1978 verwerp 'n oorkoepelende sinode om die volgende redes:

i. 'n Oorkoepelende algemene sinode behoort tot die welwese van die kerk.
ii. Geen kerkregtelike gronde bestaan vir die vorming van 'n "outonome sinode wat bindende besluite kan neem nie".
iii. So 'n sinode is nie werklik noodsaaklik om uitdrukking aan die eenheid te gee of om sake van gemeenskaplike belang te bespreek nie.
iv. 'n Oorkoepelende sinode sal die selfstandigheid van die NG Kerk in gedrang bring (NGK 1978:542).

Vorster wou self die voorstel teen ‘n oorkoepelende algemene sinode doen, maar was voorgespring deur G.J.S. Möller. Daarna het Vorster aangedring om sekondant te wees. J.A. Heyns het ‘n amendement ingedien wat in kort verklaar het dat hy ook teen ‘n oorkoepelende sinode gekant is, maar dat ‘n ad hoc-kommissie die eenheidsband tussen die vier NG Kerke moet ondersoek. Die amendement is met 210 teen 206 stemme verwerp (PV 1/1/2/5/1).

Uit kerkhistoriese oogpunt is dit duidelik dat die besluit van die Algemene Sinode in 1978 ‘n belangrike wending gebring het in die verslegtende verhouding binne die NG Kerkfamilie, veral tussen die NG Kerk en die NGSK. Die verhouding het in so mate versleg dat die NGSK, by monde van sy Moderator Allan Boesak, die NG Kerk se skorsing uit die WBGK in 1982 voorstaan en sodoende ‘n leidende rol gespeel het in die NG Kerk se isolasie. Die NGSK het in sy stryd teen apartheid ook meer gestalte gegee aan kontekstuele toepassing van die bevrydingsteologie op die Suid-Afrikaanse situasie, veral met die *Belydenis van Belhar* as ‘n status confessionis (Boesak 1984;133; 168). Alhoewel hulle nie minder aktief was in die stryd teen apartheid nie, het die NGKA en die RCA egter nie hul weg oopgesien om hulle ook in belydenis teenoor die NG Kerk te stel nie.

7.17 Verbreekte bande en die isolasie van die NG Kerk teen 1978

In die GKN groei die vermoede tot ‘n vaste oortuiging dat die NG Kerk nie tot dialoog oor te haal is nie en verhard het in hulle “pro-apartheids houding.” Die GKN se verhouding teenoor die NG Kerk het ook verhard nadat die regering die CI tot ‘n geaffekteerde organisasie verklaar het en Beyers Naudé ingeperk is. Teen 1978 was daar geen noemenswaardige gesprek tussen die GKN en die NG Kerk nie, alhoewel die moderature van die twee kerke vir oulaas op 16-17 Januarie 1978 in Pretoria bymekaar gekom het om die verhouding te red. Op die vergadering het dit duidelik geword dat daar wesenlike verskille bestaan oor die Spesiale Fonds van die PBR, die dwaalleer in die GKN, *Ras, Volk en Nasie* en die GKN se kontak met die dogterkerke. Aan die einde van die vergadering is aparte verklarings uitgereik. Die GKN vra of daar weer ‘n ontmoeting gereël kan word vir 27 Januarie 1978 waarby die dogterkerke ook betrek kan word. Op dié versoek het Vorster duidelik te kenne gegee sy program vol is en hy nie ‘n verdere ontmoeting kan inpas nie. Dit was ‘n duidelike teken dat die gesprek, minstens vir Vorster, tot ‘n einde gekom het en dié verskille op die stadium onoorbrugbaar blyk te wees. Op 4 April 1978 besluit die GKN se Generale Sinode in Zwolle opnuut om die Spesiale Fonds van die PBR by sy lidmate aanbeveel (Strauss 1983:462).

Kragtens die volmag van die Algemene Sinode van 1974 besluit die dagbestuur van die Breë Moderatuur op 6 April 1978 dat die bande met die GKN verbreek is. Alhoewel daar

aanvanklik onduidelik was oor die betekenis van die verbreekte bande, veral omdat artikel 70 van *Die Kerkorde* nie duidelike leiding gee nie, kom dit in kort daarop neer dat die NG Kerk nie meer die GKN as susterskerk erken nie. Dit is ironies dat presies 326 jaar na Jan van Riebeeck (op 6 April 1652) aan die Kaap geland het die verhouding tussen die twee gereformeerde kerke ‘n ongekende laagtepunt bereik (Strauss 1989: 278-279).

Binne die NG Kerk het veral Heyns skerp kritiek uitgespreek teen die stap van die Breë Moderatuur om die sinodebesluit van 1974 uit te voer. Volgens Heyns was die sinode besluit van verbreekte bande ‘n verkeerde stap, omdat studente steeds verder in Nederland sal studeer en die teologiese fakulteite 80-90% van hulle handboeke uit Nederland verkry. Heyns het voorsien dat die NG Kerk teologies sal “doodbloei” omdat die “naelstring” deur die Breë Moderatuur geknip is. Die besluit was volgens Heyns ‘n “hol gebaar” omdat daar nooit ekumeniese bande was nie, “slegs hoflikheidsbande” (PV 1/2/20/7). Dat van Heyns se kritiek waarskynlik meriete inhou, veral oor die teologiese handboeke, is nie te betwyfel nie. Sommige van sy stellings oor die aard van die ekumeniese bande verraai egter ‘n oningeligtheid oor ekumeniese sake. Die Breë Moderatuur het die reg om die besluite van ‘n sinode uit te voer. Heyns se kritiek oor die verbreekte bande het daartoe bygedra om die finale breuk tussen hom en Vorster veroorsaak. Heyns se siening van die afhanklikheid van die NG Kerk van die GKN vir sy teologie was ook ‘n faktor wat daartoe gelei het dat Vorster finaal sy rug gedraai het op die teologiese fakulteite van Pretoria en Stellenbosch en hom die gedagte laat steun vir die totstandkoming van ‘n nuwe teologiese fakulteit in die Vrystaat.[75]

7.18 Samevatting

Vorster se verdediging van apartheid was in hoofsaak gefokus op die Afrikaner se oorlewing in Afrika. As gereformeerde wou Vorster sy ondersteuning van apartheid ook Bybels begrond. Die Boere-calvinisme het egter aan die Skriftuurlike verdediging van apartheid ‘n ideologiese kleur gegee. Verder het die Boere-calvinisme in sy hoogbloei (1962-1974) gelei tot ‘n verbroedering tussen die NG Kerk en die NP. Elkeen was op sy eie terrein aktief besig met die volk as die bepalende kring. Vorster het as leier in die NG Kerk en ‘n leidende persoon in die NG Kerk se ekumeniese betrekkinge apartheid fel verdedig. Binne die NG Kerk het die Algemene Sinodes van 1962-1978 Vorster se leiding in talle belangrike en koersgewende besluite gevolg. In die buiteland het dit egter gelei tot die isolasie van die NG Kerk. Die bande met die GKN as susterskerk is verbreek en binne die NG Kerkfamilie het verhoudings oor apartheid gepolariseer.

---

[75] Sien Hoofstuk 8 *Die NG Kerk teenoor die Afrikaner* en *Vorster steun ‘n nuwe teologiese fakulteit.*

HOOFSTUK 8

DIE STRYD OM DIE SIEL VAN DIE VOLK 1966-1980

Beide die NP en NG Kerk het na aan die Afrikaner se ekonomiese en maatskaplike nood gestaan en het in die proses mekaar leer ken en vertrou as samelewingskringe wat die welsyn van die Afrikaner op die hart dra. Teen 1966 se Algemene Sinode was dit duidelik dat die Afrikaner op die kruin van die golf ry. Teen 1980, met Vorster se emeritaat was dit duidelik dat die Boere-calvinisme besig was om sy greep op kerk, staat en volk te verloor. Apartheid het as landsbeleid misluk en Suid-Afrika op die punt gestaan van ‘n ingrypende koersverandering.

8.1 “Ons sal lewe, ons sal sterwe”

Suid-Afrika was tydens die vyfjarige Republiekfees op 31 Mei 1966 oënskynlik stewig op ‘n welvaartspad. Die armblankekrisis van die dertig- en veertigjare was grootliks oorwin en die grondbeginsels van apartheid was stewig in plek om die voortbestaan van die Afrikaner te beveilig (PV 1/2/1/106). Sonder die hulp van die NG Kerk sou dit nie moontlik gewees het nie. Meiring (1973:117), ‘n voormalige direkteur van staatsinligting tydens die premierskap van Verwoerd, beskryf die NG Kerk as die “strongest single influence in the life of the Afrikaner”. Volgens Meiring (ibid.) het die NG Kerk, lank voor apartheid ‘n wesenlike rol gespeel in die Afrikaner se identiteitsvinding en roeping om die evangelie te verkondig in Suid-Afrika. Selfs tye toe die Afrikaner polities en kultureel uitmekaar geskeur was, soos tydens die Rebellie van 1914 en Tweede Wêreldoorlog, was die NG Kerk die samebindende faktor vir die Afrikaner. Hierdie siening van Meiring word weerspieël in die NG Kerk tipering van homself in *Kerk en stad* as die “voorvaderlike kerk” met ‘n “calvinistiese lewensbeskouing, konserwatief en behoudend, breë kyk op die volkslewe, hoë ideale en streng tug, deeglike vorming van predikante, doeltreffende organisasies, langsame beweging en agterdog teen die vreemde” (Albertyn 1947:70-73). Vir Treurnicht (1975:77) lê die “krag van die volk” soos verwoord in sy “nasionale bewussyn” en verstaan sy “eiesoortige identiteit” in die rol van die kerk. In hierdie idioom kon Koot Vorster praat van “my kerk” en “my volk” omdat hy vas geglo het “God het hulle aan my gegee en ek het hulle lief” (PV 1/2/1/106). Die verhouding tussen kerk en volk was vir hom so “in mekaar gestrengel” dat die “dag as die kerk verdwyn, die Afrikanervolk as sodanig sal ophou bestaan” (Vorster kb 4/11/1964). Koot Vorster se volksliefde en Afrikanernasionalisme word sigbaar as hy by die vyfjarige herdenking van Republiekwording meen die bron van krag vir die “stryd” is nie net die geloof nie, maar ook in ons “heldegeskiedenis”. Vir hom sal die Afrikaner se “hande slap word en knieë knak as hy sy geskiedenis vergeet”. Koot Vorster se Afrikanernasionalisme

kry egter ‘n ideologiese kleur as hy die geskiedenis so interpreteer dat “God ons nie hier geplant het as ‘n bastervolk nie”, maar deur “ons suiwer bloed” is die “grondslag van blanke nasieskap gelê”. Vir hom moet ‘n “nasie eerder veg en sterf” as om “blanke Afrikanerskap” in te boet (PV 1/2/1/106).

Het dit beteken dat Koot Vorster as eksponent van die Boere-calvinisme ‘n volkskerk voorgestaan het? Vorster praat genuanseerd hieroor. Vir hom is dit ‘n “valse gedagte” om te praat van “volkskerk”. Vir hom was die kerk ‘n “belydeniskerk binne volksverband”. Die kerk het die roeping om aan die volk die boodskap van verlossing te verkondig en “trek uit die volk die gelowiges wat ook lede van die volk uitmaak”. Op die lyn van Kuyper moet die kerk organies op die volk inwerk sodat die volk ook sy hoë roeping kan uitvoer (PV 1/2/1/106).[76] Alhoewel Vorster die konsep van ‘n volkskerk afwys, kom dit tog in praktyk daarop neer dat die volksverband die grense van kerkverband bepaal. Wanneer die volk ‘n krisis beleef, is dit terselfdertyd ook ‘n krisis vir die kerk. Die verbroedering tussen die NG Kerk en Afrikaner word ook gesien in die herderlike brief van die Algemene Sinode 1962 aan die lidmate: “Nie slegs die kerk van Christus nie, maar die hele Afrikaanse volk se voortbestaan word bedreig, die kerk durf nie sy oë sluit vir die benoudheid waarin die volk verkeer nie” (NGK 1962:274-276). Die krisis van die volk was ook die krisis van die NG Kerk.

Die moord op H.F. Verwoerd op 6 September 1966 het Suid-Afrika en spesifiek die Afrikaner tot in sy fondamente geskud. H.G. Stoker se brief aan Koot Vorster, kort na Verwoerd se dood, verwoord die gevoel van baie Afrikaners op 6 September 1966: “Ek het nie besef hoe intens ek vir hom met sy beleid en sy persoon gevoel het en hoe ek met hom saamgeleef het, hoe ek op hom vir ons volk en landsake gereken het nie” (PV 3/1/2). Koot Vorster was nie net ‘n sterk ondersteuner van Verwoerd se beleid van vertikale apartheid nie, maar het net die hoogste agting vir Verwoerd as persoon gehad. Dit word weerspieël in sy skrywe aan Betsie Verwoerd: “Verwoerd is op dié tydstip vir ons volk absoluut onvervangbaar. ‘n Miljoen Afrikaners rou met verslae en seer harte. Ons het hom liefgehad soos ‘n vader en broer.” Vorster beskryf ook Verwoerd as ‘n “vriendelike, innemende regverdige, gelowige mens. ’n Christen staatsman, van die grootstes in ons volk se geskiedenis”. Tog het Vorster die moord op Verwoerd beskou, as ongetwyfeld nie gemik teen Verwoerd as persoon nie, maar as ‘n aanslag van die “vyande van ons volk” teen die Afrikaner. Vorster roep daarom die Afrikaner

[76] Binne die konteks het John Vorster in sy eerste toespraak as Eerste Minister voor die Transvaalse Kongres van die NP op 6 September 1967, (presies ‘n jaar na Verwoerd se dood), gesê het: ”Ons het dit alles gedoen omdat ons geglo het ons is voortbestem om dit te doen. As ek vanaand hier vir u as volk ‘n leuse kan gee, dan is dit: Vervul jou roeping!” (D’Oliveira 1979:209-210).

op om met “ywer en toewyding te verenig vir die stryd teen ons vyande en net soos Verwoerd ons lewe te verpand vir ons volk en sy ideale” (PV 1/2/29/1/6).

Binne Koot Vorster (PV 1/2/29/1/6) se kontekstuele toepassing van Kuyper se antitese in 1966 was dit duidelik dat “ons volk moet saamstaan teen die vyande van ons volk”. Om dié rede was die klimaat ongunstig vir ‘n uitgerekte leierstryd in die NP. Die NP wou binne dié klimaat na Verwoerd se moord ‘n verenigde beeld uitdra, ter wille van die bedreiging van die Afrikaner. Die druk op die senior minister in Verwoerd se kabinet, Ben Schoeman, was groot om nie verkiesbaar te wees as Eerste Minister nie, sodat John Vorster onbestrede verkies kon word. Op Dinsdag, 13 September 1966, is B.J. Vorster eenparig verkies as die sewende Eerste Minister van Suid-Afrika.

Aan die einde van 1966 word die krisisgevoel van die Afrikaner duidelik gesien as Koot Vorster ‘n direkte parallel trek tussen die Afrikaner se toestande in 1966 en Bloedrivier in 1938. ‘n “Handjievol blankes” was teen 1966 “omsingel deur swartmagte en blanke-agitators” wat nie net die Afrikaner wil oorweldig nie, maar ook wil verlei tot internasionalisme, tweedrag en ‘n “verswakking van apartheid op die terrein van sport, handel en godsdiens” (PV 1/2/1/152). Vir Koot Vorster was die stryd by Bloedrivier gekenmerk deur die beslissing of die “Blanke in SA sal voortbestaan of nie”, maar “God het oor ons nasie uitgeroep: LEEF!” Die “Goddelike bestaansreg” van die Afrikaner is nie net by Bloedrivier bevestig nie, maar dit was vir hom die geboorte van die Afrikaner as ‘n “vrye volk in ‘n eie Vaderland”. Die Christelike geloof en patriotisme was vir hom die basiese fondamente van die Afrikaner se voortbestaan as volk. “Sonder die ware God is ‘n volk in die duisternis en sonder patriotisme het geen volk selfrespek of idealisme nie” (PV 1/2/1/105). Die volksromantiese kant in Koot Vorster denke word sigbaar as hy “volksliefde” gelykstel aan “gehoorsaamheid aan God” en “ware godsdiens”. Indien ‘n persoon hom skuldig maak aan ‘n “gebrek aan volksliefde” verloor die “ontwortelde mens sy God, sy siel, sy identiteit, sy idealisme”. ‘n Gebrekkige volksliefde wat hy “ontstamming” noem, lei vir hom tot die “selfmoord van ‘n nasie”. Die deurwerking van die Kuyper se antitese in die Boere–calvinisme word duidelik as Vorster se mening dat ‘n persoon sonder volksliefde nie net die “suiwer en waaragtige geloof” verloor nie, maar ook die onderskeiding tussen “goed en kwaad”. Die “kwaad” word beskryf as materialisme, selfsug, liberalisme, modernisme en kommunisme. Vir hom lê die “oorwinning van die goeie” in die volk wat ‘n “nasie bou met groter gesinne” en die “vaste geloof” (PV 1/2/1/105).

Teen 1974 was dit vir Koot Vorster (PV 1/2/49/2) duidelik dat die “stryd om die siel van ons volk” ‘n “viervoudige stryd” is, naamlik ‘n stryd om “ons”:

i. vaderland
ii. bloed
iii. karakter
iv. siel.

In die stryd was die woorde van *Die Stem*: “Ons sal lewe ons sal sterwe”, vir hom meer as blote woorde, dit was die “hartetaal van ons seuns wat met geweer in die hand ons vaderland moet beskerm”. Die aanslag beskryf hy as ‘n “totale aanslag” op die Afrikaner op maatskaplike, politieke, letterkundige en kerklike terrein. Die “vyande” wil die Afrikaner van sy eiendomlike beroof, sy identiteit laat prysgee en op die resep van die kommunisme “een volk, een kerk en een regering” maak (PV 1/2/29/1/8).

Binne die krisis van die voortdurende stryd wou die NG Kerk naby die Afrikaner kom staan. Daarom het Koot Vorster as ‘n kerkleier te midde van die krisisgevoel van “moedeloosheid en defaitisme” die Afrikaner probeer moed inpraat deur hulle “geloofsoë te rig” op die “hoë roeping” wat hulle van God ontvang het in Afrika. Om dié rede moet die Afrikaner van sy “skuldgevoel” ontslae raak wat die “nuusmedia, koerante, sommige politieke partye en selfs hensoppers en joiners op sy skouers wil pak” (PV 1/2/1/106).

8.2 Aanslae in die krisis

8.2.1 Kommunisme, die vuurrooi draak[77]

Vir Koot Vorster (NGTT 1979:381) was daar slegs twee lewens- en wêreldbeskouinge, naamlik die Christelike wat nasionaal veranker is en die sekularistiese wat internasionaal georiënteerd is. Hierdie twee lewensoortuiginge staan skerp teenoor mekaar en in die twintigste eeu het die antitese neerslag gevind in die calvinisme aan die een kant en liberalisme en kommunisme aan die anderkant. Beide die liberalisme en kommunisme het binne die Suid-Afrikaanse konteks spesifieke neerslag gevind en is in stryd met die calvinisme om die “siel van die volk”. Vorster tipeer die “stryd” selfs in sterker taal as ‘n “oorlog om die volksiel” (PV 1/2/29/1/7).

Kommunisme was vir Koot Vorster (NGTT 1979:382) meer as ‘n sosio-politiekestelsel of ‘n ekonomiese teorie. Hy definieer die kommunisme as ‘n “allesomvattende lewens- en wêreldbeskouing, wat alles van God, die mens en die wêreld uit die een beginsel van

[77] Dit was die tema van Koot Vorster se toespraak by die Volkskongres in 1964 op Brits, Transvaal.

dialektiese materialisme verklaar. Hierin stem die kommunisme, vir hom, ooreen met die imperialisme wat ‘n wêreldryk wou vestig deur geestelike waardes, die morele lewe en die identiteit van ‘n Christelike beskawing te ondergrawe (Vorster 1964:72-88). Kommunisme vind aanklank by die “natuurlike hart van die onwedergebore mens” en daarom vind die kommuniste volgens hom aanklank onder die “kerklik afwykendes, liberaliste en ongelowiges”. Onder die laasgenoemde groepeer hy “frontorganisasies” soos die WRK, liberale kerke, studente organisasies, die liberale pers, kortom almal wat nie “calvinisties, konserwatief en Christelik-nasionaal” is nie (PV 1/2/19/8).

Die invloed van die Boere-calvinisme op Vorster (1967:15) se denke word duidelik as hy die Afrikaner as ‘n “instrument van God” in die stryd teen die kommunisme beskou. Die wat “in ons volk” die “vaandel van vrysinnigheid” dra, verkeer volgens Vorster in ‘n “patetiese verwarring” omdat hulle “losgeslaan is van hulle ankers”. Vir hom staan die Afrikaners aan die regte kant van die antitese. Die stryd teen kommunisme was dus vir Koot Vorster veel meer as ‘n stryd teen ‘n politieke ideologie. Dit was vir hom ‘n stryd van “die goeie teen die kwaad, donker teen lig, Christendom teen die kommunisme”, en ten diepste die stryd van “Christus teen die magte van Satan” (Vorster 1968:18-21). Die kommunisme was vir hom “‘n diaboliese vyand met ’n duiwelse ideologie wat sy mag deur tweespalt, geweld en dood handhaaf met sy rewolusiekreet: Geen God geen meester!” (PV 1/2/29/1/13).

In die VSA word die kommunisme vir Koot Vorster die duidelikste sigbaar in die stryd vir burgerlike regte, “waar nie net gelyke regte geëis word nie, maar voorkeurbehandeling”, met Martin Luther King aan die voorpunt. Hy skryf aan vriende in die VSA ”we fail to see how calvinists can be so enthusiastic about him, because he is a unitarian in his theology and a romanticist in his ethics. By romanticism I mean a destroyer of worlds” (PV 1/2/19/6).

Koot Vorster het niks van John F. Kennedy gehou nie. Hy het hom beskou as ‘n man wat “onryp” was vir sy verantwoordelikhede, iemand wat nie eers instaat is homself te regeer nie, met ‘n familie wat ook nie gewild in die VSA is nie. Vir Vorster was Kennedy “sag” op die kommunisme. Die bewys daarvan was vir Vorster die “hot line” tussen Kennedy en die Russiese “diktator” asook die program van burgerlike regte wat Kennedy op die VSA “af forseer”. Hy was van mening dat ‘n “meer konserwatiewe en sterker president wat beginselvas teen die linkse liberaliste en kommuniste staan” tot “seën” vir die Westerse wêreld sal wees (PV 1/2/19/8). Dit was vir hom ‘n groot vreugde toe die Republiekeinse kandidaat, Nixon, in 1968 as president van die VSA verkies is. Koot het Nixon as die “new hope for the free world” gesien het (PV 1/2/1/9).

8.2.2 Die Nasionale Raad teen Kommunisme en Antikom

Die getuienis van die Rivonia-verhore het skokgolwe deur die Afrikanerkringe gestuur, omdat baie toe eers besef het wat die omvang en gereedheid van die millitêre en sabotasie aanslag teen die regering is. Die geld vir die opleiding van soldate en die finasiering van ‘n radiostasie is onder andere uit Rusland bekom. Alhoewel die Departement van Justisie, onder leiding van sy energieke minister John Vorster, die sabotasieplanne grotendeels omvêr gewerp het, was daar in Afrikanerkringe eenstemmigheid dat die gevaar werklik was (PV 1/2/29/5/9). Vir Koot Vorster het die “versiende en regverdige beleid van die regering” die “eerste aanslag op ons land” laat misluk (PV 1/2/29/1/13).

Die AB het die NRK kort na nie Rivonia-verhore in 1964 gestig en gefinansier. Die doel van die NRK was om die Afrikaner “geestelik weerbaar” te maak teen die aanslag deur die “positiewe uitbouing van die Christelik-nasionale lewensbeskouing deur suiwer godsdiens en gesonde patriotisme” (PV 1/2/29/1/8). Die mees geskikte persoon om “die volk uit die kloue van die rooi draak te hou” was Koot Vorster, broer van die Minister van Justisie. Op aanbeveling van die AB is Koot Vorster versoek om voorsitter van die NRK te wees. Om dié rede het Koot Vorster eers in 1964 met die stigting van die NRK lid van die AB geword (Strydom 1978:291).

As voorsitter van die NRK het Koot Vorster landswyd gereis om die volk te “mobiliseer”. Hy het selfs in Rhodesië (Zimbabwe) en Suid-Wes Afrika (Namibië) gehore toegespreek. Hy het ook met verskeie persone in die VSA en Europa kontak gemaak, inligting uitgeruil en talle artikels geskryf.[78] Deur korrespondensie het Vorster ‘n hegte vriendskap gesluit met professor Nicolas Nyaradi. Hy was Minister van Finansies in die kabinet van Hongarye gedurende 1956, net voor die Russiese besetting. Daarna is hy na die VSA waar hy verbonde was aan die Universiteit van Bradley. Nyaradi was ook lid van die *Task force on the conduct of Foreign Relations*, onder die voorsitterskap van oud-president Eissenhouwer (PV 1/2/29/1/8; 1/2/29/5/4; 1/2/29/5/9).

Een van die eerste take van die NRK was om ‘n Volkskongres gedurende 1964 te reël, met behulp van die AB se Christiaan de Wet-fonds (Pelzer 1980:178). Die Volkskongres was

---

[78] Enkele van Vorster se talle ongedateerde artikels is: *Die moderne aanslag van die kommunisme, Die kommunistiese aanslag op Suid-Afrika, Die gevaar van die kommunisme, Communist infiltration in the churces, Kommunisme in die godsdiens en die kerk, Kommunisme en hoe dit bekamp moet word, Kommunistiese infiltrasie in Suid-Afrika, Kommunisme die vuurrooi draak; Die noodsaaklikheid van kerklik-kulturele optrede teen die kommunisme, Mislukking en gevaar van die kommunisme*.

deur sowat 3000 Afrikaners bygewoon (PV 1/2/29/5/9). Die deurwerking van die Boere-calvinisme op die Suid-Afrikaanse samelewing word duidelik as die volkskongres by monde van Koot Vorster ‘n behoefte uitspreek aan “regse publikasies van konserwatiewe skrywers” teenoor “liberale en linkse boeke”. “Goedgesinde boekhandelaars” het onderneem om die leemte vinnig reg te stel. Die NRK het ook beswaar gemaak teen die rolprente wat die land binnekom met “onmiskenbare kommunistiese propaganda”. Die Publikasieraad was versoek om die saak reg te stel (PV 1/2/29/5/4).

Binne landsgrense het die NRK ook ‘n internasionale simposuim gedurende September 1966 aangebied om Suid-Afrika se unieke bydrae tot die stryd teen die kommunisme te beklemtoon en idees uit te ruil (PV 1/2/29/1/8). Die sprekers was internasionale kundiges wat bestaan het uit professors, ekonome en persone uit die weermag en polisie (PV 1/2/29/5/9). Met behulp van die AB is ‘n boekie, *Oorlog om die volksiel* gepubliseer. By dié kongres het Koot Vorster (1967:13) aan die afgevaardigdes gerapporteer dat die Afrikaner deeglik voorgelig was in openbare en geslote vergaderings en gereed is vir die stryd teen die kommunisme. By die internasionale kongres het Koot Vorster, selfs nog voor Tsafendas se hofsaak, die stelling gemaak dat die kommuniste agter die moord sit op “ons gevierde en onvergeetlike leier”.

Die AB het ook skakeling tussen die NRK en Antikom gekoördineer en derhalwe ook Antikom se publikasies gefinansier (Pelzer 1980:178). Antikom was ‘n gesamentelike kerklike aksie van die drie Afrikaanse susterskerke. Antikom het dit as sy taak beskou om inligting aan lidmate deur te gee oor die wese, doelstellings en metodes van die kommunisme. Die AB se finansiering en koördinering van ‘n gesamentlike kerkaksie soos Antikom beklemtoon die feit in watter mate die Afrikaanse kerke binne die Boere-calvinistiese denkraamwerk sou saamwerk met kultuurorganisasies wanneer die volk se voortbestaan bedreig word. Die verbroedering tussen kerk en volk word duidelik in die gemak waarmee Koot Vorster lidmate en volk as sinonieme beskou het. Antikom wou volgens hom, “die lidmate weerbaar maak deur die volk terug te roep na sy geestelike ankers en die oë van die volk oopmaak vir die gevare wat hom omring” (PV 1/2/29/1/7). Vir Koot Vorster (1968:26) het die kerk nie net die taak om die kommunisme se “ekonomiese bedrog, politieke boewery en sataniese mag” aan die kaak te stel nie, maar om teenoor die “Rooi vlag” die “vaandel van die kruis op te steek” deur vir die volk wie se “God, die Here is”, die Bybelse wapenrusting aan te trek. Hy het die volk aangemoedig om te dink aan die “grote en gedugte Here en veg vir julle broers, julle seuns, julle dogters, julle vrouens en julle huise.” As die “magte van die duisternis” oorweldigend lyk moet die Afrikaner met geloofsmoed en krag onwrikbaar staan soos die Griekse held Leonidas. Vorster (1964:88) het graag vertel van Leonidas wat in die

Thermopulae-bergpas teen die hordes van Persië moes veg. Sy verkenners het aan hom meegedeel dat wanneer die Persiese mag hulle spiese opsteek, die son verduister. Leonidas het hierop geantwoord: Dan veg ons in die koelte." Hannie onthou dat haar pa en Treurnicht mekaar dikwels met die woorde, "ons veg in die koelte", bemoedig het. 'n Vernuftige spotprenttekenaar het die staaltjie van Vorster gebruik om die Afrikaner se stryd teen die oormag van die kommunisme uit te beeld. In die eerste spotprent word die blanke voorgestel met 'n swaard en 'n Bybel as wapens teen die swart wolk van die kommunisme wat die land wil oorweldig. In die tweede spotprent word deurwerking van die Boere-calvinisme duidelik as die Afrikaner se moed in die stryd teen die oormag geïdealiseer word. Die Afrikaner word ook teenoor 'n vyandige Engelse pers gestel.

Gedurende 1967 het Koot Vorster as Voorsitter van die NRK, die VSA besoek om as 'n spreker by 'n "Anti-comminist" simposium op te tree. Hy moes die verhoog deel met Ian Smith, Rhodesië se premier. Smith was egter toegang tot die VSA geweier omdat hy nie met 'n Britse paspoort wou reis nie. Brittanje het ekonomiese sanksies teenoor Rhodesië ingestel na die eensydige onafhanklikheidsverklaring en dit is met behulp van die VSA se ambassadeur Goldberg in die VN, deur die VN bekragtig (PV 1/2/29/1/24) . Koot Vorster het in sterk taal die VSA se "inkonsekwente buitelandse beleid" veroordeel. Hy noem die VN die "chief agent of the communism" en Goldberg, "comrade Goldberg". Na sy toespraak het hy etlike minute 'n staande applous van die sowat 700 afgevaardigdes ontvang.

Koot Vorster het ook in 'n televisiedebat opslae gemaak en sodoende die voorblaaie van koerante gehaal: "Premier's brother drops Bombshell! Your Kennedy and our Verwoerd were both killed by communists." Komende van 'n persoon na aan die Eerste Minister van Suid-Afrika, het die stelling volgens die pers 'n besondere gewig gedra (PV 1/2/29/1/25). Die gebeurtenis het plaasgevind tydens die Kups Show in Chicago. Vorster en nog twee konserwatiewe deelnemers moes debat voer teen drie liberale deelnemers, waaronder 'n senator en 'n professor was. Vorster se tweede "bombshell" was toe hy ondubbelsinnig kant kies vir president Johnson se voortgesette oorlog in Viëtnam omdat hy oortuig is kommunisme beveg moet word "waar jy kan en met wat jy kan". Tog was dit vir hom onbegryplik dat "the greatest nation on earth" nie die "klein oorloggie" kan klaarmaak nie en verval het in 'n "no win war". Die aanbieder, meneer Kup, was woedend vir die Suid-Afrikaner se beledigings en het Koot aangevat oor apartheid en spesifiek huisarres. Hy het die geleentheid gebruik vir sy derde "bombshell". Koot het die bekende storie te vertel dat sy broer reeds as student raakgelees het dat die eerste geval van huisarres in die Bybel, spesifiek 1 Konings 2, opgeteken staan waar Salomo vir Simei onder huisarres geplaas het. "So you see", het Vorster aan die aanbieder wat 'n Jood was, gesê: "we got this law from

your good king Solomon". Dit was 'n doodhou! Toe Vorster later na die opname kyk, beskryf hy in kleurryke taal dat "Kup se mond oop en toe gegaan het soos 'n vis op droë grond, maar hy kon geen woord uitkry nie". Kup het die res van die opname nie vir Vorster verder iets gevra nie (PV 5/1/5).

Vroeg in 1970 het die AB die NRK ontbind. As rede voer Pelzer (1980:178) aan dat die NRK nie altyd gunstige publisiteit onder die Afrikaanse koerante geniet het nie. By 'n deel van die publiek was daar onsekerheid oor die werksaamhede van die NRK en nodige geldelike steun kon ook nie verkry word nie. Aan Koot Vorster is in 'n vertroulike memorandum gestel dat die NRK 'n gevaar vir die NP inhou en daarom ontbind moet word (PV 1/2/29/5/1). Dit was waarskynlik omdat lede van die hoofbestuur persone was soos Jaap Marais, Albert Hertzog, Adriaan Pont en Andries Treurnicht. Dit is bekend dat almal van hulle krities was teen die NP se sportbeleid en spesifiek teen die nuwe Eerste Minister. Hertzog en Marais het in September 1969 weggebreek van die NP om die HNP te stig (Schoeman 1974:268). Alhoewel Vorster self krities was teenoor die NP se beleid en Marais en Hertzog simpatiek gesind was, het hy dit op dié stadium nog nie oorweeg om die NP te verlaat nie, veral omdat hy nie wou glo dat sy broer die Afrikaner in die steek sal laat nie. Koot Vorster was diep teleurgesteld in die AB. Na 1970 was hy daarvan oortuig dat die AB net die belange van die Afrikaner op die hart dra in soverre die organisasie kan baat by magspolitiek (PV 1/2/29/5/1). Alhoewel hy nie uit die AB bedank het nie, het hy geen verdere rol meer in die AB gespeel nie en vir alle praktiese doeleindes sy entoesiasme vir die AB en hulle doelstellings verloor.

8.2.3 Sending agter die ystergordyn

Koot Vorster het die verspreiding van die evangelie in kommunistiese lande beskou as 'n wyse waarop die kerk pro-aktief kan "terugveg" (PV 1/2/29/1/8). Dit was vir hom 'n bekommernis dat die "sendingdrang" in Europa besig was om te sterf, terwyl dit die hooftaak van die kerk moet wees. Hy skryf die onwilligheid van kerke, om betrokke te raak by sending agter die ystergordyn, toe aan die "sinkretistiese lyn in die WRK" wat een wêreldgodsdiens voorstaan met 'n sosialistiese invalshoek en sosiale opheffingsprogramme. As 'n sendingywer ontbreek lei dit vir Vorster tot 'n verswakking van die Christendom (PV 1/1/5/1/7).

Koot Vorster het verkies om met reeds bestaande sendingorganisasies en kerke saam te werk vir die verspreiding van die evangeie in kommunistiese lande (PV 1/1/5/1/8). Sy standpunt het veskil met dié van die Algemene Sinode 1970 wat besluit het sending in die kommunistiese wêreld te verwys na 'n kommissie wat besluit het om 'n eie selfstandige sendingaksie aan die kommunistiese wêreld te begin (NGK 1970:835).

Deur sy betrokkenheid by Underground Evangelism se werk in Oos-Europa, Rusland, Kuba en die Verre Ooste het Koot Vorster wye kontakte opgebou en saamgewerk met verskillende kerke en persone (PV 1/2/1/15). Hy het gereeld gekorrespondeer met bekende sendelinge soos Richard Wurmbrand en Broer Andrew (skrywer van *God se smokkelaar*). Met Broer Andrew se besoek aan Suid-Afrika gedurende 1971 het hy en Vorster baie goed met mekaar oor die weg gekom. Kort na die besoek spreek Broer Andrew sy waardering uit vir Vorster se "co-operation and stand for us" (PV 1/2/1/14; PV 1/2/29/2/2).

8.2.4 Vrymesselary ontmasker

Behalwe die kommunisme was die vrymesselaars vir Koot Vorster (1965:54) 'n "agent van die vuurrrooi draak". Op sy voorstel het die Algemene Sinode van 1962 besluit dat vrymesselaars wat weier om uit die organisasie te bedank, hulle lidmaatskap van die NG Kerk verbeur. Geen vrymesselaar mag enige kerklike amp beklee nie. Hy motiveer die sinode se besluite deur te verklaar dat die vrymesselaars se Godsbegrip heidens is. Hulle ondergrawe die waarheid en gesag van die Bybel en verloën die soendood van Christus met die leer van selfverlossing (PV 1/2/50/2; PV 1/2/1/100). Die boek van Vorster, *Vrymesselary ontmasker*, was die gewildste van al sy boeke en is drie keer herdruk, naamlik 1965, 1973 en 1980.

8.2.5 Die vyand binne die skanse

Vorster tipeer liberalisme as 'n "pestilensie wat in die donker wandel" omdat die "penwortels" daarvan nie net in die humanisme lê nie, maar omdat dit ook 'n "padmaker en stootskraper" van die kommunisme is. Liberalisme is gekant teen alle vorme van patriotisme en wil by die Afrikaner "wêreldburgerskap" en "internasionalisme" kweek. Vir Vorster vernietig die liberalisme op geestelike terrein die Woord van God deur 'n "ongeestelike of 'n oorgeestelike spiritualiteit" wat neerslag vind in 'n "sentimentele eiewillige godsdiens". Vir hom is die liberalisme soos 'n "verkleurmannetjie", want dit verander van kleur, het vir verskillende mense verskillende betekenisse en word aangebied van "progressiewe denke tot 'n vryheidstrewe" (PV 1/2/30/1). Koot het almal wat volgens hom "liberaal" was as "pienk" beskryf (PV 1/2/29/1/13). Die liberalisme, as "die nommer een vyand binne die skanse", tree op in kerklike en politieke sake soos die "engel van die lig", wat om bykans elke saak 'n "godsdienstige manteltjie" wil hang met 'n "sieklike vroomheid" (PV 1/2/1/33).

Koot Vorster (PV 1/2/1/106) waarsku teen die invloed liberalisme op godsdienstige terrein wat gesien word in die volgende "dwalinge":

i. Die beskouing dat daar tussen die Christendom en ander godsdienste geen onoorkomelike verskille bestaan nie.

ii. God is in alle godsdienste te vind.
iii. Die historiese Jesus wat teenoor die Bybelse Jesus gestel word.
iv. Dit is moontlik om ‘n Christen te wees sonder om in Jesus en die kernwaarhede van die Bybel te glo.
v. Jesus is die lig van alle godsdienste.
vi. Boedhiste is net ander soort Christene.
vii. Sendingwerk is “oudmodies” en die woord “heiden” diskriminerend.
viii. Bybelse sending word vervlak tot “godsdienstige diskussie”.

Die liberalisme spits, volgens Koot Vorster, hom hoofsaaklik toe op die kultuur van die Afrikaner deur ‘n “vloedgolf van sekularisasie” (PV 1/1/7/3/7). Dit was die kerk se taak om die “volkskultuur te kersten” (Treurnicht 1975:76). In lyn met Treurnicht se denke oor die kerstening van die Afrikaner se kultuurlewe het Koot Vorster (NGTT 1979:349) die kultuurstrewe van die Afrikaner tipeer as “die vryheid van die volk, gebondenheid aan die volk en diens aan die volk”. As voorsitter van die NG Kerk Uitgewers was Vorster (NGTT 1979:354) bekommerd oor “liberale” skrywers wat hy tipeer het as die “geestelike terroriste van die volk”. Vir hom is ‘n volk se letterkunde ‘n weerspieëling van ‘n volk se beskawingspeil, maar sekere skrywers “misbruik en prostitusieer die woordkuns”. Die calvinistiese sy van Koot Vorster se denke kom na vore as hy pleit dat die letterkunde “heilig” moet wees deur te voldoen aan die standaarde van die Woord. “Die eer van God moet ook op letterkundige gebied eerbiedig word” en daarby is die kuns en kunstenaar ook nie op een of ander spesiale manier “ verhewe” bo die gesag van die Woord nie (PV 1/2/1/32). Deur die “septiese woordkuns” word die openbare mening gemanipuleer en die volk “gebreinspoel”. Bybelse geestelike en sedelike waardes word verdag gemaak deur dit as onvolwasse en naiëf te etiketteer. Hy het ook beswaar gemaak teen die siening dat ‘n boek slegs “volwasse” is as dit “teen die regering agiteer, gestroop is van Christelike inhoud en permissiewe seks voorstaan” (PV 1/2/1/109; PV 1/2/1/31). Hierdie permissiwiteit het hy as die “geestelike gifgas van die koue oorlog” beskou (PV 1/2/1/152).

Dit was reeds aan die begin van die sewentigs vir Koot Vorster (kb 26/8/1970) duidelik dat die Afrikaner se kritieklose aanvaarding van die “permissiewe” letterkunde en “septiese kuns” ‘n duidelike teken was dat “ons toeskouers geword het, kopskuddende defaitiste en kritici”. Dat die “African Communist” positief was oor die werk van skrywers soos André P. Brink en Jan Rabie, omdat hule uit die sogenaamde “laager of narrow nasionalistic conceptions” getree het met hulle breër perspektief op die werklikheid, was vir hom die bewys dat sulke skrywers met hulle liberale en kritiese lewens- en wêreldbeskouings regstreeks in die hande van die kommuniste speel (PV 1/2/29/1/13). Die NG Kerk het op dieselfde trant gepraat oor

die plig van die kerk om die volk weerbaar te maak. As die kerk nie optree teen die godsdienstige- en sedelike verslapping van die volk nie, word die volk se geestelike en sedelike weerbaarheid verswak. Dit gee aan die kommunisme ‘n “poort” om “die volk binne te sypel” en te “verslaaf” (NGK 1970:627).

Die toekenning van die Hertzogprys in 1979 aan Ettienne Le Roux se verbode boek *Magersfontein, o, Magersfontein* het daartoe gelei dat Koot Vorster sterk standpunt ingeneem het. In die debat het hy telkemale te kenne gegee dat hy hom kwel dat die NG Kerk nie net die Afrikaner gefaal het nie, maar veral ook die Afrikaanse skrywers, deur nie konsekwente Bybelse leiding te gee oor kuns en letterkunde nie. Dit was vir hom die taak van die “Boerekerk” om die Afrikaner op die kultuurfront wakker te maak deur die kommuniste se “boodskap van die aarde” met die kerk se “boodskap van die hemel” te oorwin (PV 1/2/29/1/13). Tog was dit vir Koot hartseer dat die Akademie die NG Kerk “uittart” deur die “gesogte prys toe te ken aan die septiese kuns van skrywers met stink gedagtes”. Hy het afgesien van sy aanvanklike plan om die Publikasie Raad deur “petisies en woorde te vernietig”. Koot Vorster wou eerder ‘n “bielie” van ‘n prys daar te stel vir “skoon en edel anti-septiese literatuur” wat nie sou afsteek teen die Hertzogprys nie (PV 1/2/1/152). Langenhoven was vir Vorster die ideaal van ‘n Afrikaanse volkskrywer wat bewys het dat dit nie nodig is om “af te daal in dieptes van morsigheid en leef en skryf asof die mens net seksorgane het nie” (PV 1/2/1/86).

Die “bielie van ‘n prys” het André P. Brink genoop om hom in 1979 teen Koot Vorster uit te spreek. Sy mening was dat elke skrywe te sondig sou wees vir “goue Koot” en dat die kerk nie maklik ‘n borg gaan kry noudat Eschel Rhoodie nie meer daar is nie (PV 1/2/1/152). Ook die bekende oud-Minister van Vervoer, Ben Schoeman het met Koot Vorster verskil sy siening dat die sensuurstelsel ‘n middel tot die “suiwering van die volk” is. Koot het getuig van sy “eerbied” vir “oom Ben”, maar sy liefde vir die Woord en eerbied vir die heiligheid van God is groter. Hy het ‘n beroep op Schoeman as voorsitter van Nasionale Pers gedoen om “sy magtige persorganisasie” so te gebruik om te verhoed dat die volk nie in die “moeras van die immorele” versink nie. Schoeman het egter nie die saak met Vorster verder gevoer nie (PV 1/2/36/1/2).

8.2.6 “Laat die erwe van ons vadere vir ons kinders erwe bly”

Vir Vorster was beide die kommunisme en liberalisme se felste aanslag op die Christelike gesin en spesifiek die jeug. Om dié rede bid hy met ‘n “beklemmende gemoed en bekommerde hart” om behoud van die “erwe van ons vadere vir ons kinders” (PV 1/2/1/33).

Binne die raamwerk van die neo-calvinisme was die oorsprong van die volkslewe vir Koot Vorster die verbondsgesin. In die gesin word ‘n kind opgevoed volgens Bybelse waardes en vaderlandsliefde. Liberalisme lei tot “koerslose opvoeders en probleemouers” wat vrye teuels aan die kinders gee om “wild en onbelemmerd” te groei sonder ‘n eie identiteit en ‘n duidelike lewensroeping. Binne ‘n verbondsgesin wat “Christelik-nasionaal veranker is”, word kinders “geestelik en sedelik” weerbaar gemaak teen die “volksvreemde ideologieë” (PV 1/2/1/31). Die vyf grootste gevare wat die Afrikanerkind bedreig, was vir Vorster (kb 29/11/1967):

i. ‘n Verlies van Bybelse waardes as norm vir die lewe.
ii. Die verval van dissipline.
iii. Die ondermyning van morele waardes.
iv. Die aanslag op identiteit.
v. ‘n Koersloosheid, omdat daar geen ideaal is om na te streef nie.

Om die gevare die hoof te bied moet die NG Kerk volgens hom “weer erns maak met verbondsprediking”. Koot Vorster was van mening dat die NG Kerk die liefde so oorbeklemtoon het, as ‘n reaksie teen die “vuur -en-swael” prediking, dat die kerk se Godsbegrip verskraal het. “Die mense vrees God nie meer nie en daarom is daar geen bekering of verantwoordelikheid nie.” Prediking oor die volle implikasies en verantwoordelikhede van die verbond sal alleen tot die herstel van die ouerhuis lei as “losieshuis tot verbondshuis”. Binne die verbondsraamwerk moet Bybelse tug en dissipline ‘n regmatige plek kry teenoor gesagsverwerping en eiewilligheid. Patriotisme en die handhawing van ‘n eie identiteit was vir hom gelyk aan die gehoorsaamheid van die vyfde gebod (PV 1/2/1/4; PV 1/2/1/151).

Die leiding wat die Afrikanerjeug volgens Koot Vorster behoort te kry, word onder andere gesien in sy toespraak voor die ASB kongres in 1970. In die “lotsbeslissende tyd” het hy die Afrikanerjeug aangemoedig om nie van die volk afsydig te staan nie, maar as Afrikaners met “murg in die pype, verstand in die kop en ‘n hart in die bors” hulle met “patriotisme aan die verlede veranker” en met “volksliefde die toekoms bou”. Dit was op dié kongres wat Koot Vorster aan die Afrikanerjeug sy bekende woorde gerig het: “Moenie vir my sê wat julle gaan doen nie, sê vir my wat julle gedoen het!” (PV 1/2/1/31; PV 1/2/1/106).

Onderwys was vir Koot Vorster ‘n hartsaak. Hy was nie net vir byna drie dekades Voorsitter van die Bestuursraad van die Laerskool Jan van Riebeeck nie, maar het hom beywer vir Christelike -nasionale onderwys (PV 1/6/2/1). Die NG Kerk het die taak om toe te sien dat die skool die Afrikanerkind opvoed binne die raamwerk van Christelik-nasionale onderwys. Op sy voorstel het die Kaapse Sinode reeds in 1949 die Christelike-nasionale onderwysbeleid

wat onder beskerming van die FAK uitgegee was, goedgekeur (NGKSA 1949:43). Onder Christelike onderwys bedoel Vorster dat die skool binne die raamwerk van die calvinisme aan sy doel, opvoeding en aktiwiteite kan verantwoord. Nasionale onderwys tipeer Vorster as die erkenning van God se leiding in die vorming en behoud van die Afrikaner en die onderrig in die geskiedenis van die Afrikaner. Afrikaans as die "taal van die volk" moet as onderrigmeduim gebruik word. Nasionale onderrig moet ook die gesin versterk, sodat die familie en volkslewe op patriotisme gebou word (PV 1/2/24/1; PV 1/2/1/106).

8.3 'n "Hartlike broederverhouding" tussen kerk en staat, 1966-1980

Tussen die NG Kerk en NP regering was daar teen 1966 in Vorster se woorde "'n hartlike broederverhouding". Kerk en owerheid moes saamwerk om die weerbaarheid van die volk te versterk. Iets van dié hartlikheid word gesien as die Staatspresident, Jim Fouché, die inwyding van die NG Kerk Sentrum in Kaapstad namens die regering bywoon. In sy dankwoord verwys Koot Vorster na die "wonderlike en noue samewerking" wat bestaan tussen die NG Kerk en regering tot "die heil van ons volk". In Boere-calvinistiese taal verwys hy na die "vrye staat" en die "vrye kerk" wat in hierdie "gewigtige tydsgewrig nie mekaar sal los nie", maar "hand aan hand" sal saamstap (PV 1/2/1/34).

Alhoewel die NG Kerk 'n Kommissie vir Skakeling met die Owerheid (KSO) gehad het wat oor spesifieke sake met die regering geskakel het, het Koot Vorster verkies om informeel en persoonlik met verskeie ministers te skakel. Baie van die NP ministers was goeie kennisse en vriende van Koot Vorster. So het hy byvoorbeeld direk die Minister van Justisie, P.C. Pelser in 1968 versoek dat syns insiens strenger wetgewing nodig is om handelstransaksies soos die vertoon van skouhuise op Sondae onwettig te verklaar. Die goeie verhouding tussen Vorster en Pelser word gesien in die "ope oor" van die minister gehad het vir die versoek (PV 1/1/2/1/14). Vorster en Gericke het ook persoonlik aan die Minister van Binnelandse Sake 'n memorandum voorgelê oor die handhawing van sekere vakansiedae. Op kerklike terrein het die NG Kerk gepleit vir Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag en Kersfees as vakansiedae. "Volksdae" waaroor die NG Kerk sterk gevoel het was Nuwejaarsdag, Republiekdag, Krugerdag, Geloftedag en Van Riebeeckdag. Vir Vorster kon Paasmaandag, tweede Kersdag en die Vrydag na Hemelvaart as vakansiedae wegval (PV 1/2/33/1; NGK 1974:156).

Die NG Kerk het die regering as 'n medevennoot gesien om die oorlewing van die Afrikaner verseker deur 'n apartheid en om die morele norme van die Afrikaner in wetgewing vas te lê. Die kerk sou op sy beurt die regering se beleid en optrede as Skriftuurlik verdedig en goedkeur. Dit was vir die kerk makliker om omstrede etiese sake deur wetgewing te laat

verbied, as om die sake op grondvlak met lidmate uit te spook. Van die NG Kerk se kant af was daar selfs pogings om die “bedenklike minirok” deur wetgewing te laat verbied (NGK 1970:266). Ook het die NG Kerk met sake soos vrugafdrywing, stedelike ontwikkeling, publikasies en vermaaklikhede, gesondheidsdienste, voorligting, opvoeding en geskikte leestof by die regering se deur gaan klop (NGK 1974:156, 172, 176, 177, 182). Die Breë Moderatuur was eens oor die feit dat die skakeling met die owerheid “baie bereik word en vir baie tot groot seën en diens was” (NGK 1974:25). Die noue samewerking met die owerheid oor etiese sake het nie net daartoe gelei dat lidmate soms die sinodes as wêreldvreemd beleef het, maar het ook die hart van ‘n belydeniskerk in gedrang gebring. Die waarheid wat deur die kerk bely en verkondig word en wat op alle lewensterreine van lidmate neerslag moet vind, kan nie deur wetgewing in die harte van lidmate inforseer word nie.

Die hartlike broederverhouding tussen die NG Kerk en NP regering word ook duidelik gesien as die Breë Moderatuur in Januarie 1978 aan Ridderbos en ander GKN-afgevaardigdes “vertroulike inligting” gee, wat eers later aan die parlement bekend gemaak sou word. Die aard van die vertroulike inligting het onder andere gehandel oor die “gevare en magte wat onder die swartes werksaam is”. Ridderbos het ook die versekering gekry dat “ons kerk dikwels met die owerheid skakel, dat ons kerk ons altyd vergewis van die feite, maar dat dit in stilte geskied om baie goeie redes. Dit is nodig om op die wyse die pad na die owerheid oop te hou en beter resultate te bereik” (PV 1/1/2/1/6). Die vertroulike inligting was ‘n “bom van ‘n dokument” wat die Minister van Justisie, Jimmy Kruger, aan die NG Kerk gegee het om die “sluier te lig” vir die GKN afvaardiging oor die omvang van die aanslag teen die regering. Die dokument het onder andere geheime inligting bevat van aangehoudenes en verdere beplande aanhoudings (PV 1/2/20/7).

8.3.1 Die verhouding tussen die twee Vorsterbroers

Koot Vorster het geglo dat hy en sy broer John geroep is om Suid-Afrika van Kommunisme te bevry. Volgens Koot bou hy sy lewensoortuiging op twee fondamente alleen, naamlik “my liefde vir God” en “my liefde vir my volk”. Hierdie twee liefdes het “ek en my broer met mekaar in gemeen” (PV 1/2/1/152). Die ander ooreenkoms was beide se “diep haat vir die kommunisme”.

‘n Dag na Verwoerd se dood, op Woensdag 7 September 1966, het Jaap Marais, Gaffie Maree, Fanie Botha en Jan de Wet, John Vorster ontmoet in Koot se pastorie. Hulle wou ‘n plek hê waar hulle privaat met John Vorster kon gesels en die aangewese plek was in Koot se studeerkamer. Daar was Koot getuie hoe hulle by John Vorster aandring om hom

beskikbaar te stel vir die premierskap. Vir Koot was dit ‘n roerende oomblik, “want ek het geweet ek luister hoe geskiedenis gemaak word” (D’Oliveira 1977:170).

Koot Vorster het “bewondering” vir sy broer as leier gehad en hom beskryf as die “mees menslike persoon” wat hy ken. Die siening van sommige NP-ministers, soos Piet Koornhof, dat hy nie Koot Vorster in die openbaar wil aanvat nie, omdat dit vir die Eerste Minister ‘n verleentheid sal veroorsaak, het Koot Vorster as “snert” afgemaak en dit beskryf as die ou taktiek van die Engelse pers en sommige liberales om “’n wig tussen my en my broer in te dryf” (PV 1/2/1/152).

Tog was dit bekend dat Koot van sy broer se interpretasie van Verwoerd se sportbeleid verskil het. Koot het nader aan Albert Hertzog en Jaap Marais se politieke denkrigting beweeg en gemeen dat die “versagting van die sportbeleid” mettertyd apartheid in geheel sal ondergrawe (Schoeman 1974:191). Reeds in November 1968 het Koot Vorster aan ‘n vriend van hom in die VSA geskryf dat sommige Nasionaliste “subtiel liberalisme voorstaan”. Hulle het, volgens hom, ‘n leier gevind in die persoon van die redakteur van *Die Burger*, Piet Cillié. Hy het ook ‘n vermoede gehad dat die klein minderheid liberaliste binne die NP finansieel ondersteun word deur Afrikaanse kapitaliste (PV 1/2/19/6). Saam met Treurnicht het Koot Vorster op die rand gehuiwer of hy uit die NP sal bedank en na die HNP oorstap. Na ‘n “heart to heart” gesprek met John Vorster het Koot verklaar dat hy “vertroue het in die Eerste Minister en ander leiers van die NP en dat hulle nie die Afrikaner tot oorgawe sal lei nie” (PV 1/2/19/6). Die vrede was van korte duur want Koot Vorster het nie meer die NP ten volle vertrou nie. Dit word bevestig deur Koot Vorster se omstrede standpunte en reguit praat oor aktuele sake. Na ‘n toespraak op Geloftedag 1975, het ‘n vriend van die Vorsterfamilie opgemerk: “Poor John, every time he thinks he has swept Koot under the carpet, he crawls out on the other side.” John Vorster het soms geïrriteerd na Koot verwys as die “Pous van die Kaap” (PV 1/2/1/152).

Die Vorsterbroers het ook skerp van mekaar verskil oor die mag van die veiligheidspolisie en spesifiek die rol van generaal Lang Hendrik van den Bergh. Koot Vorster was bekommerd oor die ongesonde mag van die veiligheidspolisie en daarby het hy ook bedenkinge gehad oor die wenslikheid en regverdigheid van hulle optrede. Hannie onthou dat Koot ‘n gesprek met sy broer gehad het, waar hy hom spesifiek gewaarsku het oor die rol van die veiligheidspolisie en spesifiek Generaal van den Bergh. Koot Vorster het kort daarna ‘n dreigoproep ontvang. In die laaste jare voor John Vorster se aftrede het Koot ook gevoel dat daar magte in die regering aan die werk was om hom en sy broer van mekaar te isoleer. Koot het telkens aan sy broer geskryf, maar nooit ‘n antwoord ontvang of selfs erkenning van

sy briewe nie. Dit het hom so gepla dat hy een aand selfs versoek het dat die Eerste Minister se vliegtuig vertraag moet word, sodat hulle kan praat. In die gesprek het Koot vir sy broer gesê dat hy gaan skryf en dat hy moet terug antwoord. John Vorster het die versekering gegee hy sal dit doen, maar nooit geantwoord nie. Na albei se dood het die kinders by die Vorsters se suster, Mona gaan navraag doen oor John Vorster se motivering. Mona het tot hulle groot verbasing gesê dat John weer by haar gekla het dat Koot gesê het hy skryf, maar dat hy nooit ‘n brief van hom ontvang het nie.

Die Inligtingskandaal het die twee Vorsterbroers weer nader aan mekaar laat beweeg. Koot Vorster het geleentheid gehad om alleen met John te praat oor die inligtingskandaal. John Vorster, nou Staatspresident, het ‘n gevoel gehad dat die Eerste Minister, P.W. Botha, die Erasmuskommissie se bevindinge “hemelhoog gaan opblaas” om van hom ontslae te raak (PV 3/1/8). Botha het op 4 Junie 1979 in die Volksraad aangekondig dat die Staatspresident B.J. Vorster bedank het. Vir baie nasionaliste was John Vorster se vertrek uit die ampswoning, Groote Schuur soos ‘n begrafnis. As verbitterde en ontnugterde mens, veral teenoor Botha en die NP, het John Vorster op Oubos, naby Kareedouw gaan aftree. Op Oubos het John Vorster soms sy stem onsteld laat hoor oor Botha se “permissiewe” standpunte. Hy was veral ontsteld oor die “Naturelle-wetgewing” wat volgens Botha “geen heilige koei is nie.” “Hoeveel heilige koeie gaan Botha nog slag?”, het John aan die pers gevra (De Villiers 1984:137-138). Alhoewel hy op Treurnicht se aandrang met die stigting van die Konserwatiewe Party oorweeg het om terug te keer politiek toe, het hy nooit so ver gekom nie. Vroeg in 1983 is John Vorster op die ouderdom van 68 jaar oorlede.

8.3.2 Verdedigingsbonusobligasies

Alhoewel Koot Vorster spesifieke probleme met die veiligheidspolisie en Lang Hendrik van den Bergh gehad het, het hy met die polisie en weermag in die algemeen net die beste verhouding gehad. Die polisiebarrake in Kaapstad het ook binne die gemeentegrense van Tafelberggemeente geval. Die polisie het by monde van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, generaal G.J. Joubert, altyd “besonder welkom” in die NG Gemeente Tafelberg gevoel en graag daarheen gegaan (PV 1/2/1/15). Vorster was dankbaar vir die “flinke optrede van die regering en die polisie” om kommunisme te bekamp (PV 1/2/29/1/13). Die Regering het die kommunistiese partye (waaronder die SAKP, ANC, PAC en ander soortgelyke organisasies) verban, die Russiese ambassade in Pretoria gesluit, “rewolusie neste” uitgeroei en die beleid van apartheid op so ‘n wyse toegepas dat dit “geregtigheid en bestaansveiligheid” vir alle bevolkingsgroepe verseker het (PV 1/2/29/5/4).

Koot Vorster se goeie verhouding met die weermag word gesien in die besoek van Vorster en Kosie Gericke aan die grens op uitnodiging van die Minister van Verdediging, PW Botha. Vir Botha was die Suid-Afrikaanse Weermag ‘n “volksweermag” en daarom ook ‘n “volksaak” wat die kerk se ondersteuning en voorbidding nodig het. Botha getuig ook teenoor Koot Vorster van die “ywerige en geseënde” bediening van die weermagkapelane. Koot het net positiewe indrukke van sy besoek aan die grens oor gehou. Vir hom was die moraal uitstekend, die offisiere paraat met sterk en gesonde leiding en daarby het die manne diensplig gesien as ‘n “taak vir volk en vaderland”. Van al die besoeke wat Koot Vorster en Gericke namens die NG Kerk gebring het, het die besoek aan die grens vir beide uitgestaan as die “grootste en mooiste voorreg” (PV 1/2/1/15; PV 1/2/1/16).

Koot Vorster se diep waardering vir die weermag se werk word ook gesien in sy verdediging van die omstrede verdedigingsbonusobligasies. Dit was vir hom ‘n moeilike saak omdat die Afrikaner na sy mening sterk gekant is teen enige vorm van dobbelary. Grensgevalle kan die beginsel vernietig, maar daar was te veel vir die “volk op die spel” om bonusobligasies sondermeer te veroordeel. Die verskil vir hom was dat dobbelary gaan oor ‘n “diepe selfsug” waar ‘n persoon bereid is om alles te verloor vir die moontlikheid om iets om te kry. Om die rede het hy het dobbelary konsekwent verwerp as “teen die Wet van die Here”. Verdedigingsbonusobligasies was vir hom egter ‘n “belegging in volk en vaderland”. Al kry die persoon nie ekstra geld nie, maak die “belegging” dit moontlik vir almal om in “vrede, veiligheid en sekuriteit” te lewe (PV 1/2/1/105).

Die regering het met kerkleiers soos Vorster vooraf gepraat oor die nodigheid van die verdedigingsbonusobligasies. Dit word bevestig in ‘n brief van die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, generaal Magnus Malan. Hy bedank Vorster, namens die weermag vir sy sterk leiding in die omstrede saak wat veral gesien kan word in die afname van kritiek uit die publiek. Volgens Malan was die Afrikaanse kerke vir die Weermag ‘n belangrike “anker” waar dit gaan om die “voortbestaan van ons as blanke volk en dus ook die Christelike beskawing in Suider-Afrika” (PV 1/2/1/25). Die debat rondom bonusobligasies was hewig in kerklike kringe en het die hoogtepunt bereik toe die Algemene Sinode van 1978 dit as sonde verwerp het (NGK 1978:234). Vir Vorster was die besluit van die sinode jammer, maar hy staan by sy besluit om die bonusobligasies te verdedig (PV 1/2/1/25).

Vorster se verdediging van die bonusobligasies was vir hom ‘n beginsselsaak. Dit was egter nie Bybelse beginsels wat die deurslag gegee het in sy besluit om dit te regverdig nie, maar die beginsel dat as die voortbestaan van die volk bedreig word moet alles in die stryd gewerp

word. Dit het daartoe gelei dat die volk se belange bo Bybelse beginsels gestel word. Dit dui op deurwerking van die volksromantiek in Vorster se Boere-calvinistiese denkraamwerk.

8.3.3 Die Inligtingskandaal

Tussen Koot Vorster en die voormalige en omstrede Direkteur van Inligting, Eschel Rhoodie was daar ‘n uitstekende verhouding. As jong seun was Rhoodie se ouers lidmate van Tafelberggemeente (1944-1950) en tydens Koot se besoek aan die VSA in 1963 het hy Rhoodie se kind in New York gedoop (PV 1/2/1/3).

Eschel Rhoodie was van mening dat die grootste bedreiging vir Suid-Afrika die Westerse media was. As teenvoeter vir die negatiewe mediadekking het hy gepoog om ‘n positiewe beeld van Suid-Afrika te vestig deur geheime inligtingsprojekte. Die NG Kerk was vir Rhoodie en die regering ‘n vername bondgenoot in die stryd teen die anti-apartheid organisasies (Giliomee 2003:582-583).

Rhoodie het vir Koot Vorster besoeke gereël in die VSA en gereeld van geheime staatsinligting voorsien. Ook het hy direk aan hom inligting gestuur wat gebruik kon word om ‘n beoogde besoek van Bobby Kennedy na Suid-Afrika te kelder. Op grond van die inligting is ‘n visum aan Bobby Kennedy geweier om Suid-Afrika te besoek (PV 1/8/2). Rhoodie het gehoop dat President Johnson Suid-Afrika se weiering sou “toejuig” en sien dat die Suid-Afrikaners, anders as Bobby Kennedy, sy Viëtnamese-beleid heelhartig steun (PV 1/8/2/1). Koot Vorster het van sy kant af vir Rhoodie name van buitelanders, (Rhoodie noem dit die “lys van kontakte”), wie hy ontmoet het deurgegee wat as “vriende van Suid-Afrika gewerf” kon word. Hy het ook Rhoodie versoek om gesprekke met spesifieke “simpatieke” predikante van die GKN en Nederlands Hervormde Kerk op te volg (PV 1/2/19/6). Die Departement Inligting het sy kantore aan hom beskikbaar gestel vir (geheime) gesprekke met buitelanders en ook kontakpersone aan hom voorsien om te help met die reëlings daarvan (PV 1/2/29/1/6). Koot Vorster was teleurgesteld en ontnugter in Rhoodie se hantering van die Inligtingskandaal: “toe die bom bars, het hy wat ons die geld aangebied het, ons verraai om sy eie bas te red” (PV 1/1/2/1/17).

Met Rhoodie se bemiddeling het die NG Kerk ook van die geheime fondse van die Departement Inligting ontvang om spesifiek die WRK se rol in die anti-apartheidstryd teë te werk. Deur die aanvaarding van die fondse het die NG Kerk deel geword van die regering se geheime propagandastrategie om apartheid positief aan die wêreld voor te stel (Rhoodie 1983:347). Tog het Vorster volstaan met sy standpunt dat hierdie fondse “absoluut onvoorwaardelik” deur die regering aan die NG Kerk geskenk is, met geen opdragte of

spesiale versoeke nie (PV 1/2/1/152). Sommige lede van die Breë Moderatuur wat daarvan geweet het (waarskynlik net die Dagbestuur) het dit goedgedink om hierdie fondse aan te wend om die blaadjie *DRC- News* te finansier. Die doel van die blad was om die NG Kerk in die buiteland bekend te stel en teen die aanvalle te verdedig Die kantoor van die NG Kerk se Direkteur van Inligting wat hoofsaaklik verantwoordelik is om ekumeniese betrekkinge in stand te hou, is ook hieruit befonds. Die redakteur van die blad was die NG Kerk se Direkteur van Inligting F.E. O'Brien Geldenhuys (PV 1/1/2/1/16).

Sedert 1976 was Geldenhuys en Koot Vorster voordurend in konflik met mekaar. Koot het gevoel dat Geldenhuys nie genoeg doen om die beeld van die NG Kerk, polisie en weermag positief in die buiteland te stel nie. By Geldenhuys merk Vorster meer 'n "poging" om die NG Kerk te "imponeer met die beskouinge van ander" as om die ander met 'konsekwente propaganda" van die NG Kerk se standpunt te oortuig (PV 1/2/1/16).

Met die bars van die sogenaamde "Inligtingsbom" in Augustus 1979 het Geldenhuys in 'n erkenning en verskoning in die pers hom gedistansieer van die NG Kerk se "oordeelsfout" om geheime staatsgeld te gebruik.[79] In 'n brief aan Vorster verduidelik hy dat hy "diep bekommerd was oor die "koalisie met die regering" en die NG Kerk se "afhanklikheid" van staatsgeld, omdat die donasies van lidmate tot die minimum beperk was. Geldenhuys het ook beswaar gehad oor die aard van die geheimhouding, sodat nie almal op die Breë Moderatuur eers bewus was van die bron van die geld nie (PV 1/1/2/1/17). Die verklaring van Geldenhuys het groot skade aan die NG Kerk gedoen. Vir baie was dit die bevestiging dat daar geen kerklike onafhanklikheid teenoor die staat was nie en dat die NG Kerk inderwaarheid die NP in gebed is. Die Breë Moderatuur het die nadelige gerugte die nek probeer inslaan met 'n verklaring dat daar by die ontvangs van die geld geen regeringsvoorskrifte was nie (Du Toit 2002:204). Alhoewel Geldenhuys by die Breë Moderatuur aangedring het om die geld terug te betaal, was daar besluit om te volstaan met die regering se besluit dat dit nie nodig is dat die NG Kerk die geld moet terugbetaal nie (Du Toit 2002:204).

Het Vorster beginselbesware gehad dat die NG kerk geld van die regering ontvang? Reeds in 1964 het hy in *Die Kerkbode* (4/11/1964) op grond van artikel 36 van die NGB die standpunt ingeneem dat dit nie in beginsel verkeerd is om geldelike hulp van die staat te ontvang nie, want dit is ook die roeping van die owerheid om die kerk in sy taak en roeping te

[79] Die NG Kerk het die bedrag van R178 407 tussen 1974-1979 van die regering ontvang (Du Toit 2002:204).

steun. Die kerk mag hom nie egter nie deur sy finansiële steun aan die staat subordineer nie. Ook mag dit nie die kerk tot sonde lei om alles alleen van die staat te verwag nie. Die volksromantiese sy van Vorster se denke kom egter in 1979 na vore as hy in sy persoonlike hoedanigheid die NG Kerk se gebruik van die staatsgeld regverdig deur te verduidelik dat dit gebruik is "in belang van die volk teen die vyande van die volk". Volgens Vorster het die regering kom hulp vra van die NG Kerk in die afweer van die "totale aanslag van onware en onheilige propaganda". Met die geld het die NG Kerk "leuen propaganda" op ekumeniese vlak teëgestaan en goeie verhoudings probeer bewerkstellig. Hy was saam met die Breë Moderatuur daarvan oortuig dat die NG Kerk die geld eerbaar en Christelik verantwoord gebruik het. Dit het Koot Vorster gegrief dat Geldenhuys as die een persoon wat vir die ontvangs en besteding verantwoordelik was, nou 'n "misplaaste skuldgevoel" openbaar en dat persone soos David Bosch 'n "skuldbelydenis" eis terwyl hy en ander self na die buiteland gegaan het om "honderde duisende Rande bedel" vir SACLA (PV 1/2/1/152).

8.4 Koot Vorster se toenemende ontnugtering 1975-1981

8.4.1 'n Veranderende Suid-Afrika teen 1976

As Eerste Minister wou John Vorster die toenemende isolasie van Suid-Afrika deurbreek met 'n positiewe uitwaartse beweging in Afrika. John Vorster het gepoog om samewerkingsverdrae te sluit met goedgesinde regerings in Afrika. Die oogmerk van die regering was om verhoudinge te normaliseer met politieke onafhanklike lande wat nou saamwerk op ekonomiese gebied. Hierdie uitwaartse beweging staan ook in die teken van die toenemende besef onder Afrikaners dat hulle deel was van die Afrikakontinent en met Afrikastate moes saamwerk om in Afrika ekonomies te oorleef, veral met toenemende Westerse sanksies (Van Jaarsveld 1975:436). Alhoewel John Vorster nie iets soos 'n Afrika statebond voorsien het nie, was hy bereid om met enige regering saam te werk, solank hulle nie in Suid-Afrika se binnelandse politiek wou inmeng nie. Dit was vir hom belangrik dat Afrika die Afrikaners moet aanvaar, nie as kolonialiste nie, maar as "mense van Afrika met alle reg om in Afrika te wees". Vir hom het die Afrikaner ook 'n roeping in Afrika en 'n plig teenoor Afrika: "omdat Afrika goed was vir ons, omdat Afrika ons moeder is en omdat Afrika iets goeds in ruil verdien" (D'Oliveira 1977:238-239).

Aanvanklik was Koot Vorster positief oor die uitwaartse beleid, maar tog waarsku hy dat die uitwaartse beweging en Détente van die regering broodnodig is, maar sonder sterk nasionale binding, trots en trou lei alles tot "selfmoord van 'n volk". "Moderne liberalisme" was vir hom die grootste vyand van die Afrikaner. Die lewensbeskouing wil volkspatriotisme "voor die regbank sleep" as die rede hoekom Détente bemoeilik word en vrede versteur word (PV 1/2/1/152).

Teen 1976 met die uitbreek van die Soweto-onluste het dit vir baie Afrikaners duidelik geword dat Verwoerd se droom van apartheid en John Vorster se droom van Détente nie verwesenlik gaan word nie. Die wêreldwye veroordeling, internasionale sanksies, binnelandse onrus en toenemende geweld het baie laat twyfel oor die morele basis van apartheid en die praktiese werkbaarheid daarvan. Beide die NP en NG Kerk het hulle algaande in ‘n “morele en fisiese beleg” bevind (Du Toit 2002:205). Die “positiewe toekomsdenke” wat F.A. van Jaarsveld (1971:147) bepleit, was spoedig vervang deur ‘n gevoel van ‘n “omsingelde Afrikanerdom” en voortdurende krisisbestuur. Politieke konsepte uit die vyftiger- en sestigerjare, soos “blank Suid-Afrika” is toenemend bevraagteken deur Afrikaners. Daarby het die gevoel ontstaan dat die Weste (spesifiek die VSA, Brittanje en Nederland) weens ‘n eie skuldgevoel, die blankes in Suid-Afrika “verloën” en “in die steek gelaat” het. Vrese is uitgespreek dat ‘n swart meederheidsregering Suid-Afrika se naam wil verander na “Azanië of Mezanië”. In sommige kringe is daar selfs gepraat van die moontlikheid van ‘n Derde Vryheidsoorlog vroeg in die tagtigerjare (Van Jaarsveld 1978:201).

Baie Afrikaners het besef dat daar indringende aanpassings gedoen moet word om te oorleef en dat ‘n vreedsame oplossing tussen die verskillende rasse gevind moet word. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die NP sedert 1977 opnuut gedink het oor onder andere die verhouding van die Afrikaner tot die gekleurdes, verwydering van diskriminasie, stemreg vir almal, die moonlikheid van ‘n nuwe grondwet, medeseggenskap, die oorlewing van die Afrikaner as ‘n minderheidsgroep in ‘n nuwe nasionale en internasionale situasie. P.W. Botha het in een van sy eerste toesprake as Eerste Minister op 28 Julie 1979 gewaarsku: “Pas aan of sterf!” (De Villiers 1984:149).

Vir baie Afrikaners soos Koot Vorster het die NP en NG Kerk se aanpassings op die veranderende wêreld ontnugter. Vir hom het dit gevoel die NP en die “NG Kerk laat die Afrikaner in die steek” (PV 1/2/1/152). Teen 1980 was Koot Vorster van mening dat die Afrikaner “pap en ruggraatloos” geword het. Dit word gesien in die “traak-my-nie-agtigheid” wat gesien word in Afrikaners sonder “idealisme en vonk, koersloos oppad na nêrens” (PV 1/2/30/1). Afrikaners “wat tot nou toe lekker gehad het, het volgens hom uit “selfsugtige oorwegings en selfliefde” in plaas van “volksliefde” gesê daar is geen ander alternatief nie”. Koot Vorster tipeer dit as ‘n “hensopper-idioom”. ‘n Ander sogenaamde “hensopper-idioom” was dat “ons moet onderhandel uit ‘n posisie van krag”. Vorster het gewaarsku: “die dag sal kom dat ons soos ‘n vrou sal ween oor wat ons nie soos ‘n man kon verdedig nie” (PV 1/2/1/152).

8.4.2 Verlig of verkramp?

Die Afrikaners in die sewentigerjare is graag deur die wêreldpers voorgestel as “oorblyfsels uit die ou wêreld” wat nie meer inpas in die moderne sekulêre wêreld nie. Die Afrikaner se “uitgediende calvinistiese idees en onvermoë om aan te pas” was voorgehou as ‘n sogenaamde “laer mentaliteit”. In die “stryd om die siel van die volk” het die pers ook onderskeid gemaak tussen die verligtes en verkramptes. Verkramptes is as “extremists, fanatics, bekrompenes en reaksionêres” getipeer. Teenoor die verkramptes met hulle “laer mentaliteit” het die verligtes gestaan as “moderates” en ”broad minded” (Van Jaarsveld 1971:139-140).

Teenoor die onderskeiding in Afrikanergeledere tussen verligtes en verkramptes het Koot Vorster duidelik verklaar dat as verkramptheid “tradisievas, beginselvas en gebonde aan die Bybel as norm vir die lewe” is, is hy “verkramp”. Vir hom was die sogenaamde “verligtes” meer “verkramp as die verkramptes” omdat hulle net oop is vir hulle eie standpunt. Verkramptheid se teenpool was vir hom die “verdwaling in die skemerduister van die liberalisme” (PV 1/2/1/106).

8.4.3 ‘n “Afbuiging van beleid”

Koot Vorster was teen 1978 heeltemal oortuig dat die NP nie meer die vertikale apartheid van Verwoerd konsekwent voorstaan nie. Hy skryf aan die destydse Minister van Spoorweë, Chris Heunis, dat daar by hom en by baie van “ons mense” ‘n “diep verontrusting en verslaenheid oor die NP is. Sy gevoel was dat die NP besig was om Afrikaners se “moed en vertroue af te takel” (PV 3/1/18).

Die ontnugtering oor die NP se sportbeleid het ook weerklank gevind in ‘n omstrede Geloftedag toespraak van hom op 16 Desember 1975. Hierin het hy die regering se sportbeleid skerp aangeval en veral persone soos Piet Koornhof en Danie Craven. Koot Vorster het in skerp taal die sport-en-rubriekskrywers aangevat wat met “sieklike sentimentele skuldgevoelens” die sportbeleid van die regering “rysmier” deur die beginsel van “veelvolkige sport” ‘n karikatuur maak. Die stelling van Craven dat Vorster se standpunte “geen waardige kommentaar” verdien nie, het Koot Vorster laat terugkap dat Craven die identiteit van die Afrikaner op die “sportaltaar” plaas. Volgens Vorster het hy baie telegramme ontvang van waardering vir sy standpunte en reguit praat met die regering (PV 1/2/1/152).

Koot Vorster se frustrasie met Hendrik Schoeman en Piet Koornhof was duidelik, as hy verwys na ‘n gesprek waar iemand vir Schoeman gevra het wat die regering se sportbeleid is

en die minister hom antwoord: “Ek weet nie, want ek het Piet Koornhof gister laas gesien” (PV 1/2/1/107). F.W. de Klerk se interpretasie van die NP-beleid het vir Koot Vorster meer ontstel as wat hy in woorde kon sê. In ‘n skrywe aan De Klerk meld hy, “as ek stilbly tot môre sal ek skuldig staan”. Koot Vorster het De Klerk gekonfronteer met vrae soos: “Waarom het ons leiers nie eerlik gesê ons gaan Sir Div polities bankrot maak deur sy beleid te steel nie? Het ons leiers nie genade en ontferming met ons arme volk nie?” De Klerk het in ‘n vriendelike briefie Vorster genooi om oor ‘n “koppie tee” broederlik te kom gesels oor sy probleme (PV 3/1/18).

8.4.4 Die Konserwatiewe Party

Die ontnugtering van Koot Vorster in die NP teen 1978 word sigbaar as hy die redes vir die “skuldgevoel, lamheid en traak-my-nie-agtigheid” onder Afrikaners gee. Sy redes vir die “doodsklem” was:

i. Patriotisme word afgemaak as ‘n “doodsonde”, omdat dit die verhoudings tussen verskillende rassegroepe versteur (hierdie beklemtoning van rasseverhoudinge ten koste van Afrikanerskap noem Koot Vorster ‘n “afgodsdiens”).
ii. Afrikanerskap en volksliefde word vervang deur net ‘n Suid-Afrikaner te wees.
iii. Die ontwakende swartnasionalisme word deur die “liberale akademici opgehemel”.
iv. Die eie Afrikaneridentiteit word doelbewus deur Afrikanerleiers “afgebreek” deur dit as outyds voor te hou.
v. ‘n Leierskapkrisis onder Afrikaners, want dit gaan nie meer oor “diens” nie, maar oor “mag”.
vi. Afrikaners het vertroue in die leiers verloor, want “baie van ons leiers het ons soos kinders behandel deur nie eerlik met ons te wees nie”.
vii. Die etiketering van Afrikaners as “verkramp en onvolwasse” as hulle teen “permisiwiteit in die letterkunde en kuns” beswaar maak.
viii. Die regering het van die Afrikaners ‘n “klomp ja-broers” gemaak.
ix. Die “kapitulering” van die regering in Angola en voor die VSA (PV 1/2/1/107).

Tydens Koot Vorster se laaste groot openbare toespraak as kultuurleier, by Amajuba op 27 Februarie 1981, het hy hom finaal gedistansieer van die NP en sy beleid onder P.W. Botha as Eerste Minister. Dit was vir hom ‘n beleid van “kwansel en toegewings” wat uitloop op ‘n “saamforseer van dit wat nie bymekaar hoort nie”. Die vryheid van ‘n volk kon nie vir hom gekoop word “deur geld, toegewings en prysgawe” nie. Koot Vorster was sterk gekant teen enige vorm van magsdeling. Sy standpunt was “enige mens wil lewe, en enige volk wil oorlewe, maar ek wil as Afrikaner lewe en as Afrikanervolk oorlewe” (PV 1/3/1/13).

Skeuring was een van die mees gevreesde begrippe in die Afrikanerpolitiek van die twintigste eeu. Vir baie Afrikaners was dit ‘n “doodsonde”, omdat verdeeldheid en broedertwis, vernedering en verguising daarmee gepaard gaan (Ries 1982:1). Daar het tog teen Junie 1981 sterk stemme uit Afrikanergeledere begin opgaan vir ‘n nuwe politieke party. Teen die middel van 1981 was dit vir die meeste duidelik dat dit net ‘n kwessie van tyd was voor daar ‘n skeuring in die NP gaan kom. Sommige predikante soos Andrew Gerber[80] het aan Koot Vorster geskryf of hy nie wil oorweeg om as leier van ‘n nuwe poltieke party op te te tree nie (PV 3/1/20). Ook Eugene Terr’Blanche en ander Afrikaners het hom op Steynsburg besoek met soortgelyke versoeke. Hannie onthou hoe haar pa hom in dié tyd, na aanleiding van die versoeke, vir twee weke lank onttrek het en baie tyd deurgebring het in gebed. Na die twee weke, het dit gelyk asof ‘n berg van sy skouers afgerol het. Vir hom was die antwoord van die Here duidelik, as die Here nog werk op aarde vir hom oor het, was dit in die kerk. Koot Vorster het saamgestem dat die HNP nie deel moet wees van ‘n nuwe party nie. Hy het daarom stilweg gehelp met die beplanning van ‘n nuwe politieke party. Wanneer die skeuring van die NP sou plaasvind, vir hom was dit teen 1981 net ‘n “kwessie van die regte tyd”, moes ‘n struktuur en koerant reeds in plek wees (PV 3/1/20).

Vir Koot Vorster was sy ou vriend, Andries Treurnicht die man wat die leiding moes neem in ‘n nuwe party, al was Treurnicht ‘n minister in die Botha-kabinet en die NP se leier in Transvaal. Koot skryf in 1981, na ‘n besoek aan Transvaal, aan Treurnicht dat dit vir hom duidelik geword het dat “PW se beleid fataal is vir ons volk”. Die totale aanslag teen die Afrikaner het vir Vorster plek gemaak vir “totale misleiding en massa propaganda” van die Eerste Minister en sy “gewillige span” wat elke “streek, greep en set” probeer om die volk te “knou”. Treurnicht moes die konserwatiewe leiers eers vertroulik bymekaarbring en die verdeelde Afrikaners op die “pad van Suid-Afrika” verenig, voordat daar te veel grond onder “ons voete weggekalwe word”. Hy waarsku Treurnicht dat dit ‘n “bitsige stryd” gaan wees, maar dat hy die “persoonlike beledigings, frustrasies en griewe in belang van die volk op die agtergrond moet skuif” (PV 3/1/20). Kort voor sy dood skryf Koot aan ‘n vriend dat die koers van die politiek hom baie ontstel, want “niemand wat nog met gesag kan praat verhef sy stem nie, hulle wat ons volk op die regte pad gelei het, is nou stil”. Dit het vir hom gevoel asof die pad wat die Afrikaner met opofferings tot “hier” geloop het, verniet was (PV 1/2/1/28).

Skaars ‘n maand na Koot Vorster se dood (Januarie 1982) het Treurnicht en sy ondersteuners op Woensdag 24 Februarie 1982 uit die NP koukus gestap en kort daarna die

[80] In 1981 nog predikant van NG gemeente Doornkloof (Centurion), en later KP-LV van Brits

KP gestig (Ries 1982:118). Daarmee het die magtige NP geskeur en een van die bitterste dekades van Afrikaner twis in die twintigste-eeu ingelei.

8.4.5 Die NG Kerk teenoor die Afrikaner

Vir Koot Vorster was een van die hoofdoelwitte van die liberalisme en kommunisme om die kerk se mag onder die volk te breek. “Breek jy die kerk, breek jy die Afrikanervolk” was sy oortuiging (PV 1/2/1/106). Koot Vorster was van mening dat die liberalisme besig was om in NG Kerk “’n nuwe teologie te skep deur die skrif verdag te maak, sodat die fokus van die kerk subtiel van God af moet skuif na die sosiale nood van die mens”. Onder “geweldige propaganda” word daar gesê dat die “kerk relevant moet word deur nie hemelgerig te wees nie, maar die mens vir die aardse lewe en die aarde vir die mens voor te berei”. Vorster was bekommerd dat bekende gereformeerde terme met nuwe inhoude gevul word of deur ander vervang word, soos: “wedergeboorte is gelyk aan struktuurverandering” en “bekering is nou sosiale opheffing en politieke vrymaking”, “versoening word verskraal tot kerkeenheid” en “geregtigheid word oornag die enigste relevante kerklike dogma”. Waar die NG Kerk vroeër saam met die Afrikaner in sy krisisse gestaan het, het Koot gevoel dat die NG Kerk toenemend krities teenoor die Afrikaner kom staan. Binne die konteks het hy die SACLA-konferensie verwerp as ‘n poging om die Afrikaner van sy identiteit te beroof en die bekende gereformeerde teologie te vervang deur ‘n “sosialistic gospel” (PV 1/2/1/107).

Die verhouding binne die NG Kerk, maar ook die verhouding tussen kerk en regering het in 1979 onder druk gekom toe dit bekend word dat Johan Heyns, namens die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, met sy wortels in Potchefstroom, onderneem het om binne kerklike kringe die “oë van die publiek oop te maak vir die ongeregtigheid van die NP se rassepolitiek”. ‘n Afvaardiging van dié groep het ‘n dooiepunt met die Eerste Minister, John Vorster, bereik oor die beginsels en toepassing van apartheid. John Vorster het vir Heyns gesê om maar die politiek vir die politici te los. Vir Heyns was dit onaanvaarbaar dat die NG Kerk op die kantlyn van die politieke arena moes staan (PV 1/2/1/152).

Treurnicht het “die paar calviniste van Potchefstroom” aangeval en is sterk deur Koot Vorster ondersteun. Vorster het Heyns en sy aanhangers beskryf as “pseudo-calviniste wat na die golwe kyk, maar ons moet eerder boontoe kyk” (PV 1/2/1/106). Koot Vorster het ook Treurnicht se standpunte verdedig dat openbare geriewe, soos teaters, nie vir gekleurdes oopgestel word nie. In die lig hiervan het Koot Vorster op Wonderboom aan 15 000 Afrikaners gevra om “in die uur vas te staan en te sorg dat ons erfenis ongeskonde oorgedra word aan die nageslag”. (PV 1/2/1/152). ‘n Insident wat Koot Vorster se toenemende ontnugtering onderstreep was toe professor Tjaart van der Walt namens die Afrikaanse

Calvinistiese Beweging Koot Vorster genooi het om ‘n byeenkoms by te woon wat sou handel oor die taak van die kerk ten opsigte van geregtigheid in Suid-Afrika. Koot Vorster het beslis geweier om dit by te woon. Hy het Van der Walt laat weet hy bêre die uitnodiging as ‘n “mooi voorbeeld van kniebuiging”. Toe hy die uitnodiging ontvang het, was sy reaksie: “ek het net gesug en gesê ‘n mens kan sien daar is nie meer ‘n Totius of ‘n Van Rooy in Potchefstroom nie” (PV 3/1/15).

Koot Vorster en Johan Heyns, beide leidende figure in die NG Kerk, het oor verskeie sake nie om dieselfde vuur gesit nie. Teenoor Vorster se stryd teen die kommunisme, het Heyns gewaarsku dat “alles moenie vir ons rooi lyk nie” (PV 1/2/29/6/3). Koot Vorster se ongelukkigheid en agterdog teenoor Heyns as persoon en sy teologiese opvattings het ook duidelik geword toe Vorster vir Heyns gesê het dat hy graag sou wou hoor hoe Heyns preek oor Christus se woorde: “Vandag sal jy saam met my in die paradys wees”. Binne die konteks het Vorster ook teenoor sommige dosente van Stellenbosch ‘n opmerking gemaak van die leertug saak waarmee hy die bediening begin het en as hy die “tekens reg lees, dreig daar weer ‘n leertugsaak”. Vorster het aan Heyns geskryf dat daar in Pretoria “manne is vir wie die hel net funksioneel is om mense bang te maak, wie glo dat die antichris nie ‘n persoon is nie en wat die Dordtse leerreëls nie meer wil aanvaar nie”. Hy het ook verklaar dat hy “doodbang” is dat Heyns se studente nie net verder as hy sal wegbeweeg van die “gereformeerde en daarby Bybelse opvatting”. Hy het Heyns versoek om “dubbel versigtig” te wees, omdat hy met sy standpunte studente en gemeentes in verwarring bring. Heyns het op sy beurt die vrymoedigheid geneem om beswaar te maak teen Vorster se veldtog om hom onder ‘n “wolk van verdenking” te bring as hy onder andere skryf: “Oom Koot, u hoef nie bang te wees om my oor Christus se woorde te laat preek nie.” Heyns het verklaar dat hy net een passie het en dit is “om in alle opsigte gereformeerd te wees deur getrou aan die Skrif te bly” (PV 1/2/2/1).

Vorster se stryd teen Heyns se standpunte was meer as ‘n “strydlustigheid” of “tydkorting”. Hy was “diep bekommerd” oor Heyns se uitlatings oor sinodale besluite wat vir hom gegrens het aan “dislojaliteit en ongehoorsaamheid”. Koot Vorster het ook met die Moderator van die Algemene Sinode van 1978, E.P.J. Kleynhans sy kommer oor Heyns se standpunte gedeel. Heyns se standpunt dat “politieke besluite ‘n verandering in kerklike besluite noodsaak” was vir Koot Vorster onaanvaarbaar. Vir Vorster was “kerklike besluite beginselbesluite op grond van die Skrif” en nie afhanklik van “politieke manteldraai” nie. Hy was bevrees dat Heyns met politieke standpunte na die Skrif gaan en op grond daarvan kerklike besluite aanpas. Heyns se siening dat die NG Kerk eers in 1979 gegroei het tot “volwassenheid” as gevolg van die

“politieke swenking” binne die NP, was vir Vorster ‘n “onverdiende belediging” teenoor die NG Kerk en “onhoudbare grond” vir verandering (PV 1/2/1/28).

8.4.6 SACLA

Die moontlike deelname aan SACLA was van die begin af gekenmerk deur ‘n kritiese terughoudenheid by die Breë Moderatuur. Vir Vorster was dit duidelik dat die vyande van die volk ook die vyande van die kerk is (PV 1/2/1/152). SACLA was vir hom ‘n WRK-geïnspireerde byeenkoms, waar die “vyande van ons volk” saamtrek teen kerk en volk. Veral Desmond Tutu se standpunt dat SACLA “die laaste godgewe kans” was vir die kerke om saam te werk om toestande in Suid-Afrika te verander, het Vorster gegrief. Vir hom het SACLA gestaan in die teken van nasionale- en politieke aspirasies van sekere Afrikaleiers met die klem op “die Afrikanisering van die kerk deur ‘n sosialistic gospel” (PV 1/2/4/1).

Vorster was reeds sedert Maart 1978 bewus dat sommige van die “broeders” SACLA wil bywoon. Daar was egter in kerklike kringe ‘n vrees vir ‘n tweede Cottesloe. Die “Cottesloe-spook” het weer in die NG Kerk begin loop toe dit duidelik word dat verskeie Afrikaanse kerkleiers SACLA gaan bywoon[81]. Om ‘n tweede Cottesloe te verhoed het die Breë Moderatuur Vorster se voorstel aanvaar dat die NG Kerk nie amptelik aan SACLA sal deelneem nie en dat geen persoon namens die NG Kerk daar mag optree nie. Indien iemand egter genooi sou word, was die persoon vry om in persoonlike hoedanigheid dit by te woon (PV 1/2/38/2).

SACLA staan in die teken van die groterwordende kloof tussen die vernuwers en tradisionaliste rondom apartheid en ekumene binne die NG Kerk. Die direkte gevolg van die verskillende benaderings het gelei tot die vervroegde bedanking van O’Brien Geldenhuys aan die einde van 1980 weens onoorkomlike verskille tussen hom en die Breë Moderatuur (Du Toit 2002:205).

8.4.7 Vorster steun ‘n nuwe teologiese fakulteit

As Moderatuurslid het Koot Vorster gedien op die Kuratorium van die teologiese fakulteit in Stellenbosch. Hy was ook jare lank voorsitter van die Kuratorium. As Aktuarius dien hy ampshalwe as skriba van die eksamenkommissie. “Langs die weg maak hy op talle jongmanne ‘n blywende indruk terwyl die invloed wat van sy kragtige persoonlikheid uitgaan

---

[81] Persone wat aangedui hert dat hulle SACLA ggan bywoon was: Bennie van der Walt en Elaine Botha (van Potchefstroom), Willie Jonker en Nico Smith (van Stellenbosch) Murray Janson en F.E. O’Brien Geldenhuys (van Pretoria) (PV 1/2/38/2).

vir hulle en hulle bediening rigtingewend was. Uit sy ondervraging van teologiese kandidate in die kerkreg het dit geblyk Vorster nie alleen ‘n besondere intellek gehad het en ‘n fyn akademikus was nie, maar ook ‘n man van praktyk” (NGK 1983:269).

Die behoud van die NG kerk lê vir Vorster in die kweekskool waar predikante, binne die konteks van die belydenisskrifte opgelei, word as konings, priesters en profete wat met oortuiging kan sê “so sê die Here, Here”. Vir hom moes teologiese opleiding meer wees as “teologiese gimnastiek” of ‘n “geestelike intellektuele spel”. Aan die einde van sy bediening was hy daarvan oortuig dat die “verval” van die kerk nie “van onder” kom nie, maar die “afval begin altyd by predikante en kweekskole”. Hy was ook “meer as ooit oortuig” dat “die Woord die ewige en onfeilbare Woord van waarheid is”. Hy was bekommerd dat die Bybel se gesag afgetakel word deur ‘n “fyn hermeneutiese spel” waaragter ‘n “subtiele”, maar “naakte ongeloof” is (PV 1/1/6/2/3).

Vorster het sy ontnugtering in Stellenbosch Universiteit en gevolglik ook die teologiese fakulteit duidelik te kenne gegee toe hy as oud-student genader is vir ‘n bydrae vir die Universiteit se ontwikkelingsfonds. Stellenbosch soos hy dit geken het, het vir Vorster nie meer bestaan nie. Hy skryf met ‘n “seer hart” en ‘n “bitter gevoel van teleurstelling” oor dosente en departemente wat die regering beveg, die uitgesproke beleid van die NG Kerk aanval en die morele norme van die Skrif bevraagteken. Vir hom het wat “eens die bakermat van die Afrikaner was” in praktyk weer die “Victoria College” van ouds geword (PV 3/1/17).

Vorster se ontnugtering in die teologiese fakulteit van Stellenbosch het veral duidelik geword met die beroep van David Bosch na Stellenbosch as dosent in Sendingwetenskap. Volgens Jonker (1998:135-137) was beide Vorster en Gericke sigbaar teleurgesteld met die besluit. Gericke het daarop aangedring dat Bosch, wat reeds ‘n professor verbonde aan UNISA was, slegs as senior lektor aangestel sou word. Die idee was om aan Bosch indirek die boodskap oor te dra dat die Kuratorium geen moeite sal doen om hom na Stellenbosch te laat kom nie. Vir Vorster en Gericke was die beroep van Bosch duidelik dat die “kweekskool liberaal” geword het. Dit het hulle finaal laat besluit om die Vrystaat se versoek om ‘n derde teologiese fakulteit in Bloemfontein, te steun. Vorster en Gericke het nog altyd dié versoek teëgestaan omdat dit een van Stellenbosch se lewensare sou afsny. Nou het dit, volgens Jonker (ibid.), vir hulle duidelik geword dat nog ‘n teologiese fakulteit nodig was om “behoudende predikante” op te lei.

As voorsitter van die Kuratorium het Koot Vorster in 1979 ernstig die teologiese studente aangespreek oor verskeie sake wat die Kuratorium onrustig gestem het. Dit was onder

andere die slordige kleredrag en lang hare, omgang met dames, danspartye, swak prediking en ‘n dislojaliteit teenoor sinodale besluite, veral ten opsigte van rassesake. ‘n Ouderling het klaarblyklik aan hom dit genoem dat die teologiese studente van Stellenbosch nie “bekeerd is nie, geen boodskap het nie en sensasie soek deur oor kontensieuse sake te praat”. Koot Vorster was van mening dat “sommige hulle roeping nie sien om die evangelie te verkondig nie, maar om die kerk in ‘n ander koers te stuur” (PV 1/1/6/2/3). Vorster se “diep kommer” oor die NG Kerk word ook weerspieël in sy afskeidsboodskap aan die Kaapse Sinode in 1979. By dié geleentheid moedig hy die sinode aan om tot die “uiterste, indringend, maksimum op jouself en die leer te let” en ook gepraat van die “ou dae toe dit nog goed gegaan het op kweekskool” (PV 1/2/1/33).

Wou Koot Vorster die NG Kerk verlaat of dit selfs laat skeur? Sy ontnugtering met die NG Kerk het nie vir hom, soos met die NP, beteken dat hy die NG Kerk wou afskryf of teen die tyd van sy dood dit selfs wou verlaat nie. Sy standpunt was deurentyd: “ek wil red, nie verneder nie, ek wil behou nie afskryf nie.” Hy het soms hard met die kerk, regering en volk gepraat, maar altyd binne ‘n “liefdesraamwerk”. Hy skryf: “Ag as hulle tog van my bona fides oortuig is. As hulle weet en sien dat jy eg is, nie teen hulle nie, maar vir hulle praat, kan jy selfs hard met hulle praat” (PV 1/2/1/33).

8.5 Samevatting

Aan die einde van sy bediening van byna vier dekades was Vorster ontnugter deur die NG Kerk en die NP, alhoewel hy nooit oorweeg het om die NG Kerk te verlaat nie. Hierdie ontnugtering staan ook in die teken van die geleidelike wegbeweeg van die Boere-calvinisme as ‘n allesomvattende denkraamwerk vir die Afrikaner.

HOOFSTUK 9

EEN LEWE TE MIN

Die sterk wil van die Afrikaner om as ‘n etniese groep binne Suid-Afrika te oorleef, was die vernaamste dryfveer agter apartheid (Giliomee 2003:xviii). Die oorlewingsdrang het daartoe gelei dat die Afrikanervolk, as ‘n Corpus Christianum binne ‘n veelvolkige Suid-Afrika, die omvattende en bepalende kring geword het (Strauss 1998:62). Boere-calvinisme as die kombinasie van calvinisme, neo-calvinisme en Afrikanernasionalisme, het ‘n teologiese en filosofiese raamwerk gebied waarbinne apartheid, ter wille van oorlewing van die Afrikaner, prinsipieel gefundeer kon word. Binne die denkraamwerk van die Boere-calvinisme is die vennootskap tussen kerk, staat en kultuur versterk. Die Boere-calvinisme het ook aansluiting by die Duitse volksromantiek-en idealisme, met sy oorsprong in die Verligting, gevind. Op die liberaal-demokratiese lyn is die wil van die volk die hoogste gesag en die oorlewing van die volkseie die vernaamste prioriteit (vergelyk Strauss 1993:11).

Apartheid is in kerklike taal oorspronklik gebruik om ‘n sendingbeleid van afsonderlike kerke vir verskillende volke te beskryf. Toe die NP na 1948 die “God-given chance” aangryp om die voortbestaan van die Afrikaner te verseker deur apartheid as landsbeleid toe te pas, kon dit terugval op beginsels wat reeds deur die NG Kerk in praktyk uitgewerk is (Giliomee 2003:xix). Kerkleiers soos J.S. Gericke, A.P. Treurnicht, J.D. Vorster en F.J.M. Potgieter het veral na die Cottesloe-kerkeberaad, die voortou geneem om met behulp van die beginsels van Boere-calvinisme apartheid in abstrakte, dogmatiese taal onkrities as Bybels te regverdig en verdedig. Die maatskaplike onreg en etiese onhoudbaarheid van apartheid het egter die verdedigers daarvan egter verbygegaan (Durand 1988:102). Mettertyd het apartheid die hele terrein van die volkslewe ingesluit deur sosiale, geografiese en selfs godsdienstige apartheid. Waarskuwende stemme is geïgnoreer en gediskrediteer as liberaal en ontrou. Dit het tot gevolg gehad dat Boere-calvinisme mettertyd ‘n sterk ideologiese kleur kry. Lubbe (2002:58) tipeer hierdie ideologie as: “gebore uit ‘n situasie van vrees, bedreiging en gepaardgaande onreg, verhef dit sekere ideale tot ‘n einddoel wat uiteindelik ‘n absolute aantrekkingskrag op mense uitoefen. Dit teken subtiel ‘n valse beeld van die werklikheid, ‘n illusie waarin mettertyd ideologies gekleurde waardes aan ons en hulle toegeken word. Dit teer op die isolasie van ons mense. Dit beskou selfkritiek as ‘n gebrek aan lojaliteit. Dit hol etiese waardes uit en gee daaraan ‘n nuwe inhoud. Dit ontwikkel ‘n eie woordeskat. Uiteindelik heilig die doel die middele.”

Oor ‘n tydperk van vier dekades het Koot Vorster getrou gebly aan homself. Vir hom was dit belangrik om in sy lewe en bediening nie “twee rye spore te loop nie”, maar getrou te bly aan aan wat hy geleer is, “omdat ek weet wie my dit geleer het”. Vir hom was dit duidelik: “Ek staan by die gereformeerde teologie wat ek aan die kweekskool geleer het. Ek het nie een keer van die buiteland af teruggekom met grond onder my naels nie” (PV 1/2/1/152).

Dit was vir Koot Vorster baie swaar om na ‘n bediening van 44 jaar die tuig neer te lê. Die laaste Algemene Sinode (1978) wat hy bygewoon het, het “opregte dank teenoor die Here betuig vir die besondere gawes van die hoof en hart soos dit in die lewe en jare lange bediening van doktor J.D. (Koot) Vorster tot openbaring gekom het. Vir meer as 40 jaar het doktor Vorster met volle oorgawe en toewyding, met gloeiende ywer en erns, homself aan die diens van die kerk van die Here Jesus gegee. Met sy voorgenome uittrede gedurende die reses loop ‘n fase van besondere diens ten einde en sal die kerk in sy kerklike vergaderings die forse gestalte en vreeslose standpuntstelling van doktor J.D. Vorster mis. As Aktuarius, Moderator en later as Assessor, sowel as lid van die Breë Moderatuur, het doktor J.D. Vorster sy kerk met ‘n onvermoeide ywer gedien en dikwels die standpunte van die NG Kerk op ‘n voortreflike wyse in die buiteland gestel. Aan die vooraand van sy uittrede uit die aktiewe bediening dank die sinode die Here vir die gawes van genade en liefde soos dit oor baie jare in die lewe en arbeid van sy dienskneg tot openbaring gekom het. Die sinode bid hom krag en sterkte toe en dra hom op aan die genade van God” (NGK 1978:960). In sy antwoord het Vorster getuig dat dit sy “grootste smart” is, “dat ek net een lewe het om vir my kerk en vaderland af te lê.” Vir hom was die kern van die lewe, om die “Here, God te dien, Sy wil te doen en orals Sy Naam te verheerlik” (PV 1/2/1/105).

Vorster het afgetree op die plaas, Middelwater, van sy skoonseun naby Steynsburg. Hy het baie na die plaaslewe uitgesien, omdat Middelwater elke somervakansie vir hom ‘n oase was (PV 1/2/1/151). Sy kinders het vir hom ‘n groot rondawel gebou, waarin al sy boeke kon pas. Vorster het beplan om sy lewensverhaal en ‘n stuk oor die kommunisme te skryf, maar die belangrikste vir hom was sy boek oor Jesus, naamlik: *Die Seun van die Mens.* Hannie onthou dat hy begeesterd was om die boek klaar te maak, “amper asof hy gedryf was om dit te doen”. Toe hy die laaste sin voltooi het, het hy opgestaan en die veld ingestap, heeltemal leeggetap.

Op Middelwater het vyftig jaar se dagdroom oor aftrede op ‘n plaas vir Vorster ‘n werklikheid geword. Na sy aftrede het Vorster weer soos ‘n man van 50 gevoel (PV 1/1/7/2/2). Van die eerste dinge wat hy op die plaas gedoen het was om ‘n kraan in die gronddam te sit. Hy het ook ‘n draad gespan om twee vrugteboorde te skei en ‘n vetmaakkampie vir die skape

opgerig. Op Middelwater het Vorster hom uitgeleef in sy lewenslange stokperdjie van hoenderboerdery. Hy het vas geglo hoenders het ‘n rustige en kalmerende invloed op ‘n mens. Vorster het lusern gesaai en ‘n groentetuin aangeplant. Hy was baie trots op sy geelwortels wat so goed gegroei het. Op sy aandrang moes Adam ‘n paar wat te dig op mekaar gegroei het laat staan om saad te skiet. Toe die saad reg was, was hy nie meer daar nie.

Op Vrydag, 8 Januarie 1982, is hy skielik oorlede aan ‘n hartaanval. Sy begrafnis op 11 Januarie 1982 was deur sowat 200 familielede, vriende en belangstellendes bygewoon. Alhoewel hy beskryf is as “een van die bekendste kerkmanne in ons land”, het hy “geen strewe na homself, rykdom of aansien gehad nie”, maar het hy met volle toewyding die NG Kerk, sy volk en sy land gedien. “Deur die weg van nederigheid en diens het hy tot ware grootheid gekom.” Dit was die woorde van G.E.S. (Tappies) Möller, destyds redakteur van *Die Kerkbode* en Moderator van die Kaapse Kerk. Hy het die roudiens waargeneem in die NG gemeente Steynsburg, waar Vorster die vorige Sondag nog sou preek. As teksvers het Möller Markus 10:43-44 gebruik: “Maar elkeen wat onder julle groot wil word moet julle dienaar wees. En elkeen onder julle wat die grootste wil word moet almal se dienskneg wees.” F.J.M. Potgieter het voorgegegaan in gebed en E.P.J. Kleynhans het die teraardebestelling waargeneem.

Koot Vorster se lewenslange vriend en mentor, H.G. Stoker (1982:6-7) het in ‘n persoonlike herinnering hom onthou vir sy werk “in omvattende verband, sy innige liefde vir ons gereformeerde geloof en calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing”, asook sy “innige belangstelling in en kommer oor ons volk en veral sy jeug”. Koot Vorster se “erns met sy roeping van God, sy opofferende werkkrag en volharding, die inspirerende en kragtige invloed wat van hom en sy werk uitgegaan het, kan moeilik oorskat word”. Stoker onthou hom as “‘n mens van liefde, van hartstogtelike liefde vir alles wat hom na aan die hart lê. Hom het geken ek as ‘n man van beginsels. Beginsels wat geld op alle lewensterreine. Koot Vorster was ‘n man van krag; van geesteskrag, sielskrag, krag van die sprekende woord. Opreg, reguit ongeveins en met durf en deursettingsvermoë. Tog was hy in sy roepingsbewustheid voor God nederig, kon hy ook na ander luister en hulle volg. Maar hy was ook soos elkeen van ons is, ‘n sondaar, ‘n mens met gebreke en tekortkomings. Wat egter van belang is, is dat hy dit geweet het, dat waar hy anders moes gehandel het dit probeer regstel het. Waar nodig kon hy vergifnis vra.”



Die moderatuur van die Algemene Sinode in 1970, waartydens Vorster as moderator verkies was.
Een van die sinodegangers het dit geteken en later aan hom gestuur.

Koot Vorster tydens 'n teepouse op die Suid-Afrika week in Lunteren, Nederland in Maart 1970. Elke teepouse het die sinodegangers die Suid-Afrikaanse afvaardiging gepak. 'n Fotograaf het sonder sy medewete Koot afgeneem waar hy apartheid verdedig. Later het die fotograaf 'n fotokompetisie in Nederland met dié foto gewen.

Andries Treurnicht, een van Koot se beste vriende en geesgenoot.

Willem en Bettie Vorster, Koot se ouers.



Koot Vorster saam met sy matriekonderwyser, Gert Botha, tydens die Algemene Sinode van 1978 in Bloemfontein. In die middel is mev. M. Botha.



Eudinosuchus Vorsteri - die fossiel wat Koot ontdek het.



Robert Broom saam met wie Koot op 'n fossieljag was.



Professor E.E. Van Rooyen - Koot se mentor en vriend.

Mejuffrou Hertzog die "geestelike moeder" van NG Gemeente Tafelberg.

Koot Vorster en Louiza Monnik tydens hulle huweliksbevestiging, 20 Januarie 1940.

NG Gemeente Tafelberg in Kaapstad waar Koot 44 jaar leraar was.

Die Vorstergesin op 6 April 1952 tydens die Van Riebeeckfees.



Koot Vorster met tye van die Cottesloe kerkeberaad, gedurende Desember 1960.



Die twee Vorster-broers. Koot saam met John kort na John se verkiesing as Eerste Minister van Suid-Afrika op 13 September 1966.

Koot spreek die volkskongres teen die kommunisme toe, 1964.

By die GES, 1968.

Bo: Saam met J.S. Gericke en F.J.M. Potgieter oppad na Lunteren Maart 1970.

Links: Saam met sy broer, John Vorster by Bloedrivier op 16 Desember 1971. John het as Eerste Minister die feesboodskap gelewer en Koot het as moderator van die NG Kerk die geloftediens waargeneem. Die foto simboliseer die nou verband tussen kerk, staat en volk tydens die hoogbloei van die Boere-Calvinisme.

Links Bo: 'n Skildery van Koot Vorster deur 'n vriend, ± 1975.

Regs Bo: Koot Vorster, 1979.

Ver links: Prent van Koot Vorster by sy laaste sinodesitting.

Links: Koot by die Algemene Sinode, 1978.

Twee moderators. Koot Vorster as uittredende moderator, wens G.J.S. Möller geluk met sy verkiesing as die nuwe moderator van die Kaapse sinode, 1979.

Koot sit rustig en slaap met sy eerste kleinseun, Gert op sy skoot. Die foto is geneem op Middelwater, die plaas van sy skoonseun en dogter, Gert en Hannie Steyn.

Koot Vorster op sy afskeidspreek, Sondag 27 Januarie 1980.

Bo: Koot en Leonie Vorster, Januarie 1980.

Regs: Sy broer, John Vorster, by sy begrafnis 11 Januarie 1982.

Onder: Steynsburg. Die klip kom van die plaas Middelwater, waar Koot afgetree het. Jesaja 51:1, was vir hom een van sy kosbaarste Bybelverse.

LITERATUURLYS

1. ARGIVALE BRONNE

1.1 Die Federeale Raad van NG Kerke

Notule van die vierde vergadering van die Federale Raad van NG Kerke 21-23 April 1970, Pretoria.

Notule van die vyfde vergadering van die Federale Raad van NG Kerke op 20-21 Maart 1972, Pretoria.

Notule van die sesde vergadering van die Federale Raad van NG Kerke op 19-20 Maart 1974, Pretoria.

Notule van die sewende vergadering van die Federale Raad van NG Kerke 16-18 Maart 1978, Pretoria.

1.2 Gereformeerde Ekumeniese Sinode

Agenda en Handelinge 1968, 1972

1.3 Instituut vir Eietydse Geskiedenis: Privaatversameling (PV) 632 J.D. Vorster

1/1/1/1	**Federale Raad van die NG Kerk**
1/1/1/1/1	Agendas
1/1/1/1/4	Korrespondensie
1/1/1/1/7	Verslae
1/1/2	**Algemene Sinode van die NG Kerk**
1/1/2/1/6	Agendas
1/1/2/1/14	Korrespondensie
1/1/2/1/15	Korrespondensie
1/1/2/1/16	Korrespondensie
1/1/2/1/17	Korrespondensie
1/1/2/2	**Algemene Regskommissie**
1/1/2/2/2	Notules
1/1/2/2/4	Korrespondensie

1/1/2/4 ad hoc-kommissie vir rasse- en ekumeniese vraagstukke

1/1/2/4/3 Artikels en geskrifte

1/1/2/4/6 Verslae

1/1/2/4/14 Memoranda

1/1/2/4/16 Knipsels

1/1/2/5 ad hoc-kommissie insake een algemene sinode

1/1/2/5/1 Agendas en korrespondensie

1/1/2/5/2 Artikels

1/1/2/5/2/1 Artikels

1/1/2/5/3 Verslae

1/1/2/5/4 Knipsels

1/1/2/6 Tussen Kerklike Kommissie

1/1/2/6/1 Agendas en notules

1/1/2/6/3 Korrespondensie

1/1/3 Streeksinodes

1/1/3/1/3 Verklarings en boodskappe

1/1/3/1/5 Verslae

1/1/3/1/6 Memoranda

1/1/3/1/9 Knipsels

1/1/5 Sending

1/1/5/1/7 Artikels

1/1/5/1/8 Verslae

1/1/5/2 NG Kerk van Afrika

1/1/5/2/1 Knipsels

1/1/6 Teologiese inrigtings

1/1/6/1/1 Artikels

1/1/6/2/3 Toesprake, artikels

1/1/6/2/5 Knipsels

1/1/7/2 NG Kerk Uitgewers

1/1/7/2/2 Korrespondensie

1/1/7/3	**Die Kerkbode**
1/1/7/3/1	Korrespondensie
1/1/7/3/7	Artikels en knipsels
1/1/7/4	**Pieter de Waal Neethling Fonds**
1/1/7/4/1	Agendas, notules, korrespondensie
1/2/1	**Algemene kerklike stukke**
1/2/1/1	Korrespondensie
1/2/1/3	Korrespondensie
1/2/1/6	Korrespondensie
1/2/1/9	Korrespondensie
1/2/1/11	Korrespondensie
1/2/1/14	Korrespondensie
1/2/1/15	Korrespondensie
1/2/1/16	Korrespondensie
1/2/1/23	Korrespondensie
1/2/1/25	Korrespondensie
1/2/1/26	Korrespondensie
1/2/1/31	Toesprake
1/2/1/32	Toesprake
1/2/1/33	Toesprake
1/2/1/34	Toesprake
1/2/1/64	Preke: Josau
1/2/1/66	Preke: 1 en 2 Sameul
1/2/1/69	Preke: 2 Kronieke
1/2/1/70	Preke: Esra
1/2/1/73	Preke: Psalms
1/2/1/75	Preke: Jesaja
1/2/1/85	Preke: Johannes
1/2/1/86	Preke: Handelinge
1/2/1/87	Preke: Romeine
1/2/1/90	Preke: 1 Timoteus
1/2/1/96	Preke: Efesiërs
1/2/1/99	Preke: Openbaring
1/2/1/100	Lesings

1/2/1/103	Artikels
1/2/1/105	Artikels
1/2/1/106	Artikels
1/2/1/107	Artikels
1/2/1/109	Artikels
1/2/1/120	Geskrifte
1/2/1/149	Knipsels
1/2/1/151	Knipsels
1/2/1/152	Knipsels
1/2/1/153	Knipsels

1/2/2	**Aborsie**
1/2/2/1	Korrespondensie

1/2/4	**All Africa Church Conference**
1/2/4/1	Korrespondensie

1/2/7	**Aparte woonbuurte**
1/2/7/1	Korrespondensie

1/2/8	**Beroepsbriewe**
1/2/8/1	Korrespondensie

1/2/13	**Christelike Instituut**
1/2/13/1/4	Korrespondensie

1/2/14	**Cottesloe**
1/2/14/1	Korrespondensie

1/2/19	**Gereformeerde Ekumeniese Sinode**
1/2/19/3	Korrespondensie
1/2/19/6	Korrespondensie
1/2/19/8	Toesprake en verklarings
1/2/19/13	Verslae
1/2/19/18	Knipsels

1/2/20	**Gereformeerde Kerke in Nederland**
1/2/20/3	Toesprake, artikels
1/2/20/7	Knipsels en korrespondensie
1/2/21	**Gesamentlike aanbidding**
1/2/21/1	Korrespondensie
1/2/24	**Gewetensklousule**
1/2/24/1	Korrespondensie en memoranda
1/2/27	**Kerkvereniging**
1/2/27/1	Notules/ Korrespondensie
1/2/28	**Kerklike tug**
1/2/28/2	Memoranda en knipsels
1/2/29	**Kommunisme**
1/2/29/1/6	Korrespondensie
1/2/29/1/7	Toesprake en verklarings
1/2/29/1/8	Toesprake en verklarings
1/2/29/1/13	Artikels
1/2/29/1/24	Knipsels
1/2/29/1/25	Knipsels
1/2/29/2	**Antikom**
1/2/29/2/2	Korrespondensie
1/2/29/5	**Nasionale Raad teen Kommunisme**
1/2/29/5/1	Agendas en notules
1/2/29/5/4	Toesprake en verklarings
1/2/29/5/9	Knipsels
1/2/29/6	**Ondergrondse evangelisasie**
1/2/29/6/3	Knipsels en korrespondensie

1/2/30	**Kultuurstryd**
1/2/30/1	Referate en knipsels
1/2/33	**Openbare-en-kerklike-feesdae**
1/2/33/1	Korrespondensie en memoranda
1/2/36	**Sensuur**
1/2/36/1/2	Verslae en korrespondensie
1/2/38	**SACLA**
1/2/38/2	Knipsels en korrespondensie
1/2/40	**Suid-Afrikaanse Raad van Kerke**
1/2/40/1	Korrespondensie en verklarings
1/2/41	**Studies**
1/2/41/1/5	Studiemateriaal
1/2/41/1/6	Korrespondensie
1/2/41/2	**M. Div**
1/2/41/2/1	Geskrifte
1/2/41/2/5	Manuskrip
1/2/47	**Verenigings**
1/2/47/2	Verslae en memoranda
1/2/49	**Die vrou in die amp**
1/2/49/2	Verslae en memoranda
1/2/50	**Vrymesselary**
1/2/50/2	Toesprake en verslae
1/2/51	**Wêreldraad van Kerke**
1/2/51/2	Artikels

1/3	**Ossewa-Brandwag**
1/3/1/7	Korrespondensie
1/3/1/8	Korrespondensie
1/3/1/13	Verslae en memoranda
1/3/1/16	Dagboeke
1/3/1/20	Plakboek
1/4	**Dinosuchus Vorsteri**
1/4/1/1	Korrespondensie en aantekeninge
1/6	**Laerskool Jan van Riebeeck**
1/6/2	Beheerraad
1/6/2/1	Agendas en korrespondensie
1/8	**Persoonlikhede**
1/8/2	Bobby Kennedy
1/8/3	Matin Luther King
1/8/3/1	Korrespondensie en knipsels
1/9	**Sable Razor Blade Manufacting Co. (PTY) LTD**
1/9/1/1	Korrespondensie
1/11	**Vorstergeslagsregister**
1/11/1/1	Korrespondensie en aantekeninge
3/1	**Algemene stukke**
3/1/2	Korrespondensie
3/1/8	Korrespondensie
3/1/15	Korrespondensie
3/1/17	Korrespondensie
3/1/18	Korrespondensie
3/1/20	Korrespondensie
5/1	**Algemeen**
5/1/2	Geskrifte
5/1/5	Manuskrip

1.4 Nederduitse Gereformeerde Kerk

Wette en bepaling
1941,1953

Bepalings en Reglemente
1957

Handelinge van die Raad van Kerke
1949, 1951, 1955; 1957, 1959

Handelinge en Agenda van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
1945, 1949, 1953, 1957, 1961, 1965, 1969, 1973, 1979

Handelinge en Agenda van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
1962, 1966, 1970, 1974, 1978

Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
1965, 1970, 1975, 1978

Ras volk en nasie en volkere verhoudinge in die lig van die Skrif. 1975. NG Kerk Uitgewers Kaapstad.

Jaarboek 1983

1.5 Nederduitse Gereformeerde Gemeente Tafelberg

Notule 25 Otober 1944 - 7 Desember 1950.

Notule 1 Februarie 1951 - 9 Oktober 1956.

Notule 13 November 1956 - 18 Februarie 1964.

Notule 9 Maart 1964 – 11 Junie 1975.

Notule 13 Augustus 1975 - 28 November 1984.

2. PERIODIEKE PUBLIKASIES

2.1 Die Brandwag

BROOM, R.

1946/8/9. *Johannes du Plessis.*

BROOM, R.

1946/9/6. *Johannes du Plessis (vervolg).*

2.2 Die Gereformeerde Vaandel (GV)

VAN ROOYEN, E.E.

1933. GV 1(1). *Redaksioneel.*

VORSTER, J.D.

1933. GV 1(5*). Is die beginsels van die Oxfordgroep verenigbaar met die kalvinistiese lewens- en wêreldbeskouing? Referaat deur J.D. Vorster, teologiese student, gelewer voor die calvinistiese studentebond van Stellenbosch. Met inbegrip van wysiginge soos deur die kritiek gesuggereer.*

VORSTER, J.D.

1933 GV1(5). *Is die beginsels van die Oxfordgroep verenigbaar met die calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing?*

VORSTER, J.D.

1934. GV2(7). *Calvinisme as die vertolker van die leer van Christus.*

VORSTER, J.D.

1934. GV2(11). *Die ANS Kongres.*

VORSTER, J.D.

1935. GV3(10). *Die lewe van Calvyn.*

VORSTER, J.D.

1936. GV4(9). *Interkerkisme.*

VORSTER, J.D.

1937. GV5(5). *Calvinisme is die boodskap vir vandag.*

VORSTER, J.D.

1938. GV6(11). *Die Voortrekkers en die opvoeding.*

VORSTER, J.D.

1939. GV7(8). *Die pasgehoue Christelik-nasionale Onderwyskongres.*

VORSTER, J.D.

1940. GV8(1); 8(2). *Ons verhouding en optrede teenoor sektes.*

VORSTER, J.D.

1941. GV9(2). *Laat dit nou reggaan met ons jeugwerk.*

VORSTER, J.D.

1947. GV15(3). *Volkskongres, Johannesburg 1-4 Julie.*

VORSTER, J.D.

1947. GV15(3); GV15(8). *Die rassevraagstuk volgens die Skrifte.*

VORSTER, J.D.

1948. GV15(3); GV15(8). *Professor Doktor E.E. van Rooyen aanvaar sy emeritaat.*

VORSTER, J.D.

1948. GV16(1). *Faktore wat die huweliksband ontrafel.*

VORSTER, J.D.

1948. GV16(1); GV16(2). *Die dag van die Here.*

VORSTER, J.D.

1948. GV16(1); GV 6(4). *Skoonheidskompetisies.*

VORSTER, J.D.

1948. GV16(1); GV16(7). *Die leraar en sy studeerkamer.*

VORSTER, J.D.

1948. GV16(1); GV16(10). *Johannes A'Lasco.*

VORSTER, J.D.

1949. GV17(6). *Die Woord.*

VORSTER, J.D.

1949. GV17(6). *A'Brackel en die piëtisme.*

VORSTER, J.D.

1949. GV17(9). *Die sinode en die CNO.*

VORSTER, J.D.

1949. GV17(9). *Moet ons sinode verklein word?*

VORSTER, J.D.

1949. GV17(11). *Die Huwelik.*

VORSTER, J.D.

1949. GV17(11). *Hervorming in Engeland.*

VORSTER, J.D.

1950. GV18(4). *Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk.*

VORSTER, J.D.

1950. GV18(5). *Die kerk van Christus ontwaak.*

VORSTER, J.D.

1950. GV18(5). *Die tug.*

VORSTER, J.D.

1951. GV19(4). *Die spoor wat die NG Kerk in sy kerkregering gevolg het.*

VORSTER J.D.

1951. GV19(4). *Soos een wat dien.*

VORSTER, J.D.

1954. GV 23(4). *Die herstel van die tug in ons kerk.*

VORSTER, J.D.

1956. GV 25(4). *Moet die kerk Ordonnansie 7 van 1843 herroep?*

2.3 Die Kerkbode (kb)

Die Kerkbode 1/2/1935

Die Kerkbode 14/8/1935.

Die Kerkbode 21/8/1935.

Die Kerkbode 3/5/1936.

DU PLESSIS, J.

22/10/1930.

LOUW, D.J.

2/2/1982. *Gebeure wat tot een NG Kerk gelei het.*

MEIRING, P.

25/11/1991. *Hy het ses mense se skoene volgestaan.*

SNYMAN, D.R.

20/11/1929. *De Kerkbode.*

VORSTER, J.D.

28/10/1959. *Kerkreg op reformatoriese grondslag.*

VORSTER, J.D.

5/4/1961. *Ordonnansie 7 van 1843 deur die Volksraad herroep.*

VORSTER, J.D.
4/11/1964. *Wat sê die Kerkwet?*

VORSTER, J.D.
14/7/1965. *Wat sê die Kerkwet?*

VORSTER, J.D.
21/6/1967. *Wat sê die Kerkwet?*

VORSTER, J.D.
29/11/1967. *Die gevare wat die kind bedreig.*

VORSTER, J.D.
6/12/1967. *Die leiding wat die kind behoort te kry.*

VORSTER, J.D.
8/1/1969. *Die NG Kerk en ander kerke.*

VORSTER, J.D.
26/3/1969. *Wat sê die Kerkwet?*

VORSTER, J.D.
9/4/1969. *Wêreldraad waarheen?*

VORSTER, J.D.
18/2/1970. *Kerk, kerke en die ekumene.*

VORSTER, J.D.
11/3/1970. *Die grondslag van ons volksbestaan.*

VORSTER, J.D.
26/8/1970. *Ons het elkeen ons eie pad geloop.*

VORSTER, J.D.
16/9/1970. *Saam in die Roomse Kerk?*

VORSTER, J.D.

16/91970. *Wêreldraad se besluit waarom?*

VORSTER, J. D.

19/5/1971. *Wêreldraad of wêreldse raad?*

VORSTER, J.D.

15/3/1972. *Steeds vrymesselaars in kerkrade?*

VORSTER, J.D.

23/8/1972. *Die vrou in die amp.*

VORSTER, J.D.

1/8/1973. *Gesamentelike aanbidding.*

VORSTER, J.D.

2 /1/1974. *'n Tweede hervorming?*

VORSTER, J.D.

22/1/1975. *Betekenis van ekumene vir die kerk.*

VORSTER J.D.

19/2/1975. *Wat sê die kerkorde?*

VORSTER, J.D.

17/9/1975. *Wat sê die kerkorde? Moderator en sinode.*

VORSTER J.D.

15/11/1975. *Wat sê die kerkorde? Moderator en sinode.*

VORSTER J.D.

15/12/1976. *Een Sinode?*

VORSTER, J. D.

26/1/1977. *Die Wêreldraad van kerke vandag.*

VORSTER, J.D.

7/6/1978. *Vroue in die amp van predikant.*

2.4 Die Ou paaie

SNYMAN, D.R.

1926. Ou Paaie Uitgawe 1

VAN ROOYEN, E.E.

1926. Ou Paaie Uitgawe1

2.5 Die Voorligter

CRONJE, H.

1978. April Deel 41(5). Ontmoet Koot Vorster.

2.6 In die Skriflig

SMIT, K.

1989:23(3). *Abraham Kuyper en volksideolgie onder die Afrikaners.*

VELEMA, W.H.

1989:23(3). *Abraham Kuyper als theoloog. Een persoonlijke evaluatie na dertig jaar.*

2.7 Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif (NGTT)

DURAND, J.F.F.

1961. ii(3). *Cottesloe, Wêreldraad van Kerke en ekumeniese sending.*

BRITZ, R.M.

1985. xxvi(4). *Oor die kerkbegrip en ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk.*

BROWN, E.

1979. xx(4). *Die spoor wat die NG Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die twintigste eeu gevolg het.*

GROENEWALD, E.

1961. ii(3). *Die Transvaalse Kerk en die Cottesloe beraad.*

HANEKOM, T.N.

1965. vi(3). *Barend Bartholomeüs Keet 20 Junie 1885 - 20 Junie 1965.*

HEYNS, J.A.

1961. iii(3). *Die Kaapse Sinode van 1961.*

JONKER, W.D.

1964. v(1). *Die liberale kerkreg en die veelheid van kerke.*

POTGIETER, F.J.M.

1979. xx(4). *Jacobus Daniël Vorster 1909 – 'n voorlopige oorsig van sy lewe en huldeblyk.*

SPOELSTRA, B.

1991. xxxii(1) *Presbiteriale kerkregering en presbiterianisme.*

STRAUSS, P.J.

1989. xxx(3) *Verbreekte bande: 'n kerkhistories-kerkregtelike beoordeling van die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland.*

STRAUSS, P.J.

1990. xxxi(3). *Die Afrikaner-Broederbond se beweerde beïnvloeding van die Ned. Geref. Kerk in sy optrede teen die Christelike Instituut.*

STRAUSS, P.J.

1991. xxxii(3). *Beginsel of metode? Die Ned. Geref. Kerk en apartheid na Cottesloe.*

STRAUSS, P.J.

1995. xxxvi(3). *Die Aktuarius in die NG Kerk.*

STRAUSS, P.J.

1995. xxxvi(4). *Die algemene sinodale kommissie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.*

STRAUSS, P.J.

1998. xxxix(1). *N.J. van der Merwe: 'n Tipiese Afrikaner neo-calvinis van die twintiger- en dertigerjare?*

VORSTER, J.D.

1960. ii(4) *Die Kerkorde vir die NG Kerke: Die besware daarteen en die betekenis daarvan.*

VORSTER, J.D.

1979. xx(4). *Kan 'n Christen-Afrikaner die beleid van eiesoortige ontwikkeling regverdig?*

VORSTER, J.D.

1979. xx(4). *Die duur van die skeiding?*

VORSTER, J.D.

1979. xx(4). *Is hierdie beleid Christelik?*

VORSTER, J.D.

1979. xx(4). *Die leraar en sy studeerkamer.*

VORSTER, J.D.

1979. xx(4). *Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk*.

VORSTER, J.D.

1979. xx(4). *Die kultuurstrewe van die Afrikaner.*

VORSTER, J.D.

1979. xx(4). *Kommunisme – 'n bedreiging vir die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing*

VORSTER, J.D.

1982. xxiii(4). *Die Du Plessis-saak. Persoonlike herhinneringe van J.D. Vorster.*

2.8 Studia Historiae Ecclesiasticae

STRAUSS, P.J.

1994. xx(2). *Die Algemene Sinode van 1966 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid.*

STRAUSS, P.J.

2001. xxvii(1) *Kerk en staat in Suid-Afrika: 'n Nederduitse Gereformeerde perspekktief: 1962-1998.*

2.9 Theologia Evangelica

DEIST, F.E.

1986. xix(1). *Die wa van Ussa of te wel Johannes du Plessis en die belydenisskrifte.*

HOFFMEYER, J.W.

1986. xix(1). *Johannes du Plessis in kerkhistoriese perspektief: Ketter of profeet?*

2.10 Woord en Daad

STOKER, H.G.

April 1982. *J.D. Vorster – 'n persoonlike herinnering.*

3. REFERATE

KEET, B.B.

1925. *Na Honderd Jaar. De Regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de Gereformeerde Beginselen getoetst. Toespraak gehouden bij de sluiting van de Theologiese Kweekschool, Oktober 1924.* Stellenbosch: Pro Ecclessia Drukkerij.

STRAUSS, P.J.

1993. *Op die Tweesprong? Die NG Kerk oor die tema "kerk en samelewing" in Die Kerkorde en Kerk en samelewing –1990.* Intreerede: UOVS.

STRAUSS, P.J.

sa. *Ordenlich und fruchtbar festschrift für Willem van't Spijker. Ecclesiasitical assemblies posses each according to its own character, an ecclesiastical authoritity entrusted to them by Christ.*

VORSTER, J.D.

1964. *Kommunisme in aksie teen die Christendom*. Referaat gelewer by die Volkskongres oor kommunisme. Potchefstroom Herald Edms. Bpk.

VORSTER, J.D. 1967.

Openingsrede in, *Oorlog om die volksiel*. Referaat gelewer by die internasionale simposuim oor kommunisme.

VORSTER, J.D.

1968. *Die noodsaaklikheid van kerklik-kulturele optrede teen die kommunisme* in, *Bewaar jou Erfenis*. Referaat gelewer by die simposuim oor kommunisme saamgeroep deur Antikom. Potchefstroom Herald Edms.Bpk.

4. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

Persoonlike herinneringe van Hannie Steyn

Persoonlike herinneringe van J.D. Vorster

5. ALGEMENE LITERATUUR

ALBERTYN, J.R. (red.)

1948. *Kerk en Stad*. Uitgegee deur die Federale Armesorgraad. Pro Ecclesia Drukkery: Stellenbosch.

BARTH, K.

1967. *Church Dogmatics IV*. Edinburgh: T en T. (Clark).

BOESAK, A.

1979. *Die vinger van God. Preke oor geloof en die poltiek*. Johannesburg.

BOESAK, A.

1984. *Black and Reformed. Apartheid, Liberation and the Calvinist Tradition.* Johannesburg.

BOTHA, L.L.N.

1956. *Die Maatskaplike Sorg van die NG Kerk in Suid-Afrika*. Gepubliseerde verhandeling vir die graad D.Phil, U.P. Paarlse Drukpers: Paarl.

BOTHA, M.C.

1991. *Kommissies as ‘n werkswyse in die Ned. Geref. Kerk*, in Strauss, P.J. (red.) 1991. *Byderwets en Gereformeerd. Kerkregtelike opstelle opgedra aan PB van der Watt*. Pro Christo publikasies. Bloemfontein.

BOTHA, M.E.

1982. *Christelik-Nasionaal: Outentieke, ideologiese of gesekulariseerde nasionalisme*. Instituut vir Reformatoriese studies: PU vir CHO. Potchefstroom.

BOUWMAN, H.

1934. *Gereformeerde Kerkrecht II.* J.H. Kok, Kampen.

BRINK, A.B.J.

1991. *Die kerk aan die voet van Leeukop. Geskiedenis van die NG gemeente Tamboerskloof 1891-1991.* Kaapstad: Belmordruk.

CALVYN, J.

1991. *Institusie van die Christelike godsdiens*. Vertaling Simpson, H.W. Potchefstroom.

CILLIERS, J.H.

2002. *Justificatio populi? ‘n Homileties-analitiese perspektief op die Nederduitse Gereformeerde volksprediking uit die jare 1960-1980,* in Coertzen, P. (red.) *350 Jaar Gereformeerd*. C.L.F. Bloemfontein.

DEIST, F.

1994. *Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg*. Pretoria: RGN.

DE VILLIERS, D.

1984. *PW*. Tafelberg, Kaapstad.

D’OLIVEIRA, J.

1977. *Vorster die mens*. Perskor, Johannesburg.

DU TOIT, F. (e.a.)

2002. *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na nuwe relevansie 1974-2002*. Barnabas, Bloemfontein.

DURAND, J.

1985. *Afrikaner piety and dissident.* In Villa Vicenvio, C en De Grunchy, J.W. *Resistance and hope. South African essays in honour of Beyers Naudé*. David Phillips, Kaapstad.

DURAND, J.

1988. *Church and State in South-Africa*. In Villa-Vicenio, C. On reading Karl Barth in *South Africa.* W.B. Eerdmans, Grand Rapids.

GILIOMEE, H.

2003. *The Afrikaners. Biography of a people*. Tafelberg, Kaapstad.

JONKER, W.

1998. *Selfs die kerk kan verander*. Tafelberg, Kaapstad.

KEET, B.B.

1963. *Orde in die Kerk. Handleiding vir Ouderlinge, Diakens en Lidmate*. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

KESTELL, J.D.

1935. *Voorwoord* in *Koers in die Krisis Deel 1*. Pro Ecclesia Drukkery: Stellenbosch.

KLEYNHANS, E.P.J.

1974. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962*. Proefskrif goedgekeur vir die graad doktor in die teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

KLEYHANS, E.P.J.

1982. *Gereformeerde Kerkreg*. NG Kerk Boekkhandel, Transvaal.

KUYPER, A.

sa.ii. *De Gemeene Gratie*. J.H. Kok, Kampen.

LOUW, R.W.

1994. *Die vormingsjare van die kerkleier J.D. (Koot Vorster 1909-1956).* Ongepubliseerde verhandeling vir die graad Magister Theologiae, Unisa.

LUBBE, J.

2002. *Kleurverskil. 'n Perspektief op die NG Kerk in 1948 en apartheid as kerklike beleid.* Barnabas, Bloemfontein.

LÜCKHOFF, A.H.

1978*. Cottesloe*.Tafelberg, Kaapstad.

MALAN, D.F.

1950. *Openingsrede* in *Verslag van die Tweede Ekonomiese Volkskongres 1950 te Bloemfontein*. Voortrekkerspers.Bpk. Johannesburg.

MALAN, F.S.

1933. *Ons kerk en Professor du Plessis*. Nasionale Pers: Kaapstad.

MEIRING, P.

1973. *Inside Information.* Howard Timmins, Cape Town.

NEL, C.J.

1991. *NG Kerk Jamestown 1891-1991*.

NASH, M.

1972. *Ecumenical movement in the 1960's*. RAVAN Press, Johannesburg

NAUTA, D.

1971. *Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen.

NICOL, W.

2000. *Godsdiens wat werk.* Lux Verbi. BM, Kaapstad.

OOSTHUIZEN, A.

1995. *Gemeentediakonaat as plaasvervanger vir 'n staatsondersteundende Sinodale Barmhartigheidsdiens in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Ongepubliseerde DTh proefskrif UOVS, Bloemfontein.

PELZER. A.N.

1963. *Verwoerd aan die woord 1948-1962*. Afrikaanse persboekhandel.

PELZER, A.N.

1980. *Die Afrikaner Broederbond: eerste 50 jaar.* Tafelberg, Kaapstad.

PONT, A.D.

1991. *Historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Kital, Pretoria.

POTGIETER, F.J.M.

1935. *Redaksionele Voorwoord* in *Koers in die Krisis Deel 1*. Pro Ecclesia Drukkery: Stellenbosch.

RIES, A. EN DOMMISSE, E.

1982. *Broedertwis*. Tafelberg, Kaapstad.

RHOODIE, E.

1983. *The real information scandal.* ORBIS USA.

RYAN, C.

1990. *Beyers Naudé. Pilgramage of faith.* David Phillip Publishers, USA.

SCHOEMAN, B.M.

1974. *Vorster se 1000 dae.* Human & Rousseau, Pretoria.

SCHOEMAN, B.

1978. *My lewe in die politiek*. Perskor, Johannnesburg.

SCHOLTZ, G.D.

1979. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1910-1960 Deel 6.* Perskor, Johannesburg.

STEYN, J.C.

1987. *Trouwe Afrikaners. Aspekte van die Afrikaner-nasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938.* Tafelberg Uitgewers: Kaapstad.

STEYN, J.C.

2002. *Penvegter. Piet Cillé van Die Burger*. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad.

STRAUSS, P.J.

1983. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: Betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk.* Ongepubliseerde DD proefskrif, UP.

STRAUSS, P.J.

1994. *Geloftedag in die Nuwe Suid-Afrika.* Drufoma: Bloemfontein.

TREURNICHT, A.

1975. *Credo van 'n Afrikaner.* Tafelberg, Kaapstad.

VAN DER WATT, P.B.

1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975.* N.G. Kerk Boekhandel, Transvaal.

VAN JAARSVELD, F.A.

1971. *Afrikaner Quo Vadis?* Voortrekkerpers Bpk. Johannesburg.

VAN JAARSVELD, F.A.

1975. *From Van Riebeeck to Vorster 1652-1974.* Perskor. Johannesburg.

VAN JAARSVELD, F.A.

1978. *Omsingelde Afrikanerdom*. HAUM. Pretoria- Kaapstad.

VORSTER, J.D.

1935. *Humanisme,* in *Koers in die Krisis Deel 1*. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch.

VORSTER, J.D.

1941. R*edaksionele Voorwoord* in, *Koers in Die Krisis Deel 3*. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch.

VORSTER, J.D.

1941. *Die Metodistiese invloede in ons volkslewe*, in *Koers in die Krisis Deel 3*. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch.

VORSTER, J.D.

1947. *Redaksionele Voorwoord* in, *Uit Vroue Harte*. SACUM Bpk. Bloemfontein.

VORSTER, J.D.

1952. *Tafelberg*. In, *Ons Gemeentelike feesalbum.* Olivier, P.L. (red.) 1952. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

VORSTER, J.D.

1953. *Redaksionele Voorwoord* in, *Agter Tralies en Doringdraad*. BOPG.

VORSTER, J.D.

1953. *Wat het die gevangenis aan ons gedoen?* In, *Agter Tralies en Doringdraad.* BOPG.

VORSTER, J.D.

1953. *Godsdienstike lewe in die gevangenis*. In, *Agter Tralies en Doringdraad*. BOPG

VORSTER, J.D.

1956. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652-1792.* Proefskrif voorgelê ter vervulling vir die graad van Theologiae Doctor in die Fakulteit van Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Pro Rege Pers Beperk, Potchefstroom.

VORSTER, J.D.

1961. *Etniese verskeidenheid, kerklike pluriformiteit en die ekumene.* In, *Grense. 'n Simposuim oor rasse en ander verhoudinge*. Stellenbosch.

VORSTER, J.D.

1965. *Die Vrymesselary ontmasker*. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

VORSTER J.D.

1965. *Die beroepstelsel*. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad-Pretoria.

VORSTER, J.D.

1969. *Tafelberg 25*. Tafelberg, Kaapstad.

VORSTER J.D.

1974. *Wat sal tog van hierdie kindjie word?* NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

VORSTER J.D.

sa. *Kommunisme die vuurrooi draak*. Baanbreker Uitgewers, Roodepoort.

VORSTER J.D.

1978. *Veelvormigheid en eenheid*. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

VORSTER, P.W.

1935. *Ons Federasie* in *Koers in die Krisis Deel 1*. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch.

WAGENAAR, E.

1971. *Oom Willem en tant Bettie*. In, *Op die Stormberge.* Aucamp, H. (red.) Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.

WILKINS, I. EN STRYDOM, H.

1980*. The Super Afrikaners*. Jonathan Ball Publishers, Great Britain.

OPSOMMING

Die NG Kerk was in die twintigste eeu ‘n sleutelrolspeler in Suid-Afrika. Nie net op die kerklike toneel nie, maar ook in die Suid-Afrikaanse samelewing het die NG Kerk sy invloed laat geld. Gedurende hierdie tyd was J.D. Vorster, as ‘n uitgesproke neo-calvinis en Boere-nasionalis, een van die prominente leiersfigure binne die NG Kerk. Dit word gesien in die feit dat Vorster ononderbroke vir 26 jaar lid was van die Kaapse Kerk se Moderatuur. Daarvan was hy 22 jaar (1953-1975) Aktuarius en vier jaar (1975-1979) as Moderator. Verder dien Vorster vir sestien jaar ononderbroke op die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode. By die eerste Algemene Sinode in 1962 word Vorster as Aktuarius verkies, 1966 weer, 1970 word hy as Moderator verkies en in 1974 tot Assessor. J.D. Vorster het 'n sleutelrol gespeel in die totstandkoming van ‘n gemeenskaplike kerkorde met die oog op die hereniging van die NG Kerk in 1962. Dieselfde kerkorde word in 'n groot mate nog net so gebruik.

Uit vandag se perspektief is gister in baie opsigte ‘n vreemde land. Ten einde die paradigmaskuif binne die NG Kerk en Suid-Afrikaanse samelewing te verstaan, moet die ou paradigma immers deeglik begryp en nagevors word. Deur die bediening van J.D. Vorster binne die NG Kerk as invalshoek te gebruik kan ‘n nuwe perspektief op reeds bekende geskiedenis gebied word. Die hipotese wat in die navorsing ondersoek word is dat J.D. Vorster 'n wesenlike deel bygedra het om ‘n eiesoortige neo-calvinisme as 'n omvattende denkraamwerk in die NG Kerk en Afrikanersamelewing te vestig en uit te bou.

Die wisselwerking tussen calvinisme, kuyperiaanse neo-calvinisme en Afrikanernasionalisme tesame met die bedreiging wat Britse imperialisme en swartnasionalisme vir die Afrikaner se identiteit, taal, ekonomiese welsyn, veiligheid en vryheid ingehou het, het aanleiding gegee tot die ontstaan van ‘n unieke Afrikaanse neo-calvinisme in die NG Kerk, wat tipeer kan word as ‘n Boere-calvinisme. Vorster het in dié idioom gepraat van ‘n “Boere-nasionalisme”; ‘n “eiesoortige calvinisme”; ‘n “Suid-Afrikaanse calvinisme” waarvan die grootste kenmerke is dat “ons Christelik wil wees” en dat “God die Boerenasie met ‘n eie identiteit hier geplant het”.

Alhoewel calvinisme, neo-calvinisme en die Boere-calvinisme op die oog af in ‘n groot mate ooreenstem, lê die grootste verskil in die rol wat Afrikanernasionalisme gespeel het in die verdere ontwikkeling van Kuyper se antitese tussen goed en kwaad, Christelik en nie-Christelik in die samelewing. As eksponente van die kuyperiaanse neo-calvinisme het Afrikaanse gereformeerdes Kuyper se lewensomvattende antitese tussen Christelik en nie-Christelik en goed en kwaad so vertolk dat die Afrikaner mettertyd in sy geheel aan die

Christelike kant van die antitese te lande gekom het. Kerkleiers soos J.S. Gericke, A.P. Treurnicht, J.D. Vorster en F.J.M. Potgieter het veral na die Cottesloe-kerkeberaad, die voortou geneem om met behulp van die beginsels van Boere-calvinisme apartheid in abstrakte, dogmatiese taal onkrities as Bybels te regverdig en verdedig. Die maatskaplike onreg en etiese onhoudbaarheid van apartheid het egter die verdedigers daarvan egter verbygegaan. Mettertyd het apartheid die hele terrein van die volkslewe ingesluit deur sosiale, geografiese en selfs godsdienstige apartheid. Waarskuwende stemme is geïgnoreer en gediskrediteer as liberaal en ontrou. Dit het tot gevolg gehad dat Boere-calvinisme mettertyd ‘n sterk ideologiese kleur gekry het.

SUMMARY

The Dutch Reformed Church (DRC) was in the twentieth century a key player in South Africa. Not only on ecclesiastical grounds, but in the South African society the DRC has exercised great influence. During this time J.D. Vorster was as a neo-calvinist and Boere-nasionalist, a prominent church leader in the DRC. He was for 26 years a member of the moderamen of the Cape synod. From it he was 22 years Actuarius and 4 years Moderator. He served 16 years on the moderamen of the General assembly from the DRC. In 1962 and 1966 he was elected as Actuarius, in 1970 as moderator and in 1974 as deputy chairman of the General assembly. J.D. Vorster played a key role in the writing of a new church order for the DRC in 1962. The same church order is being used today.

From today’s perspective, yesterday is in many ways a diffrent and unknown land. To understand the new paradigmshift in the DRC and South African society in full one must study the old paradigm. The ministry of J.D. Vorster as an angle of incidence give a new perspective on already known history. The hypothesis in this study is that J.D. Vorster has been playing an important role to establish a distinctive neo-calvinism as an extensive school of thought in the DRC and Afrikaner community.

The interaction of calvinism, neo-calvinism an Afrikanernationalism with the threatening of black nationalism and Britsh imperialism for the Afrikaner identity, language, economical well being, safety and freedom has lead to a distictive neo-calvinism in the DRC, which can be characterise as Boere-calvinism. J.D. Vorster called it Boere-nationalism, distictive calvinsm, South African calvinism. According to J.D. Vorster the biggest characteristic of Boere-calvinism is that God has planted the Boer nation as Christians in South Africa with an own unique identity.

On the surface calvinism, neo-calvinism and Boere-calvinism are the same. The big diffrence between neo-calvism an Boere-calvinism is the role of Afrikanernationalism in the futher development of the kuyperian antithesis between right and wrong, Christian and non-Christian in the society. As exponents of the the kuyperian neo-calvinism, the members of the Afrikaans reformed churches intpreted Kuyper's antithesis on such a way that all the (good) Afrikaners stood on the same side of the antithesis. Church leaders as J.S. Gericke, A.P Treurnicht, J.D. Vorster and F.J.M. Potgieter have take the lead after the Cottesloe-churchcouncil to defend and justify apartheid in an abstract dogmatical language as a Biblical principle. The defenders of apartheid were blind for the social injustice and immorality of the system. In time apartheid has embraced the whole Afrikaner community with social, geographical and also religious apartheid. Warning voices were ignored and discredited as liberal and disloyal Afrikaners. The consequence was that the Boere-calvinism developed in time in an ideological school of thought.